


T.N.&A

| | |
|--|-----|
| Redaksioneel Marni Bonthuys | 1 |
| Welkomstwoord namens die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek tot de 2021e Colloquium Neerlandicum 22 t/m 26 augustus 2022 Adri Breed, Voorzitter SAVN | 4 |
| Ek lei af hier het iets gebeur ... Hoe Afrikaanse en Nederlandse sprekers na afgeleide onpersoonlike kontekste verwys Adri Breed en Daniël Van Olmen | 6 |
| Nederlandse taalverwerwing binne die Suid- Afrikaanse tersiêre landskap: Die struktuur van 'n gemengdeleerkursus Angelique van Niekerk | 31 |
| Surrealities teen die kolonialisme: "Die man met die swaar been" van Jan Rabie en "Wat gebeurde er met sergeant Massuro?" van Harry Mulisch Andries Visagie | 68 |
| Hendrik Witbooi (1830-1905): Herwaardering en herevaluering in 21ste-eeuse Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste Sonja Loots | 95 |
| Die kultuurskeppende funksie en magiese ruimte van spel in letterkunde Elizabeth Viljoen | 122 |
| Seks in teks: Kultuurverskille in die herskrywing van <i>Fifty Shades of Grey</i> in Afrikaans en Nederlands Ilse de Korte, Andrew Sutton en Martina Vitackova | 156 |
| Recensie: <i>Plezier in poëzie: een handleiding poëzieanalyse voor de internationale neerlandistiek</i> deur Judit Gera en Jos Kleemans (Amsterdam University Press, 2022) Sarah Posman | 175 |
| Resensie: <i>Mister Angelo Alzheimer</i> deur Jef Geraerts (Naledi, 2022). Vertaler: Fanie Olivier Tyron de Villiers | 179 |
| Omslag: Ontwerp deur Christa van Zyl | |

30STE JAARGANG NR. 1 2023

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS



T.N.&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
30STE JAARGANG NR. 1 2023

T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

30STE JAARGANG (2023) 1STE UITGAWE

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregkewessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redakteur: Dr. M. Bonthuys

Mede-redakteur: Mnr. M. Swart

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Kristèl de Weerd

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans/Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en R200 per jaar vir buitelandse lede

Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:
Banknaam: ABSA
Bankrekeningnommer: 1190 154 676
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid
Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)
Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)
- E-pos die bewys van u betaling saam met die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, Gonneke Groenen by Gonneke.Groenen@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

J. Dewulf (University of California)

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg,
Universiteit van Amsterdam)

R.S. Kirsner (University of California)

S. van Wyk (Universiteit van Wes-Kaapland)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
Noordwes-Universiteit)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

R. Gouws (Universiteit Stellenbosch)

T. Colleman (Universiteit Gent)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

Redaksioneel

Marni Bonthuys

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (TN&A)* merk die dertigste bestaansjaar van die tydskrif. Die eerste uitgawe verskyn in 1994 onder die redakteurskap van Wilfred Jonckheere, tóé professor in die Vakgroep Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal, Pietermaritzburgkampus. In sy eerste redaksionele skrywe onder die titel “Op hoop van zegen” skryf hy optimisties oor die einde van die kulturele boikot en die belofte wat hernude samewerking tussen navorsers in plaaslike departemente Afrikaans en Nederlands en kollegas uit die Lae Lande vir die vakgebied inhou. Ek haal aan uit hierdie redakteursbrief (saam met al ons vorige uitgawes op die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, SAVN, se webtuiste te vinde):

Die feit dat die in 1993 opgerigte Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) in 1994 met ’n nuwe tydskrif vorendag kom, is ’n duidelike teken van die Vereniging se vertroue in die toekoms van die studie van Nederlands en Afrikaans in Suid-Afrika. Aan die voortbestaan van Afrikaans in ’n veranderende Suid-Afrika twyfel die Vereniging nie ’n oomblik nie. Met die Neerlandistiek in Suid-Afrika is dit natuurlik anders gesteld, veral omdat die vak deur politieke omstandighede jarelank moes voortploeter sonder die amptelike steun van en kontak met Nederland en Vlaandere. Aan die droogte het gelukkig ’n einde gekom noudat die akademiese bande tussen die betrokke lande weer herstel en kulturele interaksie opnuut moontlik is. Ons wil dan ook op hierdie plek onmiddellik ons hartlike dank betuig aan die Nederlandse Taalunie wat die Neerlandistiekkongresse van Potchefstroom (1992) en Umhlanga (1993) finansiël gesteun het en onlangs ook ’n som toegeken het om hierdie tydskrif te help uitgee. Ons vertrou ook daarop dat die Taalunie se verdere inisiatiewe daarin sal slaag om nuwe lewe te blaas in die Neerlandistiek in Suid-Afrika.

Dit is interessant om dertig jaar later terug te kyk na hierdie hoopvolle woorde en na te dink oor die suksesse en verliese sedertdien. Soos daar wyd in die media berig is in 2013 is Afrikaans grotendeels afgeskaal aan Jonckheere se destydse universiteit, vandag bekend as die Universiteit van KwaZulu-Natal. Talle ander Afrikaans-departemente se dosentekorps is ingrypend verklein en die meeste Afrikaans-departemente voel die druk van kwynende studentegetalle óf te min personeel. Wat Nederlands betref, is dit, soos Angelique van Niekerk se bydrae in hierdie uitgawe illustreer, nie meer ’n noodwendige deel van die amptelike kurrikulum van alle departemente Afrikaans en Nederlands in Suid-Afrika nie. Tóg is daar steeds ’n groep ywerige Suid-Afrikaanse akademici wat veel

tyd en energie in die Neerlandistiek as vakgebied in Suid-Afrika stoot. Sien die huidige SAVN-voorsitter, Adri Breed (Noordwes-Universiteit, NWU), se verwelkomingswoord wat uit die kongresboekie van die SAVN-kongres in 2022 hier oorgeneem is. As gevolg van die impak van die Covid-pandemie is die kongres as onderdeel van die Internasionale Vereniging voor Neerlandistiek (IVN) se kollokwium in Nijmegen aangebied. Soos uit Breed se uiteensetting blyk, is die Nederlandse Taalunie (vandag nêr bekend as die Taalunie) steeds nou betrokke by die befondsing van aktiwiteite en opleiding in departemente Afrikaans en Nederlands.

Daar is voorts stewige fondamente waarop die huidige groep Neerlandici in Suid-Afrika kan voortbou. Pioniersfigure soos die ontslape Jacques van der Elst (NWU), oud-leerstoelhouer vir Suid-Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam Ena Jansen, Siegfried Huigen (destyds aan die Universiteit van Stellenbosch, US) en die legendariese Van Zyls (Dorothea van US en Wium van Universiteit van Wes-Kaapland, UWK), het enorme werk gedoen om die SAVN te vestig en bande tussen Afrikaans-departemente sowel as kollegas in die Lae Lande te bou wat gelei het tot die uitwisseling van tientalle studente en die oorsese opleiding van die meeste akademiëci wat vandag aan Afrikaans-departemente doseer.

Ook het hulle gehelp om via die SAVN die vaktydskrif *TN&A* in die lewe te roep, soos Jonckheere se aanhaling duidelik maak. Ná Jonckheere neem Siegfried Huigen (US) redakteurskap van *TN&A* oor gevolg deur Wium van Zyl en Steward van Wyk (UWK). Hierna skuif die redakteurskap noorde toe onder Phil van Schalkwyk (NWU) en sedert 2017 is dit terug by UWK onder my redakteurskap met Marius Swart (US) wat onlangs as mede-redakteur by my aangesluit het. Talle gasredakteurs van verskillende Suid-Afrikaanse en oorsese universiteite het oor die jare al aan *TN&A* meegewerk, onder andere Ena Jansen, Ronel Foster, Piet Swanepoel, Henriette Roos, Andries Visagie, Jaap Goedegebuure, Dietloff van der Berg, Heidi de Villiers, Louise Viljoen, Yves T'Sjoen en Alwyn Roux. Die tydskrif het self al krisisse in die gesig gestaar as gevolg van gebrek aan beskikbare kopie, beperkte befondsing en uitdagings rondom akkreditasie. Tans is *TN&A*, soos die Neerlandistiek in Suid-Afrika, egter op 'n stabiele plek. Uitgawes bly vol en ons is in die proses om ons akkreditasievlak te lig sodat die tydskrif in meer akkreditasie-indekse sal verskyn. Via blootstelling op Sabinet is artikels ook meer gereedelik op algemene akademiese soekenjins beskikbaar.

Die huidige uitgawe bevat artikels wat verwerk is uit referate gelewer by die reeds vermeldde IVN-kollokwium wat in 2022 in Nijmegen plaasgevind het. **Adri Breed** en **Daniël van Olmen** se bydrae is taalkundig van aard en fokus op hoe Afrikaanse en Nederlandse sprekers na afgeleide onpersoonlike kontekste verwys.

Ook **Angelique van Niekerk** se bydrae skakel met die (toegepaste) taalkunde. Sy skryf oor 'n Nederlandse taalverwerwingkursus vir Afrikaanssprekendes wat aan die Universiteit van die Vrystaat geloods is. Aan die literêre kant is daar 'n artikel van **Andries Visagie** oor surrealisme en kolonialisme met kortverhale van Jan Rabie en Harry Mulisch wat vergelyk word. **Sonja Loots** skryf in haar artikel (die tweede in 'n reeks oor die Nama-opperhoof Hendrik Witbooi) oor voorstellings van hierdie veelbesproke figuur in Afrikaanse en Nederlandse tekste. **Elizabeth Viljoen** ondersoek die kultuurskeppende funksie en magiese ruimte van spel aan die hand van Etienne van Heerden se *Klimtol* en Rob van Essen se *De goede zoon*. Nog 'n artikel met 'n komparatistiese benadering tot literêre tekste word deur **Ilse de Korte**, **Andrew Sutton** en **Martina Vitackova** gelewer oor die voorstelling van seks in 'n Afrikaanse en Nederlandse herskrywing van E.L. James se topverkoper, *Fifty Shades of Grey*. Laastens word twee resensies ingesluit. Een deur **Sarah Posman** oor *Plezier in poëzie: een handleiding poëzieanalyse voor de internationale neerlandistiek* deur Judit Gera en Jos Kleemans. So ook 'n resensie deur **Tyron de Villiers** oor 'n vertaling van die gewilde misdaadskrywer Jef Geeraerts se *Mister Angelo Alzheimer* deur Fanie Olivier.

Dit is 'n mooi uitgawe met uiteenlopende bydraes. Ons spreek graag ons dank uit teenoor die teksversorger Kristël de Weerd en ons uitlegkunstenaar Christa van Zyl. Op hoop van zegen!

Universiteit van Wes-Kaapland

Welkomstwoord namens de Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek tot de 2021e Colloquium Neerlandicum 22 t/m 26 augustus 2022

Adri Breed, Voorzitter SAVN

De Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) organiseert elke drie jaar een internasionaal Neerlandistiekcongres in Zuidelijk Afrika. In 2020 zou het SAVN-congres voor het eerst in Namibië gehouden worden. Groot was onze teleurstelling dan ook toen het congres uitgesteld moest worden door de COVID-19-pandemie. Nog groter was de teleurstelling toen het ook in 2021 niet kon doorgaan. Gelukkig is de afloop echter heel geslaagd: het SAVN-congres werd onderdeel van het colloquium van de Internationale Vereniging voor Neerlandistiek (IVN) in 2022. Een betere manier om het 10e internasionale congres van de Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek te houden is er zeker niet!

De SAVN is in 1991 opgericht en heeft als doel om ondersteuning te bieden aan onderzoekers, docenten en vakgroepen ter bevordering van de Neerlandistiek in Zuid-Afrika en Namibië. Momenteel heeft de SAVN meer dan honderd leden (waarvan er ongeveer dertig aanwezig zijn in Nijmegen om het IVN-colloquium bij te wonen).

De verhouding tussen Afrikaans (moedertaal van de meeste SAVN-leden) en Nederlands is hecht. Nederlands is bijvoorbeeld geïntegreerd in de meeste studies Afrikaanse taal- en letterkunde. Veel studenten Afrikaans begrijpen Nederlands redelijk gemakkelijk zonder een gehele cursus Nederlands te volgen. Daarnaast is Neerlandistiek voor een groot deel van de Afrikaanse taal- en letterkundigen een belangrijke focus in hun onderzoek.

De SAVN is een actieve en levendige vakorganisatie in Zuidelijk Afrika en houdt zich bezig met (onder andere) de volgende activiteiten:

- Het subsidiëren van (ad-hoc)gastdocenten in de Neerlandistiek voor universiteiten in Zuidelijke Afrika.
- Het aanbieden van een jaarlijkse winterschool in Zuid-Afrika voor Neerlandistiek-studenten; hier krijgen studenten vanuit heel Zuid-Afrika en Namibië de kans om hun Nederlands te verbeteren, de kennis over Nederlandse literatuur te verdiepen en om te netwerken met gelijkgestemden.
- Het aanbieden van het driejaarlijkse internasionale Neerlandistiekcongres in Zuidelijk Afrika – dit jaar dus als onderdeel van het IVN-colloquium te Nijmegen.

- Het publiceren van een geaccrediteerd vaktijdschrift, het *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (TN&A)*.
- Het organiseren van een wisseldocentschap en een wisselleerstoel voor Neerlandistiek in Zuidelijk-Afrika. De eerste is gericht op een beginnende (jongere) docent die zich richt op het geven van een cursus Nederlandse taalvaardigheid voor studenten. De tweede is voor een ervaren onderzoeker (wisselend iemand in taalkunde, letterkunde en cultuurkunde van de Lage Landen) die zijn/haar kennis komt delen in Zuidelijk-Afrika. De SAVN is de schakel tussen de Taalunie en de gastuniversiteiten en werkt in dit verband nauw samen met de IVN. De IVN is verantwoordelijk voor het aanwijzen van mogelijke docenten binnen hun netwerk.
- De organisatie van de driejaarlijkse Alfred Schaffer-ereleving.
- Het bevorderen van de Neerlandistiek onder een breed publiek door activiteiten en optredens (door schrijvers, academici en artiesten) te regelen bij culturele festivals.

Het thema voor het SAVN-congres ‘Het leven van tekens ... en teksten’ is zo geformuleerd om beide, taal- en letterkunde, te betrekken. In beschrijvende taalkunde kan tekst geïnterpreteerd worden als theorie, discours en/of data. Binnen de toegepaste taalkunde kan tekst uiteraard ook als theorie benaderd worden, maar natuurlijk ook als product: toetsen, woordenboeken, taalcursussen enzovoorts. Voor de letterkundigen zal het waarschijnlijk gaan over de culturele belangen van Nederlandse literaire teksten. Reflecties op en over literatuur en literatuurwetenschappen, die hermeneutiek, receptietheorie, narratologie en mediatheorieën betrekken, sluiten ook aan bij het thema. Teksten en intertekstualiteit, intermediaire poëtica, teksten en hun cultuurhistorische context alsook de verhoudingen tussen literaire teksten en hun koloniale/postkoloniale context zijn relevante onderwerpen.

Ek lei af hier het iets gebeur ... Hoe Afrikaanse en Nederlandse sprekers na afgeleide onpersoonlike kontekste verwys

Adri Breed en Daniël Van Olmen

I guess something happened here ... how Afrikaans and Dutch speakers refer to inferred impersonal contexts

The way that speakers use pronouns to describe contexts in which no referential subject is present (i.e. impersonal contexts) has attracted considerable attention in the linguistics literature of the last two decades. Pronouns are, however, not necessarily the only impersonal strategy in all impersonal contexts. Breed et al. (2021) have therefore developed a visual questionnaire that can be used to identify other possible strategies. This questionnaire presents different impersonal contexts as visual representations that the respondent needs to describe in their own words. The present article exemplifies that the research method is suitable, firstly, to identify and distinguish a variety of impersonal strategies and, secondly, to conduct comparative linguistics research (for Afrikaans and Dutch in particular). The questionnaire asks for descriptions of multiple impersonal contexts but this article focuses on the results for the visual questions representing contexts that can be described as inferred.

1. Inleiding

Die manier hoe sprekers onpersoonlike kontekste – dit is kontekste wat uitgedruk word met konstruksies waarin daar nie ’n referensiële subjek is nie (vergelyk Malchukov en Siewierska, 2015: 20) soos “**Mens** leef net een keer” of “**Hulle** sê avokado is goed vir jou hare” – is iets wat heelwat aandag kry in die taalkundeliteratuur van die afgelope twee dekades (vergelyk onder meer Kitagawa en Lehrer, 1990; Luukka en Markkanen, 1997; Egerland, 2003; Hoekstra, 2010; Siewierska en Papastathi, 2011 en Gast en van der Auwera, 2013). In die laaste dekade is daar ook oor Afrikaanse onpersoonlike konstruksies heelwat gepubliseer (vergelyk byvoorbeeld Kirsten, 2016; Van Olmen en Breed, 2018a; 2018b; Van Olmen, Breed en Verhoeven, 2019; Breed en Van Olmen, 2021 en Groenen, 2021).

Hoewel daar dus heelwat navorsing oor (ook Afrikaanse en Nederlandse) onpersoonlike konstruksies verskyn het, is die fokus van hierdie navorsing meestal op hoe **voornaamwoorde** as onverpersoonlikingsstrategie aangewend word. Voornaamwoorde is egter nie noodwendig die enigste óf die gekose

onverpersoonlikingsstrategie in alle onpersoonlike kontekste nie en min is nog bekend oor die moontlike ander strategieë wat sprekers gebruik om na onpersoonlike kontekste te verwys.

Breed, Chan en Van Olmen (2021: 154) verduidelik omvattenderwys dat 'n waarskynlike rede vir hierdie beperkte fokus op voornaamwoordelike strategieë toegeskryf kan word aan die spesifieke navorsingsmetodes wat in die genoemde studies aangewend is om onpersoonlike konstruksies te ondersoek. Die metodes wat tot dusver gebruik is, is nie ideaal om gebruiksgebaseerde taaldata oor onpersoonlike konstruksies te verskaf nie, soos hier onder aangetoon sal word.

'n Gebruiksgebaseerde benadering tot taal aanvaar dat daar 'n inherente verband is tussen 'n taal se struktuur en hoe die taal gebruik word – in ander woorde – die kommunikatiewe funksies wat taal verrig en die betekenisse wat deur taal oorgedra word (vergelyk onder meer Austin, 1962; Diessel, 2007; Kemmer en Barlow, 2000: vii–xxviii; Langacker, 2000: 24–63). Hierdie benadering plaas die “klem op taal as 'n dinamiese, konteksafhanklike sisteem wat direk gesetel is in menslike kognisie“ (Van Huyssteen, 2002: 305). Wanneer 'n taalkundeondersoek vanuit 'n gebruiksgebaseerde benadering gedoen word, behoort werklike en kontekstspesifieke taalgebruiksdata gebruik te word wat kan lei tot afleidings oor die verband tussen taalstruktuur en taalgebruik (vergelyk onder meer Kemmer en Barlow, 2000: xv; Van Huyssteen, 2005: 134).

Waarskynlik die mees algemene taaldata wat in gebruiksgebaseerde ondersoeke aangewend word, is korpusdata (sien Gries, 2009). 'n Korpus kan gedefinieer word as 'n groot (meestal elektroniese) versameling outentieke tekste wat voorbeelde is van taal wat geproduseer is in werklike kommunikasiesituasies (Stefanowitsch, 2020:1). Van die voordele wat die gebruik van korpusdata vir taalkundiges inhou, is dat dit i) veral 'n objektiewe en spoedige analise van taalkundige items moontlik maak, ii) kan lei tot betroubare afleidings oor die frekwensie van bepaalde taalstrukture, en iii) taalkundenavorsers toelaat om studies te verifieer en te herhaal (vergelyk Botha en Patridge, om te verskyn; Svartvik, 1992; Ngula, 2017: 207). Twee voorbeelde van korpusondersoeke na onpersoonlike konstruksies, is die korpusondersoek van Coussé en van der Auwera (2012) wat navorsing gedoen het oor voornaamwoordelike konstruksies wat in Sweeds en Nederlands gebruik word om onpersoonlike kontekste uit te druk, en die korpusondersoek van Marin-Arrese, Caro en Becerril (2001), wat gekyk het na die onverpersoonlikingsstrategieë in Engelse en Spaanse koerantartikels.

Hoewel korpusdata van onskatbare waarde kan wees vir 'n gebruiksgebaseerde

taalkundeondersoek, is dit nie altyd moontlik om korpusdata te gebruik om afleidings oor spesifieke konstruksies te maak nie. Eerstens kan 'n spesifieke konstruksie soms 'n baie **lae frekwensie** hê. Sommige konstruksies of uitdrukkings word nie gereeld deur taalsprekers gebruik nie en word daarom nie (genoeg) in 'n korpus aangetref dat daardie korpus gebruik kan word om die konstruksie te ondersoek nie. Frekwensie is inderdaad 'n uitdaging vir heelwat taalkundiges wat na onpersoonlike konstruksies kyk – sien byvoorbeeld die uitdagings van Siewierska en Papastathi (2011: 586) in hul tipologiese korpusondersoek na derdepersoonmeervoudsvoorname as onpersoonlike konstruksies, of Van Olmen en Breed (2018a: 7) se opmerking oor die lae frekwensie van afgeleide onpersoonlike kontekste in korpusdata. Tweedens kan daar slegs na onpersoonlike konstruksies in 'n korpus gesoek word wat reeds aan die navorser bekend is, en hierdie navorsingsmetode behels 'n **deduktiewe** benadering tot die empiriese analise.

'n Ondersoekmetode wat taalkundiges dikwels dan wel gebruik om sulke “skaars konstruksies” te bestudeer, is om van vraelyste gebruik te maak, soos byvoorbeeld Siewierska (2008) se vraelysondersoek na verbale teenoor voornaamwoordelike onpersoonlike strategieë, of Garcia, Sallandre, L'Huillier en Aksén (2018) se ondersoek na die ‘menslike’ onpersoonlike voornaamwoorde in Franse gebaretaal.

'n Voorbeeld van 'n vraelysondersoek wat hier vir verdere bespreking ter sake is, is die sogenaamde dubbelvraelysbenadering van Van Olmen en Breed (2018a, 2018b) wat gepoog het om die onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans, Nederlands en Engels te ondersoek. Beide vraelyste in hierdie ondersoek is ontwerp om die gebruik van die verskillende voornaamwoorde in verskillende onpersoonlike kontekste deur sprekers van elk van die drie tale te toets. Die respondente moes dan, afhangende van die vraelys wat beantwoord is, 'n spesifieke taak uitvoer om óf die aanvaarbaarheid van 'n spesifieke onpersoonlike voornaamwoord te toets (vergelyk Figuur 1) óf hul eie voorkeur-impersonaliseringstrategie (maar beperk tot pronominale of nominale strategieë) te verskaf (vergelyk Figuur 2).

Jy en jou vriendin vat jou kinders een oggend parkie toe om te gaan speel. Daar lê 'n klomp leë bierblikkies in die parkie rond en jy sê vir jou vriendin:

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|-----------------------|-----------------------|-----------------------|-----------------------|-----------------------|
| "Mens het hier bymekaargekom vir 'n partytjie." | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> |
| "n Mens het hier bymekaargekom vir 'n partytjie." | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> |
| "Man het hier bymekaargekom vir 'n partytjie." | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> |
| "n Man het hier bymekaargekom vir 'n partytjie." | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> |
| "Hulle het hier bymekaargekom vir 'n partytjie." | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> |
| "Jy het hier bymekaargekom vir 'n partytjie." | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> | <input type="radio"/> |

Figuur 1 – Een van die vrae uit Van Olmen en Breed (2018a, 2018b) se aanvaarbaarheidsoordeelvraelys

8. Jy en jou vriendin vat jou kinders een oggend parkie toe om te gaan speel. Daar lê 'n klomp leë bierblikkies in die parkie rond en jy sê vir jou vriendin:
"_____ het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."

Jou antwoord _____

Figuur 2 – Een van die vrae uit Van Olmen en Breed (2018a, 2018b) se voltooiataak

'n Vraelysbenadering kan derhalwe handig wees om gebruiksgebaseerde data in te samel – verál van konstruksies wat nie gereeld in korpora voorkom nie. Maar, net soos wat 'n korpusondersoek bepaalde beperkinge het, kan 'n vraelysbenadering ontoereikend wees om gebruiksgebaseerde taaldata te verskaf. In Van Olmen en Breed (2018a) se aanvaarbaarheidsoordeelvraelys (sien weer Figuur 1) is sprekers byvoorbeeld slegs gevra om die aanvaarbaarheid van spesifieke voornaamwoordelike strategieë in die onpersoonlike konteks aan te toon. Net soos met 'n korpusondersoek, is 'n vraelys beperk tot konstruksies of strategieë wat reeds aan die navorsers bekend is en bestudeer die metode dus óók die taaldata op **deduktiewe wyse**. Van Olmen en Breed (2018a) se voltooiataak (sien Figuur 2), dwing taalgebruikers om 'n geskikte antwoord in

die beskikbare gleuf in te vul (in hierdie taak was dit die sinsubjektleuf). Dié vraelys het baie duidelik voornaamwoordelike strategieë beoordeel, en dit was byvoorbeeld nie moontlik vir sprekers om ’n passiewe konstruksie aan te bied nie, selfs al sou hulle hierdie strategie verkies het. Dié metode het dus die moontlike antwoorde wat aangebied kon word, ook **beperk**.

Om toegang tot werklike gebruiksegebaseerde taaldata te kry wat op omvattende wyse kan aandui watter verskeidenheid van onverpersoonlikingstrategieë vir taalsprekers van verskillende tale beskikbaar is, behoort ’n navorsingsmetode gebruik te word wat i) die moontlikheid skep om alle moontlike onverpersoonlikingstrategieë tot sprekers se beskikking in te sluit, ii) die moontlikheid skep om na alle onpersoonlike kontekste te kyk, iii) nie deduktief van aard is nie en iv) ’n taalvergelykende studie moontlik maak.

Om te voldoen aan die bogenoemde vier kriteria, ontwikkel Breed et al. (2021) ’n unieke ondersoeksmetode, naamlik ’n **visuele vraelys**¹. In hierdie vraelys word verskillende onpersoonlike kontekste aangebied as visuele voorstellings² wat die respondent dan moet beskryf in sy of haar eie woorde. Die doel van hierdie visuele vraelys was om ’n taalvergelykende en gebruiksegebaseerde ondersoek uit te voer wat die identifisering van ’n verskeidenheid van onverpersoonlikingstrategieë moontlik te maak.

Hoewel twee vorige publikasies³ reeds aandag gegee het aan spesifieke aspekte van die visuele vraelysondersoek, het hiêrdie artikel ’n meer spesifieke, maar ook ’n tweeledige doel: Eerstens is dit om **eksemplaries** (met ander woorde deur te fokus op die respondente se beskrywing van slegs ’n enkele onpersoonlike konteks) aan te toon dat die ondersoeksmetode geskik is om ’n **verskeidenheid van onverpersoonlikingstrategieë** te identifiseer en te onderskei. Tweedens is dit ook om aan te toon dat die metode geskik is om **taalvergelykende ondersoek** (naamlik tussen Afrikaans en Nederlands) te doen. Die vraelys het dus meerdere onpersoonlike kontekste beskryf, maar slegs die resultate van die visuele vrae wat kontekste voorstel wat as “afgelei” (*inferred*) beskryf kan word, word in hierdie artikel aangebied. Die rede waarom die afgeleide kontekste vir hierdie artikel gekies is, is aangesien dit reeds in vorige taalkundeliteratuur aangedui is as kontekste wat nie gereeld in korpora voorkom nie (sien weer Van Olmen en Breed, 2018a: 7, sowel as Siewierska en Papastathi, 2011: 590), en dus moeilik is om te bestudeer. In beginsel sou dit moontlik wees om van elkeen van die onpersoonlike kontekste só ’n taalvergelykende studie te maak.

Die artikel word soos volg gestruktureer: In afdeling 2 word kortliks verduidelik wat met *afgeleide onpersoonlike kontekste* bedoel word. Afdeling 3 verduidelik die interdisiplinêre en samewerkende proses wat gevolg is om die visuele vraelys te ontwerp. Afdeling 4 bied die resultate van die vrae oor afgeleide onpersoonlike

kontekste vir Afrikaans en vir Nederlands aan, en in die slotafdeling – Afdeling 5 – word ’n aantal gevolgtrekkings gemaak.

2. Afgeleide onpersoonlike kontekste

Daar is reeds in die inleiding genoem dat onpersoonlike konstruksies gedefinieer kan word as konstruksies wat kontekste beskryf wat nie ’n referensiële subjek het nie. Dit is dus kontekste wat die subjek van die sin sou kon parafraseer as “iemand”, “sommige mense”, “’n onbekende persoon” of selfs “enigiemand” in sommige kontekste.

Gast en van der Auwera (2013) onderskei twee hoofkategorieë van onpersoonlike kontekste, naamlik *universele* kontekste en *eksistensiële* kontekste. Universele kontekste is van toepassing op ‘alle mense’ of minstens ‘alle mense wat relevant is in die konteks’. Dit is tipies kontekste waar die subjek met woorde soos *almal*, *niemand*, (*’n*) *mens* of *jy* uitgedruk kan word, want hierdie woorde dui aan dat alle mense – maar sonder om te verwys na iemand spesifiek – ingereken kan word by die konteks wat uitgedruk word. Die volgende voorbeelde dien as illustrasie van universele onpersoonlike kontekste:

1. **Almal** wil Paasnaweek by familie of vriende wees.(VivA-KPO, aangepas)
2. **Niemand** kan mos in ’n ander se hart sien nie.(VivA-KPO)
3. **’n Mens** kan tog ook nie lekker sit en gesels in ’n yskas nie.(VivA-KPO)
4. **Jy** behoort die album by die meeste respektable musiekwinkels op te spoor(VivA-KPO)

Eksistensiële onpersoonlike kontekste daarteenoor, is kontekste wat nie op alle mense van toepassing is nie, maar die spreker kan of wil nie na die spesifieke persoon of persone verwys wat relevant is in die konteks nie. Dit is tipies kontekste waar die subjek met woorde soos *sommige mense*, *iemand* of *hulle* uitgedruk kan word, want hierdie woorde se skopus is nouer en sluit nie alle mense in nie. Die volgende sinne kan as voorbeelde aangebied word.

5. **Sommige mense** kry sommer karbonkels.(VivA-KPO)
6. **Iemand** het ’n beker kookwater oor haar uitgegooi.(VivA-KPO)
7. **Hulle** sê mos dat jy met jou neus proe; kosgeure is reuke.(VivA-KPO)

Vanuit vorige navorsing (vergelyk Siewierska en Papastathi, 2011; Gast en van der Auwera, 2013; Van Olmen en Breed, 2018a; 2018b) blyk dit ook dat hierdie twee kontekste nog verder verdeel kan word in subkontekste⁴. Aangesien hierdie subkontekste reeds omvattend in ander publikasies beskryf is, en ook nie relevant

is vir hierdie artikel nie, onderskei en beskryf ons dit nie verder hier nie. Maar wat wél relevant is, is die twee onderskeibare subkontekste wat as “afgeleide (*inferred*) onpersoonlike kontekste” gereken kan word.

Breed et al. (2021: 1086) verduidelik dat ’n afgeleide konteks (INF) beskryf kan word as ’n eksistensiële onpersoonlike konteks waar die “werklike gebeurtenis nie bekend is nie, maar afgelei word van enkele tekens of bewyse in die situasie en die bestaan van die persoon of persone wat dit veroorsaak het, word ook aanvaar.” Hulle verduidelik verder dat twee soorte afgeleide kontekste onderskei kan word, naamlik afgeleide kontekste waar die geïmpliseerde veroorsakende persoon (meestal die subjek van die sin) noodwendig meer as een persoon gaan wees (PL), en afgeleide kontekste waar die geïmpliseerde veroorsakende persoon getalneutraal (NN) is – dit is nie bekend wat die getal van die geïmpliseerde subjek is nie en dit kan een persoon of meer as een persoon wees. Breed et al. (2021: 1085) bied dan die volgende twee voorbeelde as illustrasie:

8. As ons na die argeologiese bewyse kyk, sien ons **hulle** het ’n nedersetting hier gevestig. (EXI-INF-PL)
9. Tinus bly bostil staan en wys na gebreekte takke en graspolle wat vertrap is. **Iemand** het hier geloop. (EXI-INF-NN)

In hierdie artikel ondersoek ons op taalvergelykende wyse die verskillende maniere waarop Afrikaanse sprekers en Nederlandse sprekers verwys na die geïmpliseerde veroorsakende persoon in dié twee onpersoonlike kontekste.

3. Die visuele vraelys oor onpersoonlike kontekste. Die ontwerp van die vraelys

Soos in die inleiding genoem is, is dit – indien gekyk wil word na die verskillende onverpersoonlikingsstrategieë wat in verskillende tale gebruik word – nodig om ’n metode te hê wat alle moontlike onverpersoonlikingsstrategieë kan identifiseer.

Breed et al. (2021) ontwikkel om hierdie rede ’n **visuele vraelys** wat die verskillende onpersoonlike kontekste aanbied as visuele voorstellings wat die respondente dan moet beskryf in sy of haar eie woorde. Die ontwerpproses van die vraelys word omvattend in Breed et al. (2021) beskryf, maar die proses word kortliks hier ook opgesom:

Die ontwerp van die vraelys het die vorm aangeneem van ’n samewerkende (*collaborative*) en interdisiplinêre projek wat uitgevoer is deur agtien medewerkers: twee taalkundiges, een dosent in grafiese ontwerp en vyftien studente van grafiese ontwerp. Die projek is teoreties begrond in die taalkundeteorie van onpersoonlike

kontekste (*impersonalisation*) en in die visuele kommunikasieteorie van woordlose visuele narratiewe (*wordless visual narratives*) (vergelyk Nodelman, 1990; Horwat, 2018: 176; Arif en Hashim, 2008: 121). Die projek het deel gevorm van 'n onderrig- en leeraktiwiteit waarmee die studente opgelei word om die beperkinge, uitdagings en interaksie van 'n kliënteopdrag te navigeer. Die vyftien studente moes, onder die leiding van hul dosent, elkeen twee visuele vrae vir die taalkundevraelys konseptualiseer en illustreer. Die twee taalkundiges het duidelik aan die studente die kriteria van die vraelys en die kriteria waarvolgens verskillende onpersoonlike kontekste onderskei word, gekommunikeer. Die studente moes vrae illustreer wat aan die twee stelle kriteria voldoen.

Die projek het uit drie ontwerpfasies bestaan. In die eerste fase het die studente – ná 'n individuele konsultasie met die taalkundiges – 'n rowwe beplanningskets gemaak van die visuele vraag wat ontwerp sou word, en hierdie sketse is in 'n loodsvraelys (*pilot questionnaire*) ingesluit. Die loodsvraelys is aan 'n klein groep respondente gestuur ('n groep van 13 persone wat bestaan het uit kollegas van die twee taalkundiges en nagraadse taalkundestudente), en dié respondente se antwoorde en terugvoer is gebruik om 'n tweede, verfynde skets te maak wat dan by 'n valideringsvraelys (*validation questionnaire*) ingesluit is. Hierdie vraelys is aan dieselfde groep respondente gestuur, en die antwoorde en terugvoer is gebruik om die voorstellings te verfyn om by die finale visuele vraelys in te sluit.

Aangesien die studente as deel van die onderrigtaak elkeen twee verskillende onpersoonlike kontekste moes konseptualiseer en illustreer, is daar twee visuele vrae ingesluit wat EXI-INF-NN-kontekste uitgebeeld het (sien Figuur 3), en twee visuele vrae wat EXI-INF-PL-kontekste ingesluit het (vergelyk Figuur 4).



Figuur 3 – Twee visuele vrae wat EXI-INF-NN-kontekste uitbeeld



Figuur 4 – Twee visuele vrae wat EXI-INF-PL⁵-kontekste uitbeeld

Om te verhoed dat daar te veel onbruikbare antwoorde deur respondente aangebied word, en om te verseker dat die antwoorde tot 'n mate met mekaar vergelykbaar kan wees, is die illustrasies ook met kontekstuele leidrade toegelig. Daar is byvoorbeeld gevra dat die respondente 'n spesifieke werkwoord of bywoordelike bepaler moet gebruik in hul antwoorde. Die leidrade by elkeen van die INF-kontekste is soos volg geformuleer:

| | Afrikaans | Nederlands |
|---------------|---|--|
| EXI-INF-NN I | Formuleer asseblief die stelling wat in die spraakborrel gemaak word. Gebruik asseblief die werkwoord “drink”/“gedrink” en die woorde “hier” en “gister” in jou antwoord. | Geef een passende vraag voor in het tekstballonnetje. Gebruik in je antwoord alsjeblyft een vorm van het werkwoord “weggooien” (bv. gooi weg - gooit weg - gooien weg - weggooien - weggegooid) en de woorden “naast de prullenbak”. |
| EXI-INF-NN II | Formuleer die stelling wat in die spraakborrel gemaak word. Gebruik asseblief die werkwoord “maak”/“gemaak” en die woord “doughnuts” in jou antwoord. | Geef een passende uitspraak voor in het tekstballonnetje. Gebruik in je antwoord alsjeblyft een vorm van het werkwoord “maken” (bv. maak - maakt - maken - gemaakt) en het woord “slipspoor”. |

| | | |
|---------------|--|---|
| EXI-INF-PL I | Formuleer asseblief die stelling wat in die spraakborrel gemaak word. Gebruik asseblief die werkwoord “speel”/“gespeel” en die woord “sokker” in jou antwoord. | Geef een passende uitspraak voor in het tekstballonnetje. Gebruik in je antwoord alsjeblieft een vorm van het werkwoord “spelen” (bv. speel - speelt - spelen - gespeeld) en het woord “voetbal”. |
| EXI-INF-PL II | Formuleer asseblief die stelling wat in die spraakborrel gemaak word. Gebruik asseblief die werkwoord “kamp”/“gekamp” en die woord “gisteraand” in jou antwoord. | Geef een passende uitspraak voor in het tekstballonnetje. Gebruik in je antwoord alsjeblieft een vorm van het werkwoord “stoken” (bv. stook - stookt - stoken - gestookt) en de woorden “vuurtje” en “gisteravond”. |

Tabel 1 – Leidrade vir respondente om visuele kontekste te beskryf

Die finale vraelys is in Nederlands en in Afrikaans op sosiale media⁶ versprei. 451 Afrikaanssprekende persone het die vraelys beantwoord, en 83 Nederlandse respondente het die vroe beantwoord⁷. Respondente was vanuit verskillende ouderdomsgroepe⁸ en verskillende geslagte. Alle respondente wat die Afrikaanse vraelys voltooi het, het aangedui dat hul eerstetaalsprekers van Afrikaans is, en alle respondente wat die Nederlandse vraelys voltooi het, het aangedui dat hulle eerstetaalsprekers van Nederlands is. Aangesien die studie nie na die lektale variasies van die twee tale ook gekyk het nie, is verdere demografiese inligting (byvoorbeeld plek van herkoms) nie in ag geneem by die analise nie. Deelname aan die ondersoek was vrywillig en anoniem en het geen etiese implikasies of risiko vir die respondente ingehou nie.

Hierdie artikel lewer dus slegs verslag van die resultate van die vraelys wat betrekking het op die INF-kontekste. Aangesien daar so ’n groot hoeveelheid Afrikaanse sprekers is wat die Afrikaanse vraelys beantwoord het, was dit slegs nodig om een van elkeen van die twee Afrikaanse INF-vrae se antwoorde te analiseer, want daar is reeds ’n versadigingspunt in die data bereik na een vraag van elk se antwoorde verwerk is. Albei vroe van beide die Nederlandse INF-kontekste is egter geanaliseer, aangesien die data nie ’n versadigingspunt bereik het ná die analisering van een van die twee vroe per INF-konteks nie.

Tabel 2⁹ bied ’n opsomming van die hoeveelheid vroe wat in hierdie ondersoek per INF-konteks geanaliseer is.

| Vraelys | Konteks | Bruikbare antwoorde | Onbruikbare antwoorde | Totale hoeveelheid antwoorde |
|------------|------------|---------------------|-----------------------|------------------------------|
| Afrikaans | EXI-INF-PL | 220 (49%) | 227 (51%) | 447 (100%) |
| | EXI-INF-NN | 368 (82%) | 78 (18%) | 446 (100%) |
| Nederlands | EXI-INF-PL | 86 (49%) | 81 (51%) | 167 (100%) |
| | EXI-INF-NN | 113 (65%) | 62 (35%) | 175 (100%) |

Tabel 2 – Hoeveelheid antwoorde per konteks wat in die ondersoek gebruik is

4. Die resultate

Vanuit die resultate is dit duidelik dat Afrikaans en Nederlands nabyverwante tale is, en dat Afrikaanse en Nederlandse sprekers soortgelyke strategieë aanwend om onpersoonlike kontekste uit te druk.

Tabel 3 en Tabel 4, sowel as die grafieke in Figuur 5 bied 'n opsomming van die verskillende strategieë wat gebruik is. Elkeen van die strategieë sal vervolgens bespreek word.

| Afrikaans | | | | |
|-------------------------------------|------------|--|------------|---|
| Strategie | EXI-INF-PL | | EXI-INF-NN | |
| | Frekw. | Voorbeeld vanuit vraelysantwoorde | Frekw. | Voorbeeld vanuit vraelysantwoorde |
| Persoonlike voornaamwoorde (PN.PRS) | 41 | 10. <i>Hulle het gister sokker gespeel en die bal hier vergeet.</i> | 29 | 11. <i>Hulle het duidelik gister hier gedrink.</i> |
| Onbepaalde voornaamwoorde (PN.INDF) | 89 | 12. <i>Iemand het gister hier sokker gespeel en die bal vergeet.</i> | 54 | 13. <i>Iemand het gister vreeslik hier gedrink.</i> |
| Passiefkonstruksies | 49 | 14. <i>Hier is gister sokker gespeel.</i> | 88 | 15. <i>Kyk hoe is hier gister gedrink!</i> |
| (’n) mens / mense | 3 | 16. <i>Gister het mense hier sokker gespeel.</i> | 75 | 17. <i>Gister het mense lekker hier gekuier en gedrink.</i> |

| | | | | |
|------------------------------|----|--|----|--|
| Spesifiserende NP | 24 | 18. <i>Die kinders het gister hier sokker gespeel</i> | 55 | 19. <i>Kyk hoe het die morsjorse gister hier gedrink!</i> |
| Betreklike konstruksies | 12 | 20. <i>Die mense wat gister hier sokker gespeel het se bal lê nog hier.</i> | 61 | 21. <i>Die mense wat gister hier gedrink het, het nie van die asdrom gebruik gemaak nie.</i> |
| Voltooide deelwoord | 0 | | 3 | 22. <i>Gister se gedrink hier veroorsaak vandag soveel gemors.</i> |
| Subjektiewe vraagkonstruksie | 0 | | 1 | 23. <i>Watse varke het gister hier geëet en drink en alles langs die asblik gegooi?</i> |
| Kwantifiseerder + NP | 0 | | 1 | 24. <i>Een of ander vent het gister hier gedrink.</i> |
| Vrykeuse-item | 2 | 25. <i>Wie ook al gister sokker gespeel het, het hulle sokkerbal hier vergeet.</i> | 3 | 26. <i>Wie ookal gister hier gedrink het, het vreeslik gemors.</i> |
| Persoon / Persone | 0 | | 1 | 27. <i>Daar het sekerlik meer as 3 persone hier gedrink gister.</i> |


Tabel 3 – Alle onverpersoonlikingsstrategieë wat in Afrikaanse INF-kontekste gebruik is

| Nederlands | | | | |
|-------------------------------------|------------|---|------------|---|
| Strategie | EXI-INF-PL | | EXI-INF-NN | |
| | Frekw. | Voorbeeld vanuit vraelysantwoorde | Frekw. | Voorbeeld vanuit vraelysantwoorde |
| Persoonlike voornaamwoorde (PN.PRS) | 21 | 28. <i>Hier hebben ze gisteravond een vuurtje gestookt.</i> | 26 | 29. <i>Kijk nou wat voor slipspoor ze hebben gemaakt.</i> |

| | | | | |
|-------------------------------------|----|---|----|--|
| Onbepaalde voornaamwoorde (PN.INDF) | 24 | 30. <i>Iemand moet hier gisteravond een vuurtje gestookt hebben.</i> | 4 | 31. <i>Iemand heeft een slipspoor gemaakt!</i> |
| Passiefkonstruksies | 18 | 32. <i>Er wordt geen voetbal gespeeld vandaag.</i> | 11 | 33. <i>Zonde dat er zoveel naast de prullenbak wordt weggegooid in plaats van erin.</i> |
| Men / mensen | 11 | 34. <i>Met die bal en dat doel zou men voetbal kunnen spelen.</i> | 19 | 35. <i>Als je toch men iets weggooit, dan moet dan niet zo, naast de prullenbak. [sic]</i> |
| Spesifiserende NP | 7 | 36. <i>De kinderen hebben gisteravond een vuurtje gestookt en dat gloeit nu nog na.</i> | 12 | 37. <i>Deze motorrijder heeft wel een heel mal slipspoor gemaakt, zeg!</i> |
| Betreklike konstruksies | 1 | 38. <i>Wie hier gisteravond een vuurtje gestookt heeft, heeft niet de moeite genomen om het uit te maken.</i> | 2 | 39. <i>Wie zo'n slipspoor maakt, kan maar beter z'n rijexamen overdoen.</i> |
| Voltooide deelwoord | 0 | | 2 | 40. <i>Schande van die weggegooiderommel naast de prullenbak!</i> |
| Subjektiewe vraagkonstruksie | 0 | | 5 | 41. <i>Welke idioot heeft hier zo'n slipspoor gemaakt?</i> |
| Kwantifiseerder + NP | 1 | 42. <i>Hm, zo te zien hebben hier gisteravond wat mensen een vuurtje gestookt.</i> | 3 | 43. <i>Ik snap niet dat sommige mensen hun vuilnis naast de prullenbak weggoeien.</i> |
| Vryekeuse-item | 0 | | 0 | |

| | | | | |
|---|---|--|---|---|
| Persoon / Persone | 0 | | 1 | 44. <i>Zo, deze persoon weet wel hoe je een slipspoor maakt!</i> |
| Infinitief- konstruksie | 0 | | 2 | 45. <i>Afval naast de prullenbak weggooien is niet milieuvriendelijk.</i> |
| Agenskap word aan die NP toegeken | 1 | 46. <i>Gisteravond was er een feestje hier. Dat vuurtje brandt nog altijd. Levensgevaarlijk!</i> | 4 | 47. <i>Deze auto heeft een enorm slipspoor gemaakt.</i> |
| Die NP impliseer 'n betrokke agens | 1 | 48. <i>Nou, dat moet een flink vuurtje zijn geweest gisteravond.</i> | 2 | 49. <i>Wat een troep.</i> |
| Aanwysende konstruksies | 1 | 50. <i>Die hebben gisteravond een lekker vuurtje gestookt.</i> | 7 | 51. <i>Die auto heeft een serieuus slipspoor gemaakt.</i> |
| Elliptiese konstruksies | 1 | 52. <i>Barbecue gisteravond, vuurtje gestookt en niet gedoofd?</i> | 2 | 53. <i>Zo'n slipspoor gemaakt en toch goed ingeparkeerd.</i> |

Tabel 4 – Alle onverpersoonlikingsstrategieë wat in Afrikaanse INF-kontekste gebruik



Figuur 5 – Opsomming van alle onverpersoonlikingsstrategieë wat in Afrikaanse en Nederlandse INF-kontekste gebruik is

In die Afrikaanse beskrywings van die INF-kontekste is daar van elf verskillende onverpersoonlikingsstrategieë gebruik gemaak, en in die Nederlandse beskrywings van sestien verskillende onverpersoonlikingsstrategieë. Waar vorige literatuur oor onpersoonlike konstruksies dus slegs melding gemaak het van vier moontlike strategieë (naamlik persoonlike voornaamwoorde wat onpersoonlik aangewend word, onbepaalde voornaamwoorde, naamwoorde met die betekenis van ‘mens’ en passiefkonstruksies), was hierdie visuele vraelys dus duidelik geskik om ook nuwe en voorheen onbekende strategieë te identifiseer.

Hoewel dit ook nie die doel van hierdie ondersoek is om die algemeenheid van die verskillende strategieë te bepaal nie (want dié ondersoek probeer nie bepaal hoe gereeld ’n spesifieke onverpersoonlikingsstrategie voorkom nie, maar eerder watter verskillende onverpersoonlikingsstrategieë deur sprekers gebruik kán word in Afrikaanse en Nederlandse INF-kontekste), is dit tog opvallend dat die vier strategieë wat tot dusver in die literatuur oor onpersoonlike konstruksies aandag geniet het, by verre die meeste deur beide Afrikaanse en Nederlandse sprekers gebruik is. Voornaamwoordelike strategieë (PN.PRS en PN.INDF) geniet voorkeur in die INF-PL-kontekste van albei tale, maar dit is wel tot ’n mate verrassend dat soveel verskillende onverpersoonlikingsstrategieë in beide tale se INF-NN-kontekste gebruik word. Veral die Nederlandse antwoorde het ’n groot verskeidenheid van onpersoonlike antwoorde getoon.

Hierdie artikel wil egter op eksemplariese wyse kyk hoe verskillende onverpersoonlikingsstrategieë in ’n enkele onpersoonlike konteks deur sprekers gebruik word, om sodoende aan te toon dat die visuele vraelys i) ’n geskikte metode is om sprekers toe te laat om enige moontlike onpersoonlike strategie te formuleer, ii) nie deduktief van aard is nie, en iii) ’n taalvergelykende studie moontlik maak. Daarom word elkeen van die nuut geïdentifiseerde¹¹ strategieë wat gebruik is om die Afrikaanse¹² en Nederlandse INF-kontekste te beskryf voorts afsonderlik bespreek.

4.1 *Spesifiserende NP*

In beide tale en in beide INF-kontekste het sprekers spesifiserende naamwoorde as sinsubjekte gebruik om te verwys na die onbekende of ongeïdentifiseerde persoon/persone wat verantwoordelik is vir die situasie wat in die illustrasies uitgebeeld word. Die spesifiserende naamwoord is telkens relevant tot die bepaalde konteks, en impliseer ook dikwels die aksie wat in die konteks uitgevoer is, soos ’n *morsjors* wat in Afrikaans verwys na ’n persoon wat rommel strooi, of ’n *aso* wat in Nederlands verwys na iemand wat onvanpas en onbedagsaam optree.

54. Afr INF-PL: **Twee spanne** het gister hier sokker gespeel.
 55. Afr INF-NN: Kyk hoe het die **morsjorse** gister hier gedrink!
 56. Ndl INF-PL: **De kinderen** hebben hun voetbal na het spelen vergeten!
 57. Ndl INF-NN: Die **aso's** gooien alles maar naast de prullenbak.

4.2 *Betreklike konstruksies*

Beide Afrikaanse en Nederlandse respondente het betreklikheidskonstruksies gebruik as onverpersoonlikingsstrategieë. Die betreklike konstruksies word gebruik om aan te dui dat die persoon of persone na wie verwys word, betrekking het op die konteks wat beskryf word.

58. Afr INF-PL **Die ouens wat** gister hier sokker gespeel het, het die bal hier vergeet.
 59. Afr INF-NN Kom ons tel **die mense wat** gister hier gedrink het se gemors op.
 60. Ndl INF-PL **Wie** dit slipspoor maakte, reed veel te bruuft!
 61. Ndl INF-NN **Wie** hier gisteravond een vuurtje gestookt heeft, heeft niet de mocite genomen om het uit te maken.

4.3 *Nominalisering*

Die strategie vir nominalisering sluit – naas duidelike nominalisering – ook twee ander strategieë soortgelyk aan nominalisering in, naamlik die gebruik van **voltooide deelwoorde** (wat ons beskou as 'n strategie wat sprekers gebruik om 'n werkwoord adjektiewies binne 'n naamwoordstuk te laat optree, en daarom kan die subjek weggelaat word), en die gebruik van die **infinitiese vorm** van die werkwoord.

Hoewel dit sekerlik 'n moontlike strategie is om NF-PL-kontekste te gebruik, het beide Afrikaanse en Nederlandse sprekers slegs in INF-NN-kontekste 'n voltooide deelwoord gebruik om 'n verwysing na die persoon of persone wat verantwoordelik is vir die situasie wat in die voorstelling geïllustreer word, te omseil.

62. Afr INF-NN Gister was hier weer 'n **groot gedrink en rinkink!**
 63. Ndl INF-NN Met al dat **weggegooide afval** wil ik niet naast de prullenbak zitten.

Twee Nederlandse respondente het die infinitiese vorm van die werkwoord as onverpersoonlikingsstrategie in INF-NN-kontekste gebruik, aangesien dit ook – net soos in die geval van nominalisering – 'n manier is om nie 'n verwysing na die subjek in te sluit by jou beskrywing nie. Dié strategie is nie deur Afrikaanse respondente gebruik nie, hoewel dit in beginsel moontlik sou wees. Verder is die

strategie ook nie deur Nederlandse sprekers gebruik om INF-PL-kontekste te beskryf nie, maar dit sou wel as 'n moontlike strategie kon dien.

64. Ndl INF-NN Afval naast de prullenbak **weggooien** is niet milieuvriendelijk.

4.4 *Subjektiewe vraagkonstruksie*

Die twee INF-NN-kontekste wat in die vraelys ingesluit is, kan geïnterpreteer word as situasies wat sterk negatiewe gevoelens by die spreker of respondent ontlok. Die geïmpliseerde subjek word dus beskuldig daarvan dat die situasie wat in die voorstelling uitgebeeld is vanweë hulle aksies tot stand gekom het. Beide Afrikaanse en Nederlandse respondente het na die skuldige partye in dié konteks verwys deur 'n stelling as 'n retoriese vraag te stel, en dan die vraagwoord gekombineer met een of ander beledigende naamwoord.

65. Afr INF-NN **Watse varke** het gister hier geëet en drink en alles langs die asblik gegooi?
66. Du INF-NN **Welke idioot** heeft hier zo'n slipspoor gemaakt?

4.5 *Kwantifiseerder + NPKwantifiseerder + NP*

In beide Afrikaans en Nederlands het respondente 'n naamwoord wat die betekenis het van 'mense' of 'n spesifieke groep mense' met kwantifiseerders gekombineer om aan te dui watter persoon of persone vir die situasie in die geïllustreerde konteks verantwoordelik is. Hierdie strategie stem sterk ooreen met die strategie om 'n gespesifiseerde naamwoord te gebruik om na 'n onbekende persoon te verwys, maar die kwantifiseerder word gebruik om af te baken wie almal relevant is binne die onpersoonlike verwysing. Die strategie is meer algemeen in die Nederlandse antwoorde aangebied (dit is naamlik in Afrikaans slegs een keer vir INF-NN aangebied en geen kere vir INF-PL), maar dit is wel 'n strategie wat in beide tale vir beide INF-kontekste gebruik sou kon word.

67. Afr INF-NN **Een of ander vent** het gister hier gedrink.
68. Ndl INF-PL Hm, zo te zien hebben hier gisteravond **wat mensen** een vuurtje gestookt.
69. Ndl INF-NN Ik snap niet dat **sommige mensen** hun vuilnis naast de prullenbak weggooien.

4.6 *Vrykeuse-item*

Vrykeuse-items (*free choice items*) is konstruksies wat aandui dat daar daar ’n vryheid van keuse vir die spreker en hoorder bestaan oor wie of wat bedoel of verstaan word, letterlik dus “no matter whom you select from among...” (vergelyk Vendler, 1976: 80). Hierdie strategie is slegs deur Afrikaanse respondente aangebied, maar in beginsel sou dit wel moontlik wees om die strategie ook in Nederlands te gebruik.

70. Afr INF-PL **Wie ook al** gister sokker gespeel het, het hulle sokkerbal hier vergeet.
 71. Afr INF-NN **Wie ook al** gister hier gedrink het, is onbeskaafde morsjorse.
 Ned INF-NN **Wie hier dan ook** gisteren gedronken heeft, is een echte klootzak. (eie vertaling)

4.7 *Persoon/Persone*

In beide Afrikaans en Nederlands bestaan ’n naamwoord wat in alle opsigte geskik is om te verwys na ’n “menslike wese, hetsy man, vrou of kind, wat nie nader bepaal of geïdentifiseer word nie” (WAT, 2020), naamlik *persoon* (of die meervoudvorm *persone*). Dit is daarom nie verrassend dat hierdie naamwoord in beide Afrikaans en Nederlands gebruik is as onverpersoonlikingsstrategie nie. Dit is egter wel opvallend dat hierdie skynbare ideale strategie slegs een keer in beide Afrikaans en Nederlands gebruik is deur respondente.

72. Afr INF-PL¹³ Daar het sekerlik meer as drie persone hier gedrink gister.
 73. Nd IINF-NN Zo, deze persoon weet wel hoe je een slipspoor maakt!

4.8 *Agenskap en die NP*

Nog ’n strategie wat Nederlandse sprekers gebruik het om nie na die persoon te verwys wat die situasie in die INF-konteks veroorsaak het nie, is om óf agenskap aan ’n nielewende naamwoord toe te ken (byvoorbeeld om te stel dat ’n motorvoertuig ’n bepaalde aksie uitgevoer het, in plaas van die bestuurder van daardie motorvoertuig), óf om ’n naamwoord te gebruik wat noodwendig impliseer dat ’n agenshebbende entiteit (oftewel ’n mens) by die situasie betrokke is (byvoorbeeld ’n fees wat nie sonder ’n groep mense gevier kan word nie. Die verwysing na “fees” impliseer die teenwoordigheid van persone). Die tweede strategie van naamwoordelike agenskap is slegs deur Nederlandssprekende respondente gebruik, maar dit sou wel ook ’n strategie wees wat deur Afrikaanse sprekers gebruik sou kon word.

74. Ndl INF-PL Gisteravond was er een **feestje** hier. Dat vuurtje brandt nog altijd.
Levensgevaarlijk!
- Afr INF-PL Gister was hier 'n fees. Die vuurtjie brand nog steeds. (eie vertaling)
75. Ndl INF-PL Nou, dat moet een **flink vuurtje** zijn geweest gisteravond.
76. Ndl INF-NN Deze **auto heeft** een enorm slipspoor gemaakt.
- Afr INF-NN Die **kar** het 'n groot doughnut gemaak. (eie vertaling)
77. Ndl INF-NN Wat een **troep**.

4.9 *Aanwysende konstruksies*

'n Strategie wat slegs in die Nederlandse data gevind is, is die gebruik van subjekte wat 'n demonstratiewe bepaler (soos 'n aanwysende voornaamwoord) bevat. Met die eerste oogopslag is dit waarskynlik 'n redelik eienaardige manier om onverpersoonliking uit te druk, aangesien hierdie funksionele domein redelik onversoenbaar lyk met demonstratiewes se tipiese funksie om na spesifieke eerder as onbekende referente te wys. Dit is egter nie toevallig dat die gebruik in Nederlands van demonstratiewe beperk is tot afgeleide onpersoonlike kontekste nie. Wat hier aan die gang is, is dat sprekers hierdie tipe konstruksies aanwend om te wys op die persoon of persone waarvan hulle – op grond van die beskikbare bewyse – die nodige bestaan afgelei het. In die voorbeeld hieronder wys die *Die* byvoorbeeld na die onbekende groep mense wat die spreker veronderstel daar moes gewees het om die vuur aan te steek.

78. Ndl INF-PL **Die** hebben gisteravond een lekker vuurtje gestookt.

Dit lyk egter nie of hierdie 'n strategie is wat werklik tot Afrikaanse sprekers se beskikking is nie. Hoewel dit in beginsel sekerlik (grammatikaal) moontlik sou wees om die strategie te kan gebruik, het dit gemerkte konstruksies tot gevolg wat onnatuurlik of ongewoon kan klink vir Afrikaanse sprekers en daarom sou sprekers eerder 'n alternatiewe strategie kies. Daar is geen soortgelyke antwoord deur enige van die Afrikaanse respondente aangebied nie.

79. Afr INF-PL? Hierdie het gisteraand hier gekamp.

4.10 *Elliptiese konstruksies*

Nederlands kan ook gebruik maak van wat beskryf kan word as 'n "elliptiese" strategie. In die voorbeeld hieronder is slegs die verlede deelwoorde *gemaakt* en *geparkeer*d aanwesig en geen onderwerp of hulpwerkwoord is ingesluit nie.

Die resultaat is dat dit ellipties kan wees vir 'n verskeidenheid ander, dikwels effens meer eksplisiete strategieë – soos getalneutraal *soos iemand heeft een slipspoor gemaakt*, derdepersoonmeervoud *ze hebben een slipspoor gemaakt* of 'n onpersoonlike passief *er is een slipspoor gemaakt*.

80. Ndl INF-NN **Zo'n** slipspoor gemaakt en toch goed ingeparkeerd.

Hierdie strategie is ook nie juis 'n moontlike onverpersoonlikingstrategie vir Afrikaanse sprekers nie. Hoewel dit in beginsel sekerlik (grammatikaal) moontlik sou wees om te kan gebruik, is daar geen soortgelyke antwoord deur enige van die Afrikaanse respondente aangebied nie.

81. Afr INF-NN? So 'n doughnut gemaak en nog steeds mooi parkeer.

5. Samevatting

Die doel van hierdie artikel was tweeledig. Eerstens was dit naamlik om op eksemplariese wyse aan te toon dat 'n visuele vraelys as ondersoekmetode geskik is om 'n verskeidenheid van onverpersoonlikingstrategieë wat sprekers van verskillende tale kan gebruik om afgeleide onpersoonlike kontekste te beskryf, te identifiseer. Tweedens was dit ook om aan te toon dat dié vraelys geskik is om 'n taalvergelykende ondersoek uit te voer wat kan lei tot vergelykings tussen die onverpersoonlikingstrategieë wat Afrikaanse en Nederlandse sprekers gebruik om na afgeleide onpersoonlike kontekste te verwys.

Hoewel daar al vantevore oor die Afrikaanse resultate van die visuele vraelys verslag gelewer is (vergelyk Breed et al. 2021b), het hierdie taalvergelykende en gefokusde ondersoek tot 'n aantal belangrike observasies gelei:

Eerstens is dit vanuit die resultate duidelik dat daar ooreenstemmende of soortgelyke strategieë in Afrikaans en in Nederlands bestaan wat sprekers kan gebruik om aan te toon dat die konteks wat hul beskryf onpersoonlik en afgelei is. Veertien van die sestien geïdentifiseerde strategieë kan deur beide Afrikaanse en Nederlandse sprekers gebruik word.

Tweedens het die resultate ook gelei tot die identifisering van taalspesifieke strategieë. Twee van die strategieë wat Nederlandssprekende respondente gebruik het om die onpersoonlike afgeleide konteks te beskryf, is nie 'n strategie wat in Afrikaans gebruik kan word nie. Die taalvergelykende benadering het dus nie net gehelp om ooreenstemmende strategieë te identifiseer nie, maar ook om strategieë aan te toon wat slegs in een taal moontlik is en nie vertaalbaar is na ander tale nie. Dikwels weet of besef taalkundiges nie dat 'n bepaalde taalkonstruksie 'n

taalspesifieke konstruksie is, alvorens dit nie vergelyk word met moontlikhede in 'n ander, nabyverwante taal nie.

Laastens is dit opvallend dat – hoewel daar aansienlik minder Nederlandse respondente as Afrikaanse respondente was wat die vraelys beantwoord het, daar 'n baie groter verskeidenheid onverpersoonlikingsstrategieë deur Nederlandse respondente aangebied is as Afrikaanse respondente. Daar is dus duidelik 'n verskil in hoe die twee tale met onverpersoonliking omgaan. Een moontlike voorlopige afleiding sou kon wees dat Afrikaans op 'n meer gekonvensionaliseerde manier na onpersoonlike kontekste verwys (byvoorbeeld deur gebruik te maak van voornaamwoorde of passiefkonstruksies). Om hierdie afleiding egter verder te ondersoek, sou dit sinvol wees om ook na die ander onpersoonlike kontekste te kyk wat in die vraelys ingesluit is.

Die eksemplariese ondersoek het dus getoon dat die gebruik van 'n visuele vraelys geskik is om 'n taalvergelykende ondersoek te doen om verskillende onverpersoonlikingsstrategieë te identifiseer, en toekomstige navorsing kan ook ondersoek instel na die onverpersoonlikingsstrategieë wat sprekers van Afrikaans en Nederlands gebruik het om die ander onpersoonlike kontekste (dit is naamlik die vier universele onpersoonlike kontekste, en die sewe ander eksistensiële onpersoonlike kontekste) te beskryf.

*Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
en Lancaster Universiteit, Verenigde Koninkryk*

Bronnelys

- Arif, Marina Mohd en Hashim, Fatimah.** 2008. Reading from the wordless: A case study on the use of wordless picture books. *English Language Teaching*, 1(1): 121-126.
- Austin, J.** 1962. *How to do things with words*. Cambridge: Harvard University Press.
- Botha, Lande en Patridge, Maristi.** 2022. Korpuslinguistiek. In: Carstens, WAM en Van Dyk, T. (reds.). *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Breed, Adri en Van Olmen, Daniël.** 2021. The Passive as an Impersonalisation Strategy in Afrikaans and Dutch: A Corpus Investigation. *Dutch Crossing*, 45(2): 171-207.
- Breed, Adri, Van Olmen, Daniël en Chan, Jo-Ann.** 2021. Onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans Impersonalisation strategies in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4-1): 1079-1111.

- Coussé, Evie en van der Auwera, Johan.** 2012. Human impersonal pronouns in Swedish and Dutch: A contrastive study of man and men. *Languages in Contrast*, 12: 121-138.
- Diessel, Holger.** 2017. Usage-Based Linguistics. In Oxford Research Encyclopedia of Linguistics. <https://doi.org/10.1093/acrefore/9780199384655.013.363>. [Datum van gebruik: 15 Oktober 2019]
- Garcia, Brigitte, Sallandre, Marie-Anne, L'Huillier, Marie-Thérèse en Aksén, Hatice.** 2018. Impersonal human reference in French Sign Language (LSF). *Sign Language and Linguistics*, 21(2): 307-333.
- Gast, Volker en van der Auwera, Johan.** 2013. Towards a distributional typology of human impersonal pronouns, based on data from European languages. In: Bakker, D. en Haspelmath, M. (eds.). *Languages Across Boundaries: Studies in the Memory of Anna Siewierska*. Berlin: Mouton de Gruyter. 119-158.
- Gries, Stefan Th.** 2009. What is Corpus Linguistics? *Language and Linguistics Compass*, 3(5): 1225-1241.
- Groenen, Gonneke.** 2021. Hoe onpersoonlijk is persoonlijk?: Een contrastief corpusonderzoek van de Afrikaanse en Nederlandse persoonlijke voornaam-woorden jy/je en hulle/ze. Ongepubliceerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Hoekstra, J.** 2010. On the impersonal pronoun men in Modern West Frisian. *The Journal of Comparative Germanic Linguistics*, 13(1): 31-59.
- Horwat, Jarich.** 2018. Too subtle for words: Doing wordless narrative research. *Art/Research International: A Transdisciplinary Journal*, 3(2): 172-195.
- Kemmer, Suzanne en Barlow, Michael.** 2000. Introduction: a usage-based conception of language. In: Barlow, M. en Kemmer, S. (eds.). *Usage-based Models of Language*. Stanford: CSLI Publications. vii-xxviii.
- Kirsten, Johanita.** 2016. Grammatikale Verandering in Afrikaans van 1911-2010. Ongepubliceerde PhD-proefskrif. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit.
- Kitagawa, Chisato en Lehrer, Adrienne.** 1990. Impersonal uses of personal pronouns. *Journal of Pragmatics*, 14(5): 739-759.
- Langacker, Ron.** 2000. A dynamic usage-based model. In: Barlow, M. en Kemmer, S. (eds.). *Usage-based models of language*. Stanford, CA: Stanford University Press. 24-63
- Luukka, Minna-Riitta en Markkanen, Raija.** 1997. Impersonalisation as a form of hedging. In: Markkanen, R. en Schröder, H. (Eds.). *Hedging and Discourse: Approaches to the Analysis of a Pragmatic Phenomenon in Academic, Research in Text Theory*. Berlyn: De Gruyter. 168-187.
- Malchukov, Andrej L. en Siewierska, Anna.** 2015. *Impersonal Constructions: A cross-linguistic perspective*. Amsterdam: John Benjamins.

- Marin-Arrese, Juana, Martínez-Caro, Elena en Pérez de Ayala Becerril, Soledad.** 2001. A corpus study of impersonalisation strategies in newspaper discourse in English and Spanish. In: Rayson, P., Wilson, A., McEnery, T., Hardie, A. en Khoja, S. (eds). *Proceedings of the Corpus linguistics 2001 Conference, 29 March – 2 April 2001, Lancaster, UK*. University Centre for Computer Corpus Research on Language. Lancaster: UCREL, 13: 369-377.
- Ngula, Richmond Sadick.** 2017. *Corpus methods in language studies. Perspective on conducting and reporting research in the humanities*. Ghana: University of Cape Coast Press.
- Nodelman, Perry.** 1990. *Words about pictures*. University of Georgia Press.
- Siewierska, Anna en Papastathi, Maria.** 2011. Towards a typology of third person plural impersonals. *Linguistics*, 49(3): 62-80.
- Siewierska, Anna.** 2008. Ways of impersonalising: Pronominal vs verbal strategies. In: de los Ángeles Gómez, G., Maria, J., Mackenzie, L. en González Álvarez, E.M. (eds.). *Current Trends in Contrastive Linguistics: Functional and cognitive perspectives*. Amsterdam: John Benjamins. 3-26.
- Stefanowitsch, Anantol.** 2020. *Corpus Linguistics – A guide to the methodology*. Berlin: Language Science Press.
- Svartvik, Jan.** 1991 *Corpus linguistics comes of age. Nobel Symposium 82, 4-8 August*. Stockholm. Berlin: De Gruyter.
- Van Huyssteen, Gerhard B.** 2002. Teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 20: 303-323.
- Van Huyssteen, Gerhard B.** 2005. 'n Kognitiewe gebruiksegebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 23(2): 125-137.
- Van Olmen, Daniël en Breed, Adri.** 2018a. Human impersonal pronouns in Afrikaans: A double questionnaire-based study. *Language Sciences*, 69: 1-29.
- Van Olmen, Daniël en Breed, Adri.** 2018b. Human impersonal pronouns in West Germanic: A questionnaire-based comparative study of Afrikaans, Dutch and English. *Studies in Language*, 42: 798-846.
- Van Olmen, Daniël, Breed, Adri, en Verhoeven, Ben.** 2019. A corpus-based study of the human impersonal pronoun (*'n*) mens in Afrikaans. *Languages in Contrast*, 19(1): 79-105.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal.** 2020. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Note

1. Die vraelysontwerp sal in afdeling 3 meer omvattend bespreek word.
2. Hier moet erkenning gegee word aan die grafiese ontwerpers wat aan die projek deelgeneem het.
3. In Breed et al. (2021) word die interdisiplinêre en samewerkende ontwerpproses van die visuele vraelys op omvattenderwyse bespreek (en dit word ook kortliks – soos reeds genoem – in afdeling 3 van hierdie artikel beskryf). In Breed, Van Olmen en Chan (2021) word die volledige resultate van die Afrikaanse beskrywings van die visuele vraelys aangebied. Hoewel hierdie artikel ook na die strategieë van afgeleide onpersoonlike kontekste kyk, is dit nie 'n taalvergelykende studie nie, want slegs een taal word betrek.
4. Twaalf subkontekste kan onderskei word, naamlik vier universele kontekste, en agt eksistensiële kontekste. Hierdie kontekste word op grond van sewe kriteria van mekaar onderskei.
5. Hoewel ons natuurlik nie die moontlikheid kan uitsluit dat sommige respondente die illustrasies in Figuur 4 as getalneutraal kon interpreteer nie, veronderstel ons wel dat die scenario's wat uitgebeeld word hoofsaaklik as “sosiale gebeurtenisse” geïnterpreteer word, en daarom 'n meervoudige hoeveelheid persone sou betrek. Beide scenario's stel duidelik 'n publieke ruimte voor en daarom aanvaar ons dat meeste respondente ook sou redeneer dat daar meerdere persone by die gebeurtenis betrokke was.
6. Die vraelys is hoofsaaklik op Facebook versprei deur instansies wat met Neerlandistiek en/of met Afrikaans te make het te versoek om dit op hulle blaaie te deel. Sommige belangstellendes het dit ook dan verder op hul eie persoonlike Facebookblaaie gedeel. Die moontlikheid bestaan ook dat sommige persone die skakel na die vraelys op ander wyses (byvoorbeeld deur WhatsApp-boodsjappe) met ander gedeel het.
7. Aangesien die doel van hierdie ondersoek veral is om te bepaal watter verskillende onverpersoonlikingsstrategieë deur Afrikaanse en deur Nederlandse sprekers gebruik word om onpersoonlike kontekste te beskryf, en nié is om aan te toon wat die frekwensieverhoudinge tussen die twee tale of die verskillende strategieë is nie, is dit nie problematies dat daar so 'n groot verskil is in die hoeveelheid respondente wat per taal die vraelys beantwoord het nie. Hoewel daar dus nie dieselfde hoeveelheid data vir albei tale beskikbaar is nie, is ons van mening dat dit wel genoegsaam is om te kan aantoon dat daar 'n groot verskeidenheid van strategieë deur sprekers van Afrikaans en van Nederlands gebruik kan word om INF-kontekste te beskryf.
8. Respondente moes ouer as 18 wees om aan die vraelys deel te neem, en geen persoon wat die vraelys beantwoord het, het aangedui dat hulle ouer as 70 jaar was nie.
9. Daar is aangetoon dat slegs 83 persone die Nederlandse vraelys voltooi het, maar nietemin dui Tabel 2 aan dat daar 86 bruikbare antwoorde vir EXI-INF-PL en 113 bruikbare antwoorde vir EXI-INF-NN was. Hierdie frekwensieverskil is nie 'n aanduiding daarvan dat sommige respondente 'n visuele vraag meer as een keer beantwoord het nie, maar eerder 'n aanduiding daarvan dat sommige respondente meer as een onverpersoonlikingsstrategie binne sy/haar antwoord gebruik het. In ons analise het ons byvoorbeeld aangetoon dat 'n antwoord soos

Die auto heeft een gigantisch slipspoor gemaakt! twee moontlike strategieë aanwend, naamlik 'n aanwysende konstruksie (vergelyk 4.9) en agenskap wat aan 'n naamwoord toegeken word (vergelyk 4.8).

10. Die groot hoeveelheid onbruikbare antwoorde wat aangebied is, is te verwagte gewees gegewe die aard van die vraelys (wat baie oop is) en die aard van die semantiese domein wat ondersoek word (wat baie moeilik is om te visualiseer en uit te lok). Nietemin is (soos in die volgende dele aangedui sal word) die hoeveelheid bruikbare antwoorde wat ontvang is, genoegsaam om die gestelde vrac van hierdie ondersoek te beantwoord.
11. Aangesien daar reeds heelwat inligting in bestaande taalkundeliteratuur oor die vier bekende onverpersoonlikingstrategieë beskikbaar is, word hierdie strategieë nie verder in die artikel bespreek nie.
12. Die meeste van die onverpersoonlikingstrategieë wat hier gelys word, word reeds in Breed et al. (2021b) gelys en beskryf. Ter wille van volledigheid, sowel as 'n taalvergelykende benadering ten opsigte van die strategieë wat in die Nederlandse antwoorde gebruik is, word dit weer in hierdie artikel aangebied, en aangevul met die verdere strategieë wat in die Nederlandse INF-beskrywings geïdentifiseer is.
13. Hoewel die illustrasie 'n INF-NN-konteks illustreer het, is dit uit die antwoord duidelik dat die respondent aanvaar het dat meer as een persoon by die situasie betrokke was, en daarom dui ons dit hier aan as 'n INF-PL-konteks.

Nederlandse taalverwerwing binne die Suid-Afrikaanse tersiêre landskap: Die struktuur van 'n gemengdeleerkursus

Angelique van Niekerk

Dutch language acquisition in the South African tertiary context: A blended course structure

This article explores the implementation of the course Nederlands leren spreken (Zuid-Afrika). It is approached as a case study based on a literature review and a needs analysis done among South African lecturers responsible for teaching Dutch language acquisition. This course supports students in degree programs (usually part of Afrikaans modules) and occasional students (outside the language departments) in preparation for the international exam for Dutch, CNaVT.

In the course a blended learning approach focused on independent learning at an individual pace for a maximum of 14 weeks is followed. Considering the unique South African context, some contextual challenges and factors impact the implementation of the program. This includes capacity problems, difficulty in scheduling the program of occasional visiting Dutch lecturers during the course scheduling in the formal degree programs, prior passive knowledge of Afrikaans students when learning Dutch (due to language similarities) and “low tech” South African context that impacts on online learning possibilities.

1. Ter inleiding

Hierdie artikel ondersoek die implementering van die gemengdeleerkursus, *Nederlands leren spreken (Zuid-Afrika)*, gerig op studente met 'n voorkennis van Afrikaans. Die artikel benader dié kursus as 'n gevallestudie en 'n kort literatuurstudie word as agtergrond tot die ontwikkeling van die kursus ingesluit. Die vreemdetaalkursus is in 2021 aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) geloods en ook kortleerprogramstudente buite die kontakgrense van die UV het reeds die kursus suksesvol voltooi.

Insigte uit die literatuurstudie en die onderrigervaring van die projektelede het die konseptualisering en bywerking van die kursus, *Nederlands leren spreken*, voorafgegaan. Die drie belangrikste vertrekpunte was: eerstens die verrekening dat Nederlands as vreemde taal in Suid-Afrika aangeleer en onderrig word in 'n konteks buite 'n omgewing waar die taal algemeen gepraat word. Die tweede sentrale vertrekpunt was dat daar rekening gehou moet word met die aard en omvang van die tegnologiese ondersteuning (wat toerusting en data insluit) tot studente se beskikking in die Suid-Afrikaanse konteks. Derdens is die unieke voorkennis

waaroor Afrikaanssprekendes (huistaal of addisionele taal) beskik wanneer hulle Nederlands aanleer, sentraal tot die onderrigkeuses en steierwerk wat ingesluit is.

Moeller en Catalano (2015: 327) se definisie van vreemdetaalonderrig geld hier: “Foreign language learning and teaching refer to the teaching or learning of a nonnative language outside of the environment where it is commonly spoken.”

In die lig van die definisie en die doelwit van die kursus, naamlik die voorbereiding van studente (met ’n bewese vaardigheid in Afrikaans) op die CNaVT (Certificaat Nederlands als vreemdetaal), is die literatuurstudie geloods. Die literatuurstudie moes naas die kursusdoelwit die Suid-Afrikaanse kontekstuele faktore aansny alvorens daar aan kursusontwerp aandag gegee kon word.

Die kontekstuele faktore sluit die verwantskap van Afrikaans met Nederlands, die sosio-ekonomiese diversiteit van die studentekorps in Suid-Afrika en die konkrete uitdagings met betrekking tot beperkte tegnologie in ’n sogenaamde “low tech” omgewing in.

Dis om dié rede dat daar in die Nederlandse kursus, *Nederlands leren spreken*, binne fisieke klaskontak en/of aanlyn kontak verskillende “low tech”-gemengdeleeraktiwiteite geïntegreer word om studente soveel moontlike blootstelling aan die outentieke gebruik van die doeltaal te gee.

Op basis van die uitdagings in die konteks van die UV (’n konteks soortgelyk aan ander Suid-Afrikaanse instellings ook) wat Nederlandse taalverwerwing betref, is daar in 2018 al begin met die bou van komponente vir ’n gemengdeleerkursus vir Nederlands. Projekfinansiering via die Nederlandse Taalunie in 2019 en die inspraak van vennote, Nerina Bosman (van die Universiteit van Pretoria) en Lieve de Wachter (van die Katolieke Universiteit Leuven) het daartoe gelei dat daar met die hulp van tegnologiekenners materiaal ontwikkel kon word wat geskik is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Dit is reeds volledig getoets met die studente van die UV in 2021 en 2022 en ook met 10 kortleerprogramstudente (ook buite die grense van die UV en Bloemfontein). Covid-19 het in 2020 die aanvanklike behoefte in terme van ’n gemengdeleermodel in die hoogste rat geplaas om ook as die UV se 8-kredietmodule vir Nederlands volledig aanlyn te kon funksioneer.

Die beoordeling en eerste bywerk van die kursus in 2021 en 2022 omsluit verskillende aspekte wat buite die bestek van die artikel val. Dit sluit in die kritiese evaluering deur Margo Liebens van die Taalunie in 2021, my eie ondervinding as dosent (en projekteier) vir veral die kortleerprogramstudente (aanlyn studente buite die UV-grense die afgelope twee jaar), die standaard UV-studenteterugvoer in 2022, die suksesvolle deelname van studente in Bloemfontein aan die CNaVT-eksamen na afloop van die kursus en die aard en sukses van die deelname van UV-studente aan die jaarlikse nasionale Nederlandse winterskool op basis van hulle voltooiing van die 8-kredietmodule “Nederlandse taalverwerwing”.

Die behoefte en stand van Nederlandsonderrig in Suid-Afrika en Namibië is kontinu ter sprake by jaarlikse ledevergaderings van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN). Die behoeftes en stand van sake het na aanleiding van die vraelys van die SAVN in 2022 onder andere die onderstaande resultate gelewer. Die name van instellings is nie hier ter sake nie en die terugvoering van die verskillende instansies word slegs aangedui as A, B, ensovoorts. Die name is egter beskikbaar via die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek.

Indien jy 'n dosent is, word Neerlandistiek by jou instansie as 'n module of as 'n komponent van 'n module aangebied? Indien wel, word dit op beide voor- en nagraadse vlak aangebied? Indien nie, dink jy daar is steeds by julle 'n potensiele geleentheid om studente blootstelling aan Neerlandistiek te gee (byvoorbeeld deelname aan die SAVN se winterskool vir studente of die Taalunie se Zomercursus in Gent, of selfs 'n geleentheid om die Taalunie se CNaVT-eksamen te voltooi)?

A) Dit word aangebied as 'n keusemodule, en is in die tweede jaar verplig. Blootstelling op ander wyses, soos hierbo genoem, gebeur ook.

Ja, winterskool en die Taalunie se CNaVT-eksamen.

B) Die onderrig van Nederlands by [...] sien op die oomblik soos volg daaruit:

1. Keusekomponent Nederlandse taalverwerwing op eerstejaarsvlak.
2. Een verpligte modulekomponent plus een keusekomponent Nederlandse literatuur op tweedejaarsvlak.
3. Een keusekomponent Nederlandse literatuur op derdejaarsvlak.
4. Een honneursmodule Nederlandse literatuur (keuse) op honneursvlak. Verdere MA-studie in Nederlandse letterkunde is 'n opsie wat gereeld deur studente uitgeoefen word. Verder is daar studie vir MA-studente moontlik in samewerking met die Universiteit Leiden.
5. Doktorale studie in Nederlandse letterkunde met of sonder samewerking met die Rijksuniversiteit Groningen.

Studente in die Departement neem gereeld deel aan die SAVN-winterskool, die somerkursus van die Taalunie in Gent. 'n Gemis op die oomblik is die moontlikheid vir studente om die Taalunie se CNaVT-eksamen plaaslik af te lê. Tot en met 2020 was dit nog moontlik, maar daar is tans geen befondsing om 'n dosent daarvoor aan te stel nie.

Die Departement het die afgelope drie jaar uitvoerig navorsing gedoen oor die moontlikheid om Nederlands as volwaardige vak by [...] in te stel. Alhoewel daar gesonde belangstelling vir so 'n vak is, is daar huiwering binne die fakulteit omdat dit bestaande taalvakke (ook Afrikaans) nadelig mag raak wat studentegetalle betref. Daar word nietemin verdere ondersoek gedoen om die Nederlandse aanbod in die Departement uit te brei.

C) Daar is slegs 'n klein Neerlandistiek-komponent in die eerste jaar, en dan kry die studente eers weer blootstelling in hul derde en honneursjaar (sou hul besluit om voort te gaan met hul studie in Afrikaans en Nederlands) onderskeidelik. Een van die probleme wat ons egter opmerk, is dat die studente, wanneer hulle derdejaarsvlak bereik en Nederlandse kortverhale moet lees en analiseer, nog nie die Nederlandse grammatika onder die knie het nie, of dit teen dié tyd al verloor het. Daar is dus, veral beslis in ons vakgroep, 'n behoefte aan 'n meer diepgaande taalaanleer van Nederlands. Die skryf van 'n CNaVT-eksamen of bywoning van die Jongerenprojek of TZN sal wonderlik wees, nie net om die studente met hul taalvaardighede te help nie, maar ook om hul belangstelling in die Neerlandistiek aan te wakker en hulle weer eens te motiveer om voort te gaan met nagraadse studie.

Nederlands is ingebed binne Afrikaanse letterkunde op voorgraadse vlak, maar dit is 'n toegewyde en verpligte module op honneursvlak. Die verpligte module bestaan uit 'n taalaanleer- en 'n letterkundekomponent. Ons studente neem aan die verskillende studentegeleenthede deel.

Ja

D) Voorgraadse losstaande semestermodule (nie deel van die Afrikaansmodules nie).

Ja

Voorgraads TAAL: MODULE met 22 studente in 2022. Beslis CNaVT jaarliks ongeveer 8 studente per jaar (ook in die verlede), beslis winterskool indien dit nie in lesingtyd val nie (nie vir die departement 'n krisis nie, maar studente het ander modules en sit in ander programme waar hul nie altyd kan/mag wegbly vir 'n week in hul derdejaar/hoofvak nie). Die winterskool volg altyd na ons studente reeds A2 geskryf het, en na afloop van die winterskool kan hul B1/ B2 skryf wat vereis word vir die Zomercursus.

Nederlandse letterkunde is ongeveer 50% van ons Letterkunde-aanbod voorgraads en 'n derde van die letterkunde-aanbod nagraads.

E) Nederlandse letterkunde word as onderdeel van die oorkoepelende kurrikulum op voorgraadse, sowel as nagraadse vlak aangebied. Op nagraadse vlak word dit wel as losstaande module (honneurs) aangebied. Ek voel wel baie sterk daaroor dat 'n groter fokus op veral Nederlandse taalverwerwing vanaf eerstejaar geplaas moet word. Ons aanvaar as Suid-Afrikancers te veel "natuurlike kennis" van ons studente en niemand leer dan ooit ordentlik Nederlands praat nie.

As module op tweedejaars-, derdejaars-, honneursvlak (nagraads).

Alhoewel die [...] 'n elektiewe module in die tweede jaar het wat uitsluitlik op Nederlands fokus, bevat ons ander voorgraadse modules slegs 'n klein Neerlandistiek-komponent. Ek het al gevind dat dit by sommige studente 'n behoefte is om groter blootstelling aan Nederlands te kry, veral meer in die vorm van 'n Nederlandse taalaanleerderskursus. Ons bied tans die geleentheid aan ons studente om die winterskool en/of Zomercursus by te woon en die CNaVT-eksamen te voltooi, en die studente is grotendeels baie opgewonde en entoesiasies oor hierdie geleentheid.

Neerlandistiek word op voorgraadse sowel as honneursvlak as 'n module aangebied.

F) Daar is 'n module Nederlandse taalvaardigheid en Neerlandistiek is ook 'n komponent van die studie Afrikaans-Nederlands

As 'n module: Ten minste 25% van alle kursusinhoud op voorgraadse vlak is verpligte Nederlands. Zomerskool: Ons studente is nie op B1/2-niveau wat taalbeheersing betref nie. Dit maak bywoning van 'n Zomercursus problematies. CNaVT: Die studente stel nie belang nie. Hulle kan nie sien watter doel dit dien nie en dit is ook vir my onduidelik. Winterskool: Ons stuur graag studente, mits daar 'n duidelik verstandhouding is dat hulle nie noodwendig op B2-vlak is nie.

Ons studente stel beslis belang in die Neerlandistiek. Daar is vanaf die tweede jaar voorgraadse modules in Nederlands as komponent van Afrikaans en Nederlands. Een honneurs-module in Nederlands word aangebied as deel van 'n BA Hons (Afrikaans en Nederlands). 'n Aantal MA- en PhD-studente volg komparatiewe studies oor Afrikaans en Nederlands. Studente woon graag werksinkels, winter- en somerskole in Nederlands by. 'n Aantal het by 'n privaat persoon ekstra taalverwerwing-modules in Nederlands gevolg.

Daar is 'n aanleerdersmodule as verpligte tweedejaarsmodule in Afrikaans voorgraads. Letterkunde word voorgraads saam met Afrikaanse letterkunde aangebied in 'n poësie-module en 'n prosa-module. Daar is tans nie gedoseerde nagraadse kursusse nie.

Ek dink definitief ons studente kan daarby baat om winterkursusse by te woon hoewel ek agtergekom het dat hulle nie hier bewus was daarvan as 'n moontlikheid nie, moontlik nog die nadraai van Covid-19, daar is wel finansiële beperkings wat die meeste van ons studente beleef, so dit sal dalk nie vir hulle moontlik wees om die vliegtuigkaartjies te betaal nie. Ek het my wel voorgeneem om volgende jaar die studente hiervan in te lig, daar is 'n paar eerstejaars wat potensiaal toon.

2. Probleemstelling

Die terugvoer ontvang op die SAVN-behoeftevraelys (wat ek en my kollegas aan die Universiteit van die Vrystaat ook beantwoord het) aan dosente in 2022; asook die ondersoeker se eie kontak en ook e-posopvolg met dosente aan agt Suid-Afrikaanse universiteite en in Namibië na aanleiding van die vraelys, het gedien as herbevestiging van die terugvoer tydens die paneelgesprekke op die konferensieprogram tydens die Internasionale Neerlandistiekkonferensie te Leuven in Augustus 2018 en te Nijmegen in Augustus 2022. Ook die terugvoer van SAVN-lede by die genoemde konferensie in Nijmegen ná die aanbieding van 'n referaat saam met prof. Nerina Bosman en Lieve De Wachter was noodsaaklik vir die beskrywing van die konteks om die volgende kontekstuele uitdagings vir die Nederlandse taalverwerwing in Suid-Afrika te lys.


Die probleemstelling hang direk saam met die relevansie van hierdie bydrae. Afrikaanstaliges leer Nederlands vinniger aan weens die taalooreenkoms en spesifiek die woordeskatoooreenkoms, veral wanneer die student bewus is van die patroonmatige spellingverskille tussen Afrikaans en Nederlands. Hulle het

dus unieke behoeftes as dit kom by 'n Nederlandse taalverwerwing. Dié kursus is 'n vorm van gestandaardiseerde toegang tot die CNaVT vir mense met 'n voorkennis van Afrikaans. Nederlands bly 'n beskikbare venster op Europa vir Suid-Afrikaners en dit sluit Suid-Afrikaanse studente in wat daar wil gaan studeer of werk. Bewese voltooiing van die CNaVT op B1- of B2-vlak, ensovoorts, word in vele kontekste in die Lae Lande gevra, ook wanneer Suid-Afrikaanse studente, soos studente elders in die wêreld, wil aanmeld vir die jaarlikse Zomercursus. Met 'n uniforme standaard wat selfwerkzaamheid aanmoedig kan studente dus na afloop van die gemengdeleerkursus met groot gemak aanmeld vir die CNaVT-eksamen (soos wat die afgelope paar jaar reeds die geval is).

3. Kursusontwerp teen die agtergrond van konteksspesifieke uitdagings

Bewese teoretiese beginsels wat geld vir vreemdetaalonderrig en gemengdeleer het neerslag gevind in die kursusontwerp van *Nederlands leren sprek*. Daar word enkele skermgrepe uit die kursus ingesluit om dit te illustreer.

Die kursus se aanmeldingsblad om te registreer vir toelating kan by die volgende skakel gevind word: <https://www.gesellig-afrikaans.org/course/view.php?id=22>. Die tuisblad bevat onder andere die roetekaart wat 'n kursusoorstig bied en ondersteuningsmateriaal as lusmaker, maar toegang tot die kursus geskied ná registrasie.



Die kursuskomponente (inhoud, struktuur, modus, assessering) in die kursus *Nederlands leren spreken*, word daarna oorsigtelik gelys en in verband gebring met die Suid-Afrikaanse konteks en die gerigtheid van die bepaalde komponent op die vier taalkompetensies ook ter sake vir die CNaVT, naamlik lees, luister, skryf en praat.

3.1 *Dosentekorps in Suid-Afrika en Namibië*

Suid-Afrikaanse dosente is meestal nie huistaalsprekers of tweedetaalsprekers van Nederlands nie en vaardighede wissel van selfverworwe aanleer tydens hul studiejare in Suid-Afrika of in die Lae Lande, die lees en bestudering van Nederlandse letterkunde of taalnavorsing asook kortkursusse in Nederland en België gerig op dosentenaskoling. Die student/dosent-ratio aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite plaas druk op die hoeveelheid kursusse en modules wat aangebied kan word omdat dosente-kapasiteit om ekonomiese redes beperk is aan die meeste Afrikaanse taaldepartemente. Die taalkompetensievlakke van entoesiastiese Afrikaanse dosente wat Nederlands kan/wil onderrig kan die kwaliteit van Nederlandse taalverwerwing problematiseer.

3.2 *Besoek en hulp uit die Lae Lande*

Nederlandstalige dosente en internasionale studente se besoeke aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite val selde saam met die skedulering van taalmodules by die verskillende universiteite in Suid-Afrika en Namibië. Ad hoc-besoekers uit die Lae Lande vind dit moeilik om in 'n kort tydsbestek van byvoorbeeld 'n winterskool of somerkursus 'n geskikte vlak van voorkennis as vertrekpunt te neem vir die verhoging van Nederlandse taalkompetensie by Suid-Afrikaanse studente.

3.3 *Kursusinhoud in Suid-Afrika en Namibië varieer grootliks wat die Nederlandse taalaanbod betref*

Die blootstelling aan Nederlandse taalverwerwing aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite en in Namibië is grootliks uiteenlopend van aard. Dit varieer van geen kontak tot kontak met huistaalsprekers en 'n formele module. Tog is die geleentheid vir studie en naskoling in of via Nederlands potensieel beskikbaar vir alle studente in Afrikaans- (en Nederlandse) departemente in Suid-Afrika en Namibië. Vir aanmelding vir die geleentheid word 'n minimum vlak van Nederlandse kompetensie vereis waarby sommige studente dan uitgesluit

word as die bepaalde aanbod nie aan hulle tuis-universiteit formeel as deel van die module in die departement beskikbaar is nie. Suid-Afrikaanse studente moet boonop met studente van regoor die wêreld meeding om toegang tot Nederlandse naskolingsgeleenthede en somerkursusse waarin 'n minimum kompetensie in Nederlands vereis word.

Taalkompetensie in 'n doeltaalkonteks is nie moontlik in die Suid-Afrikaanse omgewing aan universiteite nie en blootstelling wat leer moontlik maak aan die kant van die student sonder impak op die dosent is ter sake.

Studente se belangstelling in Nederland en België se kulturele elemente en landeskunde is divers en dit is belangrik vir motivering en sukses.

3.4 *Afrikaans as voorkennis*

Die voorkennis van Afrikaanssprekendes wat begrip van Nederlands betref, is uniek in die groter “extramurale”-konteks van tersiêre instansies wat Nederlands onderrig. Daar is gevolglik 'n behoefte aan 'n spesifieke kursus wat die voorkennis (byvoorbeeld woordeskat) en taaluitdagings (byvoorbeeld werkwoordvervoeging) van Afrikaanstaliges in ag neem.

Nederlandse taalonderrig in 'n Suid-Afrikaanse (en Namibiese) konteks word grootliks moontlik gemaak by wyse van insluiting in modules by die Departement van Afrikaans of die Departement van Afrikaans en Nederlands aan Suid-Afrikaanse universiteite.

3.5 *Toegang tot tegnologie – wat kan en wat nie?*

Die Suid-Afrikaanse (en Namibiese) konteks is wat toegang tot tegnologie betref soms veel anders as in eerstewêreldlande. In Suid-Afrika bestaan die tegnologie, maar weens faktore soos beurtkrag en datakoste het studente nie noodwendig deurlopend toegang tot alle onderrigmateriaal en assesseringsgeleenthede nie. Studente se toegang tot tegnologie soos selfone en rekenaars wissel ook van heel basiese toerusting tot gesofistikeerde tegnologie. Die tegnologiese aard van die kursus moet studente dus nie uitsluit nie, maar hulle wel ondersteun. Minder tydsgebonde (aanlyn) onderrigmateriaal kan die kwaliteit van onderrig in die Suid-Afrikaanse konteks verhoog.

Die vier vaardigheidsvlakke – lees, praat, skryf en luister – is 'n integrale deel van taalkompetensie en maak deel uit van die internasionale eksamen vir Nederlands (CNaVT). Al vier vaardighede moet dus binne beperkte kapasiteit, ook wat onderrig betref, in Suid-Afrika en Namibië aandag kry.

4. Teoretiese vertrekpunte en toepassing

In die volgende afdeling sal die teoretiese beginsels in die literatuurstudie, soos wat dit spesifiek geld in die kursusontwerp, uiteengesit word en toegelig word uit die kursus, Nederlands leren spreken. Dit sluit nie uit dat ander gerekende navorsers op die gebied van taalverwerwing soos Stephen Krashen (1982) se fokus op begrypbare inset (“comprehensible input”) en Elbie Adendorff (2012) se fokus op taakgebaseerde onderrig, die gebruik van sosiale media, ensovoorts nie implisiet verreken is nie. Weens ruimtebeperkinge is die drie vertrekpunte, soos uiteengesit in die inleiding van die artikel, die rede vir die insluiting van spesifieke ondersoekers. Die insigte word deurentyd direk geskakel met die kursusontwerp.

Alle opskrifte/opdragte in die leerplatform word in **Nederlands**, **AFRIKAANS** en **Engels** (doelbewus onderskei deur vetdruk, hoofletters en kursief) aangebied en die kursusoorisig (die handleiding wat die skedule binne en buite kontaktyd – tipies van gemengde leer – aandui) is in drie aparte dokumente in die drie tale beskikbaar. Die grammatika-oorsig word ook in drie tale beskikbaar gestel, naamlik Nederlands, Afrikaans en Engels. Dieselfde grammatika-oorsig was die uitgangspunt vir die skep van Nederlandstalige videomateriaal om dieselfde grammatika-inhoud soos in die (drietellige gids) in ’n ander formaat aan studente beskikbaar te stel.

Daar word in die kursushandleiding en op die leerplatform van dieselfde ikone as op die platform gebruik gemaak om navigasie te vereenvoudig.

The screenshot shows a web browser window with the URL <https://www.gesellig-afrikaans.org/mod/book/view.php?id=1326&chapterid=64>. The page title is "Gesellig Afrikaans / Nederlands leren spreken". The main content is a list of 16 items, each with an icon and a link to the content. The items are:

- MUSIEK / Music / Muziek
- FILMS / Films / Filmen
- KLANK / Sounds / Klanken
- DIALOOGTEMPLATE / Dialogue Templates / Dialoogmodellen
- BLOKKIESRAAISELS / Crossword Puzzles / Kruiswoordpuzzel
- GRAPPES / JOKES / Grappes
- LANDESKUNDE / COUNTRIES / Landen
- LEGKAARTE / PUZZLES / PUZZELS
- WOORDSOEK / SEARCHING FOR WORDS / WOORDSOEKER
- PRET MET ANNA / FUN WITH ANNA / PLEZIER MET ANNA
- ACAPELABOX
- TOEPASSINGS / APPLICATIONS / APPS
- OEFEVERTALINGS / TRANSLATION EXERCISES / OEFENVERTALINGS
- KONTAKTMOETING / CONTACT SESSIONS / CONTACTONTMOETINGEN
- GRAMMATIKAVERDUIDELIJKING AFGESTEMD OP DIE GRAMMATIKAGIDS (BOEKRAK) / GRAMMAR EXPLANATION LINKED TO THE GRAMMAR STUDY GUIDE / GRAMMATIKA-UITLEG AFGESTEMD OP DE GRAMMATIKAGIDS
- RADIO TOEP / RADIO APP / RADIO APPLICATIE
- TOEPASSINGS / Applications / Apps
- OEFEVERTALINGS / Translation exercises / Oefenvertalings
- KONTAKTMOETINGEN / Contact sessions / Contactontmoetingen
- GRAMMATIKAVERDUIDELIJKING AFGESTEMD OP DIE GRAMMATIKAGIDS (BOEKRAK) / Grammar explanation linked to the grammar study guide / Grammatika-uitleg afgestemd op de grammaticagids
- RADIO TOEPASSING / Radio Application / Radio Applicatie

The browser's address bar shows the URL and the page title. The browser's tabs show several open pages, including "ONDERSTEUNINGSMATERIAAL" and "BOEKRAK / BOOKSHELF / BOEK".

Die uitgangspunt by die grammatika-inhoud is kontrastief van aard juis omdat die Nederlandse module deel is van of 'n module in Afrikaans of deel is van die aanbod in Afrikaansdepartemente in Suid-Afrika en Namibië. Nederlandse taalonderrig (ook as geleentheidstudie in kortleerprogramme in die Suid-Afrikaanse en Namibiese konteks) moet eiesoortig aangepak word vir mense wat Afrikaans magtig is. 'n Kontrastiewe benadering bou dus op voorkennis wat 'n bepaalde motiveringsimpak het.

Moeller en Catalano (2015: 328) gee 'n omvattende oorsig van verskillende teorieë van taalverwerwing in opbou tot enkele belangrike beginsels vir vreemdetaalonderrig, naamlik: leerdergerigheid, onderrig en meting (assessering) wat betekenisvolle kommunikatiewe take insluit asook meerdere geleentheid vir oefening en selfevaluering teen 'n individuele tempo.

Die kursusoorisig (handleiding in drie tale) dui pertinent in elk van die 14 afdelings aan watter take vir selfstudie is en watter take nagesien word. Studente is wel verplig om alle selfstudietake te voltooi alvorens die volgende afdeling van die kursus enigins beskikbaar word. Ná die inhandiging van die opdragte vanaf afdeling 3, kry studente dadelik ook 'n memorandum en punte vir hul poging in die woordeskattoetse en hul antwoorde op die vrae oor begrip, woordeskat en grammatika in agt van die tien tekste oor verskillende dorpe en stede (kleiner toetse in omvang en tydsduur) en 'n riglynmemorandum op die drie selfstudievertalings uit Nederlands (kulturele tekste gerig op landeskunde). Dieselfde model van vrae word in twee van die tien toetsies (twee van tien dorpe en stede) gebruik wat wel nagesien word en waarmee punte verwerf kan word wat betref woordeskat, begrip en grammatika.

The screenshot shows a PDF document titled "GRAMMATICATEST" with the following content:

Let daarop dat die vrae in Engels in skynsdrak onderaan of langsna die Afrikaanse vrae verskyn.
 Note that the questions in English appear in *italics* below or next to the Afrikaans question.

Kies *Uit* net een antwoord by elke vraag.
 Choose *only one answer* for every question.

- Die woord *schilfer* in paragraaf 1 is 'n voorbeeld van konsonantwepelling in Afrikaans.
 The word *schilfer* in paragraph 1 is an example of consonant deletion in Afrikaans:
 A Waar / True
 B Val / False
- Die woord *over* in paragraaf 5 is 'n voorbeeld van konsonantwepelling in Afrikaans.
 The word *over* in paragraph 5 is an example of consonant deletion in Afrikaans:
 A Waar / True
 B Val / False
- See die korrekte voornaamwoord vir die woord in hakies:
 Provide the correct pronoun for the word in brackets.
 In het centrum, binne de grachtengordels, vindt (n mens, in Nederlands /a person, in Dutch) vrijwel alles op loopafstand. (paragraaf / paragraph 5) _____
- See die regte vorm van die werkwoorde in hakies:
 Provide the correct form of the verbs in brackets.
- Van de Oostzee (komen) ook graan. (paragraaf / paragraph 3) (Imperfektum) _____
- Het (zijn) ook een echt voetgangersterritorium. (paragraaf / paragraph 4) (Present) _____
- Daar (gaan) de volgende pagina's over. (paragraaf / paragraph 5) (Present) _____
- Die woord die in die eerste paragraaf is 'n voorbeeld van:

Alvorens besluite oor aspekte soos gemengde leer, tegnologie-opsies, ensovoorts gemaak word, is dit nodig om heel eerste stil te staan by die basiese vraag: Hoe leer mense? 'n Gevallestudie wat in 2009 in die Verenigde State van Amerika deur Dole en Bloom oor studente in modules vir spesiale onderwyspraktyk uitgevoer is, verskaf 'n paar praktiese riglyne. 'n Ideale onderrigomgewing fokus aldus hulle ondersoek op die volgende vier aspekte: leerdergerigtheid, kennisgerigtheid, assesseringsgerigtheid en leergemeenskapfokus. Hulle verwys hierna as die HPL-raamwerk (“How People Learn”). Alhoewel die algemene beginsels geldig is vir verskillende kontekste, gee hulle toe dat die konteks en verhouding tussen dosent en student in elke klaskamer eiesoortig is. Die konteks van Nederlandse taalverwerwing in Suid-Afrika verskil myns insiens van ander lande omdat Afrikaanssprekendes voorkennis het van Nederlands en die onderrigkonteks vir vele studente in 'n “low-tech”-omgewing plaasvind.

Effektiewe leer aldus die HPL-raamwerk fokus op die volgende beginsels wat elk deurgetrek word in die aard van die kursusontwerp *Nederlands leren spreken*.


Leerdergerigtheid is die eerste vereiste binne die HPL-raamwerk. Dit vereis onder andere die verrekening van wat leerders reeds weet en waar daar spesifieke uitdagings is. Aspekte soos die voorkennis van Afrikaanssprekendes wat woordeskat betref weens die taalverwantskap tussen Nederlands en Afrikaans, en die waarde van 'n kontrastiewe aanpak wat grammatika betref omdat die patroonmatige verskille in spelling tussen Afrikaans en Nederlands bemagtigende kennis is om Nederlands vir Afrikaanssprekendes te ontsluit, is byvoorbeeld hier ter sake.

Die insluiting van legkaarte (landeskunde) om iets van die eiesoortige (visueel van aard) leefwêreld in Nederland en België te aktiveer en die skep van aanlyn woordeskattoetse gebaseer op die unieke woordeskatvoorkennis en onkunde van Afrikaanssprekendes (valse vriende met Nederlands, verskillende tipes verledetydsvorme), is hiervan tipiese voorbeelde.

1. Nederlandse woordeskat met Engelse invloed 1 (a-h).vraag.pdf 1 / 1

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| u | r | i | o | b | y | p | a | s | s | d | o | p | e | r | a | t | i | e | a |
| j | g | j | m | x | e | v | e | n | e | m | e | n | t | u | l | k | s | q | j |
| b | e | f | d | d | k | e | s | c | o | r | t | s | e | r | v | i | c | e | b |
| u | v | m | n | d | v | f | n | y | b | i | o | s | c | o | o | p | v | w | n |
| c | h | a | r | t | e | r | v | l | u | c | h | t | n | g | l | t | b | p | b |
| f | a | c | e | l | i | f | t | d | e | l | e | t | e | n | b | e | r | f | y |
| w | l | o | a | c | c | o | r | d | i | o | n | j | v | f | b | u | e | w | e |
| n | w | m | g | b | c | k | c | g | a | r | d | e | r | o | b | e | y | e | |
| v | b | u | d | v | z | b | a | f | q | s | r | k | t | g | i | r | a | f | u |
| k | b | a | r | r | i | è | r | e | i | n | c | a | m | p | a | g | n | e | r |
| d | p | x | g | v | o | v | o | e | l | w | r | h | a | t | t | r | i | c | k |
| s | e | q | n | j | q | t | y | x | l | t | u | j | j | u | a | d | i | i | |
| h | u | i | d | t | r | a | n | s | p | l | a | n | t | a | t | i | e | r | x |
| s | f | r | a | u | d | e | z | a | a | k | m | j | v | b | u | z | s | b | h |
| r | z | f | j | b | g | f | l | y | n | s | f | o | k | t | b | u | z | o | a |
| j | e | l | a | s | t | i | e | k | j | e | c | o | r | n | s | o | i | k | r |
| e | b | b | o | d | y | e | b | u | i | l | d | e | r | h | c | r | s | q | t |
| q | v | a | u | a | b | s | e | n | t | i | e | l | y | s | r | z | e | e | s |
| w | z | o | g | w | e | v | e | l | j | v | k | g | l | f | p | f | p | u | |

absentielys elastiekje
 accordion escortservice
 arts evenement
 barrière facelift



Alles kan met zoekenjins soos Google gesoek word en studente word ook op die kursus se WhatsApp-groep gevra om inligting met mekaar te deel. Hier word

verwys na inligting omtrent woordeskat, interessante wetenswaardighede/plekke in Nederland en België (waaroor die tien afdelings se dorpe en stede handel) en interessante gratis toepassings (uitspraakhulp, video-programme, ensovoorts). Hulle mag slegs in Nederlands met mekaar op die kursus se WhatsApp-groep gesels. Die dosent/fasiliteerder speel hierin ’n sentrale motiveringsrol – om iets ter sake vir die volgende afdeling op die groep te deel sodat studente voorbereid kan wees vir die daaropvolgende kontaksessie. Hierdie sessie kan fisieke kontak aan ’n universiteit en/of aanlyn kontaksessies vir die kortleerprogramstudente behels. Studente het altyd hul selfone byderhand en daarom word die WhatsApp-groep ’n manier om formele kursusinhoud met studente se dag-tot-dag leefwêreld te integreer.

Studente kan mekaar help, Google Translate gebruik ensovoorts, maar hulle word nietemin “gedwing” om in Nederlands op die WhatsApp-platform te kommunikeer. Individuele vrae word nie beantwoord nie, maar as dit gebeur word dit op die groep gepos en daar beantwoord. Studente stuur met die eerste kontaksessie hul naam of Nederlandse skuilnaam vir die duur van die module vanaf WhatsApp na die dosent om so ’n groep te skep. ’n Skuilnaam moedig studentekommunikasie aan omdat individuele blootstelling beperk is.

Nuwe kennis is die tweede vereiste binne die HPL-raamwerk. Dit behels dat dosente die unieke behoeftes en verskille van studente in dieselfde klaskamer weens ras, geslag, sosio-ekonomiese agtergrond, ensovoorts, in ag moet neem. Die verskaffing van dieselfde grammatikale inhoud en in drie verskillende modusse om aan te pas by individuele voorkeur in die kursus, sluit onder andere in dat die grammatikagids (handboek) in drie tale beskikbaar is. Verder is daar video-uitleg van die grammatika deur moedertaalsprekers van presies dieselfde inhoud as dit wat in die papiergids ingesluit is. Laastens is toegepaste grammatika-oefeninge met memorandum ingesluit wat studente as selfstudie-oefeninge kan gebruik om presies dieselfde grammatika-inhoud op ’n induktiewe manier te leer. Elkeen van die vrae in die oefeninge (in afdeling 4–13) se antwoorde kan afgelei word deur na die gids of video oor die grammatika-inhoud te kyk. Dit is ook die instruksie by elke grammatika-oefening om die grammatikabeginsel te kontroleer met die ingeslote memorandum. Die videomateriaal is honderd persent afgestem op die papiergids (boekrak) waarin die grammatika verduidelik word. Die videomateriaal is deur twee verskillende huistaalsprekers (volwasse vrou, jong man) opgeneem om ook uitspraakvariasie te verseker (variasie in blootstelling ter wille van die studente).



Die derde vereiste binne die HPL-raamwerk, na **kennisgerigtheid** impliseer dat dosente vooraf bestek sal opneem van presies wat onderrig word met watter uitkoms voor oë. In geval van *Nederlands leren spreken* is alle materiaal en oefeninge en finale assesserings gerig op die verwerwing van die vier kommunikatiewe vaardighede in Nederlands as vreemde taal sodat studente in staat sal wees om die internasionale CNaVT op A2/ B1 te slaag.

Assesseringsgerigtheid binne die HPL-raamwerk behels dat studente dadelik terugvoer kry en kan monitor hoe hulle vorder. In *Nederlands leren*

spreken word daar van tientalle grammatika-oefeninge as selfstudie-oefeninge met memorandum gebruik gemaak alvorens studente byvoorbeeld dieselfde oefening met 'n ongesiene teks later vir nasiendoeleindes moet indien in afdeling 8 en afdeling 13.

Die eerste van die tipe selfstudie-oefeninge is die musiekoefeninge waarvoor daar spelling-, uitspraak- en woordeskatvrae vir 12 liedjies opgestel is. Nog musiek is beskikbaar, maar sonder oefeninge, en studente word derhalwe aangemoedig om musiek waarby hulle aanklank vind op die WhatsApp-groep te deel. 'n Memorandum word ook verskaf sodat 'n student op sy eie tyd en tempo byvoorbeeld oopsinoefeninge kan voltooi ter wille van luistervaardigheid. Die uitspraak oefeninge in die dialogtemplate en die vertalingsoefeninge is tipies deel van die assesseringsgerigtheid waarmee studente hulle eie pogings kan kaats alvorens hulle presies dieselfde oefening (as 'n finale dialoog en finale voorbereide mondeling) vir punte moet indien. Eers wanneer al die oefeninge in elk van die 14 afdelings voltooi is, mag studente aanmeld vir die finale toets wat dieselfde formaat volg as wat in die onderrigtyd gebruik is. Die sisteem weerhou 'n student van kontinuering indien daar uitstaande opdragte is, want die steierwerk in elke afdeling is deel van die bou van vaardighede wat betref lees, luister, skryf en praat.

AutoSave Wet zou je doen - Blof Search (Alt+F) Angelique Van Niekerk

File Home Insert Draw Design Layout References Mailings Review View Help Acrobat

Clipboard Font Paragraph Styles Acrobat

Spellingwenke wanneer vergelyk word met Afrikaans

Spelling tips when compared to Afrikaans:

| Afrikaans | Nederlands |
|-----------|---------------------------|
| z | s <u>zou, zeggen</u> |
| ch | g <u>lachen</u> |
| ij | y <u>spil, mijn, tijd</u> |
| sch | sk <u>scheiden</u> |

C. Probeer die oopsinoefening doen
Try to do the open sentence exercise

Wat zou je doen - Blof

Wat zou je doen
Als ik hier opeens weer voor je ____
Wat zou je doen
Als ik ____, hier voor je op de grond
Wat zou je doen, als ik dat was

Wat zou je doen

Page 3 of 4 Afrikaans Text Predictions: On Accessibility: Investigate Focus 94%

Type here to search 9:50 AM 12/17/2022

Die laaste aspek, **leerdergerigte gemeenskap**, verwys na die psigologiese aspekte van blootstelling en onsekerheid by studente. In *Nederlands leren spreken* is veel ingebou om emosionele blootstelling te beperk, maar sosiale interaksie met klasgenote te verseker. Dit sluit in dat studente op hul eie tempo binne die groter skedule kan werk en opdragte kan voltooi. Studente kan verbale oefeninge (wat op uitspraak gerig is) herhaaldelik vooraf kontroleer (teen klankopnames of die gebruik van gratis aanbevole toepassings/applikasies) alvorens hulle 'n eie poging van hul uitspraaktoets en/of mondeling moet oplaai.

Die kursushandleiding (in AFRIKAANS, *Engels* en **Nederlands**) bevat deurgaans al die kursusikone wat op die platform gebruik word en dui aan dat alles wat met klank en uitspraak te make het in groen verskyn en dat alles wat in rooi verskyn, aandui dat indiening vereis word.

4.1 *Tegnologie*

Nederlands leren spreken plaas klem op die rol van die dosent/fasiliteerder in ooreenstemming met Negoescu en Boştină-bratu (2016: 25) se benadering dat die dosent steeds die ruggraat vorm wat die aard van die gebruik van tegnologie betref. Hulle verwys hierna as 'n “techno-humanistic” sisteem waarin die dosent, student en tegnologie 'n alliansie vorm soos ook tekenend is van enige “flipped classroom”-model en/of 'n gemengdeleermodel.


Negoescu en Boştină-bratu (2016: 26) oordeel dat onderrig en leer in wese 'n sosiale proses is en daarom is die kommunikasie tussen student en dosent belangrik. Aangesien tegnologie 'n integrale deel van ons daaglikse lewe vorm, maak dit sin dat gemengde leer binne en buite die klaskamer (“flipped classroom”) oorweeg moet word in alle aspekte van kursusontwerp.

Om 'n vreemde taal aan te leer in 'n land of konteks waar hierdie taal nie algemeen as huistaal gebruik word nie, maak dit noodsaaklik dat studente, wat kursusontwerp betref, in die sfeer van die vreemde taal geplaas kan word en op dié manier 'n verhouding in die doeltaal met hul klasgenote/dosent kan opbou. Studente word op die WhatsApp-groep en in die kursushandleiding (in die drie tale) aangemoedig om die Nederlandstalige handleiding te gebruik. Voorts word hulle aangemoedig om hul selfone se funksietaal, wat ook die GPS insluit, in Nederlands te stel sodat hulle in die vierde afdeling 'n gratis radiotoepassing vir toegang tot geselsradio in Nederlands kan aflaai. Op dié manier word blootstelling aan die klank en uitspraak van Nederlands verhoog en op die WhatsApp-groep pols die dosent hulle oor bepaalde programme en spesifieke nuus waarvan hulle noodwendig voorkennis het vanuit die Suid-Afrikaanse konteks, maar met behulp van die toepassing ook die Nederlandse perspektief en woordkeuse

vir dieselfde gebeur kan hoor. Die implikasies van die sogenaamde “flipped classroom” vir onderrigontwerp soos uiteengesit deur Basal (2015) vorm deel van die teoretiese basis vir die keuses wat gemaak is in die kursusontwerp van *Nederlands leren spreken*.

Basal (2015:33) beklemtoon dat daar baie verskillende implementeringopsies is wat betref die “flipped classroom” en dat ’n “flipped classroom” in wese net ’n vorm van gemengde leer is. Die belangrikste vereiste vir sukses in die “flipped classroom” is die oorhoofse beplanning van wat in elke onderrigkonteks (binne die lesinglokaal en in die aanlyn kontakssessie) onderskeidelik moet gebeur. Dit is verder belangrik omdat die “flipped classroom” bedoel is as ’n gemengdeleerkonteks, en verskillende vorme van “low tech”-ondersteuning en tradisionele onderrigmateriaal moet wedersyds binne en buite die kontaktyd geïntegreer word met die oog op die bedoelde leeruitkomst. Onderrig en assessering gebeur dus beide binne én buite die kontaktyd (klaskamer). Sommige assesserings is dus kleiner aanlyn toetse wat studente op hul eie tempo kan voltooi voordat hulle aanmeld vir die volgende tema.

Die kursushandleiding begelei die studente ook teksmatig deur die platform en dui aan wat in elke afdeling binne en buite klastyd voltooi moet word ten einde toegang tot die volgende afdeling te verseker.



Basal (2015: 33) lys vier stappe wat nodig is vir die suksesvolle implementering van ’n “flipped classroom” om integrasie van onderrig en assessering binne en buite die klaskamer te verseker. Verskillende tipes aktiwiteite (gemengdeleer-

opsies) moet hiervolgens vir binne en buite die klastyd gespesifiseer word.

Die kursushandleiding van *Nederlands leren spreken* spesifiseer watter aktiwiteite (onderrig, selfstudie, assessering, ensovoorts) in elk van die 14 afdelings geskied. Kursusikone en kleurgebruik word dienooreenkomstig ingespan. Sommige van die aktiwiteite word in die kontaktyd gefasiliteer terwyl ander individuele studie of deelname aan 'n assesseringsaktiwiteit behels.

Die laaste stap in kursusontwerp is die seleksie van 'n geskikte **leerbestuursplatform**, byvoorbeeld moodle, blackboard, ensovoorts. Die platform integreer dus die klasaktiwiteite met die buite-klasaktiwiteite soos in die literatuurstudie ook aanbeveel word.

Nederlands leren spreken maak van die gratis moodle-platform gebruik wat op VivA (Virtuele instituut van Afrikaans), as deel van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gehuisves word.

Ten spyte van die wyd aanvaarde voordele van 'n “flipped classroom” as 'n tipe gemengdeleermodel is die sukses daarvan afhanklik van tegnologiese uitdagings en steeds eerstens gekoppel aan die dosent/fasiliteerder se hantering daarvan.

In *Nederlands leren spreken* is alle onderrigmateriaal ook as ondersteuningsmateriaal kontinuu beskikbaar vir terugverwysing ongeag tot by watter afdeling 'n student in die kursus gevorder het. Die onderrigmateriaal (grammatikagids, grammatikavideo's, oefenvertalings en selfstudiememorandums, ensovoorts), kan afgelaai en gebruik word totdat die kursus voltooi is. Dit impliseer dat studente bepaalde selfstudietake en onderrigmateriaal eenmalig kan aflaai en dit dan op die platform kan laai op 'n tyd wanneer toegang gemaklik is (byvoorbeeld ten opsigte van elektrisiteit, data). Soos reeds genoem, kan die student wel nie na die volgende afdeling voortgaan as die vorige afdeling se opdragte nie voltooi is en opgelaai is nie. Studente het dus die verantwoordelikheid om hulle studie en assesseringsdeelname binne die groter skedulering van die kursusskedule te organiseer. Die kursusskedule (en afhandeling van die 14 afdelings) sal wissel van instelling tot instelling, fasiliteerder tot fasiliteerder.

In 'n “flipped classroom” word dit wat tradisioneel tuis gedoen is, nou in die klas gedoen en dit wat tradisioneel in die klas gedoen is, word meestal tuis gedoen (Basal, 2015: 30). Dit is in ooreenstemming met die Nederlandse kursus hier ter sprake met die bykomende voordeel dat studente ruim tyd het om op hulle eie tempo die tuiswerk te kan doen en afmerk (*mark as done*). Daar is ook 'n kontrolelys aan die einde van die kursus waar alle assesseringstake aangedui word. Geen take mag uitstaande wees om te kan aanmeld vir die finale toets nie.

The screenshot shows a web browser window with the URL gesellig-afrikaans.org/mod/page/view.php?id=2553&forceview=1. The page title is 'AFDELING / Section 11: BRUSSEL / Brussels'. On the left, there is a navigation menu with options like 'Dashboard', 'Site home', 'Site pages', 'My courses', 'Nederlands leren spreken_2023', 'Participants', 'Badges', 'Competencies', 'Grades', 'Nederlands leren spreken', '1. Inleiding / Introduction / Introductie', and '2. Ondersteuningsmateriaal / Supporting material /...'. The main content area has a 'Mark as done' button and the following text:

AFDELING 11: BRUSSEL
BRUSSELTEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM
BRUSSELTEKS: GRAMMATIKA EN MEMORANDUM

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS. DOEN EERS DIE TOETS SELF; GEBUIK DAN DIE GRAMMATIKA-OORSIG EN KONTROLEER DIT TEEN DIE MEMORANDUM. DIE WOORDESKAT- EN BEGRIPSTOETS (MET MEMORANDUM) IS OOK VIR OFENING EN SELFSTUDIE. HIERDIE WEEK SE DEEL OOR **BRUSSEL** WORD NIE INGEHANDIG NIE.

SELFSTUDIE:
 ■ **GRAMMATIKA-OORSIG:** MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK **TWEE NUWE TAALBEËLS** UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HETAS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN AFDELING 11.

In die volgende afdeling (paragraaf 6) word 'n oorsig gegee wat tuis gedoen word en hoe dit impakteer op die kontakgleuwe (kampuskontak en/of aanlyn kontak). Soos in enige “flipped classroom” is onderrig gefokus op die student en die dosent/fasiliteerder begelei die leerproses tydens verpligte kampsessies en/of addisionele aanlyn kontakssessies. Die student bepaal die impak, omvang en tempo van sy leerervaring met selfstudietake wat onderbou verleen vir finale assesserings en in die geval van die betrokke Nederlandse kursus toegang verleen tot volgende leereenhede (14 afdelings). Omdat heelwat leer/onderrig tuis en buite die klastyd kan plaasvind, is daar verhoogde betrokkenheid en deelname aan leerervarings, en onderrig is dus nie 'n eenrigting onderrigsituasie van dosent na studente nie. Onafhanklike leer word met so 'n “flipped classroom” aangemoedig en dit trek ook deur na die vier maniere waarop die Nederlandse grammatika in die betrokke kursus onderrig word. Een daarvan het te make met studente se skryf van hul eie grammatikagids gebaseer op die papiergids, video-uitleg en verduidelikings tydens kontaktyd. Die persoonlike grammatikagids mag studente ook in kontakassesserings byderhand hou as kontrolemiddel om vrae te beantwoord. Die handgeskrewe eie grammatikagids is formeel deel van die kursushandleiding en die enigste notas wat studente byderhand mag hou in kontakassesserings waar dit om toegepaste taaltoetsing gaan, byvoorbeeld die eindtoets en die filmskryfopdrag. Daar is dus genoeg motivering om dit wel te doen. Die opdrag is in Afrikaans, Engels en Nederlands aan studente gerig en lui soos volg in Afrikaans. Alles in Afrikaans is deurgaans in hoofletters getik in die handleiding sodat dit duidelik onderskeidend van die Nederlands in die handleiding vertoon:

JY MOET KONTINU VANAF AFDELING 3 JOU EIE OORSIG VAN DIE GRAMMATIKAREËLS IN JOU EIE WOORDKEUSE EN JOU EIE TAALVOORKEUR (3 BLADSYE IN TOTAAL IS DIE MINIMUM-LENGTE, 12 LETTERGROOTTE, 1.5 SPASIËRING OF SKANDERING VAN VISUELE UITBEELDING) BYHOU EN FINAAL INLEWER VOOR JY OOK KAN EN MAG AANMELD VIR DIE FINALE TOETS IN AFDELING 14. OM HIERDIE GRAMMATIKA-OORSIG, ‘MY GRAMMATIKAGIDS’ SAAM TE STEL, GEBRUIK ONDER ANDERE OOK DIE GRAMMATIKAGIDS IN DIE KURSUS (BOEKRAK) EN DIE VIDEO’S MET DIE GRAMMATIKA-VERDUIDELIKINGS (DEEL VAN DIE ONDERSTEUNINGSMATERIAAL), ENS.

SODOENDE HET JY BAIE MIN STUDIEMATERIAAL LATER ...



JOU PERSOONLIKE GRAMMATIKAGIDS FOKUS OP JOU BEGRIP VAN DIE GRAMMATIKA-VERDUIDELIKINGS VAN DIE KURSUS (BOEKRAK EN VIDEO’S) EN TAAL EN FORMAAT IS HIER NIE (SO) BELANGRIK NIE.

MAAK SEKER DAT JY IN AFDELING 13 DAN JOU EIE GRAMMATIKAGIDS AS ’N WORD DOKUMENT, ‘MY GRAMMATIKAGIDS’ OPLAAI EN ‘MARK AS DONE’. HIERDIE OORSIG IS VIR JOU GEBRUIK EN DIE ENIGSTE WINS (PUNTE) WAT JY HIERVOOR KRY, IS ’N BONUSPUNT AS JY DIT BETYDS INGEDIEN HET (EINDE AFDELING 13) EN OOK AS GEVOLG VAN JOU BESTUDERING HIERVAN (MY GRAMMATIKAGIDS) ’N BETER FINALE PUNT IN DIE KURSUS SAL ONTVANG.

Volgens Engelstaalstudente in ’n studie in Turkye in 2012/2013 is die grootste voordele van die “flipped classroom” onder andere die volgende:

Studente kan op hul eie tempo leer (almal vorder nie ewe vinnig deur verskillende aspekte van die materiaal nie); studente kan beter voorbereid klas toe kom, want sekere materiaal is deel van die werk wat tuis gedoen moet word. In geval van die Nederlandse kursus moet studente die tuiswerk doen om toegang te kry tot die volgende afdeling ter sake, ook vir die kontakafsprake. Daar is dus ’n motivering om iewers in ’n bepaalde week die kort stukkie tuiswerk te doen en op dié manier is studente dus voorbereid vir die kontaktyd (op die kampus en/of aanlyn).

’n “Flipped classroom”-model kan die fisieke beperking van klastyd minimaliseer, want onderrig en hulp is grootliks buite klastyd ook beskikbaar. Studente het aangedui dat hulle meer deelneem in die kontaksessies as gevolg van die “flipped

classroom-model”, want hulle voel gemakliker om deel te neem omdat van die onderrig reeds voor die klastyd plaasgevind het (Basal, 2015: 31-33).

Naas die gespesifiseerde aktiwiteite binne en buite die kontaktyd en die verpligte voltooiing van aktiwiteite om toegang tot ’n volgende afdeling te kry, is dit via ’n WhatsApp-groep vir die dosent ook moontlik om teorie of teks waarop die oefening vir die volgende kontaktyd gebaseer is, die dag vooraf per WhatsApp met die groep te deel en studente op WhatsApp aan te moedig om vrae te vra ten einde die selfstudie-oefeninge maklik te voltooi. Op die groep mag hulle net Nederlands gebruik en daar help hulle mekaar ook inhoudelik, ten spyte van tinentale taalfoute.

4.2 Gemengde leer

Purushotma(2005:80) verwys nadie waarde van “edutainment” om onderrigdoelwitte met ’n vorm van vermaak te versoen. In die lig van my onderrigondervinding hou die motivering van studente in die vreemdetaalklasskamer ook hiermee verband. Purushotma (2005) verwys na die gebruik van onder andere rekenaarspeletjies soos Sims wat dit met verskillende taalverstellings moontlik maak om te speel en dan as deel van die vermaak woordeskat aan te leer. Die gebruik van grappies (in teks, visueel en in audio-formaat), musiek (teks, visueel en selfstudie-oefeninge), legkaarte (van die tien dorpe en stede waarna in die grammatika- en begripstoets verwys word), ensovoorts, word in die kursus geïntegreer juis met die vermaakbeginsel in gedagte. Vanuit ’n onderrigbeginsel gee dit oudiomatig en teksmatig blootstelling aan die klank van Nederlands met die oog op uitspraakassessering. Verskillende huistaalsprekers het die tekste ingelees.

| | TEKS | MP3 | MP4 |
|----------------------------------|------|-----|-----|
| 1. Hoe geef ik my lat een pij? | | | |
| 2. GRAPPIE 1 / Joke 1 / Grapje 1 | | | |
| 3. GRAPPIE 2 / Joke 2 / Grapje 2 | | | |
| 4. GRAPPIE 3 / Joke 3 / Grapje 3 | | | |
| 5. GRAPPIE 4 / Joke 4 / Grapje 4 | | | |
| 6. GRAPPIE 5 / Joke 5 / Grapje 5 | | | |
| 7. GRAPPIE 6 / Joke 6 / Grapje 6 | | | |
| 8. GRAPPIE 7 / Joke 7 / Grapje 7 | | | |
| 9. GRAPPIE 8 / Joke 8 / Grapje 8 | | | |



Ook die gebruik van films vervul die rol van vermaak gekoppel aan onderrig. Films op stromingsdienste soos Netflix het 'n taalopsie-verstelling. Uitspraak, woordeskat en kulturele konteks van die doeltaal kan op die manier geïntegreer word met die onderrigdoelwitte. Die groot uitdaging is wel, soos reeds genoem, die integrasie van tegnologiese hulp met onderrigaktiwiteite sodat dit nie 'n opsionele versiering oftewel “add on” is nie.

Die gebruik van films word op 'n baie spesifieke manier in *Nederlands leren spreken* gehanteer. Purushotma (2005: 80-81) opper tereg die frustrasie van studente in vreemdetaalonderrigklaskamers met onderrigmateriaal wat betref die verwydering van hul leefkonteks en belangstellings. Dit impliseer die voortdurende behoefte aan aanpassing van materiaal deur die dosente/fasiliteerders vir die sogenaamde dot.com-generasie in 'n optimale leerkonteks. Kapasiteitsprobleme aan universiteite en tydsdruk vir dosente laat die kontinue aanpassing en volskaalse vernuwing nie altyd toe nie, maar daar is maniere om studente medeskeppers te maak van “edutainment”-opsies sonder ekstra werk vir die dosent/fasiliteerder. In die kursushandleiding (*Nederlands leren spreken*) word 'n filmlys (naas byvoorbeeld 'n lys van musiek) ingesluit.

Daar word vereis dat studente twee films uit die lys van 20 aanbevole titels sal kyk en in 'n bepaalde week sal aanmeld vir die filmskryfopdrag. Studente moet 'n persoonlike filmresepsie (nie 'n resensie nie) oor twee films skryf en indien vir assessering. Om dié rede word daar seker gemaak dat films aanbeveel word wat op verskillende filmplatforms beskikbaar is en daar word ook via die dosent toegang verleen tot 'n videoteek waarin films beskikbaar is. Bykomend word

daar vir die groep minstens een Nederlandse filmaand op die bepaalde kampus georganiseer. Studente kry vooraf in die kursushandleiding generiese vrae om te antwoord wanneer hulle die films kyk. Dit sluit vrae in oor die verhaallyn, karakters, die film waarby hulle die meeste en minste aanklank gevind het, ensovoorts. Die filmskryfopdrag (wat 'n persoonlike resepsie vereis) behels 'n toets (binne 'n beperkte tyd) inhoudelik naastenby gebaseer op die riglynvrae oor twee van die films uit die aanbevole lys. Die nut daarvan is dat studente wel kan voorberei, maar nietemin nie 'n aanlyn resensie kan gebruik vir die skryf van hul belewenis nie. Studente kan via die WhatsApp-groep ook vooraf toestemming vra om 'n Nederlandstalige film wat nie op die lys in die handleiding voorkom nie te kyk en titels te deel sodat die dosent kan oordeel of die bepaalde film geskik is. Die moontlikheid om 'n Nederlandstalige film van eie voorkeur te kies verhoog die motivering en betrokkenheid van sekere studente. Die integrasie van films met die onderrigdoelwitte ondersteun aspekte soos luistervaardigheid, woordeskatkennis en in bepaalde gevalle ook landeskunde. Die kyk van films is boonop 'n aktiwiteit wat deel is van die normale lewe buite klastyd soos wat ook tipies is van die “flipped classroom”-model.

Dialogoefening in *Nederland leren spreken* sluit aan by die gebruik van films om woordeskat en luistervaardigheid te verbeter. Purushotma (2005: 88) noem tereg dat die skep van langer spontane dialoog vir onderrigdoeleindes nog in sy kinderskoene is en daarom is “Virtual Talk Conversation” in tipiese “gaming”-kontekste 'n nuttige alternatief om studente te begelei van geen praatvaardigheid na taalverwerwing in 'n vreemde taal. In *Nederlands leren spreken* word templaaldialooggesprekke as oefengesprekke met oudio- en teksformaat vir dié doel ingebou in die kursusmateriaal. Studente kan hul eie pogings kaats teen die oefendialoog en/of in 'n klassituasie met ander studente oefen. Twee van die dialoogtemplate moet egter in oudio-formaat opgeneem word teen afdeling 12 waarin studente die geleentheid het om met 'n klasgenoot die dialoog (en die blanko-spreekbeurte) op te neem of net die een stem (die ontbrekende stem in die dialoog) op te neem ter wille van nasien deur die fasiliteerder. (Die fasiliteerder kan kies om net dialoog D of D en E na te sien en die gemiddelde punt van een of albei dialoogopsies te gebruik vir die toekenning van punte.)

Onderrig binne “content based instruction” (CBI) se fokus val op die benutting van verskillende tipes materiaal wat boonop outentiek is. Nietemin kan daar in die praktyk nie verwag word dat elke student se individuele voorkeur vir die manier van taalaanleer en unieke genrevoorkeur in terme van byvoorbeeld musiek en films verreken word nie (Purushotma, 2005: 93). Ook hier skep die gemengdeleermetodes ruimte vir die integrasie van die onderrigmateriaal met studente se voorkeur ter wille van blootstelling aan bepaalde musiek en films.

Die waarde van musiek as motivering en blootstelling aan 'n vreemde taal en die manier waarop integrasie met formele onderrig kan geskied, word ook deur Purushotma (2005: 91) aangeraak. Ook hier is die individuele voorkeur en belangstelling van studente ter sake en 'n gemengdeleermodel wat struktuurmatig 'n georganiseerde ruimte (soos die WhatsApp-groep) skep sodat studente belangstellings en aktiwiteit met klasmaats kan deel. Daar is in *Nederlands leren spreken* op georganiseerde wyse gebruik gemaak van 12 liedjies van verskillende kunstenaars. Vir elke liedjie is 'n onderrigspesifieke video geskep om teks en klank te integreer en ook oopsinoefeninge en vrae oor spelling en woordeskat is daarvoor opgestel. In die kursushandleiding word daar pertinent op minstens vier afdelings aangedui dat studente buite klastyd na een van die liedjies moet luister en die selfstudie-oefening (met memorandum) moet doen. Op die WhatsApp-groep deel hulle ook ander kontemporêre Nederlandstalige musiek met mekaar waarby verskillende individue aanklank vind. Vrae oor die taalgebruik in die musiekteks word in die lesingtyd en/of op die WhatsApp-groep gehanteer en ook aanvanklik geïnisieer deur die dosent om die “gespreksbal” in Nederlands aan die rol te sit.

Die volledige benutting van digitale media as deel van die gestruktureerde onderrigplan maak dit moontlik om die doeltaal met die daaglikse leefwêreld van die student te integreer sodat hulle die musiek en films ook kan geniet in terme van hul eie voorkeur en belangstellings.

The screenshot shows a web browser window with the URL gesellig-afrikaans.org/mod/book/view.php?id=2477. The page displays a list of 16 songs, each with a document icon, a music note icon, a video camera icon, and a user profile icon. The list is as follows:

| Item | Title | Artist | Document Icon | Music Note Icon | Video Camera Icon | User Profile Icon |
|------|---------------------|----------------------------|---------------|-----------------|-------------------|-------------------|
| 9. | Eenzame boot | Jo Lemaire | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 10. | Bric à Brac | Willem Vermandere | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 11. | Anne | Herman van Veen | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 12. | Twee mannen zo stil | Frank Boeijen | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 13. | Twee meisjes | Raymond van het Groenewoud | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 14. | Paarse schoenen | De Berin's | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 15. | Wat zou je doen | Blof | Yes | Yes | Yes | Yes |
| 16. | Minder Meer | Stef Bos | Yes | Yes | Yes | Yes |

The browser's address bar shows the URL gesellig-afrikaans.org/mod/book/view.php?id=2477. The page title is "ONDERSTEUNINGSMATERIAAL / x". The browser's taskbar shows the time as 9:15 AM on 12/11/2022, and the temperature as 29°C.

Persohn en Kovak (2021) se ondersoek fokus op geletterdheid en die noodsaak om studente met toegang tot “low-tech” en “no tech” in kurrikulumontwerp in ag te neem. Hulle stel juis aktiwiteite en leerontwerp voor gerig op verhoogde betrokkenheid, studente se belangstelling en verhoogde konneksie tussen geletterdheid en die student se kultuur en gemeenskap. Twee daarvan noem hulle “perform your own read aloud” en “News flash”. Beide die twee tipes leeraktiwiteite word geïntegreer in *Nederlands leren spreken*. Die gratis toepassing Acapela box en die oudio-weergawe van die grappies in die kursus is ’n voorbeeld van ’n ryk onderrigomgewing (“rich teaching environment”) binne en buite die klaskamer.

4.3 “Low tech”

“Low tech” oftewel eenvoudige tegnologie-opsies is nie noodwendig net ’n beperking nie, maar aldus Negoescu en Boștină-bratu (2016: 28) beklemtoon die gegewe die feit dat tegnologie slegs ’n hulpmiddel is tot ’n opvoedkundige doel. Dit sluit onder andere die gebruik van videomateriaal as outentieke materiaal in wat in ’n “flipped classroom” en in ’n gemengdeleer konteks groot waarde het. Daar is egter praktiese aspekte wat die suksesvolle gebruik van enige tegnologiese hulpmiddels beïnvloed. Lengte is een daarvan en ook die aard van die integrasie van aktiwiteite wat die video/film voorafgaan en wat na afloop van die kyk daarvan van studente verwag word. Daar is reeds verwys na die gebruik van films in *Nederlands leren spreken* in ’n geïntegreerde “flipped classroom”-konteks waarin die aard van die aktiwiteit (of opdrag) ook outentiek van aard is en die keuse van ’n film boonop ruimte laat vir die individuele voorkeur van studente.

Dit is geen geheim nie dat die Suid-Afrikaanse onderrigkonteks deur verskeie tegnologiese uitdagings beïnvloed word nie. Dit sluit in faktore soos beurtkrag, hoë datakoste, gebrekkige toegang tot toerusting vir studente, ensovoorts.

Die integrasie van iets soos ’n WhatsApp-groep met die formele onderrigkonteks skep verhoogde betrokkenheid van die studente in die vreemde taal. Dit moet egter van meet af volledig geïntegreer word met die kursusstruktuur en onderrigskedule, en die bepaalde reëls vir die groep moet uitgestip word.

WhatsApp maak dit vir die dosent/fasiliteerder moontlik om die dag voor ’n kontakssessie ’n nuttige teks of opsomming of grammatikavideo op die groep te deel. (WhatsApp is egter nie die formele onderrigplatform nie en studente wat tydelik of langer sonder hul telefone sou wees, word op geen manier van onderrig uitgesluit as hulle nie WhatsApp gebruik nie. Ondervinding het egter getoon dat selfoontoegang of WhatsApp via ’n rekenaar die een ding is waarsonder studente in die Suid-Afrikaanse konteks byna nooit is nie.) Studente word aangemoedig om vrae te vra en mekaar te help. Dit bied die voordeel om van mekaar te leer en ook

onmiddellike terugvoer. Soos reeds genoem mag studente slegs in Nederlands hier vroe rig. Die gebruik van tegnologiese hulpmiddels wat deel is van die leefwêreld van studente word benut. Die gebruik van selfone en veral WhatsApp is deel van die leefwêreld van studente buite die formele klas en dit word dan vir onderrigdoeleindes geïntegreer as deel van veral woordeskatverwerwing en motivering. WhatsApp-kommunikasie in Nederlands verseker konstante toegang tot die doeltaal en addisionele toegang tot inhoud (wat op die platform bestaan) soos wat die dosent en studente dit hier met mekaar deel (ook al is toegang tot die platform nie altyd beskikbaar vir studente in 'n "low-tech" omgewing nie). Deur die loop van afdeling 3-13 "reis" studente virtueel deur tien verskillende dorpe en stede in Nederland (teksgerig) om grammatika, begrip en woordeskat aan te leer en op die WhatsApp-groep word studente aangemoedig om via 'n soekenjin soos Google enige skakel of foto te deel van die dorp/stad aan bod in 'n bepaalde afdeling. Die beeldmateriaal (of skakels) wat studente met mekaar deel oor die dorpe en stede (in die tekste waarop die grammatika, begrip- en woordeskatopdragte gebaseer is) plaas studente in 'n medeskepperrol wat baie positief vir motivering en leer is.

Campana en Agarwal (2019: 687) se bevindinge erken die uitdagings wat betref "low tech", maar noem tereg dat dit ook positief benut kan word in 'n gemengdeleer-onderrigmodel: "The study found that low tech was not a barrier when it came to effectiveness of pedagogy and learning. In addition, it became apparent that active learning strategies combined with no-tech, low-tech and high-tech resources and strategies can lead to learning environments that are learner-centred, knowledge-centred, assessment-centred and community-centred."

Studente wat goeie films en interessante kanale/radiostasies op die WhatsApp-groep deel, is tekenend van die leerdergerigtheid van die kursus waarin studente in die volle sin van die woord 'n "akademiese netwerk" met mekaar vorm. Die kursusontwerp in *Nederlands leren spreken* is dus grootliks van so 'n aard dat kursusbateriaal afgelaai en weer opgelaai kan word op die student se eie tyd.

Twee van die aspekte met betrekking tot integrasie van die beperkinge van 'n "low tech"-konteks of tradisionele klaskamermetodes met tegnologie waarna Campana en Agarwal (2019: 693) ook verwys, is van besondere belang vir die kursus hier ter sprake. Dit gaan naamlik oor die integrasie van tegnologie met kontakklaskameropsies en die neerpen van studente se eie begrip met (tradisionele/outyds) pen en papier. Studente se prestasie in twee kursusse wat deur dieselfde dosente aangebied is in 'n "high tech"-konteks teenoor 'n "low-tech"-konteks binne 'n tradisionele klaskamer was beduidend verskillend: "They found, somewhat counterintuitively, that students felt more engaged in the low-tech, traditional classroom setting. The students in the low-tech settings also

evaluated the teacher more positively and liked working in groups more.” Dit is hoegenaamd nie die doelwit van die artikel om ’n kursusevaluering te bied nie, maar die volgende onlangse greep uit die standaard module-evalueringsparaktyk aan die UV in 2022 gee tog ’n aanduiding van studente se belewenis van die gemengdeleermodel in die vreemdetaal kursus, *Nederlands leren spreken*:

| <p>Quality:</p> <p>I was challenged intellectually* through the content and activities in this module.</p> <p><i>* It made you think, question and allowed you to ‘stretch’ your thinking and understanding.</i></p> | <table border="1"> <thead> <tr> <th>Rating</th> <th>Percentage</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>2</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>3</td> <td>11.1%</td> </tr> <tr> <td>4</td> <td>88.9%</td> </tr> <tr> <td>5</td> <td>0%</td> </tr> </tbody> </table> | Rating | Percentage | 1 | 0% | 2 | 0% | 3 | 11.1% | 4 | 88.9% | 5 | 0% |
|--|--|--------|------------|---|----|---|----|---|-------|---|-------|---|----|
| Rating | Percentage | | | | | | | | | | | | |
| 1 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 3 | 11.1% | | | | | | | | | | | | |
| 4 | 88.9% | | | | | | | | | | | | |
| 5 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| <p>Support:</p> <p>The combination of in-class* and/or Blackboard/online activities enhanced my learning experience.</p> <p><i>* “Class” could either mean sessions that take place inside a class venue (face-to-face) or online.</i></p> | <table border="1"> <thead> <tr> <th>Rating</th> <th>Percentage</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>2</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>3</td> <td>11.1%</td> </tr> <tr> <td>4</td> <td>88.9%</td> </tr> <tr> <td>5</td> <td>0%</td> </tr> </tbody> </table> | Rating | Percentage | 1 | 0% | 2 | 0% | 3 | 11.1% | 4 | 88.9% | 5 | 0% |
| Rating | Percentage | | | | | | | | | | | | |
| 1 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 3 | 11.1% | | | | | | | | | | | | |
| 4 | 88.9% | | | | | | | | | | | | |
| 5 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| <p>Technology:</p> <p>The use of technology* enhanced my learning.</p> <p><i>* Technology could include any or all of the following examples: Blackboard, simulations, videos, email, etc.</i></p> | <table border="1"> <thead> <tr> <th>Rating</th> <th>Percentage</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>2</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>3</td> <td>22.2%</td> </tr> <tr> <td>4</td> <td>77.8%</td> </tr> <tr> <td>5</td> <td>0%</td> </tr> </tbody> </table> | Rating | Percentage | 1 | 0% | 2 | 0% | 3 | 22.2% | 4 | 77.8% | 5 | 0% |
| Rating | Percentage | | | | | | | | | | | | |
| 1 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 3 | 22.2% | | | | | | | | | | | | |
| 4 | 77.8% | | | | | | | | | | | | |
| 5 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| <p>Relationship with lecturer</p> <p>The lecturer encouraged engagement with content, lecturer/s and peers.</p> | <table border="1"> <thead> <tr> <th>Rating</th> <th>Percentage</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>2</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>3</td> <td>11.1%</td> </tr> <tr> <td>4</td> <td>88.9%</td> </tr> <tr> <td>5</td> <td>0%</td> </tr> </tbody> </table> | Rating | Percentage | 1 | 0% | 2 | 0% | 3 | 11.1% | 4 | 88.9% | 5 | 0% |
| Rating | Percentage | | | | | | | | | | | | |
| 1 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 3 | 11.1% | | | | | | | | | | | | |
| 4 | 88.9% | | | | | | | | | | | | |
| 5 | 0% | | | | | | | | | | | | |

| <p>Student's role in the learning experience</p> <p>I made an effort to access Blackboard, my announcements, and my UFS email on a daily (or almost daily) basis.</p> | <table border="1"> <thead> <tr> <th>Effort Level</th> <th>Percentage</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1</td> <td>100%</td> </tr> <tr> <td>2</td> <td>0%</td> </tr> <tr> <td>3</td> <td>11.1%</td> </tr> <tr> <td>4</td> <td>88.9%</td> </tr> <tr> <td>5</td> <td>0%</td> </tr> </tbody> </table> | Effort Level | Percentage | 1 | 100% | 2 | 0% | 3 | 11.1% | 4 | 88.9% | 5 | 0% |
|---|--|------------------|------------|---|------|---|----|---|-------|---|-------|---|----|
| Effort Level | Percentage | | | | | | | | | | | | |
| 1 | 100% | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| 3 | 11.1% | | | | | | | | | | | | |
| 4 | 88.9% | | | | | | | | | | | | |
| 5 | 0% | | | | | | | | | | | | |
| <p>Overall experience</p> <p>Overall, I had a positive learning experience in this module.</p> | <table border="1"> <thead> <tr> <th>Experience Level</th> <th>Percentage</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1</td> <td>100%</td> </tr> <tr> <td>2</td> <td>0%</td> </tr> </tbody> </table> | Experience Level | Percentage | 1 | 100% | 2 | 0% | | | | | | |
| Experience Level | Percentage | | | | | | | | | | | | |
| 1 | 100% | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0% | | | | | | | | | | | | |

'n Studie in 2012 met studente van toegepaste statistiek en algemene sielkunde het bevind studente wat handgeskrewe klasnotas as hulpmiddels gebruik het, veel beter gevaar het as studente wat rekenaargebaseerde notas geskep het (Campana en Agarwal, 2019: 693).

Daar word in die kursushandleiding van *Nederlands leren spreken* om dié rede ook vereis dat studente handgeskrewe notas oor grammatika maak. Die feit dat studente nie almal ewe rekenaarvaardig is nie of nie almal toegang tot 'n rekenaar in die taalklaskamer het nie en hulle gevolglik almal op papier hul notas moet maak, kan baie positiewe onderriggevolge inhou (en boonop beperk dit akademiese wanpraktyk en passiwiteit tydens die kontakssessies).

Die kort handgeskrewe notas bevorder individuele leeraksie en die motivering om goeie notas te maak kan herlei word tot die feit dat studente toegelaat word om hul eie grammatikanotas byderhand te hou met die skryf van die filmopdrag en die finale skriftelike toets. Die kursushandleiding (ook genoem die **map**) dui aan dat die eie grammatikagids op bepaalde fases ingehandig moet word.

Campana en Agarwal (2019: 694) verwys ook na die bewese positiewe impak van tipiese “low tech”-onderrighulpmiddels soos onder andere selfassessering. Daar word deurlopend in die Nederlandse taalkursus in byna elk van die 14 afdelings van selfassessering gebruik gemaak. Die selfassesseringsaktiwiteit in afdeling 3 tot 13 (wat op grammatika, begrip en woordeskat gebaseer is) is sodanig met die kursusstruktuur geïntegreer dat dit as voorbereiding dien vir die bepaalde assesserings (in afdeling 8 en 13) wat die dosent/fasiliteerder wel nasien. Dieselfde formaat en patroon word gevolg.

Campana en Agarwal (2019: 696) verwys na die nut van digitale hulp in beperkte tegnologiese kontekste (“low-tech”-omgewings) soos WhatsApp in skole in Indië: “[It] increase[d] teacher attendance and learning from each other. The

teachers also reported that the addition of technology increased their engagement in teaching because of their ability to share new learning resources with students.” Omdat studente soveel tyd op sosiale media soos WhatsApp spandeer en byna nooit sonder hul selfone is nie, het die integrasie van WhatsApp in terme van die fasilitering van bestaande onderrigmateriaal wat wel op die onderrigplatform is (uit ondervinding) veel nut getoon in terme van studentevoorbereiding vir kontaksessies. WhatsApp is nie ’n formele onderrigplatform nie, maar dit verseker voorbereiding en kontinue blootstelling aan ’n vreemde taal.

Die bespreking van Campana en Agarwal (2019) is insiggewend en van waarde vir die onderrig van Nederlands in die Suid-Afrikaanse en Namibiese konteks. Verskeie ondersoekers het getoon dat “low tech”-omgewings uniek en positief bydra tot aktiewe leer, en geleentheid skep vir betrokkenheid en ontdekking as deel van ’n sosiale proses: “Therefore, as learning environments are designed and created, it is important to consider the incorporation of low-tech and/or high-tech materials and strategies, and the balance between the two, to best support learning and to meet the needs of the participants. However, it is even more important to explore how to get individuals engaged in their learning process and to interact with the information and content that they are learning. Intentional design of hands-on active learning strategies combined with the authentic use of low-tech and/or high-tech materials and strategies should lead to environments that are more effective in the ways that they engage individuals in their own learning process.” (Campana en Agarwal, 2019: 700)

Ten slotte is onmiddellike terugvoer wat selfstudie-oefeninge moontlik maak deel van die meerderheid onderrig- en assesseringstake in die kursus en aldus die literatuurstudie is dit baie positief om leer te fasiliteer. In *Nederlands leren spreken* word beide tegnologie en die dosent as instrumente beskou en volledig geïntegreer. Vir uitspraakonderrig is dit veral tegnologie wat die rol van die dosent vervul, maar wat grammatikaverduidelikings betref, is die tegnologiese hulpmiddele (video’s) een van verskillende ondersteuningopsies (naas die grammatikagids in drie tale en studente se eie notas).

4.4 *Motivering*

Motivering is uiters belangrik vir sukses en kontinuering binne vreemde-taalonderrig. Tegnologie is ’n integrale deel van onderrig en motivering en daar is in *Nederlands leren spreken* moeite gedoen om die gemengdeleeraktiwiteit binne en buite die klaskamer (“flipped classroom”) oorhoofs te beplan wat die kursushandleiding betref. Daar word pertinent in elke afdeling aangetoon watter aktiwiteit in welke modus voltooi moet word buite en binne kontaktyd.



Daar is in 2022 tydens die IVN-konferensie (Internasionale Vereniging vir Neerlandistiek) in Nijmegen kennis gemaak met Arthur Verbiest van Spanje. Hy en kollegas het 'n hoorspel geskep wat as 'n podsending gratis beskikbaar gestel word vir die doel van Nederlandse taalverwerwing¹. Dit is intussen bygewerk en studente kan in elkeen van die 14 afdelings in die kursus na een van die afleweringe van enkele minute luister. Op die WhatsApp-groep pols die dosent hulle ook daarvoor. Die hoorspel vorm nie deel van formele assessering nie en is op die platform beskikbaar onder ondersteuningsmateriaal.

Die kursustyd van *Nederlands leren spreken* moet ingevolge die steierwerk-skedulering (*scaffolding*) tussen ongeveer 7 tot 14 weke binne die Suid-Afrikaanse akademiese kalender en wel voor middel-November voltooi word en/of binne die skedulering gekoppel aan 'n bepaalde Suid-Afrikaanse instelling.

Alhoewel die meeste van die prettiger aktiwiteite wat motivering bevorder ook 'n onderrigdoelwit het, is die bou van digitale legkaarte met visuele beelde van bekende plekke in Nederland en België (op die platform), minder gerig op taalverwerwing (dus onderrig) en grammatika, maar meer gerig op die student se motivering en landeskunde.

5. Kursusoorisig

Wat die passiewe taalvaardighede betref, word komponente in terme van beide onderrig en assessering (binne en buite kontaktyd) geïnkorporeer. Dit sluit onder andere luistervaardigheid, teoretiese grammatikakennis en woordeskatkennis in.

Meer as ses-en-sestig persent van Afrikaanse en Nederlandse woordeskat stem

ooreen as 'n mens die patroonmatige spellingverskille tussen Afrikaans en Nederlands ken. Soms is die ooreenkoms die alombekende “valse vriende”, byvoorbeeld die woord “vaak” (“slaperig” in Afrikaans) wat die betekenis van “dikwels” in Nederlands dra; soms is dit gewoon 'n toepassingsverskil, byvoorbeeld “tafel dek” in Afrikaans teenoor “tafel zetten” in Nederlands. Die onbekende deel van die Nederlandse woordeskat wat studente naas die spellingverskille moet ken om te kan kommunikeer, moet hulle wel aanleer. Aangesien Nederlands deel vorm van universiteitskursusse in Suid-Afrika wat gewoonlik op vlak 6 of 7 van die NKR (nasionale kwalifikasie raamwerk) is, is selfwerksame woordeskattoetse wat outomaties nagesien word 'n pluspunt wat buite formele onderrigtyd plaasvind, sodat daar aan ter sake inhoud vir die bepaalde vlakbeskrywing aandag gegee kan word.

5.1 *Passiewe vaardigheid*

5.1.1 *Woordeskat*

Blokraaisels en woordsoekspeletjies waarin studente meestal die Nederlandse ekwivalent moet verskaf, omvat die bogenoemde betekenisverskille, valse vriende en totaal onbekende Nederlandse woorde vir Afrikaanssprekendes. Ook die spellingsverskille byvoorbeeld “zekerheid” (sekerheid), “politie” (polisie) word ingesluit. 'n Paar blokraaie word gebruik om ongeveer tien bladsye woordeskatverskille te oefen. Studente kry dus oefenkans waarna hulle drie blokraaie moet indien wat outomaties deur die sisteem nagesien word.

In die grammatika-gedeelte van die kursus word afgeskop met 'n lys van die spellingsverskille en die verskille word dwarsdeur die tien afdelings toegepas en aan die hand van 'n toerismeteks ingeoefen. Twee van die tien tekste (wat oor tien dorpe en stede handel) word geassesseeer (en geen memorandum word aan studente verskaf nie) en agt van die tekste se toetsies (twee per teks wat oor dorp en stad handel) word in die formaat van selfstudie-opdragte outomaties deur die sisteem nagesien en memorandums word ná voltooiing aan die studente voorsien.

5.1.2 *Grammatika*

Daar word 'n grammatikagids met 'n kontrastiewe aanpak (Nederlands teenoor Afrikaans) in drie tale (Afrikaans, Engels en Nederlands) verskaf. Daar is van elk van die komponente in die grammatikagids ook 'n video deur twee verskillende huistaalsprekers van Nederlands gemaak. Die videomateriaal is volledig afgestem op die papierweergawe van die grammatikagids wat die voorkennis en uitdagings van Afrikaanssprekendes in ag neem.

Die grammatika-komponent (veral afdeling 3 tot 13) begin met 'n lys spellingsverskille wat dwarsdeur die tien afdelings toegepas en aan die hand van 'n toerisme-tekst ingeef word. Twee van die tien tekste word geassesseer met behulp van twee toetsies per tekst. Geen memorandum word aan die student voorsien nie. Agt van die tien tekste word geassesseer met behulp van twee selfstudie-opdragte per tekst. Dit word outomaties deur die sisteem nagesien en memorandums word ná voltooiing aan die studente gelewer.

5.1.3 Luistervaardigheid

Daar word verskillende komponente aangebied om blootstelling aan Nederlands geleidelik te verhoog sodat studente se uitspraak uiteindelik as aktiewe vaardigheid ook hierby kan baat. Die komponente word volledig geïntegreer as onderrig, selfstudie en ook assessering en dit sluit in:

- 'n Lys van klanke met 'n ouditiewe komponent.
- 'n Lys van grappies met klank, tekst en video-formaat.
- Musiek (met klank, video, tekst, oopsinoefening en spellingsoefening) – een liedjie per kunstenaar.
- Dialoogtemplate ('n tekst en 'n opname deur verskillende huistaalprekers).
- Films en hulp met toegang tot Nederlandstalige films met begeleide inhoudsvrae ter voorbereiding op die skryf van 'n persoonlike resepsie van twee films in Nederlands.

5.2 Aktiewe vaardigheid

Die komponente word in die drie onderskeie handleidings (“handleiding” in Afrikaans, “overzicht” in Nederlands, “course overview” in Engels) pertinent aangedui as selfnasion, onderrig en assessering. Elke komponent moet wel voltooi word alvorens die platform toegang tot die inhoud van die volgende afdeling verleen.

5.2.1 Uitspraak (leesvaardigheid)

Die onderrigmateriaal wat as passiewe vaardigheid gebruik word, byvoorbeeld klanke, woordelys (telwoorde, maande van die jaar, dae van die week), grappies en dialoog, word ook as uitspraakkomponent ingespan wanneer studente die geleentheid kry om hul eie uitspraak te kaats teen dié van verskillende moedertaalprekers (nie net die dosent/fasiliteerder nie). Studente moet

byvoorbeeld die grappietekste voorlees as uitspraak oefening ('n oudioformaat vir oefening word voorsien). Teen die middel van die kursus moet hulle eenvoudige dialoogtemplate (in teks en oudioformaat) kan gebruik as oefening (met die oog op rolspel in die klassituasie) alvorens hulle teen afdeling 12 so 'n langer dialoogtemplaai met oopspreekbeurte moet inlees en op die platform moet oplaa ('n oudioformaat vir die oefening word voorsien).

In afdeling 3 (waarin die tekste oor dorpe en stede handel) word daar van studente verwag om uit die teks waarop die vrae in die toetsies gerig is, twee sinne in hul eie stem op te neem en op die platform te laai. Die sin begin met: *“Ik wil graag naar ____ reizen, want ____.”* *“Ik heb grote interesse om ____.”*

Hierdie oefening berei studente voor op die laaste mondeling. Voor aanmelding vir die finale toets, moet studente 'n drie minute lange mondeling lewer in 'n kontakopsie na voorkeur van die fasiliteerder of in 'n video op die platform. Die mondeling moet handel oor 'n bepaalde plek/ke in Nederland en België wat die student graag wil besoek. (Dit is verkieslik om te hou by die tien dorpe en stede in die tekste wat verskaf is en die videomateriaal wat studente op die WhatsApp-groep oor die dorpe en stede gedeel het. Dit voorkom akademiese wanpraktyk en gee alle studente 'n gelyke kans.)

Studente wat hier goed vaar, word byvoorbeeld ook die laaste twee jaar aangemoedig om deel te neem aan die Nederlandse filmkompetisie vir vreemdetaalstudente.

Uitspraak van 'n vreemde taal is 'n belangrike vaardigheid op kompetensievlak aangesien mense buite die taalklaskamer studente (spesifiek vreemdetaalspreekers) se bepaalde uitspraak moet herken as Nederlands. 'n Steierwerkbenadering word gevolg met uitspraak- en luisterverwante kleiner opdragte wat toenemend kompleksere take van die studente vereis. Die eerste trap fokus op blootstelling en dus passiewe vaardigheid.

Die lys van uitspraakkomponente wat vir onderrig, selfstudie en assessering ingespan word, sluit in:

- Klanke
- Klankmatige woordelys
- Grappies
- Musiek
- Dialoogtemplate
- Toepassing (applikasie)
- Films
- Finale mondeling

5.2.2 Grammatika-toepassing (skryfvaardigheid)

Tekste is geselekteer en aangepas (met bronverwysing) waarop toetsies vir grammatikatoepassing geskep is. Agt van die tekste word met behulp van selfnasien hanteer (teks 1 tot 4 en 6 tot 9) en twee van die tekste se toetsies (nommer 5 en 10) word vir assesseringsdoeleindes nagesien. Dieselfde formaat van die toetsies word vir die eindtoets gebruik. Daar word van studente verwag om handgeskrewe notas van die grammatika-oorsig (wat tydens kontaklesings gemaak word) by te hou en in te lewer voor hul aanmeld vir die finale toets. Soos reeds genoem mag hulle die notas ook gebruik tydens kontaktoetse en kontakassesserings.

5.2.3 Begrip (tekste oor dorpe en stede, filmopdrag)

Daar is tekste geselekteer en aangepas (met bronverwysing) waarop toetsies vir begrip geskep is. Agt van die tekste word met behulp van selfnasien hanteer (teks 1 tot 4 en 6 tot 9) en twee van die tekste se toetsies (nommer 5 en 10) word vir assesseringsdoeleindes nagesien.

5.2.4 Skryfvaardigheid – vertaling en filmresepsie

Studente kry drie generiese kultuurverwante tekste om uit Nederlands te vertaal. Ná voltooiing word ’n memorandum vir selfnasien voorsien en in die kontakassessering word die vertaalopsies bespreek met spesifieke verwysing na die idioom van die doeltaal (Afrikaans) en die kulturele agtergrond en tydsaanduiding in die Nederlandse teks. As deel van die finale toets moet die studente ook ’n kort paragraaf skryf.

Daar word van studente verwag om twee Nederlandstalige films te kyk wat gekies moet word uit voorafgemagtigde titels via die dosent of uit die voorsiene titellys op die platform, en aan die hand van voorsiene inhoudsvrae ’n resepsieverslag in Nederlands oor die twee films voor te berei. Studente moet dan onder toesig, soos in kontakassesserings geld (of in die geval van beperkte kontaktyd, aanlyn vir kortleerprogramstudente) die pertinente toetsvrae oor die twee films in Nederlands beantwoord. Die assesseringsriglyn wat geld, fokus op begrip en inhoud en nie grammatikale korrektheid nie.

5.3 Oorhoofse struktuur

Die kursus bestaan uit 14 afdelings met ruimte vir skedulering per groep/instelling. ’n Akademiese kwartaal by die meeste Suid-Afrikaanse instellings

is ongeveer sewe weke lank en 'n semester 14 weke. Vir 'n kontakkursus kan skedulering dus met sewe weke en vier sessies per week voltooi word of 14 weke en twee sessies per week. Vir 'n volledige aanlyn kursus, kan die kursus tussen 14 tot 20 weke volledig voltooi word met drie aanlyn kontaksessies op vaste tye (voor afdeling 3, 8 en 13). Dit is juis so geskeduleer aan die begin van die formele grammatika-inhoud, die afhandeling van die afdeling oor die werkwoordstruktuur en voor die finale skriftelike toets. Studente moes dus ingevolge die steierwerk reeds die werk in die vorige afdelings voltooi het om toegang tot die materiaal vir die geskeduleerde kontakssessie te kan kry.

6. Ten slotte

Die steierwerk impliseer die volgende afdeling is gesluit en studente kan eers toegang daartoe kry indien die vorige afdeling se werk voltooi is. Dit verseker inskerping wat bou op die natuurlike proses van taalaanleer, vanaf passiewe vaardighede na toenemend aktiewe vaardighede.

Die kontinue selfstudie-oefeninge (in afdeling 3 tot 13) het ten doel om studente in elke afdeling bepaalde vaardighede te laat inoefen, maar om seker te maak dat dit wel gebeur, bly die volgende afdeling gesluit totdat die huiswerk van die vorige afdeling voltooi is. Studente kry 'n klein deelnamepunt vir elke opdrag.

Die oefeninge is gerig op die verwerwing van 'n vaardigheid aangesien die aanleer van 'n vreemde taal nie soos 'n inhoudsmodule gestruktureer word nie. Dit vereis die voortdurende besig wees van die student met die taal oor die verloop van die aantal weke gekoppel aan die instelling se kalender. Dié aktiwiteite plaas egter nie onnodige stremming op die fasiliteerder se tyd nie omdat verskeie oefeninge 'n deelname-hekkie insluit om te kan vorder en omdat talle opdragte 'n selfnasienkomponent bevat. Dit wat die fasiliteerder van die groep nasien met 'n vertroulike memorandum sluit die volgende in: uitspraaktoets 1, een van die dialoog oefeninge, die finale mondelinge video van drie minute, die filmresepsietoets van vyf vrae, twee van die tien begrips-, woordeskat- en grammatikatoets (van maksimum 20 punte in totaal) en die finale toets.

Die kontinue klein oefeninge en opdragte bevorder leer en selfwerkzaamheid van studente teen grootliks hul eie tempo. Die suksesvolle voltooiing van die kursus is 'n goeie basis vir die hantering van letterkundige tekste in Nederlands (vir Afrikaanse studente). Die voltooiing van die kursus maak suksesvolle afhandeling van die CNaVT-eksamen teen die koste van die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV (uit die basissubsidie aan Suid-Afrikaanse universiteite voorsien deur die Nederlandse Taalunie) moontlik. Al vier kommunikatiewe vaardighede naamlik luister, lees, skryf en

praat, is dus belangrik in die kursus aangesien dit ook deel uitmaak van die CNaVT-eksamen.

Die interaktiewe komponente en die tegnologies gesteunde komponente is gerig op 'n “low-tech”-omgewing tipies van Suid-Afrikaanse onderrigkonteks. Alle studente en alle Suid-Afrikaanse instellings het nie ewe veel toegang tot elektrisiteit, data en toerusting nie. Tén einde studente uit veral meer uitdagende sosiaal-maatskaplike kontekste nie uit te sluit nie, is die kursus so ontwerp dat studente alle ondersteuningsmateriaal (die leerinhoud) eenmalig kan aflaai en stoor. Voorts het studente die vryheid om teen 'n eie tempo binne die groter skedulering van die bepaalde groep (by hul instelling) hul werk in te handig.

Slegs die filmresepstoets en eindtoets word vir kampusstudente op die kampus van die instelling afgeneem om akademiese wanpraktyk te voorkom. Vir volledige aanlyn studente sal die twee assesserings op 'n bepaalde tyd en dag in oorleg met die studente afgespreek word ná voltooiing van al die oefeninge en huiswerk in die 14 afdelings, maar wel binne 20 weke nadat registrasie afgehandel is.

Die kursusstruktuur en onderrigmateriaal is saamgestel met insette van Nederlandse huistaalsprekers en ervare Nederlandstalige dosente om fasilitering in die Suid-Afrikaanse konteks – ook deur minder ervare fasiliteerders en fasiliteerders wat nie huistaal- of tweedetaalsprekers van Nederlands is nie – positief te laat inwerk op die kwaliteit van Nederlandse taalverwerwing. Ideaalgesproke moet die fasiliteerder wel die B2 CNaVT-eksamen reeds voltooi het. Dit vereis verdere inbou van die Taalunie in die Suid-Afrikaanse dosentekorps tans gemoeid met Nederlandse onderrig. 'n Groter impak op die lang duur kan via die Suid-Afrikaanse dosentekorps bereik word sodat 'n afhanklikheid van besoekende Nederlandse dosente toenemend teëgewerk word.

Besoekende Nederlandse dosente kan op basis van 'n eenvormige kursus (wat eiesoortige voorkennis impliseer) minstens vertrek vanaf 'n bepaalde minimum vlak van begrip van Nederlands wat betref Suid-Afrikaanse en Namibiese studente wat die vlak van Nederlandse taalverwerwing sal verhoog.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

Adendorff, E. 2012. Kompleksiteit in taakgebaseerde onderrig en leer van Afrikaans as tweede taal binne universiteitskonteks. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

- Basal, A.** 2015. The implementation of a flipped classroom in foreign language teaching. *Turkish Online Journal of Distance Education*, 16 (4): 28-37.
- Campana, K. en Agarwal, N.K.** 2019. The landscape of research on learning in low-tech environments. *Information and Learning Sciences*, 120 (11/12): 687-703.
- Dole, S. en Bloom, L.** 2009. Online Course Design: A Case Study. *International Journal for the Scholarship of Teaching and Learning*, 3 (1): 1-11.
- Krashen, Stephen.** 1982. *Principles and Practice in Second Language Acquisition*. Oxford: Pergamon Press.
- Moeller, A. J. en Catalano, T.** 2015. *Foreign Language Teaching and Learning*. In: Wright, J.D. (red.). *International Encyclopedia for Social and Behavioral Sciences*. Oxford: Pergamon Press. 327-332.
- Negoescu, A. en Boştină-bratu, S.** 2016. Teaching and learning foreign languages with ICT. *Scientific Bulletin*, 21(1): 25-31.
- Ngandeu, J.B.** 2020. Dealing with barriers to the integration of Computer Assisted Language Learning in an African Context: Is the TPACK framework enough? An analysis of ICT integration in a low-tech context. *Per Linguam*, 36 (2): 90-103.
- Persohn, L. en Kovak, J.** 2021. Offline Possibilities: Low-Tech and No-Tech Literacy Learning Anywhere. *The Florida Literacy Journal*, 2 (1): 33-38, Winter.
- Purushotma, R.** 2005. Commentary: you're not studying, you're just ... *Language Learning & Technology*, 9 (1): 80-96.
- Verbiest, A.** 2022. Hoorspel NT2: Maaik & Arno. NUT. Nederlandse en Vlaamse Universitaire Talencentra. <https://www.nut-talen.eu/blog/hoorspel-nt2-maaik-arno/>. (Datum van gebruik: 1 November 2023).

Note

1. Sien <https://www.nut-talen.eu/blog/hoorspel-nt2-maaik-arno/> vir meer oor hierdie hoorspel.

Surrealities teen die kolonialisme: “Die man met die swaar been” van Jan Rabie en “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” van Harry Mulisch

Andries Visagie

Surrealist challenges to colonialism: “The man with the heavy leg” by Jan Rabie and “What happened to sergeant Massuro?” by Harry Mulisch

This article presents a comparative analysis of two short stories: “Die man met die swaar been” (“The man with the heavy leg”) by Afrikaans author Jan Rabie (1956) and “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” (“What happened to sergeant Massuro”) by Dutch author Harry Mulisch (1957). Both authors use surrealist representations of two conflicted characters whose bodies turn as heavy as stone in their anti-colonial texts. The oppressive colonial practices of the Dutch and French forces in Dutch New Guinea and Indochina, respectively, inform the painful transformations that the protagonists must endure. While it is possible that Mulisch read one of the earlier versions of Rabie’s story in the Dutch journal De Gids, it is more likely that both authors were influenced by French existentialist writers Jean-Paul Sartre and Albert Camus. Henri Michaux’s work also served as inspiration for Rabie, who honed his writing skills during a stay in Paris from 1948 to 1955. This article investigates the possibility that Albert Camus’s influential essay “The Myth of Sisyphus” may have provided the basis for both Rabie and Mulisch’s stories about increasing bodily weight and apparent petrification. The rock that Sisyphus is doomed to push repeatedly up a hill seems to reappear in a later story by Camus, “La pierre qui pousse” (“The rock that grew”), translated into Afrikaans by Jan Rabie in 1961. The article demonstrates how surrealism and existentialism contributed to the development of anti-colonial writing in Afrikaans and Dutch long before the emergence of postcolonial theory.

1. Inleiding

In sy Magister-tesis van 1974 oor tendense in die Afrikaanse kortverhaalgenre wys P.A. du Toit in die verbygaan op die ooreenkomste tussen Jan Rabie se kortverhaal “Die man met die swaar been” uit sy bundel *Een-en-twintig* (1956) en twee tematies verwante kortverhale uit Europa. Eerstens vermeld hy “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” uit *De versierde mens* van Harry Mulisch (1957a) en tweedens “Die klip wat groei” (“La pierre qui pousse”) van Albert Camus (1961). Al drie verhale is in die jare vyftig van die vorige eeu gepubliseer en in al drie word ’n geskiedenis van koloniale oorheersing – onderskeidelik in Indo-China, Nieu-Guinee en Brasilië – opgeroep. Rabie, Mulisch en Camus hanteer in hulle verhale ook vergelykbare surrealistiese gegewens om die komplekse uitwerking van koloniale beheer voor te stel, naamlik ’n klaarblyklik

onverklaarbaar groeiende gewig, meestal gekoppel aan swaar gesteentes, wat die karakters in 'n eksistensiële krisis dompel. Dit is boonop Jan Rabie wat as vertaler *Die klip wat groei* van Camus in 1961 in Afrikaans die lig laat sien.

Die vraag wat ek wil ondersoek, is of dit moontlik is om van beïnvloeding te praat in 'n studie van die drie verhale, met nadruk op die surrealistiese verhale van Mulisch en veral Rabie. In watter mate het die skrywers van mekaar se werk kennis gedra en/of is die ooreenkomste tussen die verhale verklaarbaar as uitdrukkings in drie tale van 'n gedeelde literêre klimaat? Dit is verder insiggewend om die resepsie van hierdie tekste na te gaan. In die 1950's was die postkoloniale literatuurteorie nog nie beskikbaar vir kritici om verhale met 'n koloniale, antiekoloniale of postkoloniale inhoud behoorlik na waarde te skat nie. Die tydperk van die Koue Oorlog wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het, is gekenmerk deur gelokaliseerde vryheidsoorloë teen koloniale oorheersing. Hierdie geopolitieke stand van sake vind byna onvermydelik neerslag in die literatuur en word aangebied as literêre representasies van oorlog en soms meer spesifiek van die Koue Oorlog met die Verenigde State van Amerika en die destydse Sowjet-Unie as die twee groot rolspelers.

Die aanvanklike resepsie van Rabie en Mulisch se verhale blyk steeds bepalend te wees vir latere publikasies oor hierdie tekste en in my artikel probeer ek deur die lens van die postkoloniale teorie aspekte in die verhale wat voorheen nouliks kritiese aandag ontvang het, te belig. Ek besin dus hier oor die literêre omstandighede wat Mulisch en Rabie se verhale moontlik gemaak het en ek ondersoek die toegevoegde waarde wat die postkoloniale teorie vir 'n interpretasie van die verhale kan bied. Die artikel is ook 'n poging om die bestaande studies van “Die man met die swaar been” en “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” sinvol aan te vul. In hierdie vergelykende studie is “Die man met die swaar been” die swaartepunt van my ondersoek, maar ek is van mening dat 'n beskouing van die tekste van Mulisch en Camus asook die werk van die Franstalige skrywer Henri Michaux daartoe sal bydra om Rabie se verhaal binne 'n meer omvangryke en gedeelde ontstaansbodem te plaas. Maar eers volg enkele opmerkings oor die inhoud en die publikasiegeskiedenis van Rabie en Mulisch se twee hoogs gekanoniseerde tekste.

2. Oor die inhoud van die verhale

Beide verhale betrek die koloniale oorloë in Suidoos-Asië na afloop van die Tweede Wêreldoorlog en kan gereken word as antiekoloniale verhale en dus as vroeë bydraes tot die latere ontwikkeling van die postkoloniale literatuur in Afrikaans en Nederlands. In 1956 verskyn “Die man met die swaar been” in Jan

Rabie se invloedryke versameling prosatekste *Een-en-twintig* wat beskou word as die verhaelbundel wat die beweging van Sestig in Afrikaans aangekondig het. Een jaar later verskyn “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” in Mulisch se kortverhaalbundel *De versierde mens* in Nederland.

In albei verhale word een van die karakters oorval deur ’n onverklaarbare swaar gewig wat in hulle liggame manifesteer. In Rabie se verhaal stort ’n veteraan van die Franse magte in Indo-China, Jean Thomas, neer in die Luxemburgtuin in Parys. Die omstanders by die toneel bly merkbaar terughoudend in die bystand wat hulle aan Jean Thomas verleen. In Indo-China, vermoedelik tydens die Eerste Indo-Chinese Oorlog wat van 1946 tot 1954 gewoed het, het Jean Thomas tropiese siektes waaronder malaria opgedoen. Dit is klaarblyklik hierdie siektetoestand wat hom in die Luxemburgtuin oorval. Vir steun gryp die oudsoldaat na die been van een van die omstanders wat verder net as “die man” beskryf word. Dit is die been van hierdie man wat ná die aanraking van Jean Thomas ondraaglik swaar begin word.

Mulisch se verhaal gaan oor ’n soldaat in Nederlands-Nieu-Guinee wie se liggaam versteen tydens ’n ekspedisie in 1955 na ’n buitepos tydens die onafhanklikheidsoorlog in Nederlands-Indië wat kort ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het. In “Die man met die swaar been” is die verwysings na oorlog en koloniale besetting nouliks aanwesig, maar Mulisch maak dit wel baie duidelik dat sersant Heintje Massuro se verandering in loodsware klip op een of ander manier met oorlog te make het, spesifiek met die gewelddadige onderdrukking van die gekoloniseerde bevolking in ’n gebied wat tot 1962 die laaste restant van die voormalige Nederlands-Indië was.

Theo D’Haen (2002: 12) mag gelyk hê wanneer hy die begrip “postkoloniaal” reserveer vir literatuur wat ná die onafhanklikheidswording van die voormalige kolonies geskryf word deur skrywers wat voorheen onder die gekoloniseerdes getel is en hulle werk steeds in die tale van die koloniserende state lewer. Tog is dit noodwendig die geval dat die postkolonialisme ook die koloniale diskoers verreken aangesien koloniaal, antikoloniaal en postkoloniaal slegs binne ’n kontinuum sinvol bestudeer kan word. Die twee verhale van Mulisch en Rabie is, streng gesproke, tekste wat dateer uit die laaste jare van die Europese koloniale teenwoordigheid in Asië. Die verhale het weliswaar ’n antikoloniale inhoud, maar is uiteindelik die werk van twee outeurs wat volgens die meeste afbakenings nie geredelik as postkoloniale skrywers beskou kan word nie. As literêre tekste uit die oorgang van koloniaal na postkoloniaal vertoon “Die man met die swaar been” en “Wat gebeurde er met sergeant Massuro” elemente wat gereeld in die postkolonialisme druk bespreek word, naamlik die rol van geweld en die verwante kwessies van aanspreklikheid en medepligtigheid.

3. Invloede

Die ooreenkomste tussen die twee verhale is opvallend. Beide verhale bevraagteken die moraliteit van koloniale besetting in Suidoos-Asië met verstening en swaar gewig as surrealistiese of mitiese elemente wat die representasie van die vergrype van koloniale oorlogvoering na die domein van die simboliese uithef. Hierdie ooreenkomste lei my na die vraag of Mulisch en Rabie van mekaar se werk kennis gedra het. Alhoewel Rabie tydens sy verblyf verbintenisse met Nederlandse en Vlaamse outeurs in Parys tussen 1948 en 1955 onderhou het (Kannemeyer, 2004: 134), is daar geen aanduiding dat hy ooit vir Mulisch, wat in hierdie tyd in Nederland gewoon en gewerk het, ontmoet het nie. In sy *Paryse dagboek* is daar ook geen vermelding van Mulisch nie. Dit is egter moontlik dat Simon Vinkenoog of Rudy Kousbroek hom in Parys aangemoedig het om sy verhale aan die gerespekterde Nederlandse tydskrif *De Gids* voor te lê. Mulisch, wat later die redakteur van *De Gids* geword het, sou moontlik 'n vroeë weergawe van “Die man met die swaar been” in die 1951-uitgawe van die tydskrif kon teëgekom het. Die eerste publikasie van “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?”, het vier jaar later in 1955 in die tydskrif *Vandaag III* gevolg (Bax, 2015: 402).

Wat meer waarskynlik is as direkte wedersydse beïnvloeding, is dat ander tydgenootlike omstandighede in Wes-Europa in die 1950's op sowel die werk van Mulisch en Rabie ingespeel het. Die surrealisme met die fokus op die kreatiewe potensiaal van die onderbewuste en die beklemtoning van die krisis van die objek is een moontlike impuls in beide outeurs se werk. Die surrealiste het daarna gestreef om die oorweldigende en afstompende herhaling van die mens se ontmoetings met alledaagse objekte te deoutomatiseer en om die illusie dat enige iets buite hulle mag bestaan, te ondersoek. Hulle wou die evokatiewe potensiaal van objekte herstel, en dit sluit natuurlike voorwerpe soos klippe en rotse in wat aanvanklik weerbaarstig of onbeheerbaar mag voorkom. Soos Waldberg (1965: 85-86) in sy boek oor die surrealiste dit stel, wou hulle verder gaan as “the usually limiting consideration of the object's known life”.

Die surrealiste het hulle ook wel deeglik in die visuele kuns teen die kolonialisme verset. Tydens die Internasionale Koloniale Tentoonstelling in Parys in 1931 het Frankryk op enorme skaal die diversiteit aan hulpbronne en kulture onder hulle koloniale beheer uitgestal. Ander koloniale moondhede waaronder Nederland, België, Italië en Portugal het ook aan die tentoonstelling deelgeneem. As teenvoeter vir hierdie bedenklike tentoonstelling het die Kommunistiese Party met Sowjet-ondersteuning 'n kleiner tentoonstelling van stapel gestuur met die titel “Die waarheid oor die kolonies” met aandag vir die onderdrukkende praktyke wat met koloniale verowering gepaard gegaan het. Ten spyte van ideologiese

geskille tussen die surrealiste en die kommuniste het surrealistes soos Louis Aragon, André Breton, Paul Éluard en Tristan Tzara uiteindelik meegewerk aan die kleiner tentoonstelling van die Kommunistiese Party. Dit sou later geld as een van die eerste belangrike antikoloniale gebare in Europa al het die tentoonstelling destyds meer belangstelling by die Franse polisie as by die publiek uitgelok (Fein en Srinivasan, 2020).

Verder het sowel Mulisch (1994: 98, 102-105) as Rabie (1998) geskryfte nagelaat oor die literatuur en die eksistensialistiese filosofie van Jean-Paul Sartre en Albert Camus wat mettertyd met skatpligtigheid aan elemente uit die surrealisme ontwikkel het. In 1953 skryf Jan Rabie (1998: 275) byvoorbeeld in sy dagboek: “Ek weet nou dat Europa my geleer het dat ek dwarsdeur ’n aanvanklike estetisisme getas het na waarvoor ek eintlik bestem is: *l’engagement*”. Die verhaal “Droogte” in *Een-en-twintig* is ’n bekende voorbeeld van Rabie se betrokke kritiek op die verwydering tussen swart en wit mense tydens apartheid. In ’n praatjie met die titel “Ek het ’n droom, of ’n skrywer se evolusie” wat hy in 1990 lewer, vertel Rabie (2004: 201) dat hy een oggend in Desember 1949 wakker geword het met die verhaal “Droogte” kant en klaar in sy kop, en hy voeg by: “Van toe af was ek as skrywer ’n gevangene van apartheid. Ek kon omtrent niks meer skrywe sonder om die armsalige wond van apartheid te voel nie. Tot vervelens toe.”

Harry Mulisch se opmerkings in *Twee opgravingen* (1994: 98) oor Sartre se roman *La Nausée* werp enigszins lig op die vrees en ontsetting wat Massuro se verstening in sy verhaal oor Nederlandse beheer in Nieu-Guinee uitlok. Hy skryf dat indien Sartre ten minste een ding bereik het, was dit sekerlik sy herontdekking van die vergete aard van die vergete liggaam. Sartre was die eerste in sy generasie wat nie meer op ’n onverskillige manier die liggaam bloot as dekor of illustrasie uitgebeeld het nie, maar met afgryse na liggame in hulle volle skokkende transendensie en afsonderlikheid gekyk het. Met afgryse en weersin staar hy na boomwortels, na ’n klippie in sy hand, na sy eie hande, en na sy gesig in die spieël.

Die mees waarskynlike literêre invloed wat die gegewe van swaar gesteentes by sowel Rabie as Mulisch geïnspireer het, is Albert Camus se bekende teks *Le mythe de Sisyphe* (*Die mite van Sisifus*). Hierdie opstel wat in 1940 tot stand gekom het, is in baie opsigte die voorwerk vir Camus se latere boek *L’homme révolté* (*Die mens in opstand*). Die rots wat Sisifus keer op keer teen ’n heuwel moet uitstoot, net om telkens weer toe te sien hoedat die rots weer na benede rol, dien vir Camus as illustrasie van die absurde bestaan waarteen die mens hom verset selfs al besef hy dat elke vorm van verset sinneloos sal wees. Al wat vir Sisifus troos en sin bied, is die omgang met die rots self, die waardering vir die tekstuur van die rots en sy vereenselwiging met die rots sodat hy as ’t ware een met die rots word: “A face that toils so close to stones is already stone itself!” (Camus, 1955: 97) of

soos Eddins (2000: 71) dit stel: “the body of Sisyphus has taken on the nature of the earth and stone with which he struggles”. Sisifus se verstrengeling met die rots word lyflik voorgestel net soos by Heintje Massuro in “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” en by Rabie word die gewig van die “skraal man” se been vergelyk met die plaveiselstene waarop hy homself voortsleep. Hierdie man is net soos Sisifus en Massuro onderwerp aan ’n vergelykbare *reductio ad absurdum*. In Camus se latere verhaal wat Rabie in Afrikaans sou vertaal¹ as “Die klip wat groei”, keer die gegewe van die mens se worsteling met ’n rots terug as ’n eggo van *Le mythe de Sisyphe*.

Die politieke betrokkenheid waartoe Rabie hom verbind het in sy *Paryse dagboek* en Mulisch se nadenke oor die ontologie van dinge, objekte en die liggaam in *Twee uitgravingen* gee enkele blyke van die eksistensialistiese basis van hulle literêre verkenning. Die twee antikoloniale verhale wat ek hier bespreek, is geskryf tydens die Koue Oorlog wat in die 1950’s in die vorm van vryheidstryde in gekoloniseerde gebiede gewoed het, ook in Suidoos-Asië. Die neerslag van geopolitieke verwickelinge in “Die man met die swaar been” word verder duidelik indien die vroeë variante van die verhaal bestudeer word.

4. Die vroeë variante van “Die man met die swaar been”

Die eerste optekening van die gegewe wat later tot “Die man met die swaar been” sou lei, was op 8 Mei 1949 in Rabie se *Paryse dagboek* wat in 1998 deur Human & Rousseau in boekvorm uitgegee is. Hierdie weergawe plaas die gegewe stewig binne die konteks van die naoorlogse Parys en die koloniale bevrydingsoorloë wat ná die Tweede Wêreldoorlog uitbreek het. Die oudsoldaat, Jean Thomas, in “Die man met die swaar been” ly aan malaria wat hy in Indo-China opgedoen het. In sy insiggewende “oopmaakwoord” tot *Een-en-twintig plus*, ’n heruitgawe van Rabie se kortverhaalbundel saam met ’n aantal van die Engelse weergawes van die verhale, noem André P. Brink in 2000 dat die verhale in *Een-en-twintig* “deur die bank eers in Engels geskryf is – sodat hulle verstaan kon word deur sy Europese vriende, en veral deur Marjorie Wallace wat weldra sy vrou sou word. Die hele vernuwing van die Afrikaanse prosa het met ander woorde in Engels begin!” (Brink, 2000: 9). Brink dui aan dat hy “The man with the heavy leg” met die oog op die saamstel van *Een-en-twintig plus* nooit kon opspoor nie. Die tikskrifweergawe van die verhaal in Engels het later wel in die Jan Rabie-versameling van die Stellenbosse universiteitsbiblioteek beland en is uiteindelik deur J.C. Kannemeyer opgeneem in sy bundeling van ongepubliseerde tekste deur Rabie met die titel *Hutspot* (Rabie, 2003: 127-129). In my verslag oor die wording van “Die man met die swaar been” sal ek later verder daaroor uitwei.

Die eerste konsep van die verhaal in Rabie se dagboek is wel in Afrikaans opgeteken as deel van 'n langer inskrywing met indrukke van die nag van 8 Mei 1949 tydens die oorwinningsdagvieringe in Parys om die einde van die Tweede Wêreldoorlog vier jaar vantevore te gedenk. Ria Smuts (1997: 104) skryf dat Rabie haar vertel het dat hy sy verhaal gebaseer het op 'n episode waarvan hy die getuie was tydens sy verblyf in Parys. Wat opval omtrent die dagboekinskrywing is die selfbewuste manier waarop die agt-en-twintigjarige Rabie oor homself skryf, naamlik as “Jan R., 'n klein verwarde romantikus” wat “nagmyle” oor Parys storm “op soek na een om te bemin” (Rabie, 1998: 133). Hy sluit hom later aan by die geselskap van Silvio Rey, 'n voormalige wiskunde-onderwyser wat in 1948 'n boek met naakfoto's van vroue met die titel *Aphrodite, photos de nu* in Parys gepubliseer het. Rabie (1998: 134) sluit die inskrywing gevul met stadsindrukke van 'n nag met feesvierings, vuurwerke, drank en straatvroue af met die volgende sin: “Om 2-uur in sy kamer stoot Jan R. pen. Die nag is somer en onpersoonlik; woorde is geheel en al kunsmatig”. Dit wil voorkom asof Rabie hom hier probeer voorstel as 'n boheemse kunstenaar en skrywer in wording in Parys. Die optekening van die toneel wat later 'n verhaal sou word, is dan ook reeds bewustelik literêr. Een voorbeeld is die beskrywing van die hande van die sterwende man langs die tralies van die Luxemburgtuin wat op die grond val “met fladderende bewegings wat herinner aan 'n sterwende mot of 'n vlinder gepen op 'n versamelaar se speld” (Rabie, 1998: 132). Hierdie woorde sou in *Een-en-twintig* verdig word tot: “Die handpalms val oop en tril soos motte sterwend onder die spelde van 'n insekversamelaar” (Rabie, 2000: 21).

J.C. Kannemeyer (2004: 211–212) merk op dat “Die man met die swaar been” sowel op hierdie persoonlike ervaring in Mei 1949 as 'n koerantberig wat daarna verskyn het, gebaseer is. Dit is egter onduidelik presies watter koerantberig hier ter sprake is. Vir die doeleindes van my studie van die ontstaan van die verhaal en die interpretasie wat ek daarvan gaan waag, noem ek nog enkele aspekte in verband met die dagboekinskrywing op 8 Mei 1949. In hierdie eerste optekening van die verhaalgegewe ontbreek nog die affektiewe, surrealistiese slotparagrafe van die verhaal soos dit uiteindelik in *Een-en-twintig* sou verskyn. Die omstander aan wie se been die oudsoldaat Jean Thomas sou vasklou in sy nood, is reeds aanwesig maar daar is nog geen vermelding van 'n been wat swaar word nie. Die toneel word soos volg in die dagboek afgesluit:

Toe polisie en ambulans kom, is sy simpatie direk soos dié van 'n dier; hy buk oor plek waar man gelê het en kyk of daar nie bloed is nie en sy neusvleuels rek om te ruik. Al die omstaanders was ongeroerd, behulpsaam sonder vertoon, mense wat veel dood en pyn gesien het: Europeërs. (Rabie, 1998: 133).

Die opmerking oor die Europeërs “wat veel dood en pyn gesien het” hou verband met die konteks van oorwinningsdag wat in *Een-en-twintig* sou wegval. Die dagboekinskrywing wat ook reeds eksplisiet die oudsoldaat se betrokkenheid by die oorlog in Indo-China aangee, is uit die aard van die genre van die dagboek tydruimtelik heel presies. Ek wil egter beweer dat hierdie kontekstuele gegewens in die dagboek die moontlikheid versterk om die verhaal te lees as meer as net ’n surrealistiese of ekspressionistiese vingeroefening. Ek is dit eens met Sonja Loots en Steward van Wyk wat in hulle voorwoord tot hulle bloemlesing *Die nuwe Afrikaanse prosaboek*, saamgestel met *Een-en-twintig* as inspirasie, skryf dat Rabie se verhale “soms absurde, soms filosofiese, soms politieke ‘prosas’” is (Loots en Van Wyk, 2019: 11) en ek wil verder beweer dat ’n verhaal soos “Die man met die swaar been” al hierdie genoemde elemente insluit.

Op 28 Januarie 1950 skryf Jan Rabie (1998: 202) in sy dagboek dat hy ’n plan het vir ’n prosagedig wat hy “The man with the heavy leg” noem en J.C. Kannemeyer (2004: 212) skryf in sy biografie *Jan Rabie. Prosapionier en politieke padwyser* dat “Die man met die swaar been” kort hierna in Februarie 1950 ontstaan het. Op 31 Oktober 1950 stuur hy agt “prosas” in Afrikaans na Gerrit Kouwenaar met die oog op publikasie in Nederland (Rabie, 1998: 230). In Parys ontmoet Rabie ’n aantal Nederlandse en Vlaamse skrywers, naamlik Simon Vinkenoog, Kouwenaar, Lucebert, Rudy Kousbroek, Hans Andreus en Hugo Claus (Kannemeyer, 2004: 194) wat as die Vijftigers bekend sou word. Vermoedelik danksy die bemiddeling van Kouwenaar word “Die man met die swaar been” in Afrikaans saam met vier ander verhale wat later deel van *Een-en-twintig* sou uitmaak in die Maart-Augustus-uitgawe van 1951 van *De Gids* gepubliseer. Die variant wat in *De Gids* verskyn, dra weliswaar reeds die titel “Die Man met die swaar Been”, maar die twee slotparagrafe ontbreek nog steeds net soos dit in die aanvanklike optekening in Rabie se *Paryse dagboek* die geval was.

Met die publikasies in *De Gids* kan ’n mens dus benewens André P. Brink se opmerking dat die aankondiging van die Sestiger-beweging in Engels ’n aanvang geneem het, konstateer dat hierdie proses ook danksy Nederlandse bemiddeling tot wasdom gekom het. Die variant in *De Gids* van “Die man met die swaar been” lei tot ’n hele aantal vrae, veral as ’n mens dit vergelyk met die ongepubliseerde en ongedateerde Engelse variant (in tikskrif met annotasies in blou ink) wat in die Stellenbosse universiteitsbiblioteek bewaar word. Die Engelse variant beskik wel oor die slot waarin die man met die swaar been verdwaas sy weg deur die stad probeer vind. Die tikskrifweergawe bevat in die slot ook ’n aantal deurstrepte sinne wat nie in Afrikaans in *De Gids* of later in 1956 in *Een-en-twintig* sou verskyn nie. My vermoede is dat “The man with the heavy leg”, die langste en mees verduidelikende weergawe onder al die variante, wel direk op

die dagboekweergawe gevolg het, maar dat Rabie sy Afrikaanse weergawe vir *De Gids* verkort het en op 'n later stadium weer dele van die surrealistiese slot uit die Engelse variant in die Afrikaanse vertaling teruggeplaas het soos dit uiteindelik ook in *Een-en-twintig* gepubliseer is. In *De Gids* is dit slegs die titel “Die Man met die swaar Been” wat die leser hoegenaamd op die gewig van die omstander se been attent maak. Vermoedelik was Rabie later van mening dat hierdie subtile sleutel in die titel die leser nie voldoende affektief by die verhaal sou betrek nie en het hy dus die meer beliggaamde en verduidelikende gegewe van die al hoe swaarder wordende been teruggeplaas. Ondanks al hierdie herskrywingspogings het D.J. Opperman in 1953 as redaksiesekretaris van *Standpunte* “Die man met die swaar been” vir publikasie afgekeur en vir Rabie geskryf dat hy die “prosas” in *De Gids*, spesifiek “Die padda en die maan”, beter gevind het (Kannemeyer, 2004: 216).

Jan Rabie se mede-Sestigter, André P. Brink, beskryf ouer kritici in Afrikaans se aanvanklike resepsie van *Een-en-twintig* as huiwerig in teenstelling tot sy eie oorstelpde reaksie oor die bundel:

Maar die jongeres het dit byna onmiddellik geëien as iets so radikaal nuuts dat die Afrikaanse prosa net nooit weer dieselfde as vroeër kon wees nie. Sal ek ooit vergeet hoe 'n vriend my op 'n dag in 1956 stormgeeloop het met die dun geel bundeltjie in die hand en gesê het: “Gaan koop nou vir jou een. Dis ongelooflik.” En hoe ek terstond na die boekwinkel gery het om vir my ook een te koop, en sommer in die ry op my fiets begin lees het. En die aand nie eens gaan eet het nie maar eenvoudig uitasem bly lees het tot daar niks meer oor was nie – en toe weer van voor af begin het. Eers vyf jaar later het Van Wyk Louw (in weerwil van 'n hele paar bedenklieke mistastings) in *Vernuwing in die prosa* die stempel van sy gesag daarop geplaas. Van toe af staan dit as die onmiskenbare baken van een van die mees radikale stroomverleggings in die Afrikaanse literatuur. (Brink, 2000: 14-15).

Vir Louw was die eksperimentele prosa in *Een-en-twintig* 'n rigtingwyser uit die doodloopstraat van die gemoedelike lokale realisme wat die Afrikaanse prosa voor Sestig gekenmerk het. Oor “Die man met die swaar been” skryf Louw (1986: 159) bondig: “Méér as goed: uitstekend. Een van die klein aantal fantastiese verhale wat ook as simbool (nie allegorie!) goed is.”

5. “Die man met die swaar been” as antikoloniale verhaal

Hoewel talle kritici in Suid-Afrika sedert die 1950's oor “Die man met die swaar been” van Rabie geskryf het, is dit net Uys Krige (1956: 7) en André P. Brink (1977: 20-21) wat enigsins in die rigting van 'n moontlike antikoloniale interpretasie van die

verhaal beduie het. Die postkoloniale teorie het nog ver in die verskiet gelê en kritiek het konsekwent Rabie se verhaal as 'n eksistensialistiese verhaal met Christelike ondertone van skuld en verpligting teenoor die medemens geïnterpreteer.

Die belang van Indo-China (vandag bekend as Viëtnam, Laos en Kambodja) wat genoem word as die oorsprong van die siekte waaraan Jean Thomas gely het, is vir my die vertrekpunt in my interpretasie van die verhaal. Jean Thomas was 'n soldaat in die Frans-Indochinese Oorlog wat in 1946 uitgebreek het nadat die Franse opnuut besit van Indo-China geneem het ná die Japannese besetting van die land tydens die Tweede Wêreldoorlog. In die noorde van Indo-China het die Viëtminh-troepe onder die leierskap van die vryheidsvegter Ho Chi Minh met die steun van die Volksrepubliek China teen die Franse besetters geveg om hulle onafhanklikheid te verkry. Die Franse het te staan gekom teen die krag van die Viëtminh wat kon reken op wye steun van die landelike burgerlike bevolking (Ruane, 1998: 20-21).

In 'n poging om die nasionalisme van Ho Chi Minh te stuit, het die Franse in 1949 'n soort regering in Viëtnam tot stand gebring wat sou inhou dat die land onafhanklik sou word, maar steeds deel van die Franse Unie sou bly. Sodoende sou Frankryk steeds beheer oor die Viëtnameese ekonomie, die buitelandse beleid asook die verdedigingsbeleid van die land behou. Die leier van hierdie regering in die suide van die land was die Viëtnameese adellike Bao Dai wat nie naastenby op die steun wat Ho Chi Minh in veral die noorde van Viëtnam geniet het, kon aanspraak maak nie (Ruane, 1998:22). Die vryheidstryd van die Viëtminh is voortgeset en die Franse magte het een nederlaag ná die ander gely sodat die Franse bevolking sterk begin twyfel het aan die wenslikheid van 'n voortgesette teenwoordigheid in Viëtnam. Die slag van Dien Bien Phu in 1954 was 'n klinkende oorwinning vir die Viëtminh en het die begin van die Franse se onttrekking uit Viëtnam ingelui. Met die bemiddeling van die Verenigde Nasies is Viëtnam verdeel in 'n noordelike kommunistiese gesinde republiek onder die leierskap van Ho Chi Minh en 'n keiserryk in die suide wat die Weste goedgesind sou wees (Ruane, 1998: 30, 34). 'n Paar jaar later het die twee Viëtnameese state egter opnuut teen mekaar oorlog verklaar en die VSA het toe in 1959 troepe na Viëtnam gestuur om die suide teen die kommunistiese noorde te beskerm. Van den Doel (2000: 352-355) vind talle ooreenkomste tussen die Franse hantering van die konflik in Viëtnam en die Nederlanders se pogings in dieselfde tydperk om 'n greep op die voormalige Nederlands-Indië te behou met Nieu-Guinee as die laaste deel van die gebied wat tot 1962 onder Nederlandse beheer sou bly. Sowat 60 000 Franse soldate het uiteindelik in Viëtnam gesneuwel teenoor die sowat 2 500 Nederlandse soldate wat in die koloniale oorlog in Nederlands-Indië hulle lewens verloor het (Van den Doel, 2000: 355).

Indien ons “Die man met die swaar been” as ’n kritiese verhaal oor Europese koloniale betrokkenheid lees, word dit moontlik om die teks as ’n voorbeeld van Rabie se ontlukende literêre betrokkenheid te beskou. Die onwilligheid van die omstanders om deel te neem aan hierdie “dikwels-herhaalde toneel” van ’n man wat in die strate van Parys inmeekaarsak, kan moontlik ’n aanduiding wees van die onbereidwilligheid van die Franse nasie om die ongeregtheid van die oorlog wat hulle gevoer het om die onafhanklikheidstrewes van ’n ander nasie wat deur hulle gekoloniseer is, in die oë te kyk. Hulle verkies om afsydig te bly en om nie aan enige medepligtigheid oorweging te skenk nie. Die teken van hulle betrokkenheid by die oorlog word egter in die gedaante van Jean Thomas en sy siekte in hulle midde vergestalt en dit eis van hulle om hul medepligtigheid te erken en om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. As hulle voortgaan om hul aandeel aan koloniale onderdrukking te ontken, sal die tekens van hul weiering om met hulle skuld in die reïne te kom, waarskynlik weer keer op keer verskyn en bloot van vorm verander, net soos die simptome van malaria by Jean Thomas in die vorm van die swaar been by die skraal man (die een persoon wat uiteindelik wel bereid lyk om die volle implikasies van die onverwerkte sweer in die kollektiewe psige van die Franse volk in oorweging te neem). Teen die einde van die verhaal is dit die skraal man wat alleen die swaar las van onverwerkte nasionale skuld en apatie moet dra.

Om die kwessie van skuld by sy lesers met ’n Christelike agtergrond tuis te bring, wend Rabie hom tot die bekende gegewe van gewig wat ’n liggaamlike (skuld)las vir die mens word net soos die kruis wat Jesus op sy skouers moes neem as versinnebeelding van die sondelas van die mensdom. Die naam Jean Thomas (Johannes Thomas) herinner verder ook aan die name van twee van Jesus se dissipels en die enigszins Bybels-formele woord wat Jean Thomas by herhaling uiter, naamlik “medelye”, roep eweneens die Christelike gegewe van vergifnis en erbarming op. Die lig van die ambulans wat soos “kosmiese vuur” lyk, moedig die leser verder aan om die gebeurtenisse in die Luxemburgtuin binne ’n breër verband te takseer wat die globale en ook die eksistensiële betrek.

6. Jan Rabie en die werk van Henri Michaux

Tot dusver het ek probeer om die ontwikkeling van “Die man met die swaar been” na te trek vanaf die eerste kiemstel in 1949 in Rabie se *Paryse dagboek* gevolg deur die Engelse weergawe van die verhaal (vermoedelik uit 1950) en daarop die baie kort weergawe in Afrikaans in *De Gids* van 1951 tot en met die publikasie van die teks in die kortverhaalbundel *Een-en-twintig* in 1956. H.P. van Coller bespreek in ’n artikel “Tekswysigings en outorisering: oor ‘foute’ in ‘Die man met die swaar

been” die kleiner veranderinge wat die verhaal ná 1956 in die heruitgawes van die kortverhaalbundel deurgemaak het. Sy artikel bied ook ’n volledige samevatting van die publikasies wat al oor die verhaal en oor *Een-en-twintig* die lig gesien het en hy merk op dat “min literêre werke in Afrikaans konstant soveel aandag ontvang het van literatore” (Van Coller, 2002: 212-213).

Rabie se verhale dra onmiskenbaar die tekens van die sosiohistoriese en literêre klimaat waaruit dit kort ná die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het. In my rekonstruksie van die historiese en literêre invloede wat bepalend was vir “Die man met die swaar been” vind ek aansluiting by kritici soos Brink (2000), Kannemeyer (2004), Van Coller (2002) en ook die digter Uys Krige (1956) wie se inleiding tot *Een-en-twintig* belangrike kontekstuele inligting oor Rabie se werk bevat. Ontwikkelings in die literatuurwetenskap sedertdien stel my ook in staat om terugskouend hier en daar in my interpretasie van die teks ’n skerper of andersoortige lig op “Die man met die swaar been” te werp.

In sy dagboek lewer Jan Rabie gereeld verslag van die boeke wat hy in Parys gelees het. Op 28 Januarie 1950 merk Rabie op dat hy veral aanklank vind by die prosagedigte van die digter en skrywer Henri Michaux. Die fantasie en galgehumor van Michaux is veral vir Rabie aantreklik en hy merk in dieselfde dagboekinskrywing op dat hy ’n plan opgetrek het vir “The man with the heavy leg” (Rabie, 1998: 201-202). Kannemeyer (2004: 260-261) gaan in op die polemieks tussen Kees Greshoff en Peter Blum nadat eersgenoemde vir Rabie afwysend “die Afrikaanse seun van Henri Michaux” genoem het. ’n Oorsigtelike studie van die werk wat Michaux tot en met die 1950’s gelewer het, lei gou tot insiggewende gevolgtrekkings oor die invloed wat hierdie skrywer op die veel jonger Jan Rabie uitgeoefen het al is dit onwaarskynlik dat hulle ooit ontmoet het. Die prosagedigte van Michaux toon ooreenkomste met die aard van veral die korter prosagedigte in *Een-en-twintig*. Inhoudelik is daar ook raakpunte al is dit duidelik dat Rabie gereeld die behoefte ervaar het om wyer kontekstuele resonansie te soek as wat by Michaux die geval was met sy kenmerkende fokus op die avontuurlike affektiewe beleving van individuele subjekte.

In sy inleiding tot *Een-en-twintig* ondersoek Uys Krige Rabie se skatpligtigheid aan Franstalige beoefenaars van die prosagedig oftewel die *poème en prose* en hy noem ook spesifiek die werk van Henri Michaux. Hy omskryf die prosagedig as tussenvorm soos volg: “Byna altyd is dit ’n vinnige, vurige vertolking van ’n enkele stemming of siening, of van ’n enkele gevoel of gewaarwording; en as dié siening, gevoel of gewaarwording meervoudig word, het dit tog ’n sekere beperktheid of ingeslotenheid en ’n liriese inslag wat meer aan die gedig laat dink as aan die skets of verhaal” (Krige, 1956: 10). Krige (1956: 11) kom tot die gevolgtrekking dat daar by Rabie geen teken van “blote navolging of epigonisme

is nie” en hy is van mening dat Rabie die vorm sy eie gemaak het. Inhoudelik is dit wel duidelik dat Rabie se soms verlore en verdwaasde karakters in *Een-en-twintig* in baie opsigte herinner aan Henri Michaux se karakter Plume wat Durrell (2018: xiii) aanskoulik beskryf as ’n “hapless little character who couldn’t get things right however much he tried. He was a true child of the absurd and was at once recognised as a sort of proto-Chaplin figure, panting for oxygen.”

Alhoewel “Die man met die swaar been” poëtiese elemente bevat en net sowat twee en ’n half bladsye lank is, is dit eerder die selfs korter tekste in *Een-en-twintig* waaronder “Drie kaalkoppe eet tesame” wat sterker voldoen aan die verwagtinge wat aan die prosagedig gestel word. Trouens, Henri Michaux se skriftelike mymeringe oor die drie mansliggame in een van sy eie potloodsketse, herinner (in David Bell se vertaling) aan die drie monsteragtige kaalkoppe in Rabie se bekende prosagedig. Michaux se teks begin soos volg:

These are apparently three men; each man’s body, his whole body, is encumbered with faces; these faces shoulder each other and sickly shoulders tend toward cerebral and sensitive life.

Even the knees are trying to see. This is not a joke. At the price of all stability, they have considered turning themselves into mouths, nose, ears and above all turning themselves into eyes; desperate sockets taken from the kneecap. (Michaux, 1994: 52)

Die liggaam was vir Michaux voortdurend ’n fokuspunt in sy werk. Ander verhale van Michaux wat soos “Drie kaalkoppe eet tesame” afspeel in restaurante of verwysings na bisarre ontliggaamde koppe bevat, is byvoorbeeld “Plume at the restaurant”, “The Yanking Off of Heads” en “The Guest of Honor at the Bren Club” soos in Engels vertaal deur Richard Sieburth in *A Certain Plume* (Michaux, 2018). Die karakter Plume word dikwels uitgebeeld as ’n figuur wat in ’n soort slaaptoestand sonder enige beheer afwentel na ’n liggaam en ’n identiteit wat verstrooi is in verskillende fragmente en opgebreekte objekte (Sieburth, 2018: 220). Oor sy gereelde terugkeer na die ontliggaamde koppe van menslike en niemenslike wesens het Michaux byvoorbeeld opgemerk dat hy in alle onvoltooide dinge koppe raaksien. By alle vlocibare dinge wat tot stilstand gebring word, sien hy ’n transformasie in ’n kop (Sieburth, 2018: 220).

Die gepynigde liggaam meld hom sonder ophou aan tydens selfbewuste verstandelike aktiwiteit. By Michaux is daar gereeld die samespel van sowel die fisieke ontwrigting wat deur siekte en pyn veroorsaak word as die ontologiese onstabiliteit wat voortspruit uit ’n onvoldoende gewaarwording van verankering in die liggaam (Bowie, 1973: 7). By die man met die swaar been is daar ’n vergelykbare ervaring van die liggaam, maar anders as gewoonlik by Michaux wat in sy sekure fokus op die self daarna gestreef het om alle eksterne invloede, hetsy

histories, maatskaplik of religieus van aard, uit te skakel, is Rabie se verhaal wel sterk gekoppel aan die plek en die tyd wat die liggaam op 'n betrokke manier met die aktualiteit verwickel.

Wat verder sowel by Rabie as Michaux aanwesig is, is die liggaamlike ervaring van intensiteite wat die affektiewe beleving onderlê (vergelyk Clough, 2012: 23). Met ontsetting konstateer Michaux dat die belewende liggaam verstrooi kan raak in die objekte wat dit omring. Vergelyk die volgende bekende reëls wat Michaux in 1935 geskryf het, lank voordat 'n affekteoretikus soos Brian Massumi in navolging van Deleuze en Guattari bekendheid vir sy werk verwerf het:

Ek het allerhande dinge geword: veral miere wat eindeloos voortbeweeg in 'n ry, arbeidsaam en tog met huiwering. Dis 'n waansinnige beweging. Dit het al my aandag geveeg. Weldra begin ek waarneem dat ek nie net miere is nie, maar ook hul pad. Hoe bros en stowwerig dit ook al was, het dit tog hard geword en my lyding was afgrysig (Michaux aangehaal deur Bowie, 1973: 3 – cie vertaling).

Michaux, wat soms met die surrealisme verbind word, was weliswaar soos Rabie self aangedui het 'n noemenswaardige inspirasie vir hom toe hy van 1948 tot 1955 in Parys gewoon het, maar hy is ook baie sterk deur die denke van die Franse eksistensialiste, spesifiek Albert Camus en Jean-Paul Sartre, beïnvloed. Alhoewel dit belangrik is om in gedagte te hou dat Rabie se werk nie 'n blote nabootsing van eksistensialistiese idees is nie, is dit tog nuttig om die belangrike konsepte wat die eksistensialiste ontwikkel het in oënskou te neem en om na te dink oor die maniere waarop hul idees in die verhale van Jan Rabie neerslag gevind het. Ek wei dus vervolgens kortliks uit oor die absurde, die mens in opstand en betrokkenheid as belangrike konsepte wat in die eksistensialisme ontwikkel het.

7. Eksistensialisme: die absurde, die mens in opstand en betrokkenheid

Volgens Albert Camus is die absurde 'n toestand wat voortkom uit die besef dat die rede bepaalde beperkinge het. In baie opsigte kan die rede nie bevredigende antwoorde vir die bestaan bied nie en die skandaligheid omtrent hierdie mislukking van rasonale verduidelikings is dat dit as regverdiging dien vir die aangryping van geloof in dit wat irrasioneel is (insluitend geloof in die Christelike God). Vir Camus (1955: 24) is die teenstrydigheid wat vir die absurde verantwoordelik is aan die een kant die mens se drang na eenheid en deursigtigheid en, aan die ander kant, die onoorkomelike ondeursigtigheid, ondeurdringbaarheid en diversiteit van die wêreld. Die absurde spruit voort uit hierdie konfrontasie tussen die

menslike behoefte aan helderheid en die onredelike stilte van die wêreld (sien ook Weyembergh, 2009a: 8). Uiteraard is hierdie sekulêre denkwyse aan die hier en nou op aarde verbonde en vra dit om 'n groter sin vir verantwoordelikheid. Die onsterflikheid van die siel word nie meer onderskryf nie sodat die mens nou nie meer oor die geleentheid beskik om sy swaartepunt na die hiernamaals te verskuif nie. Kortom, die absurde is die dilemma van die verstanende mens sonder enige toevlug meer tot boaardse oplossings binne 'n leefwêreld wat konsekwent onverstaanbaar bly (Camus, 1955: 13; Degenaar, 1966: 18).

Die absurde, wat op verskillende maniere ervaar kan word, naamlik as 'n bewussyn van 'n meganiese manier van lewe wat deur roetine gereguleer word of as 'n gevoel van isolasie van ander mense, mag 'n mens oorhaal om jou tot passiewe nihilisme of selfs selfdood te wend. Camus verwerp albei hierdie opsies en spreek eerder 'n voorkeur vir aktiewe nihilisme uit. Die aktiewe nihilis is die held van die absurde wat daartoe in staat is om met intensiteit, energie en met 'n sin vir avontuur op te tree al besef hy dat al sy dade van verganklikheid en nuttelosheid deurdrenk is (Degenaar, 1966: 28; Weyembergh, 2009a: 9). In *Die mite van Sisifus*, wat ook opklink in "Gesprek onder 'n donker maan" in *Een-entwintig*, stel Camus (1955: 99) Sisifus as 'n voorbeeld van 'n held van die absurde voor wat teen die gode rebelleer wat hom daartoe verdoem het om keer op keer 'n rots na die kruin van 'n berg te stoot. Hy besef dat sy taak nutteloos is omdat die rots telkens weer ondertoe sal rol, maar hy is nogtans gelukkig en tevrede omdat sy fisieke inspanning in sy hantering van die rots sy poort na vreugde is. Verder ervaar hy elke kolletjie op die rots bewustelik in al sy sinnelikheid sodat dit 'n onuitputlike heelal van gewaarwordinge word:

Sisyphus teaches the higher fidelity that negates the gods and raises rocks. He, too, concludes that all is well. This universe henceforth without a master seems to him neither sterile nor futile. Each atom of that stone, each mineral flake of that night-filled mountain, in itself forms a world. The struggle itself towards the heights is enough to fill a man's heart. One must imagine Sisyphus happy. (Camus, 1955: 99)

Deur skeppend te wees, gee die held van die absurde vorm aan sy noodlot. Vir Camus is kreatiwiteit die enigste draaglike manier om in die woestyn van 'n onverstaanbare wêreld te lewe (Degenaar, 1966: 29; Weyembergh, 2009a: 10). So ook put Sisifus vreugde uit sy werksaamheid teen die berghang al lyk dit van buite kwalik asof hy met skeppende handelinge besig is. Sy vereenselwiging met die rots en die berg kan verder gesien word as 'n keuse vir 'n radikale immanensie (Verhoef, 2014: 543) waaruit hy sy geluk in die gegewe absurde bestaan sonder 'n erbarmende godheid put.

Sisifus se reaksie op die absurditeit van sy situasie is om teen die wêreld en die omstandighede waarbinne die mens hom bevind, in opstand te kom. Alhoewel Camus se denke oor opstand veral duidelik uiteengesit word in *L'homme révolté* (*Die mens in opstand*) van 1951 is dit goed moontlik dat Jan Rabie reeds voor hierdie datum kennis geneem het van Camus se gedagtes oor opstand in voorstudies soos “Remarque sur la révolte” (“Opmerkings oor opstand”) wat in 1945 verskyn het of die toneelstuk *Les justes* (*Die regverdiges*) wat teen die einde van 1949 vir die eerste keer opgevoer is (Bakker, 1966: 146 en 156).

Opstand word met helder denke, vryheid en hartstog uitgevoer en dit spruit voort uit die absurde. Die opstand bied nie enige troos nie en dit rig geen appèl tot enige transendente mag nie. Al wat daar is vir die mens in opstand is die voortdurende poging om met behulp van sy geheue en sy suiwer deurstellingsvermoë die opeenvolging van sy eie dade en optrede (byvoorbeeld deur skeppende werk) in ’n storie, ’n “mite”, om te sit, dit wil sê om daaruit vir hom ’n roeping te skep ondanks die helder besef dat dit alles tot die hier en die nou beperk sal bly en dat dit nooit tot die vooruitsig op ’n môre of ’n oormôre of ’n hiernamaals kan lei nie (Weyembergh, 2009b: 782).

Die Tweede Wêreldoorlog het Camus gedwing om die reikwydte van sy denke oor die mens in opstand uit te brei na die rol van opstand binne die solidariteit wat mense saambind. Hy het die bekende uitspraak van Descartes, *cogito ergo sum* (Ek dink daarom is ek), herbewoord as *Ek rebelleer daarom is ons* (“Je me révolte, donc nous sommes”) ten einde uitdrukking te gee aan die gemeenskapsin wat hy met die konsep van opstand in die oog gehad het (Weyembergh, 2009b: 783). Waar die absurde uitdrukking gee aan die mens se verhouding met die wêreld, is opstand die mens se poort tot gemeenskaplikheid; die mens tree buite homself om ander mense in ’n verhouding van solidariteit te ontmoet (Degenaar, 1966: 33). Lyding word beleef as ’n gemeenskaplike ervaring en daarom is opstand, wat juis hierdie gedeelde ervaring van lyding as vertrekpunt het, ook daarop gemik om ’n gemeenskaplike doel te bereik. Die opstand moet konsekwent die mens se waardigheid respekteer en moet strewe na die waarde gekoppel aan individuele vryheid. Opstand moet die mens van die geskiedenis en al die ideologieë in die geskiedenis wat menslike waardigheid aangetas het net om dit aan onmenslike sisteme en idees te onderwerp, bevry (Degenaar, 1966: 43). Die waardes van waardigheid en solidariteit dien as ’n konstante herinnering daaraan dat geen opstand ooit enige menslike lewe mag skaad of onderdruk nie, selfs nie in gevalle waar geweld as die enigste aangewese uitweg voorkom om die opstand te volvoer nie (Weyembergh, 2009b: 783).

In die jare ná die afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die Franse intellektuele klimaat aanleiding gegee tot “betrokke literatuur” oftewel *littérature engagée*. Jean-

Paul Sartre het geglo dat die skrywer nie kan wegkom van die feit dat hy volledig binne-in sy eie era geplaas is nie en dat hy daarom verantwoordelikheid moet neem vir die formulering van ’n reaksie op die vrae wat beide tipies en bepalend is van die tyd waarin hy leef. Betrokkenheid vereis van die skrywer om van die omstandighede van ander mense kennis te neem voordat hy hom oorgee aan die uitdrukking van sy eie persoonlike idees en gevoelens (Grouix, 2009: 249). Vir Sartre hang die waarde van die kunswerk af van die mate waarin dit ’n oproep vir vryheid is (Lagarde en Michard, 1973: 602).

Namate die apartheidsbeleid in Suid-Afrika al hoe meer onderdrukkend geword het, het die Afrikaanse Sestigters steeds nouer aansluiting by die konsep van “betrokke literatuur” gevind as ’n onontbeerlike komponent van hul eie skryfwerk. Met my interpretasie van “Die man met die swaar been” hoop ek om te demonstreeer dat Rabie se betrokke visie verder gestrek het as die gebeure tydens die vroeë jare van apartheid.

8. “Die man met die swaar been” van Jan Rabie en *Die klip wat groei* van Albert Camus

In “Die man met die swaar been” bied die naamlose “skraal man” sy been aan vir Jean Thomas as ’n soort ondersteuning tydens hierdie siek man se laaste oomblikke, waarna die hulpverlenende skraal man skielik deur die absurditeit van sy situasie oorweldig word. Ná die insident by die relings van die Luxemburgtuin kan hy nie meer vinnig loop nie aangesien sy been swaar en pynlik geword het. Daar is klaarblyklik ’n verband tussen die feit dat Jean Thomas aan sy been vasgeklou het in sy oomblik van nood en sy swaarderwordende been, maar hy vertoon nie dieselfde simptome as Jean Thomas wat aan “malaria en gevolglike chroniese siektes” (Rabie, 1956: 18) gely het nie. Die siekte het kennelik ’n ander vorm aangeneem. Daar is geen rasionele verduideliking vir hierdie vormverandering en vir die skielike dringendheid van die aandoening nie. Die uitdrukking van verbasing op die gesig van die man met die swaar been gee uitdrukking aan sy onbegrip oor die irrasionele aard van die voorval. Sy poging om die betekenis van die gebeurtenis te begryp, bly vrugteloos te wees – hy bly staan om “’n neonkrabbel bo die glas en rumoer te lees” (Rabie, 1956: 22), maar uiteraard kan die kommersiële konteks van sy moderne bestaan geen werklike verduideliking vir sy lot bied nie. Die man se behoefte aan ’n rasionele verduideliking word slegs met die redelose stilte van die wêreld begroet. Hy kom te staan voor die absurditeit van die menslike bestaan in die wêreld.

Meer as een keer in die loop van die verhaal beklemtoon Jan Rabie die

terughoudendheid en afstandelikheid van die toeskouers by die toneel waar Jean Thomas teen die relings van die Luxemburgtuine neergeval het: “Hulle toon geen sentiment nie, alleen praktiese bedagsaamheid” (Rabie, 1956: 19). Die sikk man se uitroep vir medelye en sy aandrang dat sy identiteit as Jean Thomas bevestig moet word, kan beskou word as sy pogings om die skare nouer by sy krisiservaring te betrek. Dit is net die optrede van die “skraal man” (Rabie, 1956: 20) wat dui op betekenisvolle betrokkenheid wanneer hy sy been as ’n vorm van steun vir Jean Thomas aanbied terwyl hy hewig bewe: “die lang man [gee] ’n tree vorentoe, nader aan die sieke. ’n Beleefde glimlaggie is op sy gesig en ’n mens weet dat sy been baie styf en selfbewus gehou is, gereed om die hand weer te ontvang. En meteens neem die skare se ingetoënheid nuwe betekenis aan” (Rabie, 1956: 20). Dit sou waarskynlik ietwat vergesog wees om die optrede van die skraal man met die eksistensialistiese opstand waarvan Camus geskryf het, gelyk te stel, maar dit is ten minste duidelik dat die solidariteit wat die skraal man aan die dag lê, die gebrek aan meeleving en betrokkenheid by die res van die skare beklemtoon. Camus (aangehaal deur Degenaar, 1966: 33) het immers gesê “[i]t is in revolt that man goes beyond himself and discovers other people”. En deurdat hy afwyk van die heersende houding van die omstanders soos onder meer blyk uit die reaksie van die ander man wat ’n mate van verantwoordelikheid neem: “‘Asseblief, mense,’ sê die heer, ‘staan terug.’” (Rabie, 1956: 20), stel die skraal man homself oop vir ’n gedeelde ervaring van lyding en dood as daardie onbegryplike grens wat tiperend is van die absurditeit van die bestaan op aarde. Hierdie oopstelling vir die gedeelde ervaring van lyding, ook van diegene wie se lyding deur Jean Thomas aan die Paryse omstanders voorgehou word, maak van die man met die swaar been ’n teken van koloniale onreg.

Die nawerking van die verdeeldheid wat die kolonialisme in verskillende wêrelddele veroorsaak het, resoneer ook duidelik in Camus se verhaal *Die klip wat groei* wat in Brasilië afspeel en fokus op die omstandighede van die swart mense wat nasate is van mense wat in slawerny uit Afrika na Brasilië afgevoer is. ’n Belangrike karakter in *Die klip wat groei* is ’n man van kleur, ’n skeepskok van beroep. Tydens ’n Christelik-religieuse optog in die Brasiliaanse stad Iguape dra hy ’n groot klip op sy kop om gestand te doen aan ’n belofte wat hy aan God gemaak het toe hy ná ’n ongeluk op die oop see as drenkeling uiteindelik veilig op die kus uitgespoel het. Hy glo dat dit God was wat hom gered het. Die verplasing van ’n klip herinner sterk aan die situasie waarin Camus se Sisifus hom bevind.

In die verhaal is dit onduidelik of die klip wat die kok dra, dieselfde magiese klip is wat soos volg deur ’n ander karakter, Socrates, beskryf word:

Op 'n dag het Jesus se liewe standbeeld aangekom uit die see, en die rivier opgeswem. Vissers het dit gekry. Ai, hoe mooi, hoe mooi tog! Toe het hulle hom hier in die grot gewas. En nou het 'n klip in die grot gegroei. Elke jaar is dit 'n fees. Met 'n hamer kap en kap jy stukkies af vir die geseënde geluk. En weet jy wat, die klip groei altyd, en altyd kap jy. Dis die groot wonder. (Camus, 1961: 28)

Wat wel duidelik is, is dat die klip wat groei en die enorme klip wat die kok moet dra (indien die twee klippe nie een en dieselfde is nie) deur die Christelike wyding van beide 'n sterk verband met mekaar het. Alhoewel die optrede van die kok duidelik 'n daad van toewyding aan die Christelike God is, is daar klaarblyklik vir hierdie man, wat as 'n "mulat" beskryf word, ook 'n verbintenis met 'n ander god wat deur die plaaslike swart gemeenskap geëer word. Hierdie god met sy horings word voorgestel deur "n rooi beskilderde kleistandbeeldjie" (Camus, 1961: 40) en hy hou 'n groot mes van blinkpapier in sy hand vas. Die aand voor die optog dans die kok saam met sy mense in 'n soort rituele toewyding in die hut waar die beeldjie bewaar word. Die kok blyk 'n man te wees wat tussen twee godsdienste vasgevang is.

Die hoofkarakter in *Die klip wat groei* is egter 'n Europese ingenieur, D'Arrast, wat na Iguape gekom het om 'n dyk te bou. Dit is D'Arrast wat tydens die optog in 'n gebaar van solidariteit teenoor die kok en sy mense die swaar klip by die uitgeputte kok oorneem en dit namens hom verder op sy kop dra. Teen die verwagting in dra D'Arrast die klip egter nie na die kerk nie, maar wel na die huis van die kok en sy gesin. Dit wil dus voorkom asof D'Arrast die godsdienstige wyding in die kerk afwys ten gunste van diens aan sy medemens. In die aantekeninge² wat in Jan Rabie se Afrikaanse vertaling van Camus se verhaal verskyn, word 'n verband gelê tussen D'Arrast se optrede en Camus se oortuiging dat diens aan die ewemens bestaan "uit die aanvaarding van take wat absurd mag voorkom, maar wat in die bestendiging en ontwikkeling van menslike verhoudings van die grootste betekenis is" (in Camus, 1961: 69). Soos by die man met die swaar been van Rabie is daar by D'Arrast dus betrokkenheid by die ander wat sentreer rondom die gegewe van 'n raaiselagtige groeiende gewig, onderskeidelik 'n been wat al hoe swaarder word en die magiese groeiende rots van Iguape.

9. "Wat gebeurde er met sergeant Massuro?" van Harry Mulisch

Mulisch se verhaal oor die Nederlandse koloniale aanwesigheid in Nieu-Guinee speel in op die enigszins krampagtige poging van die Nederlandse staat om hierdie moeilik begaanbare eilandgebied met digte tropiese bosse en ruwe berggtes as 'n laaste besitting in Asië te behou. In sy toespraak tydens die

onafhanklikheidswording van Indonesië in 1949 het Soekarno verklaar dat hy eers sal rus wanneer ook Nieu-Guinee na die Indonesiese moederskoot teruggekeer het (Van den Doel, 2000: 355). In 1957 het Indonesië 'n Nieu-Guinee-veldtog van stapel gestuur. Betogings, die plunder van Nederlandse eiendom en boikotte van Nederlandse winkels het die veldtog in Indonesië gekenmerk gevolg deur 'n staking by Nederlandse maatskappye.

In reaksie op die groeiende druk van die Indonesiese regering asook die internasionale gemeenskap het Nederland in 1960 'n plan bekend gemaak om Nieu-Guinee aan die toesig van die Verenigde Nasies oor te dra mits die selfbeskikkingsreg van die Papoeas gewaarborg sou word. Die Verenigde Nasies het hierdie plan van die hand gewys, maar die Nederlandse owerhede in Nieu-Guinee het, tot die argwaan van Indonesië, voortgegaan om in 1961 'n nuwe vlag en volkslied vir die gebied bekend te stel (Van den Doel, 2000: 367). Die geskil tussen Indonesië en Nederland lei in 1962 tot 'n gewapende botsing tussen die vlootmagte van Indonesië en Nederland en uiteindelik het die VSA ingegryp om onderhandelinge oor die oordrag van Nieu-Guinee aan Indonesië op koers te kry. Op 1 Oktober 1962 het Nederland die bestuur van Nieu-Guinee aan die Verenigde Nasies oorgedra en in 1963 het die betwiste gebied uiteindelik onder Indonesiese beheer gekom. “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” speel in 1955 af, dit wil sê die tydperk toe Nederlandse militêre magte in Nieu-Guinee aangebly het nadat die res van Nederlands-Indië reeds selfbeskikking verwerf het.

In die geval van “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” is dit veral die Nederlandse kritici Frans C. de Rover (1987: 152) en Sander Bax (2015: 82) wat op Harry Mulisch se opmerkings ingaan dat die verhaal gelees kan word as 'n teks wat die gees van die Koue Oorlog vasvang. Die verstening van die soldaat dien onder meer as 'n simbool van die verstarring van die magsverhoudings in die ideologiese oorlog wat deur die VSA en die Sowjet-Unie gelei is. Volgens Mulisch (1974: 36) kan sy verhaal as 'n “meta-politiese” teks gelees word en dat hy dit as een van sy beste literêre pogings beskou. Hierdie opmerkings gaan weliswaar terug na 1974, ses jaar voor die publikasie van *De aanslag* (1980) wat feitlik oornag 'n klassieke roman oor die Tweede Wêreldoorlog geword het.

In die Suid-Afrikaanse resepsie van die verhaal is dit E.C. Britz en P.H. Foster (1988: 26) wat in 1988 skryf dat Mulisch se verhaal primêr as 'n vertelling oor die meedoënloosheid van die “wêreldkolonialisme” gelees kan word. Hulle redeneer dat die verstening van sersant Massuro 'n vorm van uiterste degradering is wat hom stroop van sy Westerse meerderwaardigheid en hom tot 'n voormenslike toestand reduceer. Waar die Nederlandse resepsie trou bly aan Mulisch se interpretasie van sy eie teks as 'n vertelling oor die Koue Oorlog, gaan die Suid-Afrikaanse resepsie meer direk in op die voorvalle van koloniale onderdrukking

wat in die verhaal oorvertel word. Britz en Foster (1988) staan nie stil by die feit dat die Nederlandse besetting van Nieu-Guinee met politieke faktore wat tot die Koue Oorlog aanleiding gegee het, verknoop is nie. Dit is moontlik dat die Suid-Afrikaanse konteks waar die nawerking van die kolonialisme steeds bepalend is vir die hedendaagse samelewing, verantwoordelik was vir die sterker aansluiting in die geval van Britz en Foster by die antikoloniale inhoud van Mulisch se verhaal.

“Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” is nie die enigste teks van Mulisch uit die tweede helfte van die 1950’s wat na gekoloniseerde mense in verskillende wêrelddele verwys nie. ’n Verhaal uit *De versierde mens* wat Mulisch as ’n sprokie aanbied met die titel “Quauhquauhtinchan in den vreemde” (Mulisch, 1977: 393-453) gaan in op die kosmologie van ’n inheemse gemeenskap in Meksiko. In die verhaal word die surrealistiese representasie van liggaamlike transformasie met klip geskakel. Die karakter Quauhquauhtinchan word byvoorbeeld as “het stenenkind” gekarakteriseer en hy gaan deur ’n proses van onkeerbare liggaamlike groei sodat hy uiteindelik selfs die hele aarde in een van sy porieë opneem. In *Het zwarte licht* (Mulisch, 1957b) droom die vereensaamde karakter Maurits Akelei op sy ses-en-veertigste verjaardag dat hy die kroonprins van die Kongo naboots. Tydens ’n vrolike fees vermaak hy in die droom sy uitgelate toeskouers deur in ’n kleurvolle romps van blare asook ’n Westerse keil en sambreel tussen hulle rond te loop (Mulisch, 1957b: 6). Die titel van die roman mag onder meer aandui dat die res van die romangebeure uit hierdie droom voortvloei en dat die gebeure in ’n “swart lig”, dit wil sê vanuit ’n perspektief van swart mense, ontwikkel.

Ten einde die kompleksiteit van “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” vollediger na waarde te skat, is dit verder belangrik om die funksie van klip as deurlopende motief in Mulisch se werk asook die belang van die mite in sy literatuur te ondersoek. In romans soos *Het stenen bruidsbed* en die reeds genoemde *De aanslag* tree klippe en stene op as ’n herinnering aan die vernietiging van oorlog. Klip is solied en weerbarstig, maar in Mulisch se romans herinner dit ook sy karakters aan die destruktiewe gevolge van oorlog, spesifiek die Tweede Wêreldoorlog. Die swaar en soliede aard van klip versinnebeeld die absurditeit van oorlogvoering wat enige rasionalisering uiteindelik dwars in die weg lê. Wanneer Massuro deur ’n verkyker na die mane van Jupiter kyk, druk hy sy desillusie en onttowering soos volg uit: “Het heelal is een grote zak vol stenen en licht” (Mulisch, 1974: 457).

Die verteller van die verhaal, luitenant Loonstijn, omskryf die inwoners van Nieu-Guinee in geologiese terme as mense uit die steentydperk (die pleistoseen) en die geleefde ruimte van die Papoeas word op abjekte maniere deur die koloniale besetters verag, byvoorbeeld in die verwerplike naamgewing waaraan hulle hulself gelate oorgee:

Nieuw-Guinea ligt ver weg in het pleistoceen, 100.000 jaar v. Chr. Als een van mijn mannen een kasuaris of een kaketoë schiet valt er een schot, verder nooit. Soms ontdekten we tussen de lianen een stinkend moeras Nederlandse onderdanen van 1.40 m hoog die nooit een blanke hebben gezien. Nieuw-Emmercompascuum noemen we zo'n kraal dan, of we geven het een naam ontleend aan de stofwisseling: Lulbroekerstront, of Verneukschoten. We doen maar wat. Als er maar rust is.

Waar we komen is het met de rust overigens gedaan; dan wordt er in het Hollands geschreeuwd en gevloekt, geschoten en soms ook geslagen als ik niet kijk. (Mulisch, 1977: 459-460)

By 'n halte met die skatologiese Nederlandse naam Poepjanknor verkrag een van die soldate, genaamd Steiger, een van die plaaslike meisies. Dit blyk ook gou dat Heintje Massuro voorheen tydens sy stasionering in Nederlands-Indië hom aan verkragting skuldig gemaak het. Dit is betekenisvol dat die verstening van Massuro juis begin intree wanneer hy op die wenpad is tydens 'n speletjie met sy medesoldate in Poepjanknor. Die spel, "landje-veroveren", word soos volg omskryf:

Een spelletjie met messen. Iedereen krijgt een deel van een vierkant stuk platgetrapt zand. Om de beurt word het mes in een buurland gegooi en het stuk dat daardoor er van afgesneden kan word is veroverd, mits het contact krijgt met het aanvallersland. Wie niet meer op zijn stuk kan staan heeft verlore. (Mulisch, 1977: 467-468)

Die karakters in *De versierde mens* waarin "Wat gebeurde er met sergeant Massuro?" opgeneem is, word vanuit die alledaagse werklikheid oorgeplaas na 'n veel groter en meer verwikkelde dimensie waar hulle hul menslike status ten minste gedeeltelik verloor (Bax, 2015: 80). Mulisch (1994: 109) het daarna gestreef om verder te gaan as net weergawes van individuele psigologiese motiverings in sy soeke na 'n nuwe mite wat sy karakters pertinent in 'n meer elementêre en veralgemenende kondisie laat voorkom. Hierdie modernistiese belangstelling in die mite is ook merkbaar in die prosa van Etienne Leroux, 'n mede-Sestiger van Jan Rabie.

Wanneer sersant Heintje Massuro tot klip versteen, herinner hy aan die beeltenis van 'n antieke god en in die naoorlogse skeptisisme teenoor die religie tree hy op as 'n soort verdigting van die koloniale sublieme, dit wil sê die sensibiteit by outeurs wat vanuit 'n antikoloniale en postkoloniale posisie die onberekenbaarheid, die verbysterende en oorweldigende ondeurdringbaarheid van koloniale praktyke en verhoudings in hulle literatuur probeer peil. Hierdie poging tot 'n begrip van die sublieme geskied in weerwil van die besef dat die sublieme aard van die koloniale geskiedenis enige representasie dwars in die weg lê. Die surrealisme word aangegryp om die onsêbare wel by benadering te probeer

uitdruk. Hierdie sublieme vind 'n vergestaltung by benadering in die magiese, die groteske en, in die geval van Rabie en Mulisch, in 'n surrealistiese verbeelding.

In sy studie van die postkoloniale literatuur is Nicholls (1999: 22) van mening dat die sublieme die funksie het om die gesag van die Westerse rasionaliteit wat die koloniale orde onderlê, te ontwig. Die ervaring van die sublieme lei tot die aktivering van eksesse wat begrip teengaan, maar wel nuwe omgangsmoontlikhede met die andersheid van die koloniale en postkoloniale werklikheid kan ontsluit. Die postkoloniale sublieme speel dus in op die wesenlike kwesbaarheid wat die Westerse redelikheid kenmerk. In die surrealisties biomorfe gedaante van 'n mitiese afgod wat die beeldhouwerk van die surrealistiese beeldhouer Hans Arp by 'n mens oproep, versigbaar die karakter Massuro die vergrype van koloniale oorheersing wat wegvreet aan die menslikheid van sowel die koloniale subjekte as hulle koloniseerders.

Die dokter wat uiteindelik die verstening van Massuro moet help verklaar, dr. Mondriaan, verloor klaarblyklik sy vertroue in die wetenskap om die komplekse realiteite van Nieu-Guinee te kan deurgrond: "Van het gebied waar lichaam en geest communiceren weet de wetenschap niets af, niets! Niemandland. Een gebied zo groot als ... als heel Nieuw-Guinea. Niets weten we ervan af. Niets!" (Mulisch, 1977: 478). Die wetenskap as 'n kroonjuweel van die Westerse redelikheid word as ontoereikend ervaar in die aangesig van die onbegryplike verstening van Massuro. Die dokter se woorde verwys weliswaar na die wetenskap, maar sy vermelding van Nieu-Guinee gee te kenne dat juis die konteks waarbinne die gebeure plaasgevind het vir die ontwrigtende onsekerheid in die rasonale basis van die wetenskap verantwoordelik is.

In sowel Mulisch as Rabie se verhale is dit amptelike dokumente wat 'n bestendige funksie moet vervul te midde van die ekstreme situasies waarvoor die karakters te staan kom. "Wat gebeurde er met sergeant Massuro?" word as 'n verslag van Loonstijn aan die Ministerie van Oorlog in Nederland in Wassenaar aangebied waar gegewens oor gevalle soos die van Massuro versamel word. Die amptelike aard van die tekstuele raam waarbinne die verhaal aangebied word, het die pretensie om redelikheid uit te straal, maar hierdie redelikheid en gesag word ondermyn deur uitsprake soos die van dr. Mondriaan en die onbegryplike, irrasionele manifestasie van menslike verstening in Nieu-Guinee. Wanneer die versteende liggaam van Heintje Massuro oopgesaag word, lyk dit asof hy verander het in graniet "met swarte spikkels en streepjes die op letters leken" (Mulisch, 1977: 477). Loonstijn beskou die klip as 'n raaiselagtige soort skriftelike getuieis wat buite sy begrip om gaan en op 'n radikale anderse manier wil kommunikeer as die amptelike dokumente van die Ministerie van Oorlog in Nederland. In "Die man met die swaar been" is dit die amptelike identiteitsdokument van Jean

Thomas wat bestendinging en redelike verklarings moet bied van die liggaamlik ontwrigtende aandoening wat Jean Thomas deurmaak. Die dokument as amptelike en gerusstellende representasie van die soldaat se identiteit word egter wesenlik ondermyn deur die slotgebeure wanneer die swaar been nie deur 'n neonkrabbel of enige ander manifestasie van redelikheid verklaar kan word nie. Die sublieme ontmoeting met tekens van die andersheid van die gekoloniseerdes en die ruimtes waar hierdie ontmoetings plaasvind, stuur die gesag asook die aansprake op rasionaliteit en superioriteit van die Westerse kensisteme en representasiemodusse in die war.

10. Slot

Representasies van 'n vinnige toename van liggaamlike gewig by twee karakters in “Die man met die swaar been” van Jan Rabie en in “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” van Harry Mulisch was die vertrekpunt van hierdie vergelykende analise van die twee verhale. Dit het vervolgens gelei tot 'n rekonstruksie van die gedeelde literêre omstandighede wat die ontstaan van die verhale moontlik gemaak het. Hierdie artikel het verder daarop gewys hoedat die ontwikkeling van nuwe leesbenaderings en nuwe paradigmas in die literatuurteorie herbesoek aan ouer tekste uitlok. Die ontwikkeling van die korpus literêr-kritiese insigte wat uiteindelik in die postkoloniale teorie neerslag gevind het, verskerp die visie op surrealistiese elemente in verhale soos “Die man met die swaar been” van Rabie en “Wat gebeurde er met sergeant Massuro?” van Mulisch as meer as blote heenwysings na oorlog, skuld en die absurditeit van die menslike eksistensie.

Die argument wat hierdie studie rig, is dat die surrealisme en die eksistensialisme as eenderse verwysingsraamwerke vir Jan Rabie en Harry Mulisch gedien het toe hulle hul onderskeie verhale in die oorgang van die koloniale tydperk na die postkoloniale bestel geskryf het. Albert Camus se verhaal “Die klip wat groei” wat slegs enkele maande ná die aanvanklike publikasie van “Die man met die swaar been” vir die eerste keer verskyn het, verdien ewe seer oorweging vir die soortgelyke omgang met surrealistiese gegewens wat lig werp op antikoloniale en postkoloniale sublimiteit. Van besondere belang is egter die waarskynlikheid dat Camus se vroeë essay oor die mite van Sisifus rigtinggewend was in die konseptualisering van beide Rabie en Mulisch se verhale. Rabie se eie erkenning dat die kort prosas van Henri Michaux hom geïnspireer het om sy eie kortverhale in *Een-en-twintig* te skryf, word bevestig deur die oorsigtelike studie van Michaux se tekste wat in hierdie artikel onderneem is. Die gedeelde literêre klimaat in die naoorlogse Europa wat die werk van Rabie, Mulisch, Sartre, Michaux en Camus gevoed het, het onder meer ingehou dat die surrealisme en die eksistensialisme

die prikkels verskaf het vir die eerste roeringe van die antikoloniale literatuur wat die grondslag sou lê van die latere ontwikkeling van postkoloniale skryfwerk in verskillende wêrelddele.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Bax, Sander.** 2015. *De Mulisch Mythe. Harry Mulisch: Schrijver, intellectueel, icon.* Amsterdam: Meulenhoff.
- Bowie, Malcolm.** 1973. *Henri Michaux, a study of his literary works.* Oxford: Clarendon.
- Brink, André P.** 1977. *Jan Rabie se 21.* Blokboek. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Brink, André P.** 2000. Oopmaakwoord. In: Rabie, Jan. *Een-en-twintig plus.* Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau, 9-16.
- Britz, E.C. en Foster, P.H.** 1988. *Nederlandse verhale van ons eie tyd.* Reuse-blokboek 23. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Camus, Albert.** 1950. *Les justes.* Parys: Gallimard.
- Camus, Albert.** 1955. *The Myth of Sisyphus.* Uit die Frans vertaal deur Justin O'Brian. Londen: Hamish Hamilton.
- Camus, Albert.** 1961. *Die klip wat groei.* Vertaal uit die Frans deur Jan Rabie. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- Camus, Albert.** 1973. *The rebel.* Vertaal uit die Frans deur Anthony Bower. Harmondsworth: Penguin.
- Clough, Patricia Ticineto.** 2012. War by other means: What difference do(es) the graphic(s) make? In: Karatzogianni, Athina en Kuntsman, Adi. (eds.). *Digital Cultures and the Politics of Emotion. Feelings, Affect and Technological Change.* Basingstoke: Palgrave Macmillan, 21-32.
- Degenaar, J.J.** 1966. *Die wêreld van Albert Camus.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- De Rover, Frans C.** 1987. *De weg van het lachen. Over het oeuvre van Harry Mulisch.* Amsterdam: De Bezige Bij.
- D'Haen, Theo.** 2002. *Europa buitengaats. Koloniale en postkoloniale literaturen in Europese talen. Volume 1.* Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Durrell, Lawrence.** 2018. Preface: Henri Michaux. The Poet of Supreme Solipsism. In: Michaux, Henri. *A Certain Plume.* Vertaal uit die Frans deur Richard Sieburth. New York: New York Review Books, ix-xiv.
- Du Toit, P.A.** 1974. 'n Ondersoek na Afrikaanse beskouings oor die kortverhaal,

- met besondere verwysing na enkele nuwer Afrikaanse verhale. Ongepubliseerde MA-tesis. Grahamstad: Rhodes Universiteit.
- Eddins, Dwight.** 2001. Of rocks and marlin: the existentialist agon in Camus's *The Myth of Sisyphus* and Hemingway's *The Old Man and the Sea*. *The Hemingway Review* 21(1): 68-77.
- Fein, Stephen en Srinivasan, Krishnan.** 2020. Surrealists and Communists in Paris. *Open*, 7 September. <https://openthemagazine.com/columns/surrealists-communists-paris>. (Datum van gebruik: 5 April 2023).
- Grouix, Pierre.** 2009. Engagement. In: Guérin, Jeanyves. (ed.). *Dictionnaire Albert Camus*. Paris: Robert Laffont, 248-251.
- Kannemeyer, J.C.** 2004. *Jan Rabie. Prosapionier en politieke padwyser*. Kaapstad: Tafelberg.
- Krige, Uys.** 1956. 'n Eie stem. In: Rabie, Jan Sebastian. *Een-en-twintig*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau, 5-15.
- Loots, Sonja en Van Wyk, Steward.** 2019. Voorwoord. In: Loots, Sonja en Van Wyk, Steward. (reds.). *Die nuwe Afrikaanse prosaboek*. Kaapstad: Human & Rousseau, 11-14.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1986. *Versamelde prosa 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Michaux, Henri.** 2018. *A Certain Plume*. Vertaal uit die Frans deur Richard Sieburth. New York: New York Review Books.
- Mulisch, Harry.** 1957a. *De versierde mens*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mulisch, Harry.** 1957b. *Het zwarte licht*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mulisch, Harry.** 1959. *Het stenen bruidsbed*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mulisch, Harry.** 1961. *Vóer voor psychologen*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mulisch, Harry.** 1977. *De verhalen 1947-1977*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mulisch, Harry.** 1980. *De aanslag*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mulisch, Harry.** 1994. *Twee opgravingen*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Nicholls, Brett.** 1999. The postcolonial sublime: The politics of excess from Kant to Rushdie. Ongepubliseerde proefskrif. Murdoch Universiteit.
- Rabie, Jan.** s.d. The man with the heavy leg. Ongepubliseerde manuskrip 350. M.2.2. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch Spesiale Versamelings.
- Rabie, Jan.** 1956. *Een-en-twintig*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Rabie, Jan.** 1998. *Paryse dagboek*. (red. André P. Brink). Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Rabie, Jan.** *Een-en-twintig plus*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Rabie, Jan.** 2004. *Hutspot. Reissketse, verhale, essays, praatjies*. Saamgestel deur J.C. Kannemeyer. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Rey, Silvio.** 1948. *Aphrodite. Photos De Nus*. Parys: Graphicolor.

- Ruane, Kevin.** 1998. *War and revolution in Vietnam, 1930-75*. Londen en New York: Routledge.
- Sieburth, Richard.** 2018. Translator's Afterword: A Pen in Search of an Author. Michaux, Henri. 2018. *A Certain Plume*. Vertaal uit die Frans deur Richard Sieburth. New York: New York Review Books, 203-223.
- Smuts, Ria.** 1997. 'n Herwaardering van die begrip "fout". *Stilet* 9(2): 99-105.
- Van Coller, H.P.** 2002. Tekswysigings en outoriserings: oor 'foute' in 'Die man met die swaar been' (Jan Rabie). *Stilet*, 14(1): 208-219.
- Van den Doel, H.W.** 2000. *Afscheid van Indië. De val van het Nederlandse imperium in Azië*. Amsterdam: Prometheus.
- Verhoef, Anné H.** 2014. Sisyphus, happiness and transcendence. *South African Journal of Philosophy*, 33(4): 557-546.
- Waldberg, Patrick.** 1965. *Surrealism*. Londen: Thames and Hudson.
- Weyembergh, Maurice.** 2009a. Absurde. In: Guérin, Jeanyves. (ed.). *Dictionnaire Albert Camus*. Paris: Robert Laffont, 7-10.
- Weyembergh, Maurice.** 2009b. Révolte. In: Guérin, Jeanyves. (ed.). *Dictionnaire Albert Camus*. Paris: Robert Laffont, 781-784.

Note

1. Oor sy werk as vertaler merk Rabie (2004: 207) op dat hy "bykans dertig goeie leesbare boeke uit veral Frans en Grieks in Afrikaans vertaal het. Om Afrikaans te verryk."
2. Dit is moontlik dat Jan Rabie self die aantekeninge geskryf het, maar dit sou ook die werk van Audrey Blignault kon wees wat as redakteur van die bibliofiele Juweel-nouvelles van Nasionale Pers opgetree het. *Die klip wat groei* is die derde verhaal wat in die reeks nouvelles verskyn het.

Hendrik Witbooi (1830-1905): Herwaardering en herevaluering in 21ste-eeuse Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste

Sonja Loots

Hendrik Witbooi (1830-1905): Postcolonial and post-apartheid depictions in Afrikaans and Dutch 21st century literary texts

I discuss depictions of Hendrik Witbooi in Afrikaans and Dutch by writers from the Netherlands, South Africa and Namibia, and illustrate how the figure of Witbooi is reassessed in postcolonial, post-apartheid texts written after 2000. Piet van Rooyen's Op soek na Witbooi (2011), Koos Marais's Die keiservoël oor Namaland (2016), Connie Braam's Ik ben Hendrik Witbooi (2016) and Wij zijn de wrekers over dit alles, as well as singer/songwriter HemelBesem's "Ima Kullid" (2014), God praat Afrikaans (2017) and "Witbooi" (2020) are highlighted. The aim is to offer insights about similarities and differences, but also to consider how the trauma experienced by Witbooi and the Namas at the hands of German colonists is often remembered in ways that encompass the traumas of apartheid and the Holocaust.

1. Inleiding

Hierdie artikel fokus oorsigtelik op uitbeeldings van die Nama-opperhoof Hendrik Witbooi in 21ste-eeuse Afrikaanse en Nederlandse tekste deur Nederlandse, Suid-Afrikaanse en Namibiese skrywers. Elkeen van hierdie tekste kyk vanuit 'n postkoloniale perspektief terug op Witbooi se stryd teen kolonialisme. Dit gaan ook telkens oor kollektiewe herinnerings aan die dood van die helfte van alle Namas in die destydse Suidwes-Afrika tussen 1904 en 1908 tydens wat vandag erken word as "die eerste volksmoorde van die twintigste eeu" (Adhikari, 2008: 303).

Tydens apartheid in Suid-Afrika en voor die onafhanklikheidswording van Namibië in 1990 het uitbeeldings van Hendrik Witbooi in Afrikaanse poësie en prosa gebuk gegaan onder die enorme impak van koloniale geskiedskrywing. Veral Gustav Preller se studie *Vóortrekkers van Suidwes* (1941), met die negatiewe sienings van Witbooi wat daarin vervat is, het dekades lank gedien as voedingsbron vir histories onakkurate uitbeeldings van Witbooi as 'n magshonger kwaadstoker en bygelowige fanatikus. Preller se invloed was merkbaar in etlike Afrikaanse uitbeeldings van Witbooi in apartheidsera-tekste waarin koloniale denke en apartheidretoriek ontplooi is; en waarin koloniale oorheersing deur Duitsers en/of Afrikaners eksplisiet verdedig is (sien Loots, 2022, vir meer hieroor).

Volgens Preller was Witbooi “’n gewone struikrower” wat hom skuldig gemaak het aan “roof- en moordpartye” en “barbaarse wreedheid” in die geselskap van “bandelose gespuis” (Preller, 1941: 201, 203, 218). Preller het Witbooi ook van “fanatisme” beskuldig (194). Waar dit gaan om onderhandelings met Duitse staatslui het hy Witbooi bestempel as “pamantig” (203), “’n onrustige Hotnot” (211) en “skelm” (228).¹ In die tekste wat in hierdie artikel bespreek word, word Witbooi egter geheel en al anders uitgebeeld: as ’n held, ’n vryheidsvegter, ’n diplomaat en ’n visionêre leier. Die herwaardering en herevaluering van Witbooi in 21ste-eeuse tekste soos hierdie is ingegee deur hedendaagse sienings van hom as ’n ikoon van anti-koloniale weerstand (Hillebrecht, 2015: 39) en “die Namibiese Mandela” (Francken, 2020: 246). Dit blyk dat die briewe wat Witbooi nagelaat het ’n belangrike voedingsbron is vir al die tekste wat hier bespreek word. Hulle bevat sonder uitsondering verwysing na, of aanhalings uit die briewe wat Witbooi in die 1880’s, 1890’s en vroeë 1900’s geskryf het. Witbooi se briewe is in 2005 in die sogenaamde Memory of the World-register opgeneem en word soos volg deur Unesco beskryf:

Witbooi’s insights into the nature of colonialism, about the fundamental difference between conflict with African competitors and with European invaders, his attempts at formulating African legal concepts, and the visionary and poetic power of some of his texts are the qualities that set his letters apart and above the bulk of contemporary and earlier African texts of the same genre. The texts include the probably first written formulation of the concept of Pan-Africanism (“Letter Journals of Hendrik Witbooi”, Unesco 2005).

Soos gesuggereer deur die verwysing na die poëtiese seggingskrag van Witbooi se skryfwerk in bostaande aanhaling, word hy nie net as vryheidsvegter gehuldig nie, maar ook as buitengewoon begaafde skrywer. J.M. Coetzee (2021: 273-297) bespreek in *Late essays. 2006-2017* die skrywerskap van Witbooi saam met dié van wêreldberoemde skrywers soos Daniel Defoe, Philip Roth, Johann Wolfgang von Goethe, Leo Tolstoy, Gustav Flaubert en Samuel Beckett.² Dit is voorts relevant dat Witbooi deur Unesco gehuldig word vir sy vroeë insigte oor die aard van kolonialisme, aangesien die tekste wat hier bespreek word vanuit ’n postkoloniale perspektief oor kolonialisme besin.

Na my wete is hierdie artikel, die tweede in ’n tweeluis oor literêre uitbeeldings van Hendrik Witbooi, die eerste wat vergelykend fokus op Afrikaanse en Nederlandse skrywers se uitbeelding van Witbooi. Ek wil met hierdie benadering aansluit by Baer (2017) se literêre analise van tekste oor die Duitse koloniale volksmoord deur te fokus op soortgelyke tekste in Afrikaans en Nederlands. In *The Genocidal Gaze: From German Southwest Africa to the Third*

Reich bespreek Baer tekste wat die retoriese en ideologiese ooreenkomste tussen Duitse koloniale denke oor die uitwissing van die Namas en Herero's enersyds; en andersyds die gebruik van konsepte soos 'rassehiërargieë', 'lewensruimte' ('lebensraum') en 'finale oplossing' ('endlösung') as regverdigings vir die uitwissing van Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog. Sy wys op gedeelte metodologie, soos konsentrasiekampe, doodskampe, opsetlike hongersnood, verkragting en die uitmoor van vroue en kinders. Volgens Baer (2017: 3) klop haar benadering met nuwe tendense in die veld wat bekendstaan as 'Holocaust-studies' omdat daar in hierdie veld toenemend aandag geskenk word aan postkoloniale terminologie en ander volksmoorde in Afrika. Sy wys voorts op die spesiale prominensie van Duitse kolonialisme in hierdie vergelykende benaderings:

This new approach sits at the intersection of Holocaust Studies and Postcolonial Studies [...] by widening yet again the vocabulary and theory with which we talk about the Holocaust, beyond the boundaries of Europe, to include earlier and related genocides committed in Africa. German colonialism (1884–1919) has come under particular scrutiny as a possible source for grasping how the racial/racist hierarchies implicit in imperialism are connected to Nazi ideology.

Terwyl die verbande tussen die Duitse volksmoord in Namibië en die uitwissing van die Jode baie aandag van historici kry (Erichsen, 2005; Kössler, 2015; Madley, 2005; Olusuga en Erichsen, 2010; Zimmerer, 2003), is Baer se boek seldsaam omdat dit literêre tekste ondersoek om hierdie verbande te demonstreer. Baer sluit onder andere 'n hoofstuk in oor Witbooi se dagboek en nog een oor installasiekuns deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar William Kentridge. Ek wil by haar aansluit met my analise van die uitbeeldings van Hendrik Witbooi deur skrywers uit Nederland, Suid-Afrika en Namibië. Ek illustreer hoe Witbooi in postkoloniale, post-apartheidstekste deur Nederlandse, Namibiese en Suid-Afrikaanse skrywers herwaardeer en nuut beoordeel word. Die tekste wat ter sprake kom, is Piet van Rooyen se *Op soek na Witbooi* (2011), Koos Marais se *Die keiservoël oor Namaland* (2016), Connie Braam se *Ik ben Hendrik Witbooi* (2016) en *Wij zijn de werkers over dit alles* (2020), en die rymkletsers HemelBesem, wie se regte naam Simon Witbooi is, se "Ima Kullid" (2014), *God praat Afrikaans* (2017) en "Witbooi" (2020).³

Ek gebruik Michael Rothberg (2009) se konsep 'veelrigting-geheue' (my vertaling van 'multidirectional memory') om te illustreer dat herinnerings aan die trauma wat Witbooi en die Namavolk aan die hand van koloniale Duitse regering beleef het, toenemend onthou word op maniere wat die traumas

van apartheid en die Jodeslagting tydens die Tweede Wêreldoorlog omvat. Rothberg se boek handel oor hoe uiteenlopende geskiedenis van politieke geweld as herinneringsmiddels vir mekaar kan dien. Rothberg argumenteer dat veelrigting-geheue dit moontlik maak om gewelddadige historiese gebeure uit verskillende geografiese en temporale rame sáám te onthou sonder om hierdie afsonderlike geskiedenis te reduseer tot óf dieselfde óf heeltemal verskillende en onverwante verledes. In my besprekings fokus ek op Rothberg se stellings oor raakpunte tussen Holocaust-herinnerings en die maniere waarop Europese kolonialisme onthou word. Ek oorweeg Rothberg se insig dat veelrigting-geheue kan lei tot nuwe vorme van samehorigheid tussen getraumatiseerde groepe en illustreer dat daar wel sprake is hiervan in die tekste onder bespreking. Ek verwoord egter ook, veral in my bespreking van *Die keiservoël oor Namaland* en HemelBesem se Witbooi-oeuvre, skeptisisme oor Rothberg se aandrang dat veelrigting-geheue klaarspeel met enige bepalende onderskeid tussen outentieke en unieke groepsidentiteite, en sy siening dat geen kollektiewe herinnerings deur enige groep ‘besit’ word nie.

2. Historiese agtergrond

Sedert die Rykskanselier in 1884 amptelik Duitsland se beskerming oor Lüderitz uitgebrei het en daarvan ’n Duitse protektoraat gemaak het, wou die Ryksregering sogenaamde ‘beskermingsooreenkomste’ (‘Schutzverträge’) met inheemse leiers sluit (Vedder, 1937: 733). Dit het behels dat die inheemse volke in ruil vir Duitse beloftes van beskerming in hul onderlinge oorloë hul onafhanklikheid prysgee. Witbooi was nie hiervoor te vinde nie (Pool, 1979: 253). Nóg Herman Göring nóg Kurt von François, wat in 1889 in Walvisbaai aangeland het, kon hom daartoe oorhaal. Von François het Witbooi toe die stryd aangesê in ’n oorlog wat voortgeduur het totdat Leutwein, wat Von François opgevolg het, in 1894 vir Witbooi verslaan en gedwing het om ’n vredesooreenkoms te sluit (Pool, 1979: 8-10).⁴ Die Witboois mog hul wapens behou, maar moes aan Duitse kant saam met die Duitsers teen die Herero’s en ander inheemse stamme veg. Witbooi het op 4 Oktober 1904 die vredesooreenkoms wat hy met Leutwein gesluit het, verbreek (Pool, 1979: 253). Sy oorlogsverklaring het gekom twee dae ná Von Trotha se berugte ‘vernietigingsbevel’ (‘Vernichtungsbefehl’) op 2 Oktober (Baer, 2017: 30; Pool, 1979: 250). Von Trotha het onder andere verklaar: “Binne die Duitse grens sal elke Herero met of sonder geweer, met of sonder vee, doodgeskiet word” (Pool, 1979: 251). In sy proklamasie getiteld “Aan de oorlogvoerende Namastamme” het Von Trotha later gewaarsku dat hy die Namas sal vernietig soos wat hy met die Herero’s gedoen het (Boehme, 2020: 242; Hillebrecht, 2015: 51; Groenewald, 2010: 96).

Witbooi is op 29 Oktober 1905 op die slagveld doodgeskiet. Ná Witbooi se dood is die Namas verslaan. ’n Aantal oorlewendes is as dwangarbeiders na ander Duitse kolonies geneem en sommige is na konsentrasiekampe gestuur (Wannenburgh, 1980: 181). In die konsentrasiekampe het gevangenes dwangarbeid, onvoldoende voeding, verkragting en swak sanitêre toestande verduur (Boehme, 2020: 242). Haai-eiland was die mees berugte van hierdie kampe. Baer (2017: 107) se boek bevat ’n foto van Duitse soldate wat rondom 1903 op Haai-eiland besig is om skedels van Herero’s en Namas vir verskeping na museums en navorsingsentra in Duitsland te verpak. Dit was deel van die eugenetika-navorsing wat op die eiland gedoen is “om te ‘bewys’ dat die Herero’s en Namas ’n minderwaardiger ras as Europeërs was” (Baer, 2017: 107; sien ook Erichsen, 2005).

Suidwes-Afrika het ’n Duitse kolonie gebly totdat die Unie van Suid-Afrika, as deel van die Geallieerde magte, dit tydens die Eerste Wêreldoorlog binnegeval het. Suid-Afrika het vir die duur van die oorlog die gebied beheer. Die Unie het in September 1919 volgens ’n Volkebondmandaat beheer van “Duits-Suidwes-Afrika” aanvaar (Wellington, 1967: 270). Toe die mandaat beëindig is, het die Republiek van Suid-Afrika, met die apartheidsregering aan bewind, die gebied onwettig bly beset. In 1960 is die South West Africa People’s Organisation (Swapo) gestig om vir Namibiese onafhanklikheid te veg (Melber, 2005: 94). Die eerste veldslag tussen Swapo-lede en die Suid-Afrikaanse weermag het op 26 Augustus 1966 plaasgevind (Melber, 2005: 95). Die oorlog sou voortduur tot Namibiese onafhanklikheid in 1990. Hendrik Witbooi het tydens hierdie lang en uitgerekte oorlog as inspirasie vir Namibiese vryheidsvegters gedien. *The Combatant*, ’n PLAN-maandblad, het ’n afbeelding van Hendrik Witbooi as mashoof gebruik (Melber, 2005: 97).⁵ Nadat Namibië in 1990 uiteindelik onafhanklik geword het, is Witbooi se gesig in 1993 gekies om Namibië se nuwe banknote te versier (Kössler, 2015: 38). Witbooi se nasate het ook ’n belangrike rol gespeel in die onafhanklikheidsstryd. ’n Agterkleinseun van Hendrik, ook Hendrik Witbooi, het in die middel-1970’s na vore getree as ’n bekende Swapo-leier en was jare lank vise-president van Swapo (Kössler, 2015: 35).

In 2021 het Duitsland amptelik erken dat volksmoord in Suidwes-Afrika gepleeg is (“Germany officially recognises colonial-era Namibia genocide”, 2021). Skedels en beendere van Namas en Herero’s wat tydens die volksmoord na Duitse museums verskeep is, is by drie afsonderlike geleenthede deur Duitse kurators, diplomate en politici na Namibië teruggebring (“Germany returns [...] colonial remains”, 2018). Witbooi se sweep en Bybel is ook teruggegee (Kambwela, 2019).

3. Piet van Rooyen: Herevaluering van Witbooi deur 'n Namibiese skrywer ná onafhanklikheidswording

'n Belangrike impetus vir die herevaluering van Hendrik Witbooi in Afrikaans is Piet van Rooyen se *Op soek na Witbooi* (2011), 'n teks wat op die grens tussen feit en fiksie huiwer. Dit handel oor 'n navorser se soektog na Witbooi se graf. Dié navorser, wat soos Van Rooyen aan die Universiteit van Namibië verbonde is, word op sy reis vergesel deur 'n Namatolk, 'n jong student wat in die loop van die reis sy minnares word. Die reisverhaal word afgewissel met Witbooi-briewe, deur Van Rooyen uit die oorspronklike Nederlands in Afrikaans vertaal. 'n Magdom feite oor Witbooi se lewe word aangebied en 'n uitgebreide bronnelys word agterin verskaf, maar daar is ook gefiksionaliseerde hoofstukke waarin Witbooi en een van sy dogters as romankarakters funksioneer (Van Rooyen, 2011: 167, 224-226). Intertekstuele verwysings en aanhalings word gebruik om verbande te trek tussen Witbooi en ander werklike of fiktiewe vegters, leiers, en/of rebelle. Dit is moontlik dat die genre-onstabiliteit, oftewel dat die feit dat die teks nie maklik as óf fiksie óf nie-fiksie geklassifiseer kan word nie, bygedra het tot die feit dat daar bykans geen resensies oor hierdie belangrike baanbrekersteks in die Afrikaanse media verskyn het nie.

Van Rooyen (2011: 10) verduidelik eksplisiet dat Witbooi vir hom 'n figuur is met groter relevansie as sy rol in die geskiedenis van Duitse kolonialisme: "Hendrik Witbooi het groter as hyself, groter as sy eie klein geskiedenis, geraak." Hy beskou Witbooi as eksemplaries van mitiese en historiese helde soos Theseus, Perseus, Achilles, Koning Arthur, Don Quichote, Napoleon en Generaal de la Rey, om maar enkele van die voorbeelde te noem waarmee die teks deurspek is. Die verbande wat Van Rooyen tussen Witbooi se lewensloop en ander geskiednisse trek, illustreer Rothberg (2009: 11) se siening dat veelrigting-geheue verbande trek oor ruimtelike, temporale en kulturele grense heen: "The model of multidirectional memory [...] acknowledges how remembrance both cuts across and binds together diverse spatial, temporal and cultural sites."

Die skrywer vestig ook reeds in die eerste hoofstuk 'n verband tussen die Jodeslagting en die Witbooi-geskiedenis. Hy beskryf 'n gesprek tussen twee navorsers oor gerugte dat Duitse koloniste in die nasleep van die oorlog teen Hendrik Witbooi 'n geheime tunnel onder Windhoek gegrawe het as skuilplek teen moontlike aanvalle deur Witbooi se Witkam-ruiters: "Mense was vir jare na sy dood steeds vrek bang vir die Witkams. Witbooi was 'n groot verskrikking in daardie dae, selfs tot lank na sy dood. Daar was baie om voor bang te wees" (Van Rooyen, 2011: 2). Die navorsers besin oor die verband tussen die Duitse koloniste in Windhoek se drang om hulself met tunnels, mure, forte en verskansings te

beveilig en soortgelyke gebeure in Europa: “Daar was hulle ook inderhaas aan die mure bou: dit wat later die Franse Maginot-lyn sou word, die Duitse Atlantiese Muur, die Grauerort-vestings, dié by die Cote d’Argent” (Van Rooyen, 2011: 2-3). Die gesprek eindig met die waarneming dat hierdie mure die begin was van die oorloë wat sou uitloop op die Jodeslagting:

Dis dié mure waarin die groot oorloë, nommer Een en Twee, hulle ontstaan gehad het – die massas dooie soldate; later ook die hel van die holocaust, die miljoene gestorwe burgerlikes, die massagrafte van die Jode, die Pole en die Jipsies” (Van Rooyen, 2011: 3).

Die skrywer keer in die verhaalslot terug na ’n besinning van ooreenkomste tussen die Witbooi-geskiedenis en die Jodeslagting deur ooreenkomste uit te lig tussen die Duitsers se morbiede “wetenskaplike” gemoeidheid met Namaskedels enersyds, en eugenetika-eksperimente deur die Nazi’s tydens die Tweede Wêreldoorlog andersyds (Van Rooyen, 2011: 227-228). Die verbande wat Van Rooyen trek tussen die lot van die Namas en die lot van die Jode, klop met Rothberg (2009: 6) se waarneming dat Holocaust-herinnerings bydra tot die artikulering van ander geskiedenis van viktimisering. Rothberg noem spesifiek die vrugbare produktiwiteit van vergelykende benaderings wat raakpunte tussen kollektiewe herinnerings oor Europese kolonialisme en die Jodeslagting verken: “When we talk about collective Holocaust memory or about collective memories of colonialism and decolonization, we are talking primarily about shared memory” (Rothberg, 2009: 15).

Behalwe dat Van Rooyen vir Witbooi gebruik as ’n lens waardeur hy na historiese wêreldgebeure kyk, is die gemoeidheid met Witbooi op ’n meer persoonlike vlak ook ’n soeke na betekenis. Die gefiksionaliseerde skrywer/navorser bieg dat hy hom verdiep in navorsing oor Witbooi omdat sy lewe “so ligsinnig geraak [het] dat dit dreig om waardeloos te word” (Van Rooyen, 2011: 4). Hy wil Witbooi gebruik om rigting aan sy lewe te gee: “Ek soek na ’n held, iemand om na op te kyk, een volgens wie ek my eie lewe kan rig” (8). Die insette van die Namavrou wat die navorser op sy reis vergesel, asook gesprekke met Namas wat hy tydens die reis ontmoet, het tot gevolg dat sommige van die navorser se aannames, soos ook sy posisie as “wit Afrikaner-man” wat volgens sy eie erkenning “hopeloos te chauvinisties grootgeraak het” (124), bevrage word. Aka, die Namavrou wat hom vergesel, laat hom by geleentheid met haar kritiese insette “skaam” en “ontoereikend” voel (124). Hy begryp dat sy soeke na Witbooi en sy verhouding met Aka implikasies het vir sy eie posisie en dat dit ’n veranderde identiteit verg: “Ek sal myself moet heroorweeg, selfs herontdek, of herontwerp, as ek my rit saam met Aka klaar wil ry” (124). Sy soeke na ’n

nuwe identiteit is onsuksesvol, want Aka beskuldig hom daarvan dat hy nie anders kan as om 'n rassis en chauvinis te bly nie (192). Tydens 'n besoek aan Gibeon, waar Witbooi se nasate steeds woon, raak die navorser bewus van sy “bevoorregte posisie as wit man in hierdie land” (207). Hy besef dat die Namas rede het om agterdochtig te wees, want “wie is ek om na 'n Namagraf te kom staan en soek?” (221). Voor die einde van die reis skei die navorser en Aka se paaie en die afskeid is nie vriendelik nie.

Ten spyte van oomblikke van kritiese selfbeskouing en die navorser se omarming van Witbooi as sy persoonlike held, is die teks vreemd genoeg nie vry te spreek van koloniale denke en selfs rassisme nie. Die skrywer gebruik minstens twee keer skokkende raspejoratiewe (Van Rooyen, 2011: 183, 197).⁶ Dit kom nie uit historiese bronnemateriaal nie, maar word in die mond van die ek-verteller geplaas. Soos in vroeëre tekste oor Witbooi in die Afrikaanse kanon, blyk Gustav Preller se *Vóortrekkers van Suidwes* invloedryk. Etlike ‘feite’ uit dié bron word oorgeneem sonder dat dit krities bevraagteken word. Preller se vertelling van die Herero's wat na Witbooi verwys het as “die slegte kortetjie” en oor Witbooi wat in 'n koets in Gibeon sou rondgery het, word byvoorbeeld klakkeloos herhaal (Van Rooyen, 2011: 189, 191). Daar is ook spore van Preller se skeefgetrekte weergawes oor waarom Witbooi oorlog verklaar het. Van Rooyen gee die opinies weer dat Hendrik deur die profeet Stuurman oorreed is en dat sy oorlogsverklaring deur godsdienstige fanatisme gemotiveer was, en beweer selfs dat Hendrik “bloot moeg was vir stilsit” (196). Hierdie stellings vorm deel van beskrywings van die ek-verteller se denke oor Witbooi en word nie aan Preller toegeskryf nie, wat dit nog meer problematies maak. Genoemde ooreenkomste met Preller-bronnemateriaal val op omdat Preller deesdae bekendstaan as “die belangrikste ideoloog en uitvinder van die twintigste-eeuse Afrikanertradisie” (Hofmeyer, 1991: 62; sien ook fel kritiek op Preller se onakkuraatheid en partydigheid in Van Jaarsveld, 1960, Liebenberg, 1975).

Die teenkant van die munt is dat Van Rooyen wel Duitse koloniale vergrype en Witbooi se opstand teen koloniale oorheersing belig soos geen Afrikaanse skrywer voor hom nie. Van Rooyen, wat ook tien jaar ná die verskyning van hierdie teks 'n vakwetenskaplike artikel oor die Duitse aanval op Hoornkrans sou publiseer (Van Rooyen, 2021), sluit ook hier in sy teks 'n ooggetuie-verslag oor die geweld teen vroue en kinders by Hoornkrans in (Van Rooyen, 2011: 156). Anders as in apartheidsera-romans waarin Witbooi figureer, haal Van Rooyen die bewoording van Von Trotha se vernietigingsbevel aan die Herero en die proklamasie aan die Nama, volledig aan (Van Rooyen, 2011: 200). In nog 'n belangrike postkoloniale teksmoment sluit Van Rooyen 'n brief in waarin Witbooi hom verweer teen beskuldigings dat hy onskuldige mense vermoor het:

Jy beskuldig my daarvan dat ek hulpelose witmense vermoor [...] Ek vra jou, as jy hierdie brief ontvang het, gaan sit stil en dink 'n bietjie na. Tel al die siele wat omgekom het in die afgelope tien jaar sedert jy in die land ingekom het, tot vandag toe. En reken hierdie jare om in maande, en die weke en die dae en die ure sedert hulle dood is. Tel dan daarteenoor die paar wittes wat in my hande geval het in hierdie kort tydjie (202).

Die volle ooreenkoms met Leutwein, insluitende die bepaling wat hom verplig het om saam met die Duitsers te veg, word aangehaal (Van Rooyen, 2011: 181). Ten spyte van die teks se tekortkominge, blyk die navorser se onmiskenbare bewondering vir Witbooi duidelik. Sy inspirasie was onder meer 'n Namaprysgedig oor Witbooi wat hy opteken en in Afrikaans vertaal.⁷ *Op soek na Witbooi* wil ook 'n soort pryslied wees aan die man met wie die navorser hom wil vereenselwig ten spyte van alles wat hulle van mekaar onderskei. Dit herinner aan Rothberg (2009: 5) se insig dat verkenning van veelrigting-herinnerings nuwe vorme van solidariteit teweegbring: “When the productive, intercultural dynamic of multidirectional memory is explicitly claimed, [...] it has the potential to create new forms of solidarity.” Die navorser se vereenselwiging met Witbooi staaf ook Rothberg se insig dat die verkenning van veelrigting-geheue ons bind aan diegene wat ons as ander beskou (“bind us to those whom we consider other”, Rothberg, 2016: 5).

4. Koos Marais: Herevaluering van Witbooi deur 'n Suid-Afrikaanse skrywer ná onafhanklikheidswording

Soos Piet van Rooyen se *Op soek na Witbooi* (wat hierbo bespreek is), is Koos Marais se *Die keiservoël oor Namaland* (2016) 'n hibriede teks wat gefiksionaliseerde inhoud kombineer met 'n dokumentêre aanslag (kompleet met voetnote, argieffoto's, kaarte en 'n bronnelys). Die skrywer beklemtoon in sy “Outeursnotas” dat die verhaal gegrond is op navorsing oor feitelike gebeurtenisse, maar dat dit ook “geromantiseerde fiksie” inkorporeer (Marais, 2016: 354). Die verhaal fokus op die lotgevalle van Ernst Luchtenstein, 'n Joods-Duitse immigrant wat in 1906 as veertienjarige seun in Lüderitzbucht (vandag Lüderitz) aanland, en Regina Klube, die dogter van Duitse pioniers. Hoofstukke oor Ernst en Regina se wedervaringe word afgewissel met hoofstukke oor die lot van Cornelius Fredericks, Hendrik Witbooi se skoonseun wat op Haai-eiland gesterf het.

Die eerste hoofstuk begin met Ernst wat in 1906 vanaf die dek van die skip waarmee hy uit Duitsland gereis het, die gevangenes op Haai-eiland dophou. Hy wonder of die “[k]ort, tingerige koperkleurige gedaantes” van die gevangenes “regte mense” is (Marais, 2016: 1). Sy vooroordele is skreiend:

Af en toe spoel 'n walglike stank saam met die koue wind van die eiland af tot by die skip sodat die Duitse seun sy neus styf toekny. Regte mense kan tog nie so ruik nie, dink hy. Maar hulle bly dan in skuilings, soos mense? Of is dit dalk hokke, soos in Hamburg se dieretuin?

[...] In sy gedagte doem die dooie rotte weer op wat hy altyd uit die solder moes gaan haal om op die ashoop weg te gooi (Marais, 2016: 1).

Dieremetaforiek word gebruik om die seun se koloniale denke oor koloniale subjekte as niemenslik te illustreer. Fanon (2004: 42) noem dit as 'n tipiese kenmerk van koloniale retoriek: "The terms the settler uses when he mentions the native are zoological terms."⁸ Die verhaal neem 'n wending wanneer Ernst en sy gesin se pad met dié van Fredericks en 'n groep Namasoldate kruis. Die Luchtensteins word deur Fredericks begenadig en so ontstaan 'n onwaarskynlike vriendskap tussen Ernst, sy moeder en Fredericks. Deur hierdie vriendskap en die uitwisseling van gedagtes wat daarmee saamhang, leer die Luchtensteins om anders te dink oor die Namas. Koloniale stereotipes van Europese beskaafdheid en inheemse onbeskaafdheid word byvoorbeeld omgekeer wanneer Fredericks hom soos volg oor die onmenslike optrede van die Duitse soldate teenoor die twee Luchtensteins uitlaat: "As dit is hoe beskaafde mense optree, dan wil ek lievers 'n barbaar wees" (Marais, 2016: 150). Hierdie toneel volg op 'n ander, soortgelyke een oor die effek wat Fredericks sou gehad het op die karakter Thilo von Trotha, die generaal se neef. Nadat hy Fredericks ontmoet het, besluit Thilo dat die optrede van die Duitsers op Waterberg en in die Omaheke "barbaars" is: "In die Transvaal en Natal het hy nooit sulke barbaarse wreedhede gesien nie" (125).

Marais se teks wil kennelik korrektiewe bied op clichés van koloniale retoriek, op negatiewe sienings oor Witbooi en op historiese amnesie oor die gruwels van Duitse kolonialisme. Witbooi word uitgebeeld as 'n slim en dinamiese leier. Hy is ingelig oor wêreldsake, met onder andere beskrywings van hoe hy koerant lees en verbande trek met die opkoms van fascisme in Duitsland en sy eie belewenis van Duitse kolonialisme (Marais, 2016: 63). 'n Hoofstuk oor die aanval op Hoornkrans begin met 'n beskrywing van Duitsers wat 'n vrou en kind doodskiet. Witbooi se verbystering en verdriet word empaties beskryf en die hoofstuk fokus op die enorme verliese wat die Witboois gely het (64). Koloniale geweld teenoor die Herero's word in grusame besonderhede beskryf. Von Trotha se Herero-uitwissingsbevel en die belofte dat hy sy woord gestand sal doen "al kos dit strome bloed" (109) word nie verdoesal nie. Vir die eerste keer in 'n Afrikaanse teks word Witbooi se oorlogsverklaring beskryf as 'n reaksie op die Duitse uitdelging van die Herero's (en nie as iets wat gemotiveer is deur magsfantasieë of godsdienstige fanatisme nie). By meer as een geleentheid word

dialogo in Witbooi se mond gelê wat, soos in tonele waarin Fredericks figureer, die trope van wit beskaafdheid en swart onbeskaafdheid uitgedaag word:

“Katriena, ek kan dit nie glo nie. Geen beskaafde mens kan dit mos aan vroue en kinders doen nie” (64).

“Hierdie mense, die Jermanne, is nie beskaafde mense nie. Hulle is nie regte mense nie” (107).

Ten spyte van belangrike teksmomente waarin die koloniale projek krities beoordeel word, is *Die keiservoël oor Namaland* egter ’n vreemde, onewe teks vol teenstrydighede wat, net soos *Op soek na Witbooi*, plek-plek koloniale denkbeelde en retoriek eggo. Behalwe hinderlike en herhaaldelike beskrywings van die Namas as “koperbruin mense” (35, 83, 84), “klein, rooikoperkleurig soos die koffiekannetjie agter op die wa” (70) en “rooikoper” (102) teenoor Stuurman as “pikswart” (74, 102), is daar die eendimensionele siening dat Duitsers (die skrywer noem hulle “Jermanne”) in die jare 1890 tot 1893 verantwoordelik is vir ’n bloeitydperk in die gebied wat hulle as setlaars binnegedring het: “Die Jermanne bring voorspoed na Namaland” (73). Witbooi word uitgebeeld asof hy alle besluite aan Stuurman sou oorgelaat het, en boonop as só bygelowig dat hy dink die x-straalmasjien is “van die duiwel” (74-75). Beskrywings van die omstandighede waaronder Witbooi die vredesooreenkoms met Leutwein onderteken, skep die indruk dat hy naïef was oor Leutwein: “Hy is regtig ’n ware heer, hierdie Leutwein’, dink Witbooi” (Marais, 2016: 67). Besonders skreiend is hoe die teks te kenne gee dat Witbooi aan Duitse militêre optredes deelgeneem het omdat hy van mening was dat sy mede-Afrikane “onbeskaafd” en “skelm” sou wees: “Hy is streng en ongeduldig met sy onbeskaafde, skelm landgenote. Hy tree kwaai teen hulle op” (Marais, 2016: 74). Ten spyte van Ernst Luchtenstein se kennisname van Fredericks se sienings oor die barbaarsheid van Europese koloniseerders, dink hy, tydens ’n lang verblyf in die Karasberge, aan homself as “beskaafde mens” teenoor die geïmpliseerde “onbeskaafdheid” van inheemse bewoners wat voor hom daar was: “Hy [Ernst] weet dat geen beskaafde mens voor hom al so lank in hierdie ruwe wêreld moes bly nie” (305). Die verhaalslot wentel om Ernst se oortuiging dat hy en sy Duitse vrou, nes die Namas, in Suidwes-Afrika hoort. In die slottoneel laat hulle bloed uit hul vingers op die aarde drup in ’n ritueel wat hul eienaarskap en geworteldheid in hul aangenome land bevestig. Ernst, wat as veertienjarige sy aankoms in Lüderitz as ’n vorm van besitname gedink het, verklaar seëvierend aan die einde van sy pionierslewe: “Hierdie land is my land” (Marais, 2016: 345-346).

Die problematiese teenstrydighede waarop ek wys, hou myns insiens verband met die wyse waarop veelrigting-geheue in die teks ontplooi word en

die vergelyking tussen die behandeling van Namas in Suidwes-Afrika met die lot van Jode. Enkele sleuteltonele is van belang. In die eerste hoofstuk val Ernst Luchtenstein, kort voordat sy familie aan wal sou stap, oorboord. Hy verdrink byna, maar word deur Haai-eiland se Namagevangenes uit die water en tot op die strand gesleep. Duitse soldate neem hom dan na die kamphospitaal. Terwyl hy sukkel om sy bewussyn te herwin, is hy vaagweg bewus van 'n argument waarin iemand hom (Ernst) bestempel as “net 'n Jood”: “Aber er ist doch nur ein Jude ...” (Marais, 2016: 47). Hy word hardhandig hanteer en bedwelms en nadat hy Eugène Fischer herken, besef hy dat hy in 'n laboratorium is: “Teen die muur staan rye bottels met snaakse stukke vleiserige materiaal daarin. Dit lyk vir hom soos die prentjies van 'n mens of dier se brein in sy skoolboek. Eenkant lê twee skedels” (Marais, 2016: 47). Hy word later in 'n ander vertrek wakker en dink dat hy dit alles dalk gedroom het. In latere hoofstukke wat op Haai-eiland afspeel terwyl Fredericks daar gevange gehou word, word heelwat aandag geskenk aan Fischer se berugte eksperimente op Herero- en Namagevangenes. Die teks bevat grafiese besonderhede oor die eksperimente waaraan Fredericks onderwerp word en sy wrede dood weens komplikasies deur die eksperimente veroorsaak. In 'n groteske toneel word Fredericks se skedel ná sy dood aan sy vrou Magdalena gegee om skoon te skrop: “‘Corneliussie, my Corneliussie,’ kerm sy aanhoudend terwyl haar trane oor die skedel stroom” (Marais, 2016: 243). In die verhaalslot van *Die keiservoël oor Namaland* word die eksperimente op Haai-eiland nogmaals opgehaal wanneer Ernst, nou 'n bejaarde man, terugdink aan wat met hom gebeur het toe hy veertien was. Hy kom tot die gevolgtrekking dat hy 'n noue ontkoming gehad het: “Hy verstaan dat die eksperimente op die eiland nie net tot die Khoi-mense of die Herero's beperk was nie. Dat hyself amper die slagoffer van 'n eksperiment was, net omdat hy Joods is” (Marais, 2016: 346).

Die skrywer gebruik van 'n mengsel van feit en fiksie om 'n verband te vestig tussen Europese anti-Semitisme en die eugenetika-navorsing op Haai-eiland. In die hoofstuk word dit 'n manier om te argumenteer dat Namibië ewe veel aan die pionier en sy Duitse vrou behoort as aan die Namas. Ernst beskryf Namibië aan Regina as “die vaste burg van die Namas en van my en jou” (Marais, 2016: 347). Omdat hy Joods is, en op grond van die gefiksionaliseerde noue ontkoming op Haai-eiland, meen Ernst dat hy 'n “duinerik” is eerder as 'n “keiservoël” ('n metafoor vir die Duitse koloniale ryk). In die bisarre paragrawe wat hierop volg, fluister hy in Nama liefdeswoorde vir sy Duitse vrou, duik sy in 'n bergpoel met niks aan nie behalwe 'n Namakralekraag, en swem hulle saam met die mitiese waterslang in 'n poel waar Ernst tot “in die siel van Namaland” kan sien. Dit is interessant dat hierdie aanvegbare regverdiging van Duitse setlaars se voortgesette teenwoordigheid in 'n land waar hulle danksy Duitse kolonialisme vooruitgeboer

het; die ontkenning van die verskil tussen Ernst se Joods-Duitse, Regina se Duitse en die Namas se identiteit; en die wyse waarop Ernst en Regina aspekte van die Namas se taal en kultuur oorneem of approprieer, met Rothberg se teoretisering van veelrigting-geheue strook. Rothberg (2009: 2) verwerp die siening dat outentieke herinnerings en identiteite bestaan, en die tref van onderskeide tussen outentieke identiteite. In sy raamwerk val “ons” en “julle” weg en daarmee saam enige bepalende onderskeid tussen byvoorbeeld swart identiteit en Joodse identiteit. Die raakpunte tussen verskillende traumatiese geskiedenisne bind ons aan hulle wie ons as ‘ander’ beskou (Rothberg, 2009: 3). Hieruit vloei dit dat herinnerings aan traumatiese geskiedenisne nie deur bepaalde groepe besit word nie:

Rather, the borders of memory and identity are jagged; what looks at first like my own property often turns out to be a borrowing or adaptation from a history that initially might seem foreign or distant (Rothberg 2009: 5).

Na my mening illustreer die gebruik van veelrigting-geheue in die Marais-tekste en die gepaardgaande naasmekaarstelling van verskillende groepsidentiteite problematiese implikasies vir tekste wat geskryf en gelees word in postkoloniale kontekste waar daar nog oor aandadigheid, restitusie en grondbesit onderhandel word. Rothberg se siening dat daar geen ‘outentieke’ groepsidentiteite bestaan wat uit spesifieke geskiedenisne van viktimisering spruit nie, is moeilik versoenbaar met sy insig, in ’n latere hoofstuk van *Multidirectional memory*, dat trauma mededingend is: “[T]rauma often functions as the object of competitive struggle, a form of cultural capital that bestows moral privileges” (Rothberg, 2009: 87). Sy oortuiging dat geen groep ’n bepaalde geskiedenis ‘besit’ nie, is ook uit pas met die herleefde belangstelling in Khoisan-identiteit wat in die afdeling oor HemelBesem bespreek word.

5. Conny Braam: Hendrik Witbooi in Nederlandse romans

In 2016, in dieselfde jaar as Koos Marais se *Die keiservoël oor Namaland* in Suid-Afrika, verskyn ook Conny Braam se *Ik ben Hendrik Witbooi* in Nederlands.⁹ Witbooi is ’n (nuwe)karakter in beide hierdie tekste, met die volksmoord op die Herero’s en Namas wat ook prominent figureer. Ten spyte van etlike ooreenkomste tussen Braam en Marais se romans, verskil die twee skrywers se hantering van hul historiese stof aansienlik. Anders as Marais, wat veelrigting-geheue gebruik as ’n strategie om aanvegbare argumente oor koloniale nalatenskappe aan te voer, benader Braam die Namas se geskiedenis van viktimisering as uniek en onderskeibaar van soortgelyke geskiedenisne.

Braam se historiese roman *Ik ben Hendrik Witbooi* bevat etlike tonele wat handel oor dieselfde gebeure as wat in Marais se boek beskryf word. Sy vertel ook die verhaal van Witbooi teen die agtergrond van die volksmoorde in koloniale Suidwes-Afrika. Soos Marais, fokus haar beskrywing van die Duitse aanval op Hoornkrans prominent op die feit dat Von François vroue en kinders doogskiet het: “Dit is de eerste keer dat er tijdens een gewapend conflict vrouwen, kinderen en bejaarden zijn vermoord” (Braam, 2016: 152). Die teks maak dit duidelik dat Witbooi geen ander keuse gehad het as om die vredesooreenkoms met Leutwein te onderteken nie, en benadruk dat Leutwein ’n bepaling ingesluit het wat Witbooi verplig het om saam met die Duitse magte te veg:

Leutwein glimlacht. “Kijk naar de laatste paragraaf. Daarin belooft hij met al zijn weerbare mannen, zonder enige terughoudendheid, militaire diensten te zullen verlenen aan het Duitse keizerrijk” (Braam, 2016: 223).

Soos Marais, maak Braam die werklike Cornelius Fredericks ’n karakter wat die magsvergrype en eksperimente op Haai-eiland eerstehands beleef. Sy skep voorts ’n karakter genaamd Conrad wat as fotograaf die eugenetika-eksperimente deur die kampdokter, vir wie sy die fiktiewe naam dr. Bofinger gee, dokumenteer. Die grusame foto’s van gevangenes se koppe wat Marais as deel van sy teks insluit, word in Braam se roman slegs beskryf:

Conradt fotografeert de hoofden van de Nama, door Bofinger van het lichaam gescheiden, overeind gehouden door speciaal vervaardigde standaards. Het leven is onmiskenbaar uit de verstilde gezichten verdwenen. Toch kan Conrad het gevoel niet afschudden dat ze ieder moment hun ogen kunnen opslaan en hem zullen vragen waarmee hij in godsnaam bezig is (Braam, 2016: 368).

Hoewel Braam op die volksmoorde tydens die Duitse koloniale tydperk fokus, betrek sy ook ander historiese gebeure wat dit voorafgegaan het en wat daarop sou volg. Vroeg in die roman vestig sy aandag op die feit dat die Witboois se wedervaringe in Suidwes-Afrika voorafgegaan is deur hul ontworteling weens Nederlandse kolonialisme in die Kaap:

Het verlangen naar een vruchtbare vallei in het noorden was lang geleden geboren nadat het volk, toen nog als Khoisan bekend, door blanke mannen met vuurwapens was verdreven uit de Kaap – daar waar Afrika ten einde gaat, daar waar ze sinds heugenis als nomaden hadden geleef. Hun eerste trektocht, meer een vlucht, voerde hen met hun kuddes dwars door de Noordelijke Kaap, om pas maanden later vlak onder de Oranjerivier tot stilstand te komen (Braam, 2016: 10).

Die roman eindig met ’n vooruitwysing na die koms van apartheid en die feit dat Namas wat Duitse kolonialisme oorleef het, verdere vernedering en verdrukking onder die heerskappy van Suid-Afrikaanse magshebbers sou moes deurstaan:

Maar op het pad worden ze tegengehouden door Zuid-Afrikaanse soldaten. Een luitenant blaft hun toe in het Afrikaans, wat veel op het Kaap-Hollands lijkt. Waar zijn de identiteitspenningen met nummer die ze verplicht rond hun nek moeten dragen? Hoe kan het dat se zomaar aan het ronddolen zijn. Weten ze soms niet dat het k[...] is verboden zich zonder toestemming buiten het reservaat te begeven?” (Braam, 2016: 378)¹⁰

Van Rooyen se hantering van haar historiese boustof betrek verbande tussen die geskiedenis van Duitse kolonialisme in Afrika en apartheid in Suid-Afrika. Daar is dus sprake van die produktiewe, interkulturele interaksie tussen verskillende historiese herinnerings wat Rothberg met veelrigting-geheue assosieer. Vir Braam gaan dit egter baie bepaald om die unieke posisie van die Namas, as afstammeling van die Khoisan. Die roman neem immers as motto ’n uitspraak deur Nelson Mandela oor historiese onregte teen die Khoisan: “Of human civilisations the Khoisan have probably been wronged the most and the longest by others” (Nelson Mandela, aangehaal in Braam, 2016).

Ook in Braam se opvolgroman, *Wij zijn de wrekers over dit alles* (2020), word daar teen ’n breë historiese agtergrond gefokus op die lotgevalle van die Namas. Die roman handel oor die nasleep van Duitse kolonialisme vir die Witboois ná die Eerste Wêreldoorlog, die wedervaring van Hendrik Witbooi se kleinseun en ander Namas terwyl hulle tydens die Tweede Wêreldoorlog aan Suid-Afrikaanse kant teen die Nazi’s veg, asook die ontnugterings wat ná die oorlog op Witbooi en ander Namasoldate wag tydens die aanloop tot apartheid. Braam se onderwerp is hoe Witbooi se nederlaag opgevolg is deur nog politieke en ekonomiese ontmagtiging vir die Namas. Hendrik Witbooi is ’n belangrike spookteenwoordigheid in die teks. Die vergeefse stryd wat hy teen die Duitse koloniste gevoer het en die implikasies van sy nederlaag word by herhaling betrek by die uitbeelding van latere geskiedkundige gebeurtenisse (soos die oordrag van mag in Suidwes-Afrika aan die Unie van Suid-Afrika, reservaatpolitiek, die miskende bydraes van Namasoldate in die Tweede Wêreldoorlog, die vernederings en verbreekte beloftes daarná en die aanvang van apartheid). Die hoofkarakter is Hendrik se kleinseun, Jakob Witbooi. Wanneer hy as vrywilliger in Windhoek by die Suid-Afrikaanse Leër wil aansluit, tel die feit dat hy ’n Witbooi is, saam met die legendariese “rebelsheid” en “ontembaarheid” van die Witboois, aanvanklik teen hom:

Hij wilde zich aanmelden, maar toen de rekruteringsofficier zijn naam hoorde, vroeg hij hem een momentje te wachten: hij moest even overleggen met een andere officier. Ook al draaiden ze hem de rug toe, toch vind Jakob flarden van hun in het Afrikaans gevoerde gesprek op. Nee, nee, hottentotten liever niet ... ongeschikt, opstandig, niet te temmen. Zelfs de naam Hendrik Witbooi viel een keer (Braam, 2020: 64).

In Tsumeb kry hy dit wel reg om aan te sluit omdat die amptenaar daar “niet eens bekend was met de stryd van Jakobs grootvader teen die koloniale machthebbers” (67). Witbooi oortuig “alle weerbare Witboois en andere Namas” (67) om hulle ook aan te meld. Hy sien dit as ’n strategiese skuif vir stemreg en selfbeskikking ná die oorlog. Die geskiedenis van kolonialisme bemoei hom enduit tydens die jare lange ontberings wat volg. Terwyl hy hom in die Libiese woestyn bevind, sien hy ooreenkomste tussen die nomadiese bestaan van die Bedoeïene en die lewenswyse van die Namas voor kolonialisme:

Af en toe trekt er in die verte een kamelenkaravaan voorbij. Bedoeïene, Afrikanen zoals hiezelf. Hij heeft gelezen over hun hardnekkige verzet teen invallende, teen westerlinge. Nooit hebben ze zich aan iemand onderworpen. [...] Hoe is dat toch moegelyk. Waarom is dat deze nomaden wel geluk en zijn eie volk in Namaqualand niet? Waarom heeft het verzet teen die koloniale veroveraar die Namas wel aan die rand van die afgrond gebragt? (Braam, 2020: 59)

Hoewel dit op die oog af lyk asof die skrywer haar hier besig hou met veelrigtinge-geheue en die trek van verbande tussen die Namas en ’n volk wat Witbooi sien as “Afrikanen zoals hiezelf” gaan dit eerder oor die onderskeid as oor die ooreenkoms. Die swaarkry van die Namas onderskei hulle van die Bedoeïene. Wanneer Witbooi later as ’n dwangarbeider by IG Farben in Auschwitz beland, begryp hy hoe die uitwissingskampe die uiteinde van die rassisme is waarvan hy vroeëre vergestaltings beleef het. Soms herinner Auschwitz hom trouens aan Haai-eiland:

Maar het is de snijdende koude wind die uit die vage herinnering een vast beeld vormt. Hij ziet gewapende Duitse militairen die de laatste overlevende Namas van Shark Island drijven. [...] Nu weet hij het zeker: dit beeld heeft zich steeds aan hem opgedrongen als hij de gevangene uit Auschwitz III, afgeranseld door hun beulen, voorbij zag strompelen (Braam, 2020: 368-369).

Hoewel die teks hier stilstaan by raakpunte tussen die lot van Jode tydens Auschwitz en dié van Namas tydens die koloniale volkslagting in Suidwes-Afrika, word dit opgevolg met tonele waarin dit juis gaan om verskille, meer spesifieke

om die onderskeid wat ná die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika op grond van ras gemaak is tussen Namas en Jode. Wanneer Jakob probeer verduidelik waarom hy met die identiteitsbewys van 'n Jood uit die oorlog terugkeer, word hy op krenkende wyse beskryf as “een hottentot die rondloopt met de papieren en de identiteitsplaatjes van een Jood”, word dit aan hom uitgespel dat “Joden in dit land geclassificeerd worden als blank” en word hy ten slotte daarvan beskuldig dat hy die rasseklassifikasies probeer omseil: “En toen dacht jij: als ik nou zijn papieren in handen krijg, dan word ik als blank ingeschreven met alle voordelen van dien?” (Braam, 2020: 362).

Dit blyk dus dat Braam die lotgevalle van Jakob Witbooi en ander Namas wat in die Tweede Wêreldoorlog geveg het, beskryf met inagneming van raakpunte tussen die lot van Jode in die Tweede Wêreldoorlog, maar ook wys op die aspekte van die Namas se geskiedenis wat anders was. Hierdie benadering klop nie met Rothberg se weiering dat onderskeid getref word tussen byvoorbeeld swart en Joodse identiteite en herinneringe nie: “I reject the notion [...] that there is a ‘we’ and a ‘you’ that would definitively differentiate, say, black and Jewish identities and black and Jewish relations to the past” (Rothberg, 2009: 4).

6. HemelBesem: Die “Witbooi-consciousness” van ’n nasaat

Conny Braam gebruik as een van twee motto’s vir *Ik ben Hendrik Witbooi* ’n Afrika-spreekwoord wat sy in Engels soos volg weergee: “Until the lions have their own historians, tales of the hunt will always glorify the hunter.” Dit is onduidelik wat sy hiermee te kenne wil gee. Dit sou kon beteken dat sy haar roman sien as ’n poging om koloniale geskiedskrywing oor Hendrik Witbooi se stryd teen Duitse kolonialisme te korrigeer met ’n verhaal wat uit die Namas se oogpunt vertel word. Dit sou egter problematies wees, omdat sy as Nederlander geassosieer word met Nederlandse koloniale geweld teen die Namas en dus self eerder in die kamp van die “jagters” as dié van die “leeus” hoort. Hierdie beswaar sou geopper kon word ten spyte van die feit dat sy, volgens die biografiese gegewens op die agterblad, ’n anti-apartheidsaktivis was. Yvette Abrahams (1994: 1-9) verwerp byvoorbeeld die moontlikheid dat Khoisan-geskiedenis, soos dié van Hendrik Witbooi, Cornelius Fredericks en die Namas, deur Europeërs gerekonstrueer of verstaan kan word. ’n Ander moontlikheid is dat sy met die gebruik van die motto selfkrities staan teenoor haar eie rol as die skrywer van ’n verhaal wat eerder vertel moet word deur die slagoffers self, of hul nasate. In hierdie verband is dit relevant dat die mees onlangse bewerking van die Witbooi-geskiedenis en die eerste voorbeeld in hierdie artikel wat nie oor die werk van ’n wit skrywer handel nie, HemelBesem se lied “Hendrik Witbooi” is. Dié lied,

wat in 2020 vrygestel is, is voorafgegaan deur verwysings na Hendrik Witbooi in “Ima Kullid”, wat HemelBesem in 2014 in Eersterust saam met ander hiphop-kunstenaars opgeneem het en wat ook kortliks hier bespreek word.

In sy memoir *God praat Afrikaans* (2017) skryf HemelBesem, wie se regte naam Simon Witbooi is, dat hy ’n nasaat van Hendrik Witbooi is. In ’n hoofstuk getiteld “Hulle check’ie my tjappies nie” skryf hy oor die simboliek van sy tjaps oftewel tatoeëermerke. Belangrik vir die daaropvolgende opmerkings oor sy Hendrik Witbooi-tatoeëermerk, is dat hy sy linkerarm, waarmee hy sy mikrofoon vashou, beskou as sy “revolutionary arm”: “Alles daarop is die etos waaruit my waarheid bestaan” (HemelBesem, 2017: 196). Toe hy moes besluit waar die Witbooi-tatoeëermerk op hierdie arm moes kom, was dit vir hom “belangrik dat hy [Hendrik Witbooi] die naaste aan die mikrofoon moes wees wanneer ek [HemelBesem] praat” (197). Die implikasie is dat Hendrik Witbooi deur HemelBesem se lirieke praat en deur HemelBesem omarm word as ’n ‘revolutionary’ of weerstandsfiguur. HemelBesem verduidelik in dieselfde hoofstuk dat die frase “check my tjappies” beteken “neem my rang, waarde of status in ag”. Sy Witbooi-tatoeëermerk beteken dat sy Witbooi-geskiedenis deel uitmaak van sy status en waarde. Wat presies dít behels, raak duideliker wanneer hy in die volgende hoofstuk, “Ons kookie saggie”, wéér vir Hendrik Witbooi ter sprake bring. In hierdie hoofstuk bespreek HemelBesem die impak wat gedwonge verskuiwings op sy oupa, Simon Witbooi, gehad het en hoe dit tot sy latere alkoholisme bygedra het: “Ek dink soms hoe anders dit sou wees as hy nie sy grond verloor het nie” (HemelBesem, 2017: 206). Volgens hom moet sy oupa se lewe en geskiedenis interpreteer word met inagneming van sy oupa se oupa, Hendrik Witbooi: “Ons moet verder kyk in die bloed van Thomas Witbooi. [...] Tot by sy pa se pa op die geldeenheid van Namibië” (207). Om Hendrik Witbooi te onthou, is volgens HemelBesem nodig omdat kinders helde nodig het en omdat sulke ikone “nodig [is] vir die voortbestaan van enige groep mense”. HemelBesem sien in Hendrik Witbooi die moontlikheid van ’n “gids” na sukses en eiewaarde, nie net vir homself nie, maar vir die groep mense waarvan hy deel is. Hendrik Witbooi is voorts vir hom deel van ’n lang geskiedenis van weerstand en die inspirasie vir verset in nuwe omstandighede:

As ’n ou soos my pa, my oupa en Hendrik [Witbooi] ’n geskiedenis het van hardgebak wees en nie sommer bes gee in gevegte nie, sal hulle sê: “Hy kookie sag nie!” Ons mense is by die kookpot van vernuwing en modernisering, maar gaan Namakwaland toe en jy sal sien, ons mense kookie sag nie! (208).

HemelBesem eindig die besinnings oor die betekenis van Hendrik Witbooi vir hom en sy mense deur die lirieke aan te haal wat hy gesing het in “Ima

Kullid”, die produk van samewerking tussen ’n aantal hiphop-kunstenaars. Die lirieke en gepaardgaande beeldmateriaal op die “Koulid Tjoob”-kanaal op YouTube demonstreer Moses (2019: iii) se siening van hiphop-musiek deur bruin, Kaapse musikante as uitinge van ’n bepaalde sosiopolitieke en kulturele identiteit wat soms as “colouredness”, soms as “swart”, “Khoisan”, “Nama” en soms foneties en na aanleiding van Kaaps as “kullid” benoem word. Moses (2019: 10-11) verduidelik die uitwisselbaarheid en ooreenskuiwing van hierdie terme soos volg:

[T]he interlocutors with whom I spoke adamantly renounced the term “coloured” as a fiction of apartheid-era social organization. Instead, some artists preferred a Black Consciousness racial and/or political affiliation; some claimed an indigenous ethnic identity of Khoisan, or Nama. Others still, embraced the appellation “coloured,” adopting a phonetic spelling for the word (i.e.: K-u-l-l-i-d), thereby asserting cultural and linguistic facility with Afrikaans, referred to usually as Kaaps, as a contingent basis for group inclusion. In all instances, whether these affiliations were embodied as discrete, or as overlapping - “colouredness” as a form of “Blackness,” for example - interlocutors were steadfast in their subversion of the negative social connotations within the South African imaginary that accompanied “being coloured.”

In die Kaapse Afrikaans van HemelBesem en mede-hiphopkunstenaars word dit “koulid”, “kallit” of “kullid” (sien byvoorbeeld die titel van “Ima Kullid”, die naam van die YouTube-kanaal, die T-hemp wat HemelBesem in die musiekvideo dra en die spelling van lirieke onderaan HemelBesem se lirieke op YouTube). “Ima Kullid” is onmiskenbaar ’n voorbeeld van die soort hiphop wat Moses (2019: iv) tipeer as ’n viering van gekleurde of ‘kullid’ identiteit. Hierdie soort hiphop gebruik Kaaps eerder as Standaardafrikaans om negatiewe stereotipes uit te daag, fokus op sosiale opheffing en lewer kritiek op maatskaplike ongelykheid. HemelBesem vestig in die musiekvideo aandag op sy Witbooi-tatoeëmerk en besing Witbooi as voorbeeld of “templaat” vir hedendaagse weerstand in Suid-Afrikaanse konteks:

Ek’s krielwrig met vuur binne, Kaptein’s nog ’n template.

Witbooi moet hands-down gepraise word. Sement dit! (HemelBesem, Uni-Verse, Harmonix en Hulleywould, 2014)

In die lied “Witbooi” keer hy op eksplisiete wyse terug na die tema van “kallit”-wees. Hy noem armoede, dwelms en benedegeweld as probleme, maar besing ook die feit dat ‘kallits’ sogenaamd “kapadien” en “KING” is:

Gestraf, ek siek, en sat van alles
 Sat gestiek, en plat soes wallets
 Is kapadien ons BLAH! soes malle
 Klim uittie kas uit! Jy' s KING, kallits! (Hemelbooi, 2020)

Die woord “kaptein”, wat met Witbooi geassosieer word in “Ima Kullid”, vervloei hier met die woord “kapadien”, waarvan die betekenis deur sprekers van Kaaps soos volg verduidelik word: “[I]s ma net om te sê jy staan trug vir niks wat oor jou pad kom”, “jy trekki trug”, “jy gie nie krag weg nie, sterke bene tot laat toe en gagga vir enige ding” en “is mnet om te se niemnd knju se of stop nie [...] want jy het ’n sterk gevreet” (Die Twaalf, 2021). In die konteks van “kallit”-wees beroep HemelBesem hom op die Witbooi-geskiedenis om te protesteer teen marginaliteit, armoede, grondonteiening en politieke onmag in die hedendaagse Suid-Afrika. Die refrain lui:

Wiet' ie altyd watte' kant toe nie
 en 'it voel dan ek is man-allien
 ons is mos oek al lankal hie'
 is ek han niks hie' in my land in nie?
 Dis unbelievable! Xam was hie' gekul,
 down tot even 'n nul
 die country is stil, lat ons net hum
 terwyl 'ie Nama people 'it gil
 skrie; “Witbooi! Witbooi! Witbooi!”

Die historiese onreg teenoor die Witboois word verweef met HemelBesem se gevoel dat hy en sy mense “niks” is in ’n land waar hy “lankal” is. Die geskiedenis van Witbooi in Namibië onder Duitse koloniale bewind word verweef met die geskiedenis van grondonteiening en politieke marginalisering in Suid-Afrika tydens apartheid en daarná: HemelBesem verduidelik die wisselwerking tussen die besondere en meer universele aspekte van sy Witbooi-geskiedenis soos volg in ’n onderhoud met Klopper (2020):

Ek dink die lied spreek nie noodwendig Nama-geskiedenis aan nie, dit spreek ook nie noodwendig Witbooi-geskiedenis aan nie. Dis wel die Khoi ... die onderton is die Khoi-consciousness as ek dit so kan noem. [...] Daai fokus, daai drome, daai visie ... daai raak dan ’n general thing [...] So ek dink die song moet dáái aanspreek.

Die “Khoi-consciousness” is volgens HemelBesem iets wat afstammeling van die Khoi, San, Griekwa en ander inheemse bruin stamme in gemeen het. Dit kom neer op wat Moses (2019: 207) met verwysing na die werk van Emile, ’n ander Kaapse hiphop-kunstenaar, beskryf as “conflating ‘Khoisan-ness’ with colouredness”. Moses verduidelik dat Kaapse hiphop ’n verband vestig tussen Kaaps soos dit deur die bruin werkersklas van die Kaapse vlakte gepraat word en die vroegste vorme van Afrikaans wat deur die Khoisan ontwikkel is:

Bringing together a number of ideological and localized historical inferences, Emile’s verse establishes the connection between Kaaps as spoken by the working-class coloured inhabitants of the Flats, and the archetypal form developed by the Khoisan people (Moses, 2019: 207).

Op grond van hierdie taalverwantskap skuif “kullid”-wees en “Khoisan-wees” oor mekaar as verwante identiteite in ’n aaneenlopende geskiedenis wat strek vanaf koloniserings tot en met die nalatenskappe van apartheid:

In a seamlessly subjective, ethnonational move an assertion is made between marginalized coloured communities and their autochthony; the entirety of this contemporary ethno-racial demographic is posited as Khoisan, as direct descendants of South Africa’s indigenous people by virtue of linguistic heritage (Moses, 2019: 207)

Dit is duidelik uit HemelBesem se uitbeeldings van Hendrik Witbooi in sy memoir en lirieke, asook visueel in die gepaardgaande musiekvideo’s, dat hy Hendrik Witbooi in die hedendaagse, Suid-Afrikaanse konteks herinterpreteer as ’n leier met relevansie vir al sy nasate. HemelBesem se siening van wie hierdie nasate sou wees, is breed en inklusief en bewus van historiese raakpunte tussen verskillende geskiednisse van die onderdrukking van suidelike Afrika se inheemse en oorspronklike bewoners.

Die belang van Hendrik Witbooi en die geskiedenis van Duitse koloniale onderdrukking vir sy nasate, Simon Witbooi, in die konteks van die Khoisan- en “kullid”-bemoënis met Suid-Afrika se apartheidsnalatenskappe, herinner sterk aan Rothberg se stellings oor die impak van veelrigting-herinnerings aan traumatiese gebeure op die kollektiewe identiteit van geviktimizeerde groepe. Volgens Rothberg gebeur dit dikwels dat geviktimizeerde groepe se kollektiewe herinnerings gevorm word deur kennisname van raakpunte met ander geskiednisse van onderdrukking. Veelrigting-geheue is die vind van produktiewe raakpunte, kruisverwysings en leengoed (Rothberg, 2009: 3). Wanneer HemelBesem verduidelik dat die geskiedenis van Witbooi en die Namas nie net ’n besondere nie, maar ook ’n groter en meer algemene relevansie het omdat dit

verband hou met herinnerings wat die afstammeling van die Khoi, San, Griekwa en ander inheemse bruin stamme in gemeen het, praat hy uit dieselfde mond as Rothberg (2007: 5):

Memories are not owned by groups – nor are groups “owned” by memories. Rather, the borders of memory and identity are jagged; what looks at first like my own property often turns out to be a borrowing or adaptation from a history that initially might seem foreign or distant.

HemelBesem se aandrag op gedeelde geskiedenis illustreer voorts hoe veelrigting-geheue verwantskappe vestig oor ruimtelike, temporele en kulturele grense heen:

The model of multidirectional memory posits collective memory as partially disengaged from exclusive versions of cultural identity and acknowledges how remembrance both cuts across and binds together diverse spatial, temporal, and cultural sites (Rothberg, 2007: 11).

7. Gevolgtrekkings

Volgens Rothberg (2009: 309) was pogings om die Holocaust te verwerk nog altyd verweef met voortdurende prosesse van dekolonisering: “Coming to terms with the Nazi genocide of European Jews has always been intertwined with ongoing processes of decolonization”. In Afrikaans het Piet van Rooyen se *Op soek na Witbooi* (2011), die eerste teks waarin die interverweefdheid tussen die Nazi’s se Jodeslagting en dekolonisering aan die bod kom, egter eers twintig jaar ná Namibiese onafhanklikheid verskyn. Namibië was boonop die laaste voormalig Europese kolonie wat onafhanklikheid verkry het. Die tekste wat in hierdie artikel bespreek word, is trouens almal geskryf ná die onafhanklikheidswording van Namibië. Ook relevant is dat almal geskryf is voordat Duitsland in 2021 amptelik erken het dat hy aandadig was aan volksmoord. Die tekste sou almal gelees kan word as aktivisties, omdat dit die vergrype belig wat die Duitse regering tot en met 2021 nie amptelik wou erken nie. Hendrik Witbooi figureer op belangrike wyse in al hierdie tekste. Hoewel die dokumentêre fiksie van Van Rooyen en Marais nie heeltemal loskom van koloniale denkbeelde oor Witbooi nie, bring die skrywers wel hulde aan hom en sy bevrydingstryd. In hul tekste word Witbooi herverbeel op maniere wat sekere aspekte vertoon van ‘veelrigting-geheue’ (‘multidirectional memory’; Rothberg, 2009). Ook Braam se *Ik ben Hendrik Witbooi* en *Wij zijn de wrekers over dit alles* staaf Rothberg se insig dat konsepte soos ‘ras’, ‘trauma’ en ‘biopolitiek’ kan dien om die diskursiewe bande tussen verskillende geskiedenis

van geweld en onderdrukking duidelik te maak. Hoewel ooreenkomste tussen die uitwissing van die Jode en die Namas in Marais, Van Rooyen en Braam se tekste ter sprake kom, strook die uitkomst in hierdie tekste nie volledig met Rothberg se teoretiserings van die konsep ‘veelrigting-geheue’ nie.

Die skrywer en sanger HemelBesem is die eerste kunstenaar in Afrikaans wat vorendag kom met ’n werklik postkoloniale blik op Hendrik Witbooi. Die manier waarop hy Witbooi herverbeel, vestig verbande tussen verskillende geskiedenis van koloniale geweld in Namibië en Suid-Afrika en die apartheidsnalatenskappe waaronder ‘kullid’ mense van die Kaap, oftewel die nasate van diverse inheemse groepe, gebuk gaan. Sy uitbeelding van Witbooi wil nuwe vorme van samehörigheid tussen getraumatiseerde groepe vestig. Dit word ook gebruik om te protesteer teen historiese onregte (soos grondonteiening deur koloniste en gedwonge verskuiwings deur die apartheidsregering) en die hedendaagse gevolge daarvan (byvoorbeeld armoede, geweld, dwelmverslawing, maatskaplike ongelukheid en politieke gemarginaliseerdheid).

Ten slotte is dit interessant om te let op die relevansie van Rothberg (2007: 18) se gevoel dat kruisverwysings tussen die geskiedenis van die Holocaust, kolonialisme en ander totalitêre geskiedenis veral gevind word in gemarginaliseerde tekste, of in gemarginaliseerde teksoomblikke in bekende tekste: “[M]oments of contact occur in marginalized texts or in marginal moments of well-known texts”. Die voorbeelde in hierdie artikel kom uit twee tekste wat in Afrikaans byna geen publisiteit of resensies ontvang het nie (Van Rooyen, 2011; Marais, 2016), twee Nederlandse romans wat in Nederland betreklik onbekend is (Braam, 2016 en 2020)¹¹ en, laastens, HemelBesem (2014, 2017, 2020) se memoir en hiphop-lirieke in Kaaps, ’n voorheen gemarginaliseerde variant van Afrikaans.

Universiteit van Kaapstad

Bronnelys

- Abrahams, Yvette.** 1994. *Resistance, pacification and consciousness: a discussion of the historiography of Khoisan resistance from 1972 to 1993 and Khoisan resistance from 1652 to 1853*. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Adhikari, Mohamed.** 2008. “Streams of blood and streams of money”: new perspectives on the annihilation of the Herero and Nama peoples of Namibia, 1904-1908. *Kronos*, 34(1): 303-320.
- Anoniem.** 2018. Germany returns 27 sets of colonial-era remains to Namibia. *AP News*, 29 Augustus. <https://apnews.com/article/4d0d65b1f0f3427cad384180ded754d6>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).

- Anoniem.** 2021. Germany officially recognises colonial-era Namibia genocide. *BBC.com*, 28 Mei. <https://www.bbc.com/news/world-europe-57279008>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).
- Baer, Elizabeth.** 2017. *The Genocidal Gaze. From German Southwest Africa to the Third Reich*. Detroit: Wayne State University Press.
- Beuke-Muir, C. M.** 2010. 'n *Onderzoek na George Weideman as dramaturg*. Ongepubliseerde PhD-dissertasie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Boehme, Franziska.** 2020. Reactive remembrance: The political struggle over apologies and reparations between Germany and Namibia for the Herero genocide. *Journal of Human Rights*, 19(20): 238-255
- Braam, Conny.** 2016. *Ik ben Hendrik Witbooi*. Amsterdam: Atlas Contact.
- Braam, Conny.** 2019. *Ek is Hendrik Witbooi* (vertaal deur Zandra Bezuidenhout). Pretoria: Protea Boekhuis.
- Braam, Conny.** 2020. *Wij zijn de wrekers over dit alles*. Amsterdam/Antwerpen: Atlas Contact.
- Budack, K.F.R.H.** 1971. Preisgedichte von Khoe-khoe-Hauptlingen in Südwestafrika, *Journal S.W.A. Wissenschaftliche Gesellschaft*, XXV: 65-75.
- Coetzee, J.M.** 1974. *Dusklands*. Johannesburg: Ravan.
- Coetzee, J.M.** 2021. *Late essays: 2006-2017*. London: Harvill Secker.
- Die Twaalf.** 2021. So kan iemand my asb sê wat beteken #Kappedien? *Facebook*-plasing. <https://www.facebook.com/12Vsse/posts/890034734941289/> (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).
- Erichsen, C.W.** 2005. "The angel of death has descended violently among them": *Concentration camps and prisoners-of-war in Namibia, 1904-1908*. Leiden: African Studies Centre.
- Fanon, F.** 2004. *Wretched of the earth*. New York: Grove Press.
- Francken, Eep.** 2020. Schimmig, heftig, verpletterend. De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2019. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1): 246-252.
- Groenewald, G.** 2010. Afrikaans as lingua franca in Namibië, ca. 1800-1920. *Litnet Akademies*, 7(3): 65-102.
- HemelBesem.** 2017. *God praat Afrikaans*. Pretoria: Lapa-uitgewers.
- HemelBesem.** 2020. Witbooi. *YouTube*, 19 Oktober. <https://www.youtube.com/watch?v=tXjRulVcQA4>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).
- HemelBesem, Maxwell Uni-Verse, 2J Harmonix en Hulleywould.** 2014. Ima Kullid. *Kullid Tjooob YouTube*-kanaal, 25 September. <https://www.youtube.com/watch?v=-grrM8PEo3I>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).
- Hillebrecht, W.** 2015. Hendrik Witbooi and Samuel Maharero: The ambiguity of heroes. In: Silvester, J. (ed.). *Re-viewing resistance in Namibian history*. Windhoek: University of Namibia Press.

- Hofmeyer, Isabel.** 1991. Popularising history: The case of Gustav Preller. In: Clingman, Stephen (ed.), *Regions and repertoires: Topics in South African politics and culture*. Johannesburg: Ravan Press.
- Kambwela, Selma.** 2019. Witbooi bible and whip returned to Namibia. *Namibia Press Agency*, 26 Februarie. <https://www.nampa.org/index.php?model=featured&function=display&id=149821>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).
- Klopper, Annie.** 2020. 'n Gesprek met HemelBesem oor “Witbooi”. *Litnet Musiek*. <https://www.litnet.co.za/n-gesprek-met-HemelBesem-oor-witbooi/>. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).
- Kössler, R.** 2015. *Namibia and Germany. Negotiating the past*. Windhoek: Namibia University Press.
- Liebenberg, B.J.** 1975. Gustav Preller as historikus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(4): 243-249.
- Loots, Sonja.** 2022. Hendrik Witbooi (1830-1905): Literêre uitbeeldings tydens apartheid in historiese en ideologiese konteks. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 29(2): 55-75.
- Madley, Benjamin.** 2005. From Africa to Auschwitz: How German South West Africa incubated ideas and methods adopted and developed by the Nazis in Eastern Europe. *European History Quarterly*, 35(3): 429-464.
- Marais, Koos.** 2016. *Die keiservoël oor Namaland*. Pretoria: Cordis Trust Publikasies.
- Mbembe, A.** 2001. *On the postcolony*. Berkeley: University of California Press.
- Melber, H.** 1985. Namibia: The German roots of Apartheid. *Race & Class*, 27(1): 63-77.
- Melber, H.** 2005. Namibia's past in the present: colonial genocide and liberation struggle in commemorative narratives. *South African Historical Journal*, 54(1): 91-111.
- Moses, W.** 2019. *In the mix: Expressions of coloured identity in Cape Town-based hiphop*. PhD-proefskrif, Universiteit van Harvard.
- Olusuga, D. en Casper Erichsen.** 2010. *The Kaiser's Holocaust. Germany's forgotten genocide and the colonial roots of Nazism*. London: Faber & Faber.
- Patemann, Helgard.** 1984. *Lernbuch Namibia. Deutsche Kolonie 1884-1915*. Wuppertal: Peter Hammer Verlag.
- Pool, G.** 1979. *Die Herero-opstand. 1904-1907*. Kaapstad: HAUM.
- Preller, Gustav.** 1941. *Voortrekkers van Suidwes. Geskiedenis van die land en sy volke met hul oorloë; van die Dorslandtrek; die Smit-trek uit Piketberg en die Duitse en Britse verowering*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- Rothberg, M.** 2009. *Multidirectional memory. Remembering the Holocaust in the age of decolonization*. Stanford: Stanford University Press.
- Unesco.** 2005. *Letter journals of Hendrik Witbooi*. Geargiveerde webblad. <https://>

webarchive.unesco.org/web/20151225200834/http://www.unesco.org/new/en/communication-and-information/flagship-project-activities/memory-of-the-world/register/full-list-of-registered-heritage/registered-heritage-page-5/letter-journals-of-hendrik-witbooi/ (Datum van gebruik: 17 Oktober 2023).

- Van den Berg, Zirk.** 2018. *Die vertes in*. Kaapstad: Kwela.
- Van Jaarsveld, F. A.** 1990. Gustav Preller: Sy historiese bewussyn en geskiedbeskouing. *Historia*, 35(2): 3-19.
- Van Rooyen, P.** 2011. *Op soek na Witbooi*. Windhoek: Macmillan Education Namibia.
- Van Rooyen, P.** 2021. The German attack on the Witboois at Hornkranz, Namibia, April 1893. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies*, 49(1): 57-73.
- Van Zyl, Marinda.** 2021. *Veldhospitaal 12*. Kaapstad: Tafelberg.
- Vedder, H.** 1966. *South West Africa in early times. Being the story of South West Africa up to the date of Maharero's death in 1890*. Londen: Cass en Co.
- Wannenburgh, Alf.** 1980. *Forgotten frontiersmen*. Kaapstad: Howard Timmins.
- Wellington, J.H.** 1967. *South West Africa and its human issues*. Oxford: Clarendon.
- Witbooi, H.** 1929. *Die dagboek van Hendrik Witbooi. 1884-1905. Bewerk na die oorspronklike dokumente in die regeringsargief*, Windhoek. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Zimmerer, J.** 2003. War, concentration camps, and genocide in South-West Africa: The first German genocide. In: Zimmerer, J. en Zeller, J. (eds.). *Genocide in German South-West Africa: The Colonial War of 1904-1908 and its Aftermath*. Pontypool: Merlin.

Note

1. Die raspejoratief word hier na deeglike oorweging nie weggelaat nie, maar tóg aangehaal om die trant waarin Preller skryf, en die wyse waarop hy die reeds kwetsende woord “Hottentot” met ’n selfs krenkender term vervang, te illustreer.
2. Coetzee se belangstelling in Witbooi hou ook verband met die geskiedenis van koloniale geweld waaroor hy in die tweede gedeelte van *Dusklands* (1974) geskryf het. Die tweede novelle in *Dusklands* is gegrond op historiese rekords oor die moord op Namas deur sy voorvader, Jacobus Coetzee.
3. Hendrik Witbooi was ook ’n karakter in George Weideman se dramas *M29* en *’n Smeerige geskiedenis*, wat volgens Beuke-Muir (2010: 309) onderskeidelik in 1986 en 1987 in Pretoria as Kampustoneel-produksies opgevoer is. Omdat hierdie dramas nie gepubliseer is nie, word dit nie in hierdie artikel bespreek nie. Die volksmoord en die gevolge daarvan vir Namas word ook verken in Zirk van den Berg se *Die vertes in* (2018) en Marinda van Zyl se *Veldhospitaal 12* (2021), maar word nie hier vollediger bespreek nie omdat ek fokus op tekste waarin Hendrik Witbooi ’n karakter is.

4. Dr. Heinrich Göring (vader van die berugte Nazi Hermann Göring) was die eerste keiserlike gesant wat na Suidwes-Afrika gestuur is en was van 1884 tot 1889 aan die stuur van sake. Hy is opgevolg deur commandant Curt von François vanaf 1889 tot 1894 en goewerneur Theodor von Leutwein vanaf 1894 tot 1904. Die volksmoord op die Namas en Herero's het geskied onder die bewind van luitenant-generaal Lothar von Trotha, wat Leutwein in 1904 opgevolg het.
5. PLAN (the People's Liberation Army of Namibia) was Swapo se militêre vleuel.
6. Ek volstaan met die bladsyverwysings, aangesien ek meen dit is oorbodig en problematies om die skrywer se woordkeuses hier te herhaal.
7. Dieselfde gedig is ook deur Budack (1971) opgeteken en verskyn in Duits in Pateman se *Lernbuch Namibia* (1984: 93).
8. Sien ook Mbembe (2001: 27) oor koloniale stereotipes van gekoloniseerders as nie-menslik.
9. *Ek is Hendrik Witbooi*, 'n Afrikaanse vertaling van Braam se teks, het in 2019 verskyn.
10. Braam sluit die volledige raspejoratief wat so sinoniem is met apartheidsdenke in, maar omdat die punt wat sy maak in die konteks van hierdie artikel duidelik is daarsonder, herhaal ek dit nie hier nie.
11. Ek grond hierdie stelling op Nederlandse kongresgangers se terugvoer op my referaat oor Braam se roman by die 2022-Colloquium van die Internasionale Vereniging Neerlandistiek in Nijmegen.

Die kultuurskeppende funksie en magiese ruimte van spel in letterkunde

Elizabeth Viljoen

The culture-creating function and magical space of play in literature

The iconic concept of the playing man (homo ludens) – as articulated by the Dutch cultural philosopher Huizinga – finds expression in the narrative structure of several Dutch and Afrikaans literary texts. The description and interpretation of play markers in De goeie zoon (2018) by Rob van Essen and Klimtol (2013) by Etienne van Heerden lead to the concept that both the narrative structure and the literary text can be considered a form of culture-creating play. In this article it will be argued that the author of a text is a player of a game. The text is the culture-creating trick that is performed for the reader by the author. The role of the reader in the magical space of the reading game will also be considered. Klimtol will be discussed as an ode to games, tricksters, and tricks, and compared to the play discourse in De goeie zoon.

1. Die spelende mens

Het boek [*Homo ludens*] geeft niets minder dan de gemene deler van cultuur en cultuurstadia, van primitief tot geacheveerd, van Oost en West. De kern van cultuur wordt gezocht in het spel, in de zin dat spel aan alle cultuur voorafgaat. *Cultuur wordt als spel en in spel geboren.* (Otterspeer, 2009: 220, my beklemtoning).

Die ikoniese konsep van die spelende mens ('homo ludens') – soos verwoord deur die Nederlandse kultuurfilosoof Johan Huizinga waarna verwys word in die bostaande motto deur Otterspeer – asook verwante aspekte van spel, word toenemend ontgin in eietydse Afrikaanse en Nederlandse romankuns. Waarom vind die mens spel so fassinerend? Huizinga (1951: 38) het bevind: "Het spel bindt en verlost. Het boeit. Het bant, dat wil zeggen betoovert."

Na aanleiding van Huizinga se stelling, ontstaan die volgende vrae: Kan letterkundige tekste ook gesien word as 'n spel? Indien wel, hoe sluit kontemporêre Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan by hierdie speldiskoeers? Wie neem deel aan die spel? Hoe word die spelers deur die teks betrek? Hoe boei en betower hierdie spel die spelers?

Die eerste vraag is reeds in 1968 bevestigend beantwoord, toe 'n volle uitgawe van *Yale French Studies* gewy is aan die belangrikheid van die ludieke beginsel vir literêre ontleding. Volgens die redakteur, Jacques Ehrmann (1968: 55), kan die speler boonop ook gespéél word, as 'n voorwerp in die spel: "[T]he player can be its stakes (enjeu) and its toy (jouet)."

Om te ondersoek hoe kontemporêre Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aansluit by hierdie speldiskoers, is twee tekste gekies wat hulle tematies sterk leen tot hierdie soort ondersoek, ’n bekroonde Afrikaanse roman en ’n bekroonde Nederlandse roman. Die doelstelling van hierdie studie is om die manifestasie van spel in respektiewelik *Klimentol* (2013) van Etienne van Heerden en *De goede zoon* (2018) van Rob van Essen te ondersoek¹.

Alvorens die twee tersaaklike romans binne die matriks van bestaande kultuurteorieë oor spel geles word, sal daar ’n kort oorsig gegee word oor die teoretiese vertrekpunte oor spel en sal die romans binne die oeuvre van die twee skrywers geplaas word. Die twee tekste sal daarna op narratologiese, strukturele en filosofiese vlakke met mekaar vergelyk word, gevolg deur ’n ondersoek na die magiese rol van speel en die kultuurskeppende funksie van spel. Laastens volg ’n oorkoepelende gevolgtrekking wat spruit uit die ondersoek.

2. Teoretiese vertrekpunt oor spel as kultuurverskynsel

Daar word in hierdie ondersoek sterk geleun op die teorie van die Nederlandse kultuurhistorikus Huizinga. Sy teorie van spel vorm deel van ’n speldiskoers wat strek oor ’n periode van meer as 2500 jaar. Hieronder volg ’n kort oorsig van die geskiedenis en verloop van die diskoers in die Noordelike Halfrond en ’n opsomming van die hoofargumente van Huizinga.

“Time (aion) is a child playing (pais paidzon), moving counters on a game board. The kingdom (basileie) belongs to the child (paidos)” – Heraklitus se 52ste fragment (waarop Huizinga steun), vertaal deur Miller (in Dursun, 2007: 70-71).

Die analitiese filosoof Yüsel Dursun (2007: 69-70) het bevind dat antieke Griekse filosowe soos Pythagoras en Heraklitus beïnvloed is deur Griekse Orfisme en dat godsdienstige oeuvres oor spel daarom belangrik is uit die oogpunt van filosofiese denke. Die kultuurskeppende funksie van spel kan ook gevind word in die antieke Hindoe-gesange oor die skepping, wat volgens die Vedanta (’n ortodokse sisteem van Hindoe-filosofie) ontstaan het vanweë god se spel (‘lila’ in Sanskrit).

Onder Kant se invloed was spel sedert die tweede helfte van die negentiende eeu nie alleen ’n sentrale teoretiese diskoers nie, maar ook van groot belang vir wetenskaplike navorsing. Hy onderskei tussen *Vernunft* (rede/reason) en *Spiel* (spel), waarop Schiller ’n teorie van kuns as spel ontwikkel. Die konsep van spel ondergaan in Nietzsche se werke ’n ingrypende verandering sodat spel die

enigste werklikheid word – die mens is nie alleen speler nie, maar ook speelding (Spariosu, 1982:13, 23, 25). Psigoanalitiese teorieë van spel beskou spel bloot as ’n biologiese funksie. Freud reken onder andere dat die kreatiewe skrywer dieselfde is “as the child at play” wat ’n fantasiewêreld skep waarin emosioneel belê word en wat met erns bejeën word (D’Angour, 2013:297).

In navolging van die antieke Grieke, veral Heraklitus, Plato en Aristoteles, beweer Huizinga in *Homo ludens* (aldus D’Angour, 2013: 296-297), dat alle vorme van kultuur ontwikkel het uit spel. Dit was Huizinga (1949: 173) se oortuiging dat die speelfaktor ’n vormende invloed gehad het op die gemeenskapslewe. Soos Otterspeer in die openingsaanhaling uitgewys het, was Huizinga oortuig dat *kultuur as spel en uit spel* ontstaan het. Ook Gadbois, Dallaire en Robidoux (2010: 17-22), in navolging van Huizinga, beskou spel en sport as teaters van wêreldbeskouings waar spel tot identiteitkonstruksie lei. Schroeder (1996: 147) het die volgende strukturele kenmerke van spel op grond van Huizinga se uitsprake geïdentifiseer:

- Spel handel om spel en het geen eksterne doel nie.
- Spel staan buite die ruimte van die alledaagse lewe.
- Spel word begrens binne ’n sekere tyd en ruimte, met ’n eie stel reëls.
- Spel is onstandvastig/tydelik en kan die speler totaal absorbeer, maar die illusie kan enige oomblik verbreek word deur die realiteit.

Huizinga (1949: 18) verwys na Plato wat die verbintenis gemaak het tussen spel en ritueel en die mens god se speelding genoem het. Die Platoniese vereenselwiging van spel met heiligheid, asook die sfeer van skoonheid en heiligheid word later in die artikel verken.

Caillois (in Riley, 2005: 110), die vernaamste revisionis van Huizinga se teorie van spel, identifiseer gapings in Huizinga se klassifikasie en ontwikkel vervolgens ’n sogenaamde ‘grammatika van spel’ as ’n manier om spel te klassifiseer volgens die áárd van die spel: ‘agôn’ (strydlustige vermoë), ‘alea’ (geluk), ‘mimicry’ (nabootsing) of ‘ilinx’ (duiseling of soeke na sensasie), asook die graad van vryheid, wat wissel van ‘paidia’ (onstuimigheid) tot ‘ludus’ (dissipline). Hy verdeel ook ludieke gemeenskappe in Dionisiese gemeenskappe, wat nabootsende spel (‘mimicry’) en duiselingwekkende spel (‘ilinx’) beoefen, en rasonale gemeenskappe, wat kompeterende spel (‘agôn’) en kansspel (‘alea’) behels.

Die eietydse tekste, *Klimtol* en *De goede zoon*, sal vervolgens aan die hand van die teoretiese parameters soos hierbo uiteengesit, verken word.

3. Plasing van die romans binne die oeuvre van Etienne van Heerden en Rob van Essen

3.1 Oor Etienne van Heerden

Etienne van Heerden het 'n omvangryke oeuvre en is 'n veelbekroonde, bekende skrywer in Afrikaans². Van Vuuren (1989: 528) merk 'n toenemende betrokkenheid by sosiopolitieke kwessies in sy werke. Erasmus (2016: 879) voer aan dat Van Heerden in sy tekste worstel met vervreemding en die wanaangepasheid van die Afrikaner wat sukkel om psigies deel te word van Afrika. Volgens Erasmus (2016: 877) hou nie alleen strukturele aspekte van Van Heerden se werke tred met die tye nie, maar hou hy boonop sy oog op die tekens van die tye. Dit bevestig Van Heerden dan ook in die transkripsie van 'n onderhoud wat Opperman (2020) met hom gevoer het:

Op hierdie manier skep jy 'n eerste weergawe van die geskiedenis. As die joernalistiek die fourth estate is, en sosiale media die fifth, eis ek nou die sixth estate vir hierdie soort dokumentêre fiksie op. Só 'n skrywer probeer 'n soort amanuensis van sy tyd te wees; hy's dalk meer skriba as fabuleerder of spinner.

Soos Goggin (2020) tereg meld, skrywers van literêre tekste – in hierdie geval Etienne van Heerden – was nog altyd bewus van fiksie se ludieke verhouding tot die wêreld van diskoers. Hoe het Van Heerden met hierdie ludieke verhouding in die roman *Klimtol* te werk gegaan? In die kort opsomming hieronder en ook in die resensies oor die roman word dit duidelik dat spel 'n sentrale rol speel in die roman.

3.2 Oor Klimtol

“Pa, ek het 'n talent vir die klimtol en dit is my erns.”

“Dis 'n speelding en dis geen werk wat tot selfrespek sal lei nie, jy gaan jou siel verloor en wie neem 'n man ernstig op wat tricks gooi?” (Van Heerden 2013 :129)

Klimtol handel oor twee randfigure. Die een is Ludo Loeloeraai, wat 'n bekende klimtolspeler is. Die ander is Snaartjie Windvogel, 'n vioolspeler wat vlug van mensehandelaars. Die twee karakters kan herken word uit vorige werke van Van Heerden, merk Viljoen (2013) op, naamlik in *Gifkaroo* en *In stede van die liefde*. Van der Merwe (2021) identifiseer ook die Snaar-karakter in Van Heerden se 2019-roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*, en wys op die subtiële

naamverandering – Snaar in laasgenoemde roman is die Saar/Snaartjie van *In stede van die liefde* en *Klimentol*.

Die roman word deur Painter (2014) beskryf as ’n ode aan spel. Soos in vorige romans, aldus Van Niekerk (2013), verken Van Heerden ’n derde ruimte, wat geskep word deur magiese realisme as vertelmodus – “die ruimte wat Snaartjie Windvogel teen wil en dank bewoon”, verklaar Van Heerden tydens hulle onderhoud. So ook Ludo Loeloeraai.

Klimentol kan dus gesien word as ’n sleutelroman in Van Heerden se oeuvre, weens die gebruik van karakters en temas wat dui op ’n voortsetting van voorafgaande en daaropvolgende romans.

3.3 Oor Rob van Essen

Sedert sy debuutroman ’n kwarteeu gelede gepubliseer is, is Van Essen ’n belangrike stem in Nederlandse letterkunde (Demarbaix, 2019). Sy werke is vir verskeie literêre pryse genomineer, insluitend *Visser* wat gepubliseer is in 2008 en op die kortlys was van die 2009-Libris Literatuur Prijs en *Hier wonen ook mensen* wat in 2014 gepubliseer is en aangewys is as die wenner van die 2015-J.M.A. Biesheuvelprijs vir die beste Nederlandse kortverhaalbundel. Met *De goede zoon* wen hy die gesogte Libris Literatuur Prijs in 2019.

Van den Bergh (2019) beskryf Van Essen as ’n prototipiese ‘skrywer se skrywer’. Ten spyte van die speelsheid en ironie wat kenmerkend is van sy skryfstyl, sukkel die algemene publiek aanvanklik om aanklank te vind by Van Essen se werke, moontlik – redeneer Van den Bergh – vanweë die essayagtige, poëtiese styl. Volgens Van den Bergh word Van Essen deur medeskrywers soos Grunberg en Wiering beskou as een van hulle geliefkoosde skrywers, waarskynlik omdat hy deur letterkunde kommentaar lewer op letterkunde. Een van sy vorige romans, *Winter in Amerika*, handel oor ’n skrywer wat sy memoires opteken – en is benut as ’n gulde geleentheid om ’n parodie te maak van die literêre bedryf.

Reeds in vorige werke speel Van Essen met die idee dat daar maar ’n vae skeiding is tussen fiksie en werklikheid, “dat die twee werelde parallel aan elkaar kunnen lopen” (Peppelenbos, 2017). Van Lighten (2012) beskryf dan ook Van Essen se roman *Alles komt goed* as ’n “meesterlijk spel” met fantasie en werklikheid.

Die speelse aard van Van Essen se werke word heel dikwels in resensies uitgewys: “Van Essen schrijft met zwier en speelsheid” (Rob van Essen – *Minneapolis*, 2021) en “niet alleen speels, maar ook bereslim” (*Een man met goede schoenen* – Rob van Essen, 2020) en daarom sal hierdie studie die soeklig werp op die speldiskoers in sy bekroonde werk.

3.4 Oor De goede zoon

Die keurkomitee van die Libris Literatuur Prijs van 2019 beskou *De goede zoon* as 'n rare kombinasie van speelsheid en erns, deursigtigheid en raaiselagtigheid (Rob van Essen – *De goede zoon*, 2019). Hierdie teenstellings toon heel duidelik die ludieke aard van Van Essen se werk, soos ook in die onderstaande aanhaling gedemonstreer:

Werk jij nog steeds bij de Dienst? vraag ik.

En daar rijden we nu, zegt Lennox. Op jacht naar de schat. Het is inderdaad een stripverhaal hè, verbaast het jou ook niet dat onze teksten niet in ballonnetjes boven ons hoofd zweven?

Je hebt mijn vraag niet beantwoord, zeg ik.

Dat weet ik, zegt Lennon (Van Essen, 2018: 159).

Die wannerblad beskryf die roman met “al zijn bizarre invallen, groteske wendingen, lijnen en lagen” as 'n werk wat besin oor die betekenis van ons lewe in die hedendaagse tyd, met 'n oorvloed vrye tyd en luukshede omdat robotte en rekenaars die mense se werk namens hulle doen. Boonop kry iedereen 'n basisinkomste (Van der Pol, 2019). Dit is egter ook 'n tydperk – die nabye toekoms (Van den Bergh, 2019) – waartydens alles en almal voortdurend gemonitor en wanneer nodig geag, gekorrigeer word. Hoe sal 'n mens reageer op 'n bed wat jou groet nog voordat jy behoorlik wakker is en boonop met 'n rits feite en gesondheidsvoorstelle bombardeer?

Goedemorgen, zegt het bed, u heeft zeven uur drieëndertig minuten in bed doorgebracht, waarvan u vijf uur vierenveertig minuten heeft geslapen. Gezien het gemiddelde voor uw leeftijd kan ik u aanraden...

Stil, zeg ik (Van Essen, 2018: 141).

Die naamlose verteller, ongeveer sestig, het as skoolverlater by die Argief gewerk, wat hom in kontak gebring het met Lennox, Guido en De Meester (Van Essen, 2018: 18-21). Hierdie drie skimagtige figure blyk met verloop van tyd by “de Dienst” te werk – 'n geheimsinnige organisasie, wat te doen het met virtuele realiteit (Van den Bergh, 2019), en herinner aan Big Brother van George Orwell se distopiese roman *Nineteen Eighty-Four* (Schouten, 2018). Wanneer die hoofkarakter se vroe te lastig word, besluit die organisasie dat hy verder moet reis met 'n selfstuurmotor. Dié raak nie net diep in gesprek met die karakter nie, maar is selfs besorg oor hom:

Ik moet u hier afleveren meneer, ik kan niet anders, ik heb de afgelopen dagen herhaaldelijk geprobeerd andere wege in te slaan maar dat kon niet. Ik moet u hier afleveren, ik mag u niet mee terugnemen maar ik kan u wel vragen niet naar binnen te gaan. Maak er een plotlose thriller van (Van Essen 2018: 351).

Soos *Klimtol* in die geval van Van Heerden, kan *De goede zoon* dus gesien word as sleutelteks in die oeuvre van die skrywer, Van Essen, juis omdat dit ook tematies aansluit by tekste wat dit voorafgegaan het en ook daarop volg. Die ludieke aard van die roman *Klimtol* word deur die skrywer self beklemtoon en resensente wys dit uit in *De goede zoon*, maar speel spel ook 'n integrale deel op narratologiese, strukturele en filosofiese vlak? Tot watter mate is daar ooreenkomste tussen die tekste op hierdie vlakke? Hierdie vrae gaan in die volgende afdeling ondersoek word.

4. Die rol van spel in die romans op narratologiese, strukturele en filosofiese vlak

Om te bepaal hoe hierdie romans by die speldiskoers aansluit, word eerstens gekyk na die strukturele en narratologiese aspekte van spel wat deur resensente uitgewys is en dan word die inhoud ontleed aan die hand van Huizinga se kenmerke van spel. Daarop volg 'n filosofiese ondersoek na die rol van spel om kultuur te skep sowel as na die literêre kritikus se rol.

4.1 Klimtol: Ode aan spel, trieksters en spelers

Klimtolspel is 'n integrale deel van die romanstruktuur, toon beide Viljoen (2013) en Painter (2014) aan, deur te verwys na die direkte en doelbewuste verband tussen Huizinga se *Homo ludens* en Van Heerden se *Klimtol*. In die erkennings aan die einde van die roman bedank Van Heerden (2013: 345) sêlf vir Willem Otterspeer omdat laasgenoemde “sy essay ‘De speelse mens’, of, in Engelse vertaling, ‘Man the Player – Huizinga’s Homo ludens Revisited’, aangestuur het”. Sien onder “Die spelende karakter in *Klimtol*” hoe selfs die name van die twee primêre karakters deel vorm van hierdie spel.

Met die eerste oogopslag is daar vele betekenisdraende newetekste wat in die romans as spelmerkers uitstaan, soos die foto van die klimtolspeler op beide die voorplat en agterblad. 'n Foto van die skrywer, Etienne van Heerden, wat in 'n gehurkte posisie sit terwyl hy klimtol speel, verskyn ook aan die binnekant van die agtervlak (Viljoen, 2018: 88).

Die romantitel “sinjaleer reeds alles wat met spel te make het” (Viljoen, 2018: 92). Nel (2015: 184) merk op dat die roman in ‘tricks’ eerder as 12 hoofstukke

verdeel is, met die name van die onderskeie trieks wat telkens as hoofstuktitel dien. Die eerste hoofstuk is byvoorbeeld “Triek Een” waaronder die subtitel “*Die Spinner*” (7) verskyn. Daarop volg ’n noukeurige verduideliking van hoe hierdie triek uitgevoer moet word. Die inhoud van die hoofstuk word ook telkens deur die Afrikaanse naam van die triek verrai, soos hoofstuk/triek elf wat aangedui word as “*Huis toe* (*‘Home run’*)”, en handel oor die gebeure nadat Ludo, Doris en Elsabé terugkeer uit die buiteland (308-338).

Oorweeg ’n mens die strukturele kenmerke van spel soos geïdentifiseer deur Huizinga en opgesom deur Schroeder, kan dit as volg toegepas word op die teks:

4.1.1 Spel handel om spel

Spel behoort nie gespeel te word ter wille van ’n eksterne doel nie, maar bloot ter wille van spel. In die roman speel Ludo kompulsief met sy klimtol; dit is altyd by hom: “Hy hou die klimtol effe versteek onder die hand wat op die kroegtoonbank rus en weet hulle sal eers die toutjie om die middelvinger sien, en dan die yo-yo” (Van Heerden, 2013: 67).

Daar was egter ’n stadium dat sy spel ’n vorm van werk was, toe hy by Coca-Cola gewerk het. Selfs toe was dit egter direk in stryd met sy pa en die gemeenskap se siening van werk:

“Dis mooi en als, *maar watter doel dien dit?*” het sy pa oor sy klimtolspelery gesê.

“Pa, speel is vir speel en dis anders as werk by Arbeidsake of Justisie of Waterwese. Daar werk jy vir geld.”

“Vir ander goed ook. Om vir jou vrou en kinders te sorg. Om by te dra tot jou mense. Om by te dra tot die Republiek.”

Hy’t afgekyk na sy hande. “Pa ...” (Van Heerden, 2013: 151; my kursivering).

Hieruit blyk die ideologie van die tyd: die man moet werk ter wille van ’n gesin (’n heteronormatiewe verhouding, die verwagting om kinders te hê, die manlike broodwinnaar), bydrae tot ’n eie volk (die Afrikaner) en tot die regering (’n Suid-Afrika waar apartheid seëvier).

Een nag, wanneer hy in die Karoo langs die pad stilhou, spreek die insittendes van ’n vlieënde piering hom toe oor die toekoms van spel en sien hom as die profet van ’n nuwe era:

En hulle deel hom daardie nag in die piering mee dat die geskiedenis van speel op aarde totaal gaan verander. Werk gaan verdwyn, en speel en toekyk hoe ander mense speel – dit gaan die mensdom se groot verdryf word. Tydverdryf en werk gaan een word. En hy, so’t hulle hom meegeedeel, is ’n vroeë profet.

Terwyl ander [...] in die sweet van hul aanskyn hul brood verdien, gee hy die toon aan. Hy is 'n entertainer [...]

En hulle't hom hul evangelie meegedeel: Menskinders, hou op arbei en wroeg en versamel en sweet. Berei julle voor vir die nuwe aarde wat julle gaan beërwe. *Die tyd van speel kom* (Van Heerden, 2013: 111-112; my beklemtoning).

Sy werk is dus nie werk nie, maar die begin van die era van speel. Speel as 'n vorm van werk en werk as 'n vorm van speel kan daarom gesien word as 'n manier om die kultuur van die samelewing te beïnvloed, om te rebelleer teen die outokratiese bestel en sodoende 'n andersoortige kultuur tot stand te bring.

Hierdie era van speel sluit nou aan by Van Essen se roman, aangesien *De goede zoon* in die nabye toekoms afspeel en juis sodanige era uitbeeld, wanneer almal 'n basiese inkomste verdien en nie meer werk nie. Dit wil dus voorkom asof die roman uiters geskik is om aan die hand van Huizinga se spelteorie te ontleed, wat hieronder sistematies gedoen word, met Huizinga se kenmerke van spel as riglyn.

4.1.2 Spel staan buite die ruimte van die alledaagse lewe

Tydens spel gaan die hoofkarakter Ludo “die droomtyd van speel in [...] en dan gebeur wat Doris automatic writing noem, hy weet nie meer wat hy doen nie want sy lyf het oorgeneem en sy triek is soos die biologie van sy liggaam, dis 'n diktaat, dis daar en dit gaan aan en dit stoot energie deur sy are en hy kan dit nie stop nie” (Van Heerden, 2013: 255).

Van Heerden verken veel meer as net die ruimte van spel binne die verhaalkonteks. Hy lê 'n verband tussen die karakter se spel en die literêre spel wat die skrywer en die leser betrek. Wat hy in die roman wou ondersoek, is juis die tussenruimte – die sogenaamde derde ruimte – tussen spel en werk, en tussen die werklikheid en die verhaal oor spel wat binne hierdie konteks ontstaan het.

Die aanloklikheid van hierdie derde ruimte, vir die klimtolspeler en die skrywer, is wat Van Heerden interesseer – die ruimte wat binnegegaan word as jy ernstig speel, as jy “ingestel is op die intelligensie van jou handpalm” (Stehle, 2013). Hierdie derde ruimte behels vir Van Heerden twee dinge. Die op-en-af en heen-en-weer beweeg van die klimtol dien as 'n metafoor vir die skrywer se beweging tussen die hede en die verlede, veral na onafgehandelde temas en onbeantwoorde vrae in sy oeuvre (Viljoen, 2013).

Verder skep magiese realiteit, wat Van Heerden gebruik as vertelmodus, 'n derde ruimte tussen magie en realiteit (Van Niekerk, 2013). Hierdie tussenruimte van speelwerk word dus vir Van Heerden nie alleen die *magiese ruimte* van die karakters in die boek nie, maar ook van die *skrywer binne sy oeuvre*. Nie alleen

staan spel – die karakter s'n, maar ook die skrywer s'n – buite die ruimte van die alledaagse lewe nie, maar dit plaas die speler binne hierdie towerkring.

4.1.3 Spel word begrens met 'n eie stel reëls

Caillois (1961: 49) bestempel die ruimte waarbinne spel plaasvind as “magies”. Huizinga (1949: 10; 1950: 39) praat daarvan as die “tooverkring” (“magic circle”). Hierdie is die beskrywing wat die karakter Doris, Ludo se kleindogter alhoewel sy dit nie geweet het nie, ook gebruik: “Oom gaan nou die magic circle join” (Huizinga, 2013: 197).

Soos met die vorige reëls, kan Ludo se klimtolspel egter nie as suiwer spel gesien word nie, omdat dit tydens sy loopbaan werk was. Saam met sy kleindogter neem hy deel aan 'n kompetisie, wat Huizinga wel as suiwer spel sien. Binne die konteks bevind Doris se ouma egter dat Ludo in 'n parallelle wêreld geleef het, wat anders was as die “daaglikse bestaan van gholp, rugby, NP-politiek en kerk” (Van Heerden, 2013: 164 en 184). Sy hele lewe en nie net die tye wanneer hy met die klimtol speel nie, vind plaas binne hierdie anderste of magiese wêreld. Hoewel hy kan, wil hy nie die illusie verbreek nie.

4.1.4 Spel is onstandvastig of tydelik

Die vermaaklikheidskunstenaar het 'n houvas op sy gehoor, wat 'n magsverhouding tot stand bring. Dit is deel van die *illusie* rondom spel en die kunstenaar. As klimtolkampioen het Ludo trieks opgevoer voor skoolgehoore en in klein dorpie, waar hy vroue, wat oor hom geswymel het, en kinders, wat sy spel wou naboots, betower het.

“Hulle [die kinders en vroue] was aan sy toutjie, asof hulle self 'n klimtol was, hier teen sy bors.” Die effek van die gehoor se applous op Ludo word in die roman uiteengesit in die toneel waar hy in die skoolsaal optree: “Applous het hom oorweldig” (6-9). Die oomblik wanneer die applous ophou, beweer Caillois (1961: 49), word die illusie verbreek. Dit is hierdie illusie wat daartoe lei dat speel 'n vorm van skoonheid word, wat deur ritme en harmonie bepaal word. Ook wanneer die ritme en harmonie onderbreek word, word die illusie verbreek – die towerkrag wat die kunstenaar op die gehoor het. Maar die speler word ook betower deur die gehoor.

Benewens die voor die hand liggende spelmerkers soos die titel, bandontwerp en hoofstukindeling, is die magiese rol van spel as deel van die narratologiese en filosofiese struktuur in Van Heerden se roman verder uitgelig. Hierdie skrywer hou nie noodwendig by Huizinga se strukturele kenmerke van spel nie, maar

deurbreek voortdurend die reëls op 'n speelse manier, op soek na die magiese ruimte tussen werk en speel asook tussen werklikheid en illusie. Dit opsigself kan gesien word as 'n spel wat die skrywer met die leser speel en waaraan later meer aandag gegee gaan word.

4.2 *Die speldiskoers in De goede zoon*

Soos die geval is met Van Heerden se *Klimtol*, sou 'n mens verskeie aspekte van spel in *De goede zoon* kon ondersoek. Die skets van 'n trem op die voorblad en 'n blik op die inhoudsopgawe waar gesien kan word dat die afdelings in dae verdeel is, skeep eerder die indruk van 'n reis as 'n spel. Hierdie reis is egter 'n kat-en-muis-spel. Die hoofkarakter word deur 'n sogenaamde vriend en voormalige kollega op 'n reis geneem met 'n baie vae eindbestemming en doel:

[...] hij belt om me te vertellen dat Bonzo zijn geheugen kwijt is en dat wij naar hem toe moeten om daar wat aan te doen. Nog steeds erg toevallig trouwens, want Bonzo en De Meester zijn een en dezelfde persoon. Niet zijn hele geheugen, zegt Lennox, alleen dat deel van zijn leven dat wij voor hem hebben verzonnen. Nou ja, wij – jij vooral; we hebben je nodig (Van Essen, 2018: 21).

Ik vroeg Lennox of we weer naar het klooster gingen en hij zei: ja en nee, dus daar schiet ik niet veel mee op (Van Essen, 2018: 27).

Van den Bergh (2019) beskou die gebeure in die roman as 'n 'apokaliptiese spektakel' waartydens die verteller 'n passiewe toeskouer is. Die roman is gesetel in 'n tyd van speel, wanneer niemand meer hoef te werk nie omdat almal 'n basiese inkomste verdien en robotte al die werk doen. Die mensdom probeer hulself besig hou, soms met kultuuraktiwiteite soos skryf of om kunsmuseums te besoek, soms met pelgrimstogte en karnavalle. Die hoofkarakter se reis eindig voor 'n groot, somber gebou wat omring is deur modder- en asbedekte pelgrims wat moontlik dans of moontlik veg. Tussen vure "steekt uit de modder een zwartgeblakerd stel ribben omhoog als de resten van een mechanisch reuzenhert, of het half vergane wrak van een schip" (Van Essen, 2018: 350-351).

Schouten (2018) beskryf die pratende motor, wat die vertellende hoofkarakter moet neem na die eindbestemming nadat Lennox onttrek het, se gedrag as beide ironiese kritiek op wetenskapfiksie en kenmerkend van 'n distopiese wêreld, waarin robotte vir en namens die mens probeer dink. Die mensdom is verveeld omdat die lewe oppervlakkig word – niemand het meer 'n funksie of doel nie omdat almal 'n basisinkomste verdien. Kinders het rugsakke wat hulle spontaan volg. Motors lewer selfs seksuele dienste. Dus leef mense bisarre fantasieë uit en sluit Big Brother-

agtige komplotte. Schouten (2018) reken dat Van Essen die stelling probeer maak: Wat sal van ons identiteit oorbly indien die toekoms só uitspeel?

Ik heb niet opgelet waar we naartoe gingen, Lennox duwt een glazen deur open, we zijn bij het hotel waar we blijkbaar gaan overnachten. [...] Eigen naam gebruiken? Vraag ik voordat ik mijn gegevens invoer op de toetsenborst van de receptierobo. Waarom niet, zegt Lennox, tenzij je iemand anders wil zijn, maar daar is het misschien te laat voor. Te laat? Ja, hoe oud ben je inmiddels, zestig? O, op die manier. De receptierobo glimlacht, om de zoveel seconden trekt hij zijn lippen in een vriendelijk bedoelde grimas die een ironisch geduld uitstraal [...] (Van Essen, 2018: 44).

Buiten die kat-en-muis-spel, beklemtoon die ‘skaakdiskoers’ (wat later in meer detail behandel word) die magsdiskoers in die roman. Die verteller is as jong man altyd deur Lennox geklop wanneer hulle skaak gespeel het (Van Essen, 2018: 35). Die mans werksaam by die Argief ontwikkel boonop ’n perverse skaakspel uit die 64 vensters van die meisieskoshuis teenoor hulle gebou (Van Essen, 2018: 103 – sien meer hieroor in 4.3.2.) Hierdie situasie speel ook uit in die dekades wat daarop volg, wanneer die verteller besef dat hy soos ’n pion rondgeskuif is deur die geheime organisasie en dat nie alleen hy nie, maar die hele mensdom doggehou en beheer word – vrywillig!

Ook die ‘karnavaldiskoers’ sluit aan by die speldiskoers, maar is boonop deel van die skrywer se literêre spel. Van den Bergh (2019) verwys na die dorp waarheen die twee hoofkarakters per toeristebus reis, waar “permanent carnaval word gevierd, met de naam (*wink wink, nudge nudge*) Mersbergen”. Van den Bergh en by implikasie Van Essen verwys hier na Jan van Mersbergen se roman *Naar die overkant van de nacht* (2014) wat volgens Serdijn (2014) handel oor die “Vastelaovend, het Limburgse carnaval”. Van Essen word beskou as ’n tipiese ‘skrywer se skrywer’ juis vanweë die talryke verwysings na ander literêre werke en kuns. Volgens Van den Bergh “knipoogt” Van Essen In *De goede zoon* na buitelandse meesters soos Paul Auster, Philip K. Dick, Jorge Luis Borges en Franz Kafka wat hulself ook bemoei met die literêre spel en die grense van verhaalrealiteit besoek.

Van der Pol (2019) identifiseer verskeie motiewe in die roman, waaronder die “queestemotief” (kruistogmotief), die skrywerslewe, die dood van kuns, die Big Brother-motief, die dood, angs, demensie en geheueverlies, geloof en toekomsproblematiek. Die kruistogmotief behels ’n langdurige en gevaarlike soektog na ’n persoon of voorwerp, waartydens die held ten spyte van talle hindernisse ’n feitlik onmoontlike opdrag moet uitvoer. Die doel is om ewewig te bring na ’n chaotiese wêreld, wat omvergewerp is deur kragte van buite oftewel die sogenoemde ‘Ander Wêreld’ of wêreld waarin chaos heers (Vis, Verkruijse,

Van Gorp, e.a., 2012). Die verteller in die roman word dan ook deur 'n vroeëre kollega, Lennox, op 'n reis geneem om iemand uit die verlede se geheue te herwin – 'n geskepte geheue, deur die verteller. Waarheen hulle reis en wat presies hom te doen staan, is egter vir die verteller 'n duistere saak, meestal omdat hy nie oplet nie en ook nie vra nie (Van Essen, 2018: 44-48). Die verteller ervaar die reis so verwarrend soos 'n doolhof: “Want we zijn alweer een paar keer afgeslagen en ik heb nu al geen idee meer van de weg terug (Van Essen 2018: 260).”

Die roman sluit dus ook aan by die ‘doolhofdiskoers’ en word deur Van der Pol (2019) beskryf as “een tocht door een labyrint vol vreemde gebeurtenissen”. De Maertelaer (2019a) beskryf die roman self ook as “een narratologisch labyrint waarin het heerlijk verdwalen is”. Beide die vertellende hoofkarakter en die leser ervaar die roman as 'n doolhof. 'n Doolhof deur die verteller se gedagtes en herinneringe, deur Nederland tot in Frankryk, en binne sy voormalige kollega Bonzo se kop wanneer drie van hulle aan masjiene gekoppel word om hulle geheue uit te wis. Die skrywer keer grootse motiewe op 'n speelse wyse om deur 'n onbetroubare verteller. Voortdurend moet die leser besin of die teks fiksie, illusie of werklikheid is (Van der Pol, 2019). Die leser wonder byvoorbeeld of die verteller dalk in die eerste hoofstuk aan die slaap geraak het op die stoel van sy moeder, wat hy ná haar dood na sy woonstel geneem het, en al die gebeure droom. Die skrywer en verteller-as-skrywer is immers bekend vir hulle plotlose romans wat die leser kan ervaar as 'n doolhof sonder 'n uitgang.

Weens die talle geheime organisasies, die doolhof- en die karnavaldiskoers in *De goede zoon*, sou die literêre kritikus sterk kon leun op Caillois (1961: 87) se teorie van spel. Hy het twee opponerende spelgemeenskappe onderskei, naamlik Dionisiese en rasionale gemeenskappe. Die gemeenskap in hierdie roman herinner aan eersgenoemde – 'n kombinasie van nabootsende spel ('mimicry') en duielsingwekkende spel ('ilinx'). Sodanige gemeenskappe word dikwels geregleer deur maskers en besetenheid. Niks is op die oog af soos wat dit voorkom nie en selfs die lesers voel asof hulle rondtol op 'n mallemeule. Barnes (2014: 25) wys daarop dat die vermaaklikheidsbedryf (wat karnavalle insluit) vir eeue gebruik is as toestelle van sosiale manipulasie en oorheersing en gebruik word om klasseverskille in stand te hou. Dit is in teenstelling met die gemeenskap in Van Heerden se roman, wat gesien kan word as 'n rasionele gemeenskap waarin kompetisie en kansspel die oorheersende vorme van spel is.

Gegewe die talle ludieke invalshoeke soos hierbo bespreek, ontstaan die vraag of Huizinga se strukturele kenmerke van spel toegepas kan word op die teks. Huizinga (1949: 47-51) reken dat kultuur nie begin *as* spel en *uit* spel nie, maar *in* spel. Omdat spel ouer en oorspronklik is as alle kultuur, was die antitiese en agonistiese basis van kultuur volgens Huizinga van die begin af aanwesig.

Kompetisie en vertonings as vermaak spruit dus nie *uit* kultuur nie, maar gaan dit *vooraf*. Ernstige oorlog, ’n ligte kompetisie en werklike spel was in antieke tye almal één fundamentele idee, naamlik ’n stryd teen die noodlot wat gebonde was aan reëls. Die dryfveer in hierdie roman is die antagonistiese spel tussen die verteller en sy voormalige kollegas en die bostaande ludieke invalshoek vorm kleiner dele van hierdie plot. Dit wil dus voorkom asof hierdie roman weliswaar uiters geskik is vir sodanige toepassing:

4.2.1 *Spel handel om spel*

Kompetisies toets krag, kennis, kunsvaardigheid, behendigheid, prag of rykdom. Die deelnemers kompeteer byvoorbeeld met hulle vernuf, wapens, liggaamskrag, skoonheid, ’n dobbelsteen – selfs bedrog en lis. Selfs kullery kon nie in argaïese kulture die ludieke aard van die wedstryd ophef nie. In antieke letterkunde het skelmstreke ’n kompetisietema en spelfiguur geword (Huizinga, 1949: 51-52).

Die vertellende hoofkarakter in *De goede zoon* en die karakter Lennox probeer mekaar voortdurend uitoorlê met hulle verstandelike vermoëns. Lennox probeer die verteller oorreed om saam met hom op reis te gaan om Bonzo, nog ’n voormalige kollega, te help met sy geheueverlies – die deel van sy geheue wat die verteller destyds vir hom geskep het. Tydens hulle eerste kontak in jare probeer die verteller die indruk wek van iemand wat so ’n ryk en druk lewe lei dat name van vroeër “niet meteen een belletje doen rinkelen”. Maar Lennox vind dit amusant, omdat hulle die verteller nog al die jare monitor en presies weet hoe sy loopbaan sukkel om op dreef te kom (Van Essen, 2018: 21-22).

In ons moderne samelewing mag hierdie spioenering na werk klink, maar volgens die antieke beginsel is dit bloot ’n magspel: ’n kompetisie of ’n raaisel wat opgelos moet word. Kompetisies dien as bewyse van meerderwaardigheid. Die doel is om die opponent te uitoorlê, om die spel te wen. Die etiese ideaal van die antieke aristokrate was ‘aretē’ (uitnemendheid), ’n ideaal wat oorgeneem is deur filosowe soos Heraklitus en Plato. ‘Aretē’ behels militêre bekwaamheid in ’n agonistiese gemeenskap – tot voordeel van die polis (stadstaat) – met kwaliteite soos fisiese krag, intellek, uithouvermoë, strategiese beplanning en heldhaftigheid (Spariosu 1982: 14-15). En soos hierbo genoem, sluit dit nie kullery uit nie.

Die kat-en-muis-spel in *De goede zoon* is enersyds ’n spel tussen die vertellende hoofkarakter en sy voormalige kollegas, maar ook ’n stryd tussen die moderne mens en ’n samelewing wat beheer word deur moderne tegnologie, vooruitgang en outokratiese magte. In hierdie opsig sluit dit ten nouste aan by Van Heerden se roman, waarin die hoofkarakter rebelleer teen ’n outokratiese samelewing wat ’n sekere lewenstyl voorskryf en as die norm aanvaar.

4.2.2 *Spel staan buite die ruimte van die alledaagse lewe*

Die oomblik dat die vertellende hoofkarakter besluit om Lennox te vergesel op hierdie reis om Bonzo se geskepte geheue te gaan herstel, word hy deel van die spel (wat vergelyk kan word met die argetipiese kruistog). Dit neem hom weg uit sy alledaagse bestaan:

Waar zit hij, waar moeten we naartoe? Vraag ik, alsof het al vaststaat dat ik met Lennox meega. En waarom ook niet, ik heb toch niets te doen. Het kamertje van mijn moeder is leeg en mijn uitgever wil mijn boek niet uitgeven.

Dat merk je vanzelf wel, zegt Lennox. Ik ben al om, vanwege deze vier woorden die hij heeft gebruikt: *we hebben je nodig* (Van Essen, 2018: 24).

Schmitz (in Celano, 1991: 140-141) beskryf hierdie kenmerk van spel wat deur Huizinga geïdentifiseer is, as volg: “Within its boundaries and objectives the play-world exhibits a totality of meaning and value [...] a world of unreality which needs no justification from outside itself. It is a self-sealed world, delivering its own values in and for itself, the freedom and joy of play [...] it has no other object than itself”.

Niemand dwing die verteller om deel te neem aan die spel nie. Soos vroeër aangedui, raai die selfbesturende motor hom aan om nie “naar binnen te gaan” en tog *kies* hy om voort te gaan met die spel:

Waarom zou ik niet naar binnen gaan?

Ik weet wat ze van plan zijn.

Jij weet echt alles hè?

Ik heb de palio van meneer Lennox gelezen toen hij me programmeerde. Nogmaals, ik weet wat ze willen gaan doen meneer, en ik ga het u vertellen ook, ik ben namelijk nogal op u gesteld geraakt de afgelopen dagen (Van Essen, 2018: 351).

Die verteller staan binne die magiese of geheime sirkel van die speelruimte. Hy kan nie en wil nie daaruit ontsnap nie. Binne daardie ruimte vind ’n tydelike opheffing plaas van die normale sosiale lewe. Dit is soortgelyk as die towersirkel, die tempel, die arena – verbode grond. Geheimhouding of binnekennis maak die spel soveel aanlokliker. Hierdie aantrekkingskrag beleef al die hoofkarakters in die twee romans – hulle kan hulle nie losskeur van die betowering nie en gee hulle hele lewe oor aan die spel.

4.2.3 *Spel word begrens met 'n eie stel reëls*

Omdat elkeen in die romansamelewing 'n basiese inkomste verdien en hulle werk oorgeneem is deur robotte, werk niemand meer nie en het die doel van hulle bestaan verdwyn. Die vertellende hoofkarakter gewaar 'n samedromming van pelgrims waarvan baie dieselfde eindbestemming as hy het, maar nie in die geheime sirkel toegelaat word nie (Van Essen, 2018: 356):

Een aantal pelgrims heeft ontdekt dat ik naar binnen wil en komt spetterend en klotsend op me af. Openhouden! roepen ze, openhouden! De deur staat inderdaad op een kier en zwaait langzaam verder open. Ze hebben me bijna bereikt, ik stap gehaast naar binnen, de drempel over, twee in donkere pijen gehulde mannen schieten langs me heen naar buiten, stevige, forse verschijningen, ze nemen poses aan uit oude gevechtsfilms en slaan de voorste pelgrims tegen de grond, of beter gezegd, de modder in. De anderen druipen af, ik zie een paar van hen daadwerkelijk hun vuisten ballen, als bijrolspelers in een filmepos uit de jaren vijftig.

Spel het volgens Huizinga (1949: 9-10) 'n eie verloop en betekenis. Dit begin en ná 'n sekere tyd is die spel verby. Die tydelike opheffing van die normale gang van die lewe ter wille van spel kan veral waargeneem word in heilige spel of feeste, soos tydens 'n karnaval, toewydingeremonies of sportgeleenthede. Daar is 'n mate van misterie wat aan hierdie rituele gekoppel word. Terwyl die spel aan die gang is, is daar verandering, afwisseling, beurte, beweging, assosiasie en ontknoping. In *De goede zoon* begin die spel vir die vertellende karakter wanneer hy besluit om saam met Lennox op reis te gaan en eindig dit wanneer hy by sy bestemming arriveer.

Die speelruimte kan as 'n gewyde ruimte ervaar word – die towersirkel, die tempel, die arena, die verhoog, die tennisbaan, die geregshof. Elke spel beweeg binne 'n ruimte wat vooraf afgebaken is. Hierdie ruimte kan stoflik of denkbeeldig wees en kan opsetlik gekies word of as vanselfsprekend afgebaken word. Dikwels word die speelterrein gesien as verbode grond vir dié wat nie deelneem aan die spel nie. Dit is afgesonder van die gewone lewe en dikwels 'n omheinde of geheiligde terrein waarbinne spesiale reëls geld (Huizinga, 1949: 8-10).

In Van Essen se roman word die vertellende hoofkarakter op 'n reis geneem. Hierdie reis herinner aan die kruistogte of selfs ontdekkingsreise, wat onderneem is om 'n bepaalde doel te bereik en waartydens die deelnemers (dus spelers) verskeie hindernisse moes oorkom, ingewikkelde raaisels moes oplos ten einde 'n skat te vind en dikwels teenstand ervaar het. Die speler in die roman word mislei omdat hy reken dat die doel van die reis is dat hy die karakter Bonzo se geheue moet help herwin, wat hy help skep het, maar dit blyk dat dit eintlik oor die soeke

na diamante gaan. Dit is dus nie die eerste keer dat hy deur dieselfde karakters by 'n spel betrek word nie. In die ontknoping blyk dit dat die medespelers, wat soms aan sy kant was en soms teen hom, nooit buite die spel gestaan het nie, al was die hoofkarakter nie daarvan bewus nie. Tydens hulle spel is hulle besig om die hele samelewing te monitor en te manipuleer, wat 'n beduidende kultuurverskuiwing tot stand gebring het.

Vergelyk die rol van die teenstanders met dié in *Klimtol*, waar die spelende hoofkarakter juis in opstand kom teen die streng gereguleerde samelewing wat gekant is teen sy siening van speel as werk. In *De goede zoon* wil dit voorkom asof die samelewing juis binne 'n spel vasgevang is wat werk oorbodig maak.

4.2.4 Spel is onstandvastig of tydelik

Spel het 'n bekoring wat volgens Huizinga (in Otterspeer, 2010: 89) die spelers so betower dat hulle 'n “droomwêreld” of illusie betree – soos ook die geval is met die vertellende hoofkarakter in Van Essen se roman.

Die vertellende hoofkarakter in *De goede zoon* is 'n skrywer wat slegs een storie het om te vertel. Hy skryf oor en oor sy eie verhaal en kan nie wegbreek uit die mag van sy eie lewensverhaal nie – ook wanneer hy hierdie storie vertel in die roman. Wanneer hy gevra word om 'n nuwe identiteit te skep vir een van sy voormalige kollegas wat beskerm moet word ná 'n groot diamantdiefstal, gebruik hy sy eie kinderjare as inspirasie. Later gebruik hy dieselfde verhaal en dié van sy voormalige kollegas om 'n sepie te skryf. Ook in sy romans gebruik hy dieselfde materiaal. Sy uitgewer keur sy laaste manuskrip af, klaarblyklik omdat dit nie soos sy vorige romans 'n “plotlose thriller” is nie. Dit blyk egter dat hy keer op keer sy werk of kontrak verloor juis omdat hy telkens variasies van sy eie lewensverhaal vertel, wat Lennox en “de Dienst” sien as 'n verbreking van die geheimhoudingsooreenkoms wat implisiet gemaak is toe die verteller 'n nuwe identiteit moes skep om Meester, na dese ook bekend as Bonzo, te beskerm. Dit vind weer plaas as hy hierdie verhaal vertel (Van Essen, 2018: 63-66). Hy is dus so vasgevang in sy eie verhaal dat dit hom totaal absorbeer. Hy reken dat elke mens ten minste een verhaal het om te vertel en dat die meeste mense dit sal moet versin, terwyl hy immers sy eie verhaal kan vertel. Die vraag is of hierdie verhaal nie wel 'n versinsel is van die verteller nie?

Daar is egter nog 'n element betrokke: Die leser word op die flapteks ingelig dat hierdie 'n “verrassend autobiografiese roman” is, wat handel oor 'n seun wat sy moeder se dood probeer verwerk. Daar is skynbaar 'n dun skeiding tussen die skrywer en die vertellende hoofkarakter. Omdat spel 'n illusie is, sien Huizinga (1950: 177) spel as fundamenteel tot alle kulturele instellings. Die speler, wat by

implikasie die skepper van kultuur is, speel verskeie rolle. Die speler kan 'n atleet, sjamaan, wonderwerker, digter of skrywer wees. In hierdie geval is die spel wat gespeel word deur die skrywer met die leser. Die leser moet voortdurend besin wat blote fiksie is en wat outobiografies is. Die illusie word verbreek wanneer die leser die boek neersit en terugkeer na die alledaagse lewe en hervat wanneer daar verder gelees word.

Soos voorheen genoem, lewer Van Essen deur letterkunde kommentaar op letterkunde. In vorige werke het Van Essen reeds gespeel met 'n soortgelyke vae skeiding tussen fiksie en werklikheid sodat Van Lighten (2012) wys op Van Essen se spel met fantasie en werklikheid. Verder laat hy die leser besin oor die nabye toekoms – hoe gaan dit lyk? Wat gaan dit behels? Hoe gaan dit ons raak? Word die illusie verbreek wanneer die leser die boek klaar gelees het?

Die illusie wat die skrywer skep ter wille van die leser, herinner aan Ehrmann (1968: 55) se stelling aan die begin van hierdie artikel, dat die speler ook soms gespeel kan word. Dit vind veral plaas wanneer na die spelende karakter en die leser as speler of toeskouer gekyk word. In hierdie twee romans, waar die skrywers doelbewus aansluit by die speldiskoers, is Ehrmann se siening tersaaklik. Van Heerden het sy lesers doelbewus attent gemaak op die verband tussen Huizinga se teorie van spel en Van Essen is, soos afgelei kan word uit kommentaar op sy oeuvre, bekend vir die speelse aard van sy skryfstyl.

Van verdere belang is Ehrmann se praktiese omskrywing van die rol van die literêre kritikus. Ehrmann was die redakteur van 'n spesiale uitgawe van *Yale French Studies* (1968), waarin kultuurfilosofiese raamwerke oor spel aangewend is as teoretiese vertrekpunt vir literêre teksontledings. In aansluiting by hierdie vertrekpunt en die voorafgaande toepassing van Huizinga se teorie van spel op die twee betrokke romans, gaan die ludieke karakters en die rol van die skrywer as speler voorts betrek word.

4.3 *Kultuurskeppende spel en die literêre kritikus se rol*

Die stelling van Ehrmann (1968: 55) dat die speler ook gespeel kan word, is kritiek op Huizinga en Caillois se teorieë van spel. Vir Ehrmann is die speler in die teks terselfdertyd die onderwerp én die voorwerp van die spel, sodat die subjektiwiteit/objektiwiteit-dualisme verdwyn. Hy het met sy voorgangers saamgestem dat dit tyd geword het dat die speldiskoers in literêre werke ernstig opgeneem word. Dat 'n hele uitgawe van *Yale French Studies* gewy is aan hierdie onderwerp en gebruik is as vertrekpunt vir literêre teksontleding, was grondverskuiwend. Wat is die literêre kritikus se rol dan volgens die redakteur van die betrokke uitgawe van die joernaal?

Ehrmann (1968: 56-57) reken dit is die literêre kritikus se rol om spel en speel op 'n speelse (ludieke) wyse binne die gegewe teks te ondersoek, met inagneming van die konteks waarbinne die teks ontstaan het, asook die 'werklikheid' soos verbeeld in die teks (oftewel die tekswerklikheid). Sodoende word die konteks en die kultuur gesien as voortspruitend uit die *kultuurskeppende spel* – soos bevestig deur Otterspeer in die openingsaanhaling. Daar is drie pilare van die literêre kommunikasiesituasie: Die teks word gesien as 'n spel, maar die konteks 'speel' ook met die skrywer én die leser. Nóg *Klimtol* nóg *De goede zoon* het in 'n vakuum ontstaan. Dit is geskryf binne 'n spesifieke kultuurhistoriese raamwerk. Uit die ontleding van die romans hieronder, maar ook wanneer hierdie romans binne die twee skrywers se oeuvres geplaas word (in punt 3 hierbo), kan die literêre kritikus aflei dat beide skrywers bekend is daarvoor dat hulle deur hulle literêre werke kritiek lewer op hulle spesifieke kultuurhistoriese raamwerk.

Wanneer Ehrmann se stelling in ag geneem word, blyk dit dus dat die skrywer die karakters én die leser op 'n ludieke wyse betrek by die spel wat hulle speel (naamlik die skryfaksie). Die skrywer staan egter nie buite die spel nie. As medespeler is hy/sy, willens en wetens, ook onderworpe aan die reëls van die spel en lewer 'n merkwaardige bydrae tot die kultuurskeppende aksie van die skryf- en leesspel.

4.3.1 *Die spelende karakters in Klimtol*

In hierdie afdeling val die soeklig op twee hoofkarakters in Van Heerden se roman, naamlik Ludo Loeloeraai en Snaartjie Windvogel. Die skrywer laat 'n nou verband ontstaan tussen hierdie karakters wat albei deelneem aan 'n spel.

Ludo is 'n klimtolspeler en die sentrale karakter in die roman. Soos reeds genoem, het Snaartjie in 'n vorige Van Heerden-roman 'n debuut gemaak, as 'n geniale jong vioolspeler. Die nou verband ontstaan omdat Ludo Loeloeraai sy klimtol 'n "klein Stradivarius" (Van Heerden 2013: 29) noem, 'n direkte skakel wat verwys na S(n)aartjie se viool in 'n voorafgaande roman, *In stede van die liefde* (Van Heerden, 2005: 39). Snaartjie steel dan ook Ludo se klimtol (Van Heerden, 2013: 124) om op te maak vir die verlies van haar viool. Dit is van haar weggeneem toe sy deur mensehandelaars ontvoer is en gedwing is om as interseksuele seksslaaf te werk. Ludo misinterpreteer haar verlies en reken dat sy "moeg" is vir haar "trick", oftewel die seksuele speletjies (Nel, 2015: 196) wat sy in ruil vir broodgeld speel.

Van Niekerk (2013) bestempel hierdie karakters as "gelyksoortige siele" wat onvermydelik na mekaar aangetrek word om 'n soort verwantskap te vorm. Spel

in die roman “word ’n manier om sin te maak van die lewe”, reken Burger (2013) en kan daarom gesien word as kritiek op die bestel deur die skrywer. Hierop volg ’n nadere ondersoek na dié twee karakters en die spel wat hulle speel.

4.3.1.1 *Ludo Loeloeraai*

Die idee van spel is vir Viljoen (2013) die hooffokus van die narratologiese en intellektuele verkenning in *Klimtol*. Die hoofkarakter se Latynse naam, Ludo, beteken ‘ek speel’ en beklemtoon die sentrale tema van die roman – wat volgens Meyer (2014) die ontginning van spel as kuns is. Die gebruik van die naam is ’n direkte verwysing na Huizinga se frase ‘homo ludens’ – ‘die spelende mens’, wat die roman geïnspireer het. Die karakter beskryf homself ook met Huizinga se frase, die spelende mens: “Wanneer ek speel, is ek ek. Homo ludens, die spelende dier, die geliefde van die groen mannetjies” (Van Heerden, 2013: 35 en 345).

Ook die karakter se van, Loeloeraai, het ’n ludieke funksie en verwys na die ikoniese Afrikaanse skrywer Langenhoven se bekende ruimtereisiger. In die roman is daar juis voortdurend verwysings na vlieënde pierings, wat Ludo as kind op hulle Karooplaas gesien het. Die ruimtewesens het aan hom die *opdrag* gegee om te speel. Die gebruik van hierdie verhoognaam is vir hom ’n inspirasie en dien as gids en toevlug, veral wanneer hy die sone van verhoogde bewussyn op die verhoog betree (Viljoen, 2013).

Met verwysing na Ehrmann se drie pilare van die literêre kommunikasiesituasie hierbo, speel die konteks waarbinne ’n teks ontstaan ’n uiters belangrike rol. *Klimtol* word deur Painter (2014) beskryf as proteskuns of betrokke kuns. Die kritiese funksie van ’n kunswerk is vir Painter ’n retoriese stellinginname of kommentaar op die menslike toestand. Daarom lê die roman se kritiese kern in Ludo se protes – dapper maar gedoem – teen die historiese ‘erfskuld’ van kapitalisme, wat almal dwing om tyd, kreatiewe energie en wese ten brode te verkoop. Hy beskryf dit as die “regimentering, vervreemding en selfkommodifisering van werk”. Painter se redenasie is dat *Klimtol* protes aanteken teen die ideologiese naturalisering van die werkslewe en dus meer is as bloot ’n politieke verset teen verknegting en vervreemding. Hierdie ideologie interpreteer ons (die mense wat binne hierdie sosiokulturele raamwerk funksioneer) “fantasieë van ontsnapping” as luiheid en morele tekortkominge.

In sy roman *De goede zoon* tree Van Essen toe tot hierdie diskoers van werkteenoor-spel (en dus met die bogenoemde siening van Painter, Van Heerden en die romankarakter Ludo Loeloeraai), deur die post-werk samelewing van die nabye toekoms (Van den Bergh, 2019) as verhaalwerklikheid te gebruik. Sedert “de invoering van het basisinkomen” (De Ridder, 2018) en vandat “robots en

sprekende en selfsturende auto's" (Hockx, 2018) werk uit hulle hande geneem het, verkies mense om te skuifel deur museums, op pelgrimstogte te gaan, of álmal hulle daaraan toe te wy om 'n roman te skryf. Schouten (2018) reken dat die mens in Van Essen se roman as slagoffer "van een zorgeloze toekomst" geskilder word.

Klimtol word nie deur Painter (2014) beskou as 'n eensydige viering van die meriete van speel teenoor werk nie. Volgens hom het Van Heerden "nog altyd 'n besondere sintuig gehad vir die kompleksiteit van ons laatkapitalistiese, mediadeurdrenkte en globaliserende wêreld" en is Ludo nie die persoonifikasie van Huizinga se spelende mens nie, maar 'n *spesifieke* mens in 'n *spesifieke* tyd.

Die ligsinnigheid van spel is wat Ludo onderskei van sy ouers se generasie (Viljoen, 2013) hoewel hierdie rebellie nie ongekompliseerd is nie, soos Woutersen (2014, my beklemtoning) aandui:

Zijn vader is niet enthousiast over de klimtolspelerij van Ludo: "Maar dat is geen baan," "Allemaal leuk en aardig, maar wat heeft het voor nut?" Maar de jongen "zag hoe werken vernedert en koos voor spelen." Hij treedt op als Ludo Loeloeraai. Er is een schaamte in hem over zijn speelsheid, zelfs over zijn aangenomen naam die ik speel betekent. Andere entertainers beschouwen hem als een onderkruiper omdat hij voor een Amerikaans bedrijf werkt, "de klimtolkampioenschappen zijn één grote reclamecampagne voor de frisdrank met het geheime recept." Het was de truuk van de Amerikanen: *vermom werk als spel*.

Soos Huizinga (1950: 79) dan ook beklemtoon: "Men speelt niet om loon, men werkt voor loon." Dit veroorsaak 'n dilemma vir die karakter sowel as die leser: Is klimtolspel speel of werk? Wanneer die spel 'n kompetisie is, val dit wel binne die sfeer van spel – ten nouste verbonde aan spel is "het begrip van het winnen" (Huizinga, 1950: 78). Semanties vind Huizinga (1950: 79) dit egter moeilik om die sfeer van prys, wins en loon te skei. 'n Mens kan immers 'n lourierkrans, 'n medalje of 'n som geld wen.

Deur die toedoen van sy kleindogter Doris, word Ludo weer by die sfeer van 'egte' spel betrek – kompetisie en nie werk nie. In Europa word hy egter blootgestel aan 'n klimtolwêreld waarin die triek aansienlik verander het sedert sy speeldae. Nie alleen het die tegniek verander weens tegnologiese vooruitgang nie, maar die kompetisie is strawwer. Boonop is daar nou 'n internasionale speelveld plus die rol van sosiale media (De Vries, 2013).

Die klimtol speel so 'n groot rol in alle aspekte van Ludo se lewe dat dit as't ware die (sy) werklikheid weerspieël. Nadat hy destyds in liefde verlaat is, het Ludo een van sy trieks na dié vrou vernoem, naamlik die "Marlene". Hoe jy die klimtol terugkry in jou hand, word nie voorgeskryf nie en dui daarop dat dit vir Ludo die moeilikste triek is – om verlore liefde terug te kry (Stehle, 2013). Nog

'n voorbeeld hiervan is dat hy so nou verbind is aan sy klimtol, dat dit voel asof hy 'n ledemaat verloor het wanneer dit gesteel word (Van Heerden, 2013: 124). Of dat hy uitgevang is, soos in die sprokie van die keiser sonder klere:

Sonder sy klimtol in sy hand staan Ludo skielik kaal voor die spieël. Al sy sondes is ontbloot. Al die jare het hy verdedigend gespeel. Nou is sy gooihand leeg (Van Heerden, 2013: 79).

Huizinga (in Spariosu, 1982: 23) het, in navolging van Schiller, juis bevind dat die hele spektrum van menslike ervaring deur en in spel gereflekteer en verteenwoordig word. Die ludieke aard van die spel, het Schiller beweer, word bepaal deur die mate waartoe die gesindheid van speel 'n speletjie deurdring. Vir die karakter Ludo was speel deel van sy wese, die manier waarop hy na die wêreld gekyk het, 'n rebellie teen die magsdiskoers van werk. Die vernaamste kwaliteite van spel was vir Huizinga (1949: 2-3) die gekmakende mag as die primordiale kwaliteit daarvan, die pret en passie, en die intensiteit van en verdieping in spel.

Hoewel sodanige gekmakende mag herinner aan Caillois se beskrywing van 'n tipiese Dionisiese spelgemeenskap, stem die gemeenskap in Van Heerden se roman – in teenstelling met die Dionisiese gemeenskap in Van Essen se roman – egter grotendeels ooreen met Callois (1961: 87) se geordende, rasionele gemeenskap wat gekenmerk word deur hiërgargiese voorregte waarin meriete en oorerwing 'n groot rol speel. Die kenmerkende spel in rasionele gemeenskappe is kompeterende spel ('agôn') en kansspel ('alea').

4.3.1.2 *Snaartjie Windvogel en die Groot Goedheid*

“Genie,” het Miss Edelweiss geprewel. Mozart. Beethoven. Dit was die twee name. “Weet jy waarvandaan kom dié musiek, Snaartjie?” het Miss Edelweiss haar eendag gevra. En toe sy haar kop skud, het Miss Edelweiss wat die Groot Oorlog oorleef het maar alles verloor het, geantwoord: “Dit kom van *die groot goedheid*, Snaartjie, uit 'n plek waar alles moontlik is. Nie almal het toegang tot daardie plek nie, maar hierdie manne, al was hulle bietjie mal, gee ons 'n kykie in hoe dit daar lyk. Hulle het die deur na daardie plek gevind, Snaartjie” [...] wat ook al gebeur, onthou: dit is daar, dit gaan nie weg nie. Luister net. “*Die groot goedheid*.” En Snaartjie luister (Van Heerden 2013: 143; my beklemtoning).

Moderne filosowe soos Kant het spel tot die allerhoogste aktiwiteit verhef, gebaseer op Plato se begrip van edele spel, oftewel “noblest games” (Dursun, 2007: 77 en Celano, 1991: 138). Die tese dat kuns 'n vorm van spel is, reken Wimsatt (1973: 357), word in *Homo ludens* bevestig, en is ook deur Heidegger ondersteun: ‘Dasein’ (“our being in the world”) is in sigself 'n spel (Boronat,

2013: 90). Tydens spel – die hoogste sfeer van denke – kan ons op ’n kinderlike manier wegbeweeg van die erns van die lewe, aldus Huizinga (1950: 46-47). Ons betree dan die sfeer van skoonheid en heiligheid, waarna ook Snaartjie Windvogel gestrewe het. Die antieke Griekse konsep van ‘aretē’ kan vertaal word as ‘uitnemendheid’ of ‘voortreflikheid’, en is beskou as die hoogste vorm van menswees, oftewel die essensie van menswees (Huizinga, 1949: 64).

Die hermafroditiese karakter Snaartjie Windvogel is op soek na heling en die groot goedheid. Windvogel word in drie Van Heerden-romans as ’n karakter betrek – as Saartjie Windvogel (vroulike voornaamwoord) in *In stede van die liefde* (2005), Snaartjie Windvogel (vroulike voornaamwoord) in *Klimtol* (2013) en as Snaar (manlike voornaamwoord) in *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* (2019). In Nel (2015: 196) se navorsing word die karakter vermeld as ’n speler in *Klimtol*, vanweë die seksuele spel wat ter wille van oorlewing gespeel word. In hierdie studie fokus ons op ’n ander aspek van die karakter – as begaafde vioolspeler. Wat spel betref, was daar ook die magiese wedvlugduifkultuur op Matjiesfontein, maar dit vorm nie deel van hierdie studie nie.

Weens haar tussenin status as “she-boy” (Van Heerden, 2013: 327) was Snaartjie ’n uitgeworpene in die Karoodorpie, wat probeer ontsnap het deur haar vioolspel. Wanneer sy deur haar eie pa verkoop word aan ’n seksnetwerk, word haar viool platgetrap voordat sy van Matjiesfontein weggevoer word na Kaapstad en as seksslaaf misbruik word (Van Heerden, 2013: 142).

Wonderbaarlik ontsnap sy uit die bordele. Steeds moet sy seksuele gunste doen om te oorleef (Van Heerden, 2013: 15), maar wil graag ophou met hierdie “tricks” (Van Heerden, 2013: 59). Snaartjie smag na haar viool en die groot goedheid. Kortstondig reken sy dat sy weer die heilige sfeer van skoonheid en spel kan betree wanneer sy Ludo Loeloeraai se klimtol steel:

Ludo se oë skiet vol tranes en hy besef dis Snaartjie Windvogel wat sy klimtol gesteel het die nag toe hy so getiep het en sy’t dit nou weer teruggegee en hy kyk na Eenslie en sê: “Die arme kind is moeg van haar tricks. Sy soek ’n nuwe triek maar sy kon die klimtol nie bemeester nie” (Van Heerden, 2013: 124).

Die effek van spel op die mens word deur Huizinga (1949: 10) verwoord as betowerend en boeiend: “Play casts a spell over us.” Elemente van spel, soos spanning, balans, ewewig, kontras, variasie, oplossing en resoluëie word deur Huizinga onder die kategorie ‘estetika’ geplaas. Snaartjie verfraai haar woonplek in die ligtoering waar sy tydelik skuilplek vind (Van Heerden, 2013: 159) en onthou die sierlike vlug van haar pa se wedvlugduiwe, hoe hulle uitborrel wanneer hulle uit die mandjies vrygelaat is. Sy het graag vir hulle viool gaan speel, voordat alles

gebeur het. Sy hou die dolfyne se duik en speel dop, hoe hulle “lag met hulle lywe” en droom dat sy uitswem na hulle en gesond word terwyl sy tussen hulle swem (Van Heerden, 2013: 161). Maar dit is veral musiek wat haar wegvoer na ’n magiese wêreld:

Sy voel die viool wat sy in die musiekklesse by Miss Edelweiss op Matjiesfontein geleer speel het hier in die waai van haar nek tril. Sy hoor die lieflikheid daarvan en sy hoor die wind en dink: Hierdie wind is deur Mozart gekomponeer, net ’n groot komponis kan so ’n wind komponeer (Van Heerden, 2013: 163).

Soos Ludo voel dat hy ’n ledemaat verloor het wanneer Snaartjie sy klimtol gaps (Van Heerden, 2013: 120), so ervaar sy die leegheid van haar hand sonder die viool. Die melodie sit in “die gebeente van haar skedel en die trilling sit in haar bloed”. Dis na hierdie hoogste sfeer waarheen sy probeer verdwyn wanneer sy gedwing word om seksdade te pleeg teen haar wil – Mozart dawer in haar kop (Van Heerden, 2013: 163).

Snaartjie wil wegkom uit die bouse kringloop waarin sy gedompel is en ontsnap na wat Huizinga (1950: 37) beskryf as die gewyde kring waarbinne die hoogste aktiwiteit, spel, plaasvind: “De arena, de speeltafel, de toovercirkel, de tempel, het toneel, het filmscherm, de vierschaar” – alles, na vorm en funksie, die speelruimte. ’n Afgesonderde, heilige ruimte waar ’n unieke stel reëls geld.

Die twee hoofkarakters in *Klimtol* word dus in die roman doelbewus betrek by die konsep van spel. Een van die karakters, S(n)aar(tjie) Windvogel word in verskeie romans binne Van Heerden se oeuvre betrek by elemente van spel. Soos Huizinga, het Gadbois, Dallaire en Robidoux (2010: 17-22) spel en sport as teaters van wêreldsienings beskou – waar spel lei tot identiteitskonstruksie. Hulle wys daarop dat Huizinga spel beskryf as ’n doelgerigte kulturele aksie wat betekenis dra. Omdat dit reëls en regulasies institusionaliseer, is spel ’n ‘skepper van kultuur’ en nie bloot ’n meganiese aksie nie. Hierdie regulasies en reëls skep dan weer begeertes, fantasieë, plesier, vryhede en nuwe uitvindinge. Hierdie voortdurende herontwerp – wat die mensdom toelaat om uitdrukking te gee aan hoe hulle hulself as groepe (klimtolspelers) maar ook as individue (’n musikale virtuos en nie ’n sekswerker nie) sien – beteken dat spel ook ’n ‘produkt van kultuur’ is. Die spel betrek die spelende karakters nie alleen by die literêre spel in die roman nie, maar lewer ook sosiale kommentaar op die konteks waarbinne die teks ontstaan het. Tot só ’n mate dat die skrywer telkens in opeenvolgende romans terugkeer na die karakters en onafgehandelde spel.

Die leser word deur die konteks en die sosiale kommentaar betrek by die spel. Dit is ’n bewuste poging van die skrywer, wat daardeur die leser probeer

beïnvloed om oor die kultuur waarbinne hulle hulself bevind, te besin en die status quo te bevraagteken. Die ideale leser van Van Heerden se oeuvre is bewus van die sosiale kommentaar en ervaar sy romans as ’n magiese kring waarbinne hulle graag en vrywillig deelneem aan die spel. Deur die literêre spel poog die skrywer om ’n andersoortige kultuur te skep. Dat ’n nuwe kultuur geskep moet word, beteken egter dat die teenswoordige samelewing nie altyd ’n regverdige spel speel nie, soos die hoofkarakters in *Klimtol* terdeë besef. Dit geld ook vir die hoofkarakter in *De goede zoon*.

4.3.2 Die splende karakter in De goede zoon

Onderweg naar Bonzo is hij inderdaad vooral de speelbal van zijn criminele vrienden, semi-autonome technologie en een hem steeds vreemder voorkomende wereld: een schrijver gevangen in een voor hem geschreven script, zonder macht of verbinding met zijn omgeving (Kersten, 2021).

In *De goede zoon* blyk dit dat die verteller/hoofkarakter vasgevang is in ’n nimmereindigende spel. Dit is veral die laaste twee van Huizinga se kenmerke van spel, soos opgesom deur Schroeder (1996: 147) in afdeling 2 hierbo, wat hier betrekking het (hoewel die eerste twee ook ter sake is). Ten eerste, dat spel onstandvastig/tydelik is en die speler totaal kan absorbeer, maar die illusie kan enige oomblik verbreek word deur die realiteit, en ten tweede, dat spel begrens word binne ’n sekere tyd en ruimte, met ’n eie stel reëls.

Dit wil voorkom asof die verteller/hoofkarakter vasgevang is in iets soortgelyk as wetenskapfiksie se tydlus (‘time loop’) – ’n beter beskrywing sou wees dat dit ’n emosionele tydlus is wat gedeeltelik deur ’n stel reëls van buite beheer word. Miskien is Huizinga se term “towersirkel” meer geskik om dit te beskryf. Die roman is ingedeel in seksies wat meestal dae aandui – “Eerste en tweede dag”, “Derde en vierde dag”, “Vijfde en zesde dag”, “Zevende dag”, met twee uitsonderings, naamlik “The A-team” en “Het klooster”. Die dramatiese wendinge wat die verteller se lewe onherroeplik verander het, word in hierdie laasgenoemde twee dele weergegee.

Die proloog is ’n transkripsie van ’n telefoongesprek wat die verteller in hierdie bese kringloop vasvang (Van Essen, 2018: 9-10). Die goeie vriende wat die verteller eens gemaak het tydens die jaar wat hy by die Argief gewerk het, blyk vyandig te word – wat verwys na die titel van die sepie waarvan hy ’n draaiboekskrywer was, naamlik “Echte Vrienden, Slechte Vrienden”.

In die afdeling “The A-team” dink die verteller aan die jaar toe hy by die Argief werksaam was, en hy tesame met Lennox en Guido The A-team gevorm het.

Die naam is 'n speelse verwysing na die Argief asook die televisiereeks wat in die tagtigerjare uiters gewild was. Kort daarna begin Harry De Meester ook by die Argief te werk. Oorkant hulle kantoorblok is studentewoonstelle. Daar is 64 vensters, wat Lennox en die verteller herinner aan 'n skaakbord – hulle was ywerige skaakspelers. Hulle “benoemen die kamers dan ook met schaaktermen A3, B7, E5” (Van der Pol, 2019). De Meester toon gou sy toksiese manlike dominansie ten aanskoue van die kantoorpersoneel: “De Meester neukt E5, recht voor mijn ogen”. 'n ‘Hoogtepunt’ waarna die personeel hulle belangstelling in die spel verloor (Van Essen, 2018: 114-116).

“Het klooster” handel oor die tyd ná die verteller se studies toe sy voormalige kollegas hom genader het om 'n nuwe identiteit vir De Meester te help skep, wat na dese bekend sou staan as Bonzo. Dié was op 'n manier betrokke by die ontvoering van 'n biermagnaat en die verdwyning van diamante. Lennox kom haal die verteller in 'n limousine en neem hom na 'n klooster, waar Guido nou onder die vaandel van 'n “retratecentrum” vir 'n geheime (en waarskynlik) regeringsinstansie bekend as “de Dienst” werk, en betrek so die verteller by “Operatie Bonzo”. Ongelukkig gebruik die verteller sy eie jeugherinneringe en die dekor van sy ouerhuis in Amstelveen, waar hy gewoon het totdat hy vier jaar oud was, om die nuwe identiteit te help skep (Van Essen, 2018: 230-239).

Ná hierdie opdrag word die verteller 'n skrywer. Kort voor lank kry hy werk as teksskrywer van die sepie, wat gereël word deur die Diens (Van Essen, 2018: 257). Wanneer die verteller enigiets kwytraak oor Bonzo of daardie outobiografiese elemente in sy skrywe gebruik, tree die Diens – wat hom voortdurend dophou – tussenbeide. So beëindig sy sielkundige hulle sessies, verloor hy sy werk as sepieskrywer, word die sielkundige vermoor en word sy laaste roman nie gepubliseer nie (Van Essen, 2018: 173-174). Dat hy Lennox as 'n karakter in sy romans gebruik, maak bykbaar nie saak nie, net die karakter wat verbind word met die diamantdiefstal (Van Essen, 2018: 251).

Die verteller kan hom nie losmaak uit die towerkring nie – dit is gedeeltelik vanweë sy eie toedoen en gedeeltelik as gevolg van die Diens se manipulasie van sy lewe. Hy keer telkens terug na die gebeure in die twee genoemde dramatiese wendinge, in sy skryfwerk en in sy lewensverloop (Van Essen, 2018: 172-173):

Lennox glimlag. *Het is je enige verhaal*, zegt hij, je bent gedoemd er steeds weer naar terug te keren. Net als ik.

Jij ook?

Ja, ik ook. Wat denk je dat we nu aan het doen zijn? We zijn nu met z'n tweeën weer bezig met dat verhaal. Wat je voor je vijftiengste beleeft maakt nu eenmaal de meeste indruk. [...] We zijn mannen zonder kinderen, weet je nog, we zijn nog steeds het middelpunt van ons

eigen leven, we hebben *nagelaten nieuwe verhalen aan te maken*. Bij elk kind dat je krijgt begint een nieuw verhaal en in die verhalen draait het niet meer om ons of onze belevenissen van vroeger [my beklemtoning].

Binne hierdie geheime sirkel se afgesonderde tyd en ruimte – “hetzij stoffelijk of denkbeeldig, afgezonderd, afgebakend van de dagelijkse omgeving” – vind die spelhandeling plaas. Dit is ’n ruimte waarbinne ’n eie stel reëls geld (Huizinga, 1950: 47). In sodanige speelruimte kom ’n speelgemeenskap tot stand, waarby antropoloë selfs familiestamme of broederbonde betrek (Huizinga, 1949: 12-13). Die geheime organisasie wat die verteller in *De goede zoon* met arendsoë dophou, laat hom soms toe om deel te vorm van hulle kring. Wanneer hy dit egter waag om die illusie te verbreek – die geheim uit te lap – oortree hy die reëls en die magsverhouding. Dit lei tot die korrupsie van spel – hetsy deur die verteller, wat die ander spelers dan sien as ’n pretbederwer, of deur die Diens, wat die verteller as huigelaars of bedrieërs en dus valse spelers sien (Huizinga, 1950: 39).

Soos in Van Heerden se *Klimtol*, lewer Van Essen kommentaar op die korrupte bestel – nie die teenswoordige samelewing nie, maar een in die nabye toekoms. By monde van sy karakter lewer hy kommentaar op die moontlike uitdagings wat sodanige bestel sal oplewer. Daardeur word die leser weereens betrek, om saam te besin oor die moontlike uiteindes van die spel en die paradigmaskuiwe wat elke moontlikheid sal behels.

Die rol van die skrywer in hierdie twee romans is dus van belang. Die skrywer kan nie bloot gesien word as ’n onbetrokke entiteit nie, maar sien hulself as belangrike rolspelers wat ’n kultuurskeppende rol speel binne hulle sosiopolitieke sfeer en kultuurhistoriese era.

4.4 Die spelende skrywers – Van Heerden en Van Essen

Die twee skrywers van die bestudeerde romans beskou skryf as ’n vorm van speel. Van Heerden vergelyk sy skrywery self met dié van ’n klimtolspeler, terwyl Van Essen se metamodernistiese roman heen-en-weer slinger tussen realiteit en fiksie, ’n postmodernistiese metode om die storie in die storie voorop te stel – nie sodanig as ’n refleksie op gebeure nie, maar om die hermeneutiese funksie van stories in ons herinnering aan te toon (Kersten, 2021).

Van Heerden (in Nel, 2015: 190) sien skryf as “die vernaamste vorm van klimtolgooi [...] Elke boek is asof jy opnuut ’n triek uitdink.” Hy reken dat daar groot risiko gepaardgaan met daardie spel, selfs dat dit ernstige spel is, “in die sin van eksperimenteel wees”.

Nie alleen is spel aanloklik vir die klimtolspeler nie, vertel Van Heerden

aan Stehle (2013), maar ook vir die romanskrywer. Wanneer die skrywer en klimtolspeeler ernstig speel en ingestel word “op die intelligensie van jou handpalm”, gaan jy die Derde Ruimte binne. Die klimtol se beweging word op sodanige wyse ’n metafoor van die heen-en-weer tussen die hede en die verlede, asook “die wyse waarop die gekwelde gemoed altyd terugkeer na onafgehandelde sake en onbeantwoorde vrae” (Viljoen, 2013).

Hierdie selfde heen-en-weer vind ons ook in *De goede zoon*. Van Essen speel op metafiksionele manier met identiteit, maar sonder om die realisme van die roman te ondermyn. Kersten (2021) wys daarop dat *De goede zoon* handel oor ’n skrywende verteller – wat geskep is deur die outeur – en op sy beurt ’n nuwe identiteit uitdink vir ’n ander karakter. Boonop word die skrywende verteller vasgevang in ’n “voor hem geschreven script, zonder macht of verbinding met zijn omgeving” (Kersten, 2021).

Die outeur wou sy roman klassifiseer as “autobiografiese science fiction”, maar sy uitgewer was daarteen gekant. Kersten (2021) vind dit jammer, want hy reken dat sodanige onderskrif perfek sou pas by ’n roman wat op soveel verskillende vlakke “oscilleert”. Nie alleen handel die dele met wetenskapfiksie meestal oor die verlede en lewer kommentaar op die aard van kuns en die skryfkuns nie, maar daar is feitlik geen onderskeid tussen outobiografie en fiksie in die hoofstukke oor die moeder van die verteller nie.

Hoewel Van Essen die cliché probeer vermy het om ’n moederboek te skryf pas nadat sy ma oorlede is, het hy besef dat hy inderdaad rééds besig was om dit te doen, verklaar hy in ’n onderhoud met Demarbaix (2019). In die gesprek verwys Van Essen na sy verloofde, Lize Spit, wat in ’n onderhoud met *De Morgen* genoem het dat alle mans ’n moederboek skryf. Verskeie romans met dié tema, wys Van Boven (2021) dan ook uit, het in die voorafgaande dekade uit die pen van skrywers gekom – waaronder Tom Lanoye se *Sprakeloos* (2010), Adriaan van Dis se *Ik kom terug* (2014), Maarten ’t Hart se *Magdalena* (2015), Arnon Grunberg se *Moedervlekken* (2016) en Tommy Wieringa se *Dit is mijn moeder* (2019).

Van Essen (2009) merk op: “Zelfs autobiografische boeken zeggen uiteindelijk meer over de schrijver dan over het onderwerp.” Soos die behoefte om iets uniek te skryf, moontlik ook “een heel raar moederboek”, wat nie sommer op die lys van boeke oor skrywers se moeders sal verskyn nie (Schouten, 2018).

Nie alleen die tema nie, maar ook ander elemente soos die verteller en die plot huiwer tussen realiteit en fiksie, weens talle ooreenkomste met die werklikheid.

Die verteller in die roman besin oor sy skrywersloopbaan nadat sy uitgewer hom daarvan beskuldig dat hy afwyk van die reeks plotlose rillers waarmee hy sukses behaal het, deur letterkunde te pleeg. Veral omdat daar “iets als een

plot lijk uit te kristalliseren”, wat teenstrydig is met die konsep van die reeks (Van Essen, 2018: 62-66). Wanneer dinge te veel word vir die verteller, betreur hy egter die probleem van “te veel plot” sodat hy moet kophou – en wens dat Lennox eerder daar was om dit uit te sorteer (Van Essen, 2018: 366).

“Veel sfeer en stemming, weinig plot’ concludeert Jérôme [die pratende motor wat homself bestuur] als hij in luttele seconden het complete oeuvre van de schrijver tot zich heeft genomen” – dit geld ook vir Van Essen se romans, reken Van den Bergh (2019), en voeg by dat die verskynsel ‘plot’ juis deel vorm van die diskoers in *De goede zoon*. De Maertelaer (2019b) reken dat die verteller “koketteert met zijn eigen onbetrouwbaarheid”, dat hy iets kan versin terwyl hy dit opskryf. Wat die leser laat wonder of die verteller werklik op reis is en alles beleef, of bloot besig is om die plotlose roman te skryf. “Met andere woorden, zijn laatste, geweigerde Lennox-verhaal is niets meer of minder dan *De goede zoon*”, kom De Maertelaer (2019b) tot die gevolgtrekking. *De goede zoon* is dus ’n spel-binne-’n-spel (‘mise-en-abyme’) binne ’n roman.

Beide skrywers se werke kan as ’n spel van die skrywer bestempel word, oftewel ’n “triek wat vir die leser uitgevoer word” (Viljoen, 2013). Die taak van die literêre kritikus is om spel/spel binne die gegee tekste te ondersoek. Sodanige ingeligte leser doen dit met inagneming van die konteks en kultuur, deur dit te sien as voortspruitend uit kultuurskeppende spel.

5. Samevatting

In hierdie artikel is gepoog om aan te toon tot watter mate aspekte van spel in die geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse roman uitkristalliseer. Die doelwit was om, binne die Huizinga-kontoere, sekere spelmerkers in *Klimtol* en *De goede zoon* te identifiseer, te kontekstualiseer en te beredeneer. Daar is bevind dat spel in elk van hierdie romans manifesteer, soos blyk uit die integrale rol wat veral klimtolspel in die narratiewe struktuur van *Klimtol* speel en deur die verskeie speldiskoerse in *De goede zoon* uit te wys, wat die apokaliptiese spektakel, doolhof, skaakspel, karnaval en kruistog betrek. Dit is veral die antagonistiese spel wat plaasvind tydens die vertellende hoofkarakter se reis, ’n soort kruistog, wat onder die loop gekom het. *De goede zoon* kan gesien word as ’n spel-binne-’n-spel (‘mise-en-abyme’) binne ’n roman, wat ’n spel is.

Gegewe die talle ludieke invalshoeke is bevind dat albei tekste by die eeue oue speldiskoers aansluit. Hierdie aspek is ook deur resensente aangedui, wat die strukturele en narratologiese aspekte van spel uitgewys het. Daar is bevind dat die twee tekste hulle daartoe leen om bestudeer te word binne die raamwerk van Huizinga se kultuurhistoriese teorie van spel. Schroeder se indeling van

die Huizinga-kenmerke van spel sowel as Caillois (sien Riley, 2005: 110) se ‘grammatika van spel’ is ingespan om aspekte van spel te identifiseer.

Die inhoud van beide tekste is derhalwe ontleed aan die hand van Huizinga se kenmerke van spel. Al Huizinga se kenmerke van spel kom voor in die romans, naamlik dat spel handel om spel en geen eksterne doel het nie, dat spel buite die ruimte van die alledaagse lewe staan, dat spel begrens word binne ’n sekere tyd en ruimte en ’n eie stel reëls het, en dat spel ’n illusie is wat die speler totaal absorbeer en enige tyd verbreek kan word deur die realiteit.

Wat betref Caillois se twee soorte speelgemeenskappe, kan die gemeenskap in Van Heerden se roman geklassifiseer word as geordende, rasionele gemeenskappe gekenmerk deur kompeterende spel (‘agôn’) en kansspel (‘alea’). Die gemeenskap in Van Essen se roman kan geklassifiseer word as ’n Dionisiese of primitiewe gemeenskap wat gereguleer word deur maskers en besetenheid. Hul spel behels nabootsende spel (‘mimicry’) en duiselingwekkende spel (‘ilinx’).

Ter aanvulling is die antieke Griekse teorie van spel soos beskryf deur Plato en Heraklitus benut om ondersoek in te stel na veral die karakter Snaartjie Windvogel. Hierdie karakter strewende na die Antieke Griekse beginsel van “die groot goedheid”, wat ’n belangrike speelelement in antieke gemeenskappe was.

Die beskrywing en interpretasie van spelmerkers in die bekroonde romans, *De goede zoon* (2018) van Rob van Essen en *Klimentol* (2013) van Etienne van Heerden, suggereer dat nie net die narratiewe struktuur nie, maar ook die literêre teks as ’n vorm van kultuurskeppende spel beskou kan word. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die romans nie alleen op narratologiese, strukturele en filosofiese vlak by die speldiskoers aansluit nie, maar dat die roman self ook ’n spel is – ’n boeiende spel waar die skrywer, die lesers en die karakters deel vorm van die magiese spel. Omdat albei skrywers doelbewus deur hulle werke kommentaar lewer op die sosiokulturele sfeer waarbinne die tekste ontstaan het en die ideale leser vrywillig deelneem aan hierdie spel en daardeur betower word, kan die romans inderdaad gesien word as magiese en kultuurskeppende spel.

Hoewel die twee romans in verskillende sosiokulturele kontekste ontstaan het, ondersoek albei die vraag: Hoe sal ’n samelewing lyk waarin spel eerder as werk die norm is? Dit is nie bloot ’n terugkering na primitiewe tye nie, maar herinner daaraan dat Huizinga feitlik alle aktiwiteite sien as ’n vorm van spel en dat kultuur volgens hom ontstaan in spel en as spel.

Bronnelys

- Barnes, M.B.L.** 2014. Die karnavalisering van geskiedskrywing in die roman *Sirkusboere*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.
- Boronat, N.S.M.** 2013. Language at play: Games and the linguistic turn after Wittgenstein and Gadamer. In: Ryall, E., Russel, W. en MacLean, M. (eds.) *The philosophy of play*. London: Routledge.
- Burger, W.** 2013. Van Heerden ken nes klimtolspeler die trieks. *Netwerk24*, 13 Oktober. <http://www.netwerk24.com/vermaak/2013-10-13-van-heerden-ken-nes-klimtolspeler-die-trieks>. (Datum van gebruik: 2 Oktober 2014).
- Caillois, R.** 1961. *Man, play and games*. Urbana: University of Illinois Press.
- Celano, A.J.** 1991. Play and the Theory of Basic Human Good. *American Philosophical Quarterly*, 28(2): 137-146.
- D'Angour, A.** 2013. Plato and play: Taking education seriously in Ancient Greece. *American Journal of Play*, 5(3): 293-307.
- De Maertelaer, Laurent.** 2019a. Uitgekiend netwerk van verhalen. *De Reactor*, 18 Maart. <https://www.dereactor.org/teksten/de-goede-zoon-rob-van-essen#comment>. (Datum van gebruik: 2 Augustus 2022).
- De Maertelaer, Laurent.** 2019b. 'De goede zoon' van Rob van Essen, de meester van de plotlose thriller. *The Dream Life of Balso Snell*, 19 Maart. <https://thedreamlifeofbalsosnell.org/2019/03/19/de-goede-zoon-van-rob-van-essen-de-meester-van-de-plotlose-thriller/>. (Datum van gebruik: 23 Augustus 2022).
- Demarbaix, Stijn.** 2019. Rob van Essen. *Karakters*, 13 November. <https://karakters.nu/gesprek-rob-van-essen/>. (Datum van gebruik: 3 Augustus 2022).
- De Ridder, Matthijs.** 2018. Ontsnappen aan de toekomst. *De Standaard*, 19 Oktober.
- De Vries, W.** 2013. Klimtolkampioen se verhaal "Weskus-noir": 'n Verwikkelde wêreld van erns en spel in roman verken. *Netwerk24*, 26 November. http://www.netwerk24.com/vermaak/2013-11-26-klimtol-kampioen-se-verhaal-weskusnoir?redirect_from=dieburger. (Datum van gebruik: 17 September 2015)
- Dursun, Y.** 2007. The onto-theological origin of play: Heraclitus and Plato. *Lingua ac Communitas*, 17: 69-78.
- Een man met goede schoenen – Rob van Essen**, 2020. *Uitgeverij Atlas Contact*, Oktober. <https://www.atlascontact.nl/boek/een-man-met-goede-schoenen/>. (Datum van gebruik: 12 Augustus 2022).
- Erasmus, M.** 2016. Etienne van Heerden (1954–), Deel I. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 3. Pretoria: Van Schaik.
- Ehrmann, J.** Homo ludens revisited. *Yale French Studies*, 41:31-57.

- Gadbois, J., Dallaire, C. en Robidoux, M.** 2010. Play: An identity-constructing action? *Ethnologies*, 32(1):17-27.
- Goggin, Joyce.** 2020. Play and Games in Fiction and Theory. *Angles, New Perspectives on the Anglophone World*, 11.
- Hockx, F.** 2018. Essen, Rob van. De goede zoon. *NBD Bibliion*, 2018-24-5843. <https://www.nbdbibliion.nl/sites/nbdbibliion.nl/files/vo1901.pdf>. (Datum van gebruik: 19 Augustus 2022).
- Huizinga, J.** 1949. *Homo ludens: A study of the play-element in culture*. London: Routledge
- Huizinga, J.** 1950. Homo ludens. Proeve eener bepaling van het spelelement der cultuur. In: Brummel, L. (ed.). *Verzamelde werken V. Cultuurgeschiedenis III*. Haarlem: Tjeenk Willink.
- Juryrapport winnaar Libris Literatuur Prijs.** 2019. *Libris Literatuur Prijs*, 6 Mei. <https://www.librisprijs.nl/2019-juryrapport-winnaar>. (Datum van gebruik: 5 Augustus 2022).
- Kersten, Dennis.** 2021. Van clusterfuck tot autoseks: hoe Rob van Essen ons voorbij het postmodernisme (ver)voert. *Culture Weekly*, 10 April. https://culture-weekly.com/2021/04/10/van-clusterfuck-tot-autoseks-hoe-rob-van-essen-ons-voorbij-het-postmodernisme-vervoert/#_edn2. (Datum van gebruik: 21 Augustus 2022).
- Meyer, N.** 2014. Klimtol – en ’n onderhoud met 2012 se Europese dames-klimtolkampioen. *LitNet*, 21 Januarie. <http://www.litnet.co.za/klimtol-en-n-onderhoudmet-2012-se-europese-damesklimtolkampioen/>. (Datum van gebruik: 17 September 2015).
- Nel, A.** 2015. Spel en die spelende mens in *Die sneeuslaper* (Marlene van Niekerk), *Klimtol* (Etienne van Heerden) en *Wolfs wolf* (Eben Venter). *LitNet Akademies*, 12(1):180-205.
- Opperman, A. J.** 2020. AJ Opperman interviews Etienne van Heerden. Etienne van Heerden, 22 Mei. <https://etiennevanheerden.co.za/die-biblioteek-aan-die-einde-van-die-wereld/#a1>. (Datum van gebruik: 19 Augustus 2022).
- Otterspeer, W.** 2009. *Reading Huizinga*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Otterspeer, W.** 2010. *Reading Huizinga*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Painter, D.** 2014. Vir ’n speelse lewe – Etienne van Heerden se Klimtol. *LitNet Akademies-resensie-essay*, 6 Maart. <https://www.litnet.co.za/vir-n-speelse-lewe-etienne-van-heerden-se-klimtol/>. (Datum van gebruik: 17 September 2015).
- Peppelenbos, Coen.** 2017. Recensie: Rob van Essen – *Winter in Amerika*. *Tzum, literair weblog*, 16 September. <https://www.tzum.info/2017/09/recensie-rob-essen-winter-amerika-2/?highlight=rob%20van%20essen%20spel>. (Datum van gebruik: 12 Augustus 2022).

- Peppelenbos, Coen.** 2018. Recensie: Rob van Essen – *De goede zoon*. *Tzum, literair weblog*, 10 November. <https://www.tzum.info/2018/11/recensie-rob-van-essen-de-goede-zoon-2/?highlight=rob%20van%20essen%20spel>. (Datum van gebruik: 12 Augustus 2022).
- Riley, A.T.** 2005. The theory of play/games and sacrality in popular culture: The relevance of Roger Caillois for contemporary neo-Durkheimian cultural theory. *Durkheimian Studies*, 11: 103-114.
- Rob van Essen – De goede zoon.** 2019. *Libris Literatuur Prijs*. <https://www.librisprijs.nl/rob-van-essen-de-goede-zoon>. (Datum van gebruik: 25 Julie 2022).
- Rob van Essen – Miniapolis,** 2021. Alles over boeken en scgrijvers, 22 Oktober. <https://www.allesoverboekenenschrijvers.nl/tag/rob-van-essen/>. (Datum van gebruik: 12 Augustus 2022).
- Schroeder, R.** 1996. Playspace Invaders: Huizinga, Baudrillard and video game violence. *Journal of Popular Culture*, 30(3): 143-153.
- Schouten, Rob.** 2018. Boekrecensie: Wat blijft er later over van ons ik? *Trouw*, 13 Oktober.
- Serdijn, Daniëlle.** 2014. Naar de overkant van de nacht. Recensies. <https://www.janvanmersbergen.nl/boeken/naar-de-overkant-van-de-nacht-2/naar-de-overkant-van-de-nacht-recensies/>. (Datum van gebruik: 29 Julie 2022).
- Simpkins, Scott.** 1990. “The infinite game”: Cortázar’s “Hopscotch”. *Journal of the Midwest Modern Language Association*, 23(1): 61-74.
- Spariosu, M.** 1982. *Literature, mimesis and play: Essays in literary theory*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.
- Stehle, R.** 2013. Jojo-roman lewer ook drie lyke. *Beeld*, 18 Oktober.
- Van Boven, Erica.** 2021. De wereld als sciencefictionroman. Over *De goede zoon* van Rob van Essen. *Internationale Neerlandistiek*, 59(3): 227-242.
- Van den Bergh, Thomas.** 2019. ‘De goede zoon’ van Rob van Essen: verzoening met het onbegrijpelijke. *HP De Tijd*, 7 Mei. <https://www.hpdetijd.nl/2019-05-07/de-goede-zoon-rob-van-essen/>. (Datum van gebruik: 25 Julie 2022).
- Van der Pol, Cees.** 2019. De goede zoon door Rob van Essen. Boekverslag. *Scholieren.com*, 6 Julie. <https://www.scholieren.com/verslag/zekerwetengoed/de-goede-zoon-rob-van-essen>. (Datum van gebruik: 25 Julie 2022).
- Van Essen, Rob.** 2009. Het laatste jaar van mijn Moeder. Dagboekantekeningen met een rode draad. *Biografie Bulletin*, Jaargang 19. https://www.dbnl.org/tekst/_bio001200901_01/_bio001200901_01_0010.php (Datum van gebruik: 23 Augustus 2022).
- Van Essen, Rob.** 2018. *De goede zoon*. Amsterdam: Uitgeverij Atlas Contact.
- Van Heerden, Etienne.** 2005. *In stede van die liefde*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, Etienne.** 2013. *Klimtol*. Kaapstad: Tafelberg.

- Van Heerden, Etienne.** 2019. *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, A.** 2013. Roman geen eenvoudige triek. *Netwerk24*, 13 Oktober. <http://www.netwerk24.com/vermaak/boek/2013-10-13-van-heerden-ken-nes-klimtospeler-die-trieks>. (Datum van gebruik: 17 September 2015).
- Van Vuuren, H.** 1989. Reviewed work(s): *Liegfabriek* by Etienne van Heerden. *World Literature Today*, 63(30): 527-528.
- Viljoen, E.S.** 2018. Die spelende mens in *Klimtol* (Etienne Van Heerden), *Afstande* (Dan Sleight) en *Sirkusboere* (Sonja Loots). Ongepubliseerde MA-tesis. UNISA.
- Viljoen, L.** 2013. *Klimtol* speel én besin. *LitNet*, 1 Oktober. <https://www.litnet.co.za/klimtol-speel-n-besin/>. (Datum van gebruik: 2 Oktober 2014).
- Vis, G.J., Verkrujse, P.J., Van Gorp, H., Delabastita, D., Van Nork, G.J., Bernaerts, Lars, Willaert, Frank, Op de Beek, Esther, en Geerdink, Nina.** 2012. Lexicon van de verhaalkunst. *Algemeen letterkundig lexicon*. https://www.dbnl.org/tekst/dela012alge01_01/dela012alge01_05.pdf. (Datum van gebruik: 19 Augustus 2022).
- Wimsatt, W.K.** 1973. Belinda Ludens: Strife and play in *The rape of the lock*. *New Literary History*, 4(2): 357-374.
- Winnaar.** 2019. *Libris Literatuur Prijs*, 6 Mei. <https://www.librisprijs.nl/winnaar-2019>. (Datum van gebruik: 25 Julie 2022).
- Woutersen, E.** 2014. Loop de loop, sjie-joep, sjie-joep. *Literair Nederland*, 22 Oktober. Besikbaar by <https://www.literairnederland.nl/recensie-etienne-van-heerden-klimtol/>. (Datum van gebruik: 17 September 2015).

Note

1. Reeds in my meestersverhandeling, “Die spelende mens in *Klimtol* (Etienne Van Heerden), *Afstande* (Dan Sleight) en *Sirkusboere* (Sonja Loots)” (Viljoen, 2018), het ek die spelelement ondersoek – met romanverwysings na klimtolspel, die antieke Griekse konsep van ‘Die Groot Goedheid’, skaakspel, en die ludieke aard van die oorlogspektakel.
2. Sien Viljoen (2018) vir meer oor Van Heerden se oeuvre.

Seks in teks: Kultuurverskille in die herskrywing van *Fifty Shades of Grey* in Afrikaans en Nederlands

Ilse de Korte, Andrew Sutton en Martina Vitackova

Sex in text: Cultural difference in rewriting Fifty Shades of Grey in Afrikaans and Dutch

After the overnight success of Fifty Shades of Grey (2011) by E.L. James, a series of rewrites and reactions to the texts, the characters and BDSM themes have been published. In 2014, De overgave van Floor, the first in a trilogy by Renee van Amstel, appeared in Dutch. In 2019, Klaskamer, also the first in a trilogy by Vita du Preez, are published in Afrikaans. Both books are marketed as responses to or in comparison with Fifty Shades of Grey. On the cover of De overgave van Floor, the book promises that it is even “better than Fifty Shades of Grey”. This article examines whether there are significant differences in how sex and BDSM are handled in different languages or cultures, in this case Dutch (the Netherlands) and Afrikaans (South Africa), with reference to the original text in English (by an English author from the United Kingdom). As theoretical basis, the article uses sexual script theory as a tool to analyse aspects of the texts, characters and BDSM themes.

1. Inleiding

Seksualiteit is ’n persoonlike konsep wat wentel rondom ’n persoon se gedagtes en gevoelens rondom die seksuele, sowel as die aantrekking en gedrag deur en tussen mense. Alhoewel dit ’n konsep is wat uiters persoonlik en uniek is tot die individu, is die individu tog deel van ’n kultuur. Dit is dan vanselfsprekend dat seksualiteit gegrond is binne ’n sekere sosiokulturele konteks en dat daar ’n wisselwerking sal wees tussen seksualiteit en kulturele kennis en ervaring.

In resente studies word toenemend aandag geskenk aan hoe seksualiteit in spesifieke ruimtelike kontekste uitgevoer word (Sauntson en Kyratzis, 2007:1). In die boek, *Language, Sexualities and Desires: Cross-Cultural Perspectives* (2007), neem Sauntson en Kyratzis (2007: 1-3), die konsep van taal en seksualiteit onder die loep. Eerder as vanuit ’n sosiologiese of sielkundige perspektief, word gekyk na die maniere waarop mense oor seksualiteit praat en skryf. Dus, hoe word seksuele identiteit, verhoudings, liefde en begeerte talig in verskillende kulture uitgedruk?

Om voort te bou op hierdie vrae, word gekyk na hoe daar spesifiek oor BDSM-seks geskryf word in verskillende tale en kulture, in hierdie geval Engels teenoor Nederlands en Afrikaans. Hoe word seksualiteit in verskillende kulture

tekstueel uitgebeeld? Is daar wesenlike verskille? Wat sê die manier waarop met seks omgegaan word in romantiese fiksie van die kultuur waarbinne die boek uitgegee word? Om dit te ondersoek, gebruik ons dus *Fifty Shades of Grey* as basisteks, wat dan vergelyk word met twee gelokaliseerde herskrywings daarvan, naamlik die Afrikaanse *Klaskamer*, deur Vita du Preez en die Nederlandse *De overgave van Floor* deur Renee van Amstel.

Ná die verskyning en wegholsukses van *Fifty Shades of Grey* (2011) (en die res van die trilogie) deur E.L. James het wêreldwyd ’n oorfloed herskrywings en reaksies op die teks, die karakters en BDSM-tematiek gevolg. In 2014 word *De overgave van Floor*, die eerste in ’n trilogie deur Renee van Amstel, in Nederlands gepubliseer. In 2019 verskyn *Klaskamer* deur Vita du Preez, ook die eerste in ’n trilogie, in Afrikaans. Albei boeke word bemark as ’n reaksie op of in vergelyking met *Fifty Shades of Grey*. Op die voorblad van *De overgave van Floor* belooft die boek dat dit “beter as *Fifty Shades of Grey*” is.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die wesenlike verskille in hoe seks en BDSM in verskillende tale of kulture, in hierdie geval Nederlands (Nederland) en Afrikaans (Suid-Afrika), hanteer word met verwysing na die oorspronklike teks in Engels (deur ’n Engelse skrywer uit die Verenigde Koninkryk). As onderbou gebruik die ondersoek seksuele draaiboekteorie (‘sexual script theory’) om die analise van aspekte van die tekste, karakters en BDSM-tematiek te rig en die verskille te kan bepaal om sodoende ’n basis vir vergelyking te skep. Seksuele draaiboekteorie (‘seksuele scripttheorie’ in Nederlands) kan ’n instrument wees om ondersoek in te stel na die ontwikkeling en ervaring van die seksuele (Simon en Gagnon, 1986: 118-119). Die teorie en die manier hoe seksualiteit beskryf word, is geïnspireer deur Burke (1945) se “pentad”, ’n dramabegrip. Soos ook verduidelik in ’n vorige artikel (De Korte en Sutton, 2022: 29) is die pentad se vyf punte as volg (Burke, 1945:xv):

1. Aksie: wat vind plaas?
2. Scenario: wat is die konteks waarbinne die aksie plaasvind?
3. Agent: wie voer die aksie uit?
4. Uitvoering: hoe word dit gedoen?
5. Doel: hoekom word dit gedoen?

Deur die bostaande vrae te beantwoord, kan seks en seksualiteit as ’n optrede of dramatiese opvoering beskryf word en dit moontlik maak om vrae te vra oor die wie, wat, waar, wanneer en waarom van ’n individu se seksualiteit asook die redes vir hulle seksuele keuses, aksies, voorkeure en afkeure naspoor in hul geskiedenis.

Volgens die inleiding van *Sexual Conduct* (Gagnon en Simon, 2005: xiv) maak die pentad dit moonlik om situasies te definieer en volledig te kan beskryf wat besig is om plaas te vind. Die eenvoudige skema van die pentad dien as 'n goeie intrede tot die seksuele en sal gebruik kan word om die breedvoerige reëls en riglyne wat gepaard gaan met seks en seksualiteit te ontleed. Hierdie tipe analise is dus handig wanneer dit kom by teksanalise. Die teorie en beginsel word dan hier gebruik in die ontleding van BDSM-verhoudings soos dit aangebied word in *Fifty Shades of Grey*, *De overgave van Floor* en *Klaskamer*.

Volgens die BNNVARA-aanlynwoordeboek van seks en drugs, is BDSM die versamelnaam vir alles wat met 'bondage' (dwang), dissipline en sadomasochisme te maak het. Ongelykheid in die magsverhouding staan sentraal tot BDSM en daar is altyd 'n dom ('n dominant) of 'n sub ('n onderdanige). Verder word verduidelik:

Anders dan dat veel mense dink, is dit nie so dat die een die ander zomaar pijn doet. Soms gaat het alleen om macht uitoefenen en ondergaan. Fysieke pijn is niet altijd onderdeel van BDSM. Bij BDSM is het belangrijk dat er wederzijds vertrouwen is. Daarom is het belangrijk dat de dom en de sub altijd goed afspreken wat ze beiden fijn vinden en willen¹.

2. Seksuele draaiboekteorie

In die 1960's het John Gagnon en William Simon begin werk aan seksuele draaiboeke en seksuele draaiboekteorie in 'n poging om 'n plek vir individue se sosiale, kulturele en historiese invloede in die diskoers oor seks en seksualiteit te skep. In *Sexual Conduct* (1973) beweer hulle dat elke persoon se seksuele verhoudings en interaksies 'n tipe draaiboek volg wat vir hulle 'geskryf' of ontwikkel is deur verskeie eksterne invloede, soos die media, fliks, kultuur, politiek en taal.

Mathieu Heemelaar (2013: 61) beskryf hierdie draaiboek in sy seminale werk oor seksuele gedrag, *Seksualiteit, intimiteit en hulpverlening*, as "een algemeen, psychisch schema waarmee je een situatie interpreteert en ingaat". Deur 'n mens se ontwikkeling, wat jy leer, jou sosialisasie en jou agtergrond word 'n seksuele draaiboek geskryf. Hierdie draaiboeke verskil volgens hom afhangend van tyd, kultuur en individu en hy som dit as volg op:

Zo heeft ieder mens een individueel seksueel script. Het seksuele script van iemand is de persoonlijke weerslag van al die invloeden. Je zou een seksueel script kunnen zien als een 'boek', waarin 'staat' wat iemand opwindend en niet opwindend vindt. Op onbewust niveau 'schrijft' dit 'boek' hem condities, emoties en gedrag op het terrein van seksualiteit voor. In

dit boek staat welke situaties hij als seksueel opwindend beleef, welke niet, hoe hij zich in seksuele situaties dient te gedragen en hoe je dinge kunt aanpakken.

As mense is ons dus akteurs in die spel van seksuele interaksie en wat vir een mens seksueel prikkelend en aanvaarbaar is, is nie noodwendig vir 'n ander nie. Hierdie draaiboek is ook nie staties nie en ontwikkel deur die loop van ons lewens. Wanneer ons jonk is, is hierdie “boek” nog betreklik dun en word dit voller na aanleiding van ons seksuele ervarings. Dit bevat egter alreeds onbewuste kodes en reëls wat later ons sekslebens sal beïnvloed (Pronk, 2013:9). Sodoende verander bepaalde voorkeure ook (Heemelaar, 2008: 62), soos later gesien sal word by die karakters in die romans ter sprake.

Gagnon en Simon het die draaiboek in drie subdraaiboek verdeel, naamlik kulturele draaiboek, interpersoonlike draaiboek en intra-psigiese draaiboek. Hierdie draaiboek word aangepas na aanleiding van verskillende situasies en dus gereeld gewysig of herskryf (Jones en Hostler, 2011: 120).

2.1 Kulturele draaiboek

Draaiboek skep die bepaalde gedrag van 'n spesifieke kultuur (Klein, Imhoff, Reininger en Briken, 2019: 632). Die kulturele draaiboek word beskryf as ontwikkelde riglyne en instruksies (beide word kollektief en deur die kollektief ontwikkel) wat die orde, gebeure en gepaste aksie en reaksies in sosiale situasies beskryf (Alksnis, Desmarais en Wood, 1996: 321). Die kulturele draaiboek bevat genderaanname, soos byvoorbeeld dat die man altyd die een is wat seks inisieer en vroue diene is wat seks moet beheer.

Reeds in die begin van hulle ondersoek en ontwikkeling van seksuele draaiboek teorie het dit duidelik geword dat seksueel-kulturele scenario's teenwoordig bly in die samelewing (of 'n bepaalde samelewing), maar nie eksklusief die riglyne bied vir die interpretasie van die seksuele nie (Simon en Gagnon, 1986: 115). Dus het die ander vlakke (die interpersoonlike vlak en die intra-psigiese vlak) tot stand gekom. Dit is ook duidelik dat byna alle interpersoonlike draaiboek klein variasies op 'n dominante, kulturele tema verteenwoordig (Simon en Gagnon, 1986:107). Wiederman (2005: 496) skryf: “[i]nherent in social scripting theory is the assumption that people learn scripts as a function of being raised in a particular culture.” Elke draaiboek is uniek en sal selfs binne dieselfde kultuur verskil van individu tot individu. Maar terselfdertyd sal dit dan teoreties moontlik wees om 'n kulturele draaiboek (ten minste in breë trekke) te bepaal deur na individuele draaiboek te kyk, soos in hierdie artikel bespreek word.

2.2 *Interpersoonlike draaiboeke*

Interpersoonlike draaiboeke word ontwikkel deur sosialisering en word aangeleer (Beres, 2013); asook deur die blootstelling aan konvensies (Gagnon en Simon, 2005: 14). Hierdie draaiboeke is 'n uitbeelding van 'n self én 'n weerspieëling van ander se seksuele voorkeure (Simon en Gagnon, 1986: 106). Dit word in al drie boeke onder bespreking gesien waar die drie vroulike hoofkarakters hul gedrag aanpas om in te pas by die seksuele voorkeure van die manlike hoofkarakters. Die vroulike karakters ondergaan dus 'n draaiboekerskrywing en moet deur die bekendstelling aan BDSM-seks en die insluiting daarvan as deel van hul sekslewe die meeste verander. Christian en Daniel, met die uitsondering van Rick, maak hoofsaaklik twee aanpassings. Eerstens gee hulle meer gereeld toe aan vanillaseks as wat hulle gewoon is (“I don’t make love, I fuck”, James, 2011: 96; “Daniel Swart is klaar met liefde”, Du Preez, 2019: 80). Tweedens gee hulle toe tot 'n ‘normale’ of konvensionele verhouding. Hierdie aanpassings is net tydelik. Dit word gebruik as 'n tegniek om die vroue uiteindelik te oortuig om die kontrakte te teken en by die mans aan te sluit in die “Redroom”/“Klaskamer” en hulself onderdanig te maak aan die manlike dom. Dit kan gesien word in die stelselmatige bekendstelling aan BDSM-praktyke. Eers vind vanillaseks plaas, dan vanillaseks met serpe of dasse waar die vrou vasgemaak of gepiets word en dan volwaardige BDSM-sessies. In die geval van Rick in *De overgave van Floor*, is daar eintlik 'n omgekeerde proses waar Rick nie 'n BDSM-beoefenaar was voordat hy met Floor 'n verhouding begin het nie. Hy begin die lewenswyse ondersoek wanneer hy en Floor reeds saam is en dit is iets wat hulle saam geniet en wat Floor graag wil doen vir haar eie seksuele plesier, in teenstelling met Anastasia en Emma wat dit bloot doen om Christian en Daniel se onthalwe.

2.3 *Intra-psigiese draaiboeke*

Intra-psigiese draaiboeke huisves die elemente wat individue seksueel stimuleer (hul begeertes); die aspekte wat 'n individu se toewyding aan 'n spesifieke gebeurtenis verseker (Gagnon en Simon, 2005:14); en beïnvloed ook die skepping van genderrolle (Beres, 2013). Geoefende interpersoonlike draaiboeke voldoen aan die vereistes wat die intra-psigiese draaiboeke stel (Simon en Gagnon, 1986: 107). Hierdie draaiboeke bepaal egter tot watter tipe mense ons aangetrokke is en die dinge wat ons prikkel. Op 'n meer emosionele vlak bepaal hierdie draaiboeke ook ons algemene sienings oor seks en die seksuele – hoe ons voel dinge ‘moet’ verloop, sowel as wat ons as ‘normale’ seksuele gedrag beskou. In die drie romans onder bespreking poog die mans (en slaag daarin) om die vroue seksueel te

interesseer en later te laat deelneem aan BDSM-praktyke. Ná die eerste ervaring is die vroulike karakters bereid om tot meer in te stem.

3. Algemene seksuele draaiboeke

Alhoewel seksuele draaiboeke uniek en uiters persoonlik is, is daar wel oorvleuelings. In pornografiese films, byvoorbeeld, word gebruik gemaak van aspekte van seksuele draaiboeke wat deur mense gedeel word om sodoende tot 'n groter gehoor te spreek (Heemelaar, 2013: 62). Voorbeelde van hierdie algemene seksuele draaiboeke is onder meer dat mans altyd seks moet inisieer; dat heteroseksuele seks verby is sodra die man ejakuleer; vroue moet altyd bedagsaam en sagmoedig wees; die vroulike orgasme is ontwykend; vroue moet orgasme bereik alleenlik deur penetratiewe seks; dit is aanvaarbaar vir heteroseksuele mans om baie vroulike sekmaats te hê, maar as vroue baie sekmaats het, dan is hulle promisku; seks moet slegs binne toegewyde verhoudings plaasvind en vroue word hoofsaaklik gedryf deur emosionele intimiteit eerder as seksuele bevrediging (Sakaluk, Todd, Milhausen en Lachowsky, 2014).

As ons dan begin kyk na draaiboeke wat in romantiese fiksie in Afrikaans voorkom, kan ons die volgende draaiboeke van vroulike karakters identifiseer: die vroue het min vorige verhoudings of seksuele ervaring; hulle het 'n komplekse seksualiteit en reaksie teenoor seks en seksualiteit; hulle het 'n emosionele ervaring en assosiasie met seks; vroue moet seks beperk en reguleer (dus poortwagter speel); en hulle is gemotiveer om seks slegs binne 'n goedgekeurde konteks te hê, byvoorbeeld in 'n monogame verhouding of huwelik.

Die draaiboeke van manlike karakters verskil wesenlik: hulle het baie vorige verhoudings of seksuele ervaring; daar is 'n simplistiese ervaring van seks en seksualiteit; mans moet seks inisieer en altyd gereed wees daarvoor; die man is verantwoordelik vir die vrou se orgasme en sy het geen agentskap nie – die man is dus die gewer en die vrou die ontvanger; en mans is biologies of fisies gemotiveer om seks te hê, dus is seks 'n tipe oerinstink.

Bogenoemde is net 'n paar voorbeelde van waargenome seksuele draaiboeke. Elke mens se seksuele draaiboek is egter heeltemal uniek, gelei deur die sosiale konteks, kulturele draaiboeke, hul eie seksuele ervarings en hul bestaande oortuigings oor hul seksuele omgewing. Sommige veralgemenings kan egter gemaak word. Byvoorbeeld, algemene seksuele draaiboeke is tipies heteronormatief en verwant aan geslagtelike gedrag, veral in lande met streng godsdienslike of politieke wette. Intussen is jonger mense se seksuele draaiboeke dikwels heel anders as ouer mense s'n as gevolg van verskuivende generasiehouidings en meer sosiaal-progressiewe maniere van dink.

Dit kan egter as positief ervaar word wanneer twee mense se draaiboeke ooreenstem. Wanneer twee mense ooreenkom oor watter seksuele gedrag aanvaarbaar is, wat buite perke is en watter grense verskuif kan word (natuurlik met instemming), ontstaan daar 'n veilige ruimte waarbinne die seksuele plaasvind. Indien daar egter verskille is in die draaiboeke van die seksuele karakters, kan dit lei tot probleme of misverstande, wat soos gestel deur Heemelaar (2013: 62), weer hanteer en medieer kan word wanneer die seksuele draaiboeke bekyk word:

Als er problemen zijn in een seksuele relatie kan het helpen om het seksuele script te analyseren. Deze analyse kan duidelijkheid scheppen over misverstanden die ontstaan uit een verschillend verwachtingspatroon van de partners. De meeste mensen kennen elkaars seksuele script maar ten dele. Dan kunnen codes verkeerd geïnterpreteerd worden, te veel vanuit projectie. Je neemt dan je eigen verlangen waar in de ander: je denkt dat de ander je gedrag opwindend vindt omdat je hoopt dat de ander dit vindt.

In *Fifty Shades of Grey*, *Klaskamer* en *De overgave van Floor* blyk dit egter dat die seksuele draaiboeke van die karakters nie belyn is nie, sowel as die feit dat tradisionele draaiboeke hulle tot 'n meerdere en mindere mate in die drie boeke uitspeel.

Selfonderwerping binne heteroseksuele interaksies word in vroulike seksuele draaiboeke beklemtoon en 'n dominante houding en seksuele agentskap word in manlike seksuele draaiboeke beklemtoon (Klein *et al.*, 2019: 632). Gagnon en Simon het reeds vroeg in hulle ondersoek hierdie stellings bevestig. Dit bring ons dan nader aan die fokus of kernvraag van hierdie ondersoek, naamlik of daar 'n wesenlike verskil is tussen die seksuele draaiboeke soos uitgebeeld in *Fifty Shades of Grey* en die Afrikaanse en Nederlandse herskrywings daarvan. Dus, hoe word die kulturele draaiboek weerspieël na aanleiding van die interpersoonlike en intra-psigiese draaiboeke van die karakters?

Om hierdie vraag te beantwoord, kan sekere kulturele draaiboeke identifiseer word deur die volgende vrae te stel: is seks 'n taboe onderwerp; word seks implisiet of eksplisiet bespreek en beskryf; word voorbehoedmiddels gebruik of genoem en word toestemming gevra of gegee? Nog 'n interessante manier om kulturele draaiboeke te identifiseer, is om te kyk watter terminologie gebruik word. In Afrikaans is die neiging om eufemisties om te gaan met taal – die penis sal (byvoorbeeld in *Klaskamer*) as “manlikheid” beskryf word en die vagina as “haar binneste” of “haar vroulikheid”. In Nederlandse romans is die taalgebruik veel meer direk en eksplisiet. Daar word na die vagina as “kutje” of “kontje” verwys en tepels en klitoris word ook direk benoem, sowel as die orgasme wat in detail beskryf word.

4. Analise

Om te kyk na die kulturele draaiboeke wat in die drie tersaaklike boeke weerspieël word, gaan die tekste na aanleiding van die volgende aspekte en vrae analiseer word:

1. **Oortuiging:** Hoe word die vroulike hoofkarakter oortuig om deel te neem aan die BDSM-seks as sub (submissive)?
2. **Ervaring:** Wat is die vorige seksuele ervaring van die karakters?
3. **Blootstelling:** Is daar 'n stelselmatige blootstelling aan BDSM-seks?
4. **Redes:** Waarom kan of wil die dom (Christian Grey, Daniel Swart en Rick) nie méér bied nie, en nie 'n konvensionele verhouding of seks hê nie?
5. **Beskrywing van die seksuele:** Hoe word die sekstonele in Afrikaans geskryf teenoor Nederlands?
6. **Ooreenkomste:** Watter ooreenkomste is daar in die drie boeke?

4.1 Fifty Shades of Grey

Omdat die fokus op die Nederlandse en Afrikaanse herskrywings val, gaan daar slegs enkele opmerkings in terme van *Fifty Shades of Grey* gemaak word om 'n basislyn te vestig.

4.1.1 Oortuiging

Die karakter Anastasia Steele van die *Fifty Shades*-trilogie ondergaan 'n draaiboekkonstruksieproses in die verloop van haar interaksies met Christian Grey waar Christian Anastasia stelselmatig daarvan oortuig om BDSM-seks met hom te beoefen.

4.1.2 Ervaring

As 'n maagd begin Anastasia by 'n metaforiese nulpunt. Haar “scripting”-proses of skryf van haar draaiboek begin wanneer sy haar maagdelikheid verloor en word uitgebrei met behulp van haar nuuskierigheid en bereidwilligheid om haarself te onderwerp aan Christian en sy uitgebreide seksuele repertoire of draaiboek. In die eerste roman, *Fifty Shades of Grey*, blyk dit dat Christian se seksuele lewe begin het in sy tienerjare en ongeveer twaalf vroue insluit, maar dat Anastasia geen vorige seksuele ondervinding het nie.

4.1.3 Blootstelling

Anastasia se blootstelling aan BDSM begin waar Christian vir haar sy “playroom” of speelkamer wys en sy meer lees oor die onderwerp. Stelselmatig laat sy Christian toe om BDSM met haar as sub te beoefen. Die eerste uitbreiding op Anastasia se draaiboek kom in die vorm van haar belangstelling en onderwerping aan ligte BDSM wanneer sy ’n verhouding begin met Christian. In die laaste roman word Anastasia so “insatiable and brazen” (*Fifty Shades Freed*, 2012: 9) dat sy genoeg selfvertroue het om haar bikinitop op die strand uit te trek (James, 2012: 10).

4.1.4 Redes

Christian is as kind erg mishandel en sy ma is op vroeë ouderdom oorlede. Hy word deur die vriendin van sy aangenome ouers, Elena (of Mrs Robinson), ingelyf in die BDSM-lewenstyl, eers as sub en later as dom. Hy glo dat hy nie vanillaseks kan geniet nie, vanweë sy agtergrond. Die roman stel BDSM verkeerdelik gelyk aan seks sonder emosionele verbintenis (hierdie konsep word breedvoerig in De Korte, 2021, ondersoek). Christian gaan met Anastasia ’n kontrak aan wat sy eers weier om te teken.

4.1.5 Beskrywing van die seksuele

Een van die redes vir die sukses van die boek is die eksplisiete beskrywings van seks, al is die skryfstyl wyd gekritiseer.

4.2 Klaskamer

4.2.1 Oortuiging

Soos in *Fifty Shades of Grey*, gaan wys Daniel vir Emma sy ‘speelkamer’ oftewel die “klaskamer”. Haar aanvanklike reaksie is egter uiters negatief en BDSM word uit die staanspoor uit gepatologiseer. Wanneer sy vir die eerste keer die speelkamer sien, word haar reaksie as volg beskryf (Du Preez, 2019: 66):

Wat is hier aan die gang? Die kamer lyk amper Spartaans, behalwe die bed en stoel wat lyk of dit op die stel van ’n porn-movie hoort. [...] Netjies uitgestal op ’n viltdoek lê swepe, karwatse, peitse en sambokke. [...] Party is van leer vol klinknaels, ander van suede met kraletjies ingevleg. Daar is selfs een van veertjies en ’n ander een met pelsriempies. Flippen hel, die man

oor wie sy romantiese gedagtes koester, is duidelik pervers. [...] Die hel weet, nie eens in haar stoutste drome sou sy haar kon indink Daniel is 'n man met 'n aptyt vir kinky seks nie.

Sy verwys na hom as “pervers”, “'n freak” (68) en “'n siek weirdo” (67). Emma wil voorts “uitvind wat sy seksuele behoeftes so skeefgetrek het” (70) en “hoe 'n Karooboer besluit dis sy ding” aangesien sy nie kan verstaan “hoekom mense dit wil doen nie”. In beide *Fifty Shades of Grey* en in *Klaskamer* word BDSM en die beoefening daarvan dus afgemaak as 'n afwyking. Emma gaan lees ook op oor BDSM, maar dit word deurgaans in die roman moreel veroordeel, wat wel kommentaar lewer oor die kulturele draaiboek binne die Suid-Afrikaanse konteks (De Korte, 2021: 74).

Daniel en Christian se motiverings en oorredingstegnieke verskil van mekaar. Vir Daniel is dit gerig op selfvervulling, en vir Christian is dit 'n gedeelde ervaring. Christian sê dit gaan oor Anastasia se plesier. Hy geniet dit ook, en dit is wat hy wil hê en doen, maar sê eksplisiet en direk dat dit vir haar plesier is. Daniel noem dat dit gaan oor plesier, en sê spesifiek hy put erotiese genot daaruit. Daniel gee wel om oor Emma en vra uit na haar ervaring en of sy seerkry. Die beoefening van BDSM is egter meestal net vir hom.

4.2.2 *Ervaring*

Emma word nie, soos Anastasia, as maagd voorgestel nie. Haar vorige verhouding word wel as uiters vervelig uitgebeeld en die seks word beskryf as saai en eentonig. Sy beskryf haar eks as “voorspelbare, veilige, vervelige Dewald” (Du Preez, 2019: 10) en sy verbreek die verhouding met hom omdat hy haar “nie langer fisiek, intellektueel of emosioneel kon bevredig nie”. Wanneer sy en Daniel die eerste keer seks het, dink sy: “Dewald het haar nooit met orale seks bederf nie” (99).

Daar word nie in detail op Daniel Swart se vorige seksuele ervaring ingegaan nie, behalwe dat hy getroud was met Sally, wat saam met hom BDSM beoefen het. BDSM word egter deurentyd as 'n patologie uitgebeeld en dit word beskryf dat sodra Daniel in die klaskamer ingaan hy byna 'n gedaanteverwisseling ondergaan en nie meer beheer oor sy aksies en emosies het nie. Daardie verlies aan beheer kom nie by Christian voor nie. Dit gebeur wel met Rick toe hy onder stres verkeer vanweë 'n werksituasie en Floor harder slaan as vorige kere. Hy gee ook later toe dat hy beheer verloor het (Van Amstel, 2012: 179-180).

Emma se draaiboek word skynbaar bepaal deur die feit dat sy “grootgemaak” is deur “twee aartsfeministe” (Du Preez, 2019: 38). Die draaiboek van die onafhanklike of bevryde vrou wat dan deur die man beïnvloed word om aan

BDSM-seks deel te neem kom, soos ook in *Fifty Shades of Grey*, hier na vore. Emma voel dat dit wat sy sien, leer en ervaar nie versoenbaar is met haar feministiese agtergrond nie. Haar deelname aan hierdie seksuele praktyke is onwillekeurig en druis volgens hierdie draaiboek in teen haar onafhanklikheid as vrou en die feminisme. Emma wonder ook wat haar ma, die “aartsfeminis”, sal dink van wat sy doen.

4.2.3 Blootstelling

Emma laat Daniel toe om stelselmatig ligte BDSM-praktyke met haar te beoefen. Op ’n besoek aan Matjiesfontein laat sy hom toe om haar polse met serpe vas te bind (Du Preez, 2019: 102), en op die buurplaas in die skuur verken sy die pyn/plesier-drempel wanneer Daniel haar op haar boude slaan (119). Alhoewel sy twyfel of sy BDSM geniet, bevestig haar optrede die draaiboek van die vrou wat die man tevrede wil stel, ten spyte van talle verwysings na die feit dat sy nie “’n man se onderdaan sal wees nie” (96), nie “die ja-en-amen-tipe” is nie (101) en grootgemaak is om “selfstandig te wees en nooit enigeen se onderdaan te wees nie” (162). Met verwysing na Daniel se eksvrou, Sally, sê hy sy “het haar afgegee aan Karoo-konvensies” en “nie eers haar man kon dit regkry om van haar ’n konvensionele onderdanige vrou te maak nie” (142), wat duidelik inspeel op die kulturele draaiboek dat die vrou onderdanig en onderworpe aan die man is. Telkemale verwys Emma na ’n primitiewe of oerdrang wat haar wil laat beheer oorgee aan ’n man.

4.2.4 Redes

Soos met Christian, het Daniel ook trauma as kind ervaar. Hierdie trauma kom egter, tipies Suid-Afrikaans, voor in die vorm van ’n plaasaanval waarin hy deur die aanvallers gemartel word en moes toekyk hoe sy ma en suster verkrag en vermoor word².

Hy word ook in die BDSM-lewenswyse ingelyf deur ’n ouer vrou, hierdie keer die skoolsielkundige, Irma Rothman, of Juffrou Rottenmeier soos Emma haar noem. Soos met Christian, bly hulle in kontak. Die Mrs Robinson-draaiboek, geaktiveer deur die bekende film, *The Graduate* (1967), wat in *Fifty Shades of Grey* en *Klaskamer* uitspeel, bevestig ook die man se seksueel ervare status. Die ouer vrou wat die man inlyf en dien as leermeesteres lewer bewys van die man se kundigheid en ervaring.

4.2.5 Beskrywing van die seksuele

Die sekstonele word by tye in detail beskryf, maar die seks self vorm nie deel van die narratiewe fokus nie. Die fokus val op die plaasruimte en die verhoudings tussen karakters. Hierdie aspek lewer wel kommentaar op die kulturele draaiboek, wat aandui dat Afrikaanse skrywers van romantiese fiksie minder eksplisiet skryf oor seks.

Wanneer Emma die speelkamer ontdek, word aandag geskenk aan beskrywings van die klaskamer en die toerusting wat daar gebruik word, eerder as om die eksplisiete gebruik gedurende seks later in die roman te beskryf. Die toerusting word as 'n “bizarre uitstalling” (Du Preez, 2019: 66) beskryf. Nie net is daar maskers, swepe, sambokke en tou nie, maar gebruik hy boeie, toue, serpe en Ben Wa-balletjies³.

Wanneer Emma en Daniel die eerste keer met mekaar seks het in Matjiesfontein, word haar vulva beskryf as haar “venusheuwel” (99 en 201), die aandoenlike “oopgesperde gleuf” (204) en “vagina-spleet” (224), maar haar “stywe tepels” (99) en “klitoris” (201) word eksplisiet genoem. Daar word ook beskryf dat hulle orale seks het, hy “glip sy tong in haar in” in teenstelling met Dewald wat “haar nooit met orale seks bederf [het] nie” (99). Wanneer sy wel 'n orgasme bereik, word dit net genoem en nie in detail beskryf nie (100). Daniel gebruik hier 'n kondoom en “glip dit aan terwyl hy tussen haar knieë hurk” (100). Ook later word vermeld: “hy glip 'n kondoom aan” (184 en 202). Die penis word nooit beskryf of benoem nie, maar daar word telkemale verwys na “sy ereksie” (102, 183, 204 en 226). Die uiteindelijke seks in die klaskamer fokus grotendeels op Emma se ongemak en pyn totdat sy die sessie beëindig met die gil van die kodewoord “rooi” (205) soos ook aan die einde van *Fifty Shades of Grey*. Die tweede en laaste sessie in die klaskamer is weer vir Emma 'n pyniging met haar wat uiteindelik haar bewussyn verloor (244). Die BDSM-seks word nooit eroties en genotvol beskryf, soos in die geval van *De overgave van Floor* nie.

In al drie romans word die man voorgestel as die dom en die vrou as die sub, wat die neiging het om sekere genderstereotipes te versterk. In al drie romans vind daar wel eers vanillaseks plaas voordat BDSM-seks uitgebeeld word.

4.3 De overgave van Floor

4.3.1 Oortuiging

In *De overgave van Floor* ontdek Floor en Rick die wêreld van BDSM. Hulle verkenning van hierdie praktyke word, in kontras met die ander twee boeke, nie

deur die manlike liefdesmaat geïnisieer of afgedwing nie. Dit is ’n gesamentlike verkenning. Die verhouding van Floor en Rick word onmiddellik fisies. Dit is nie iets wat sommer in Afrikaanse romantiese fiksie sal gebeur nie. Van die begin af neem Floor ’n proaktiewe rol aan in hulle sekslewe. Sy ken haar eie liggaam en weet wat sy van haar seksmaat wil hê. Reeds in die eerste weke van hulle verhouding begin Floor en Rick mekaar seksueel uitdaag. Floor verras Rick byvoorbeeld met orale seks in sy kantoor (Van Amstel, 2012: 28). Later het hulle seks in die badkamer van ’n restaurant wanneer hulle gaan uiteet. Ná net ’n paar weke van hulle verhouding begin Rick dit aan Floor duidelik maak dat hy wil hê sy moet heeltemal (dus uitsluitlik) syne wees, dat sy alles vir hom moet doen (38) en daag haar uit om dit aan hom te bewys. Die ontdekking van BDSM spruit uit hierdie uitdaging om aan hom te bewys hoeveel sy van hom hou. Hy wil ook Floor se oorgawe toets: “Ik weet niet wat heftiger is: dat ik je wil hebben of dat ik wil dat je bewijst dat je van mij bent, maar ik wil het ontdekken” (41). Hy sê later: “Ik heb erover nagedacht dat ik meer van je wil” (191).

Die meeste van die BDSM-impulse en gebeure in hulle verhouding word deur Rick geïnisieer. Hy stel ’n besoek aan ’n ‘swingersklub’ (wat in die boek “parenclub” of “koppeltjesklub” genoem word) voor en hierop volg ’n internskap by ’n BDSM-egpaar (110). Floor ontdek egter vinnig dat sy ’n sub is wat duidelik seksuele plesier in onderdanigheid ervaar en daarna smag wanneer sy dit nie kan ervaar nie. Wanneer Rick probleme by sy werk het en hulle net vanillaseks het, maak Floor dit duidelik dat sy hulle BDSM-dinamiek, en BDSM-seks, mis: “Ik heb het erg gemist om je slavinnetje te zijn” (190). Rick antwoord verbaas: “Ik wist niet dat het zo belangrijk voor je was. Ik dacht altijd dat het iets was wat ik heel leuk, spannend en geil vond en dat jij er – best graag trouwens – aan meedeed” (190). Hierdie voorkeur is een van die kernverskille tussen die drie heldinne. Floor is uit die staanspoor bereid om die onderdaan te wees en haarself ten volle oor te gee aan haar dominant. Floor se onderdanigheid is intrinsiek gemotiveer en dit is ten eerste die gevolg van haar eie seksuele geaardheid. Anastasia en Emma neem langer om te oortuig en begin met kleiner BDSM-sessies voordat hulle inwillig tot langer en meer uitgebreide BDSM-sessies.

4.3.2 Ervaring

Floor is beslis nie onervare op seksuele gebied nie, sy weet ook wat sy wil hê en wat haar liggaam nodig het: “Mijn lichaam werkte prima als het om seks ging” (Van Amstel, 2012: 22). Sy wil egter nie seks hê sonder ’n verhouding nie, daarom kies sy om liever vir ’n tyd geen seks te hê nie (33). Sy is in staat om vir haar eie orgasmes te sorg (18), wat inspeel teen die seksuele draaiboek in Afrikaanse

romantiese fiksie waar die vrou se orgasme gewoonlik afhanklik is van die man. Wat Floor anders maak as Anastasia en Emma, is haar posisie in die samelewing en in die verhouding. Floor is 'n jong beroepsvrou wat finansiële onafhanklik van Rick is. Op 'n stadium kry sy 'n bevordering by die werk en verdien sy meer as hy. Sy bederf hom ook graag met luukse, duur geskenke en aandetes: nog iets wat nie gereeld in Afrikaanse romantiese fiksie voorkom nie.

Rick is 'n bietjie ouer as Floor. Hy is geskei, maar het geen kinders nie. Sy vorige sekslewe word nie in veel besonderhede bespreek nie, maar hy is geensins onervare nie. Daar is dus nie sprake van groot verskille tussen Floor en Rick wat ouderdom, sosiale status of seksuele ervaring betref nie.

4.3.3 *Blootstelling*

Floor en Rick ontdek saam die dinamika van BDSM. Rick skep vir hulle 'n rekening op 'n BDSM-forum (met 'n gesamentlike wagwoord “rickenflorencé”, Van Amstel, 2012: 106) sodat hulle meer kan lees oor die onderwerp. Hy kom in kontak met 'n ouer paartjie wat in Zeeland in Holland woon en waar hy (sonder Floor se medewete) besoeke aflê. Daar is wel sprake van 'n Mrs Robinson-dinamiek met hierdie ouer paartjie in sy lewe. Floor ontvang later lesse oor haar rol as sub by die ouer man. Rick het weer aanvanklik by die man se vrou les gehad.

Floor leer vir Corine (126) ken wat al jare BDSM beoefen en met haar dominant getroud is. Corine word Floor se informant in die BDSM-wêreld, maar ook vertroueling en goeie vriendin saam met wie sy gereeld koffie drink. Corine se karakter en haar huwelik verteenwoordig 'n gesonde en positiewe BDSM-verhouding, in teenstelling met die manier waarop BDSM in beide *Fifty Shades of Grey* en *Klaskamer* gepatologiseer en in 'n negatiewe lig geplaas word. Dit is egter nie duidelik hoe Corine en haar man hulle seksuele verhouding ontdek het nie.

By Rick is geen aanduidings van seksuele of emosionele trauma of mishandeling in sy verlede nie, wat meer inpas by die profiel van werklike BDSM-beoefenaars⁴. Soos genoem, is daar wel sprake van 'n Mrs Robinson-dinamiek met die ouer paartjie in sy lewe. Hy ontwikkel 'n problematiese verhouding met hulle omdat hy toenemend deur hulle beïnvloed word. Sodoende verloor hy sy outonomieit en plaas nie meer sy of Floor se belange voorop nie.

Anastasia en Emma fokus op die pyn-aspek van die BDSM-verhouding, terwyl Floor se aandag by die onderdanigheid (die “overgave” of “surrender”) is en dit meer interessant vind as die ander aspekte van die praktyk, maar veral seksuele genot daaruit put. As sy haar ervaring in die swingersklub, waar sy seks gehad het met 'n ander paartjie terwyl Rick haar vasgehou het, beskryf, benadruk sy veral

die onderdanigheid: “Het geweldige was... misschien dat ik het liet gebeuren. Misschien nog anders: misschien dat jij het liet gebeuren.” (104)

Die “overgawe” wat Floor ervaar word openlik beskryf en nie verbloem of eufemisties gestel nie. Dit is opvallend hoe seksueel-ekspressief Floor beskryf word en die vertelling is veral gefokus op Floor se liggaamlike ervaring.

4.3.4 *Redes*

Floor en Rick het eers vanillaseks voordat hulle saam BDSM begin verken. Hulle beoefen ’n paar weke lank vanillaseks gedurende ’n krisis by Rick se werk. Nadat Rick die regsgeding gewen het, begin dinge eskaleer, maar selfs dan het hulle nie elke keer BDSM-seks nie. Daar is weke van vanillaseks tussenin (Van Amstel, 2012: 204). Rick is dus duidelik daartoe in staat om seksueel bevredig te word deur vanillaseks, dit is Floor wat die seksuele bevrediging wat sy met BDSM-seks bereik, nodig het. Om weer te belig, is daar in vergelyking met *Fifty Shades of Grey* of *Klaskamer* geen kindertrauma (fisies of emosioneel), verlies van ouers op ’n jong ouderdom, of seksuele mishandeling nie. Rick beland wel in sy naïwiteit onder die invloed van die dom/sub-egpaar Rueben en Jacqueline, genaamd “Het Stel” (die paar) in die verhaal. Jacqueline is Rick se prokureur, maar Rueben, haar dom, is die meesterbrein agter Floor se oorgawe. ’n Sielkundige dom/sub-band ontwikkel tussen die twee mans wat Rick verplig laat voel om Floor verder te dryf as wat hulle albei wil hê. Terwyl Rick nog by Jacqueline “oefen”, word Floor deur Rueben “opgelei”. Terwyl Floor vir die volgende opdrag wag, hoor sy ’n stemmetjie in haar kop wat waarsku dat Rueben gevaarlik is (217).

Die eerste onheilspellende opmerkings kom eers in die laaste derde van die boek: “Ik wist nog niet wat ik had losgemaakt. Pas achteraf ontdekte ik dat zijn strategie om meer van me te krijgen al eerder in gang was gezet” (192). Uiteindelik verbreek Floor die verhouding nadat Rick (gemanipuleer deur Rueben) haar te ver gedruk het: “Na alle keren dat hij Jacqueline aan mij gegeven had, meende hij recht te hebben op jou, en toen kwam die bizarre weddenschap. Ik zei dat jij altijd degene was die het bepaalde, dat jij altijd nee mocht zeggen, Stop. Maar je deed het niet” (251). In *De overgawe van Floor* lê die patologisering van BDSM nie by Rick en Floor nie, maar by die ander paartjie wat hulle (en veral Rick) manipuleer. ’n Interessante aspek is Rick se wanopvatting van die BDSM-dinamiek as iets om jou liefde en toewyding te bewys. Hierdie wanopvatting lê nogal naby aan hoe Anastasia en Emma die BDSM-praktyke verstaan en beleef. Terselfdertyd verteenwoordig die boek gesonde, nie-toksiese BDSM-verhoudings – soos dié van Corine en haar man.

Later, ná haar breuk met Rick, verteenwoordig Floor 'n positiewe, gesonde BDSM-seksualiteit.

In Rick se geval gaan BDSM hoofsaaklik oor die emosionele behoefte om onvoorwaardelik liefgehê te word: hy het Floor nodig om heeltemal syne te wees, hetsy in die bed of nie. Die redes vir hierdie behoeftes word egter nie gegee nie, en ook nie meer agtergrond oor die karakter nie. BDSM, soos verteenwoordig in *De overgave van Floor*, is meer 'n soeke na verbondenheid in 'n verhouding wat op die ou end handuit geruk het. Dinge loop eers verkeerd wanneer Rick onder die invloed van Rueben en Jacqueline val. In Floor se geval bly dit 'n bewuste, intrinsiek gemotiveerde keuse en gaan sy voort om BDSM te beoefen ná haar breuk met Rick.

4.3.5 *Beskrywing van die seksuele*

Die sekstonele word openlik beskryf in die roman. Geen 'vermommings' of eufemistiese neologismes word gebruik nie. Wat opvallend is, is hoe nadruklik en eksplisiet die liggaamlike seksuele opwekking in Floor beskryf word. In vergelyking met *Klaskamer* is die sekstonele juis die fokuspunt van die vertelling, en fokus die tonele veral op Floor se fisieke ervaring. Floor is die fokalisator in die roman, dus word die seksuele aktiwiteit vanuit haar (liggaamlike) perspektief beskryf. Dit kontrasteer met Afrikaanse romantiese fiksie waar dit gewoonlik veral draai om die beskrywings van die emosionele ervaring van seks. Soms is die narratief in *De overgave van Floor* 'n opeenvolging van sekstonele sonder veel van 'n narratiewe verhaallyn tussenin.

5. Slot

Fifty Shades of Grey het 'n rewolusie in die boekbedryf veroorsaak. Dit blyk dat seks goed verkoop, ook aan vroue. Dit is dus nie verbasend dat variasies op die boek in Nederlands en Afrikaans verskyn het nie en dat daar duidelik 'n leserspubliek hiervoor is. Terwyl erotika (vir vroue) reeds in albei tale bestaan het, is *De overgave van Floor* en *Klaskamer* van die eerstes wat wyd en openlik geadverteer word met verwysing na die werk van E.L. James. "Beter dan Vijftig tinten grijs!" staan selfs op die voorblad van *De overgave van Floor*, en die vergelyking word ook op die agterkant gemaak. Die verwysing na *Fifty Shades of Grey* word in *Klaskamer* in die roman self gemaak wanneer Daniel vir Emma vra of sy weet wat BDSM is en sy antwoord: "Nes omtrent vyftig miljoen ander vroue het ek ook die *Fifty Shades of Grey*-trilogie gelees" (Du Preez, 2019: 71).

Uit die vergelykende ontleding van die twee reaksies op *Fifty Shades of Grey*

kan ons die volgende aflei: *Klaskamer* bly nader aan die oorspronklike teks. Al is die milieu Suid-Afrikaans, is die twee hoofkarakters visueel sowel as in hulle agtergrond baie na aan die oorspronklike karakters.

Wat ook dieselfde bly, is die ongelykheid van die verhouding en die ongesonde magsdinamiek: Daniel is nie alleen Emma se werkgewer nie, hy is ook ouer, ryk, seksueel ervare, ensovoorts. Aan die ander kant is die verhouding tussen Rick en Floor meer gebalanseerd en minder problematies. Terwyl Emma volledig afhanklik is van Daniel omdat sy by hom bly én werk, is Floor onafhanklik met 'n goeie werk en eie woonstel. Wat die voorstelling van BDSM-praktyke betref, sien ons heelwat verskille tussen die twee herskrywings. Terwyl BDSM in *Klaskamer* beskryf word as pervers en die gevolg van kindertrauma (iets wat Emma eintlik nie wil doen nie), vind ons 'n gesonder en meer realistiese voorstelling in *De overgawe van Floor*. Floor en Rick ontdek BDSM saam as paartjie, doen albei hul navorsing en Floor dui van die begin af aan dat sy BDSM baie seksueel opwindend vind. Sy dink terug aan die strokiesprentweergawe van die Marquis de Sade waarna sy saam met 'n vriend gekyk het toe sy agtien was. Selfs toe al kon sy seksuele plesier put uit BDSM-fantasieë (Van Amstel, 2012: 41, 73). Op geen stadium vind Floor BDSM pervers nie. Sy is ook meer openlik hieroor met haar vriende, veral Lisa wat haar aan Corine voorstel. Vir Floor is 'n bevredigende, aktiewe sekslewe iets om trots op te wees.

Seksuele draaiboeke in beide *Klaskamer* en *De overgawe van Floor* volg die kulturele draaiboek van die betrokke land. In *Klaskamer* is Emma jonk, afhanklik, passief en onervare, terwyl Floor 'n onafhanklike vrou is met 'n goed betalende werk, haar eie woonstel en 'n vriendekring. Ook op seksuele vlak het Floor 'n duidelike agentskap en het geen probleem om na haar plesier om te sien en te verwoord wat sy nodig het nie. Dit is opvallend hoe geïsoleer Emma raak (en gehou word) op die plaas in die Karoo – geografies, sosiaal, sowel as emosioneel, wat problematies raak vanuit 'n gendergeweldperspektief. Floor, aan die ander kant, kan die verhouding enige tyd verbreek en verlaat, sonder enige sosiale of finansiële gevolge. Wat sy ook uiteindelik doen, toe sy besef dat sy Rick nie meer kan vertrou nie.

Hierdie bespreking bevestig dat seksuele draaiboeke relevant is vir teksanalise van romantiese fiksie. In die twee herskrywings van die *Fifty Shades of Grey*-verhaal kan gesien word dat die seksuele draaiboeke en beskrywings van die seksuele in die verhaal aangepas word volgens die standaarde en verwagtinge van lesers in die spesifieke kultuur, in hierdie geval vir Nederland en Suid-Afrika. Die seksuele draaiboek van die heldinne verander met verloop van die verhaal. Ons kan ook sien dat daar 'n duidelike verskuiwing plaasvind in wat vir hulle op seksuele vlak aanvaarbaar of wenslik is. Dit is ook opvallend hoe verskillend hierdie

verskuiwing in die rigting van aanvaarding van die BDSM-praktyke plaasvind vir elke heldin. Emma word veral deur haar liefde vir Daniel gemotiveer en het die behoefte om haar toewyding te bewys en hom seksueel te bevredig. In Floor se geval is die grootste motiveerder haar libido en haar eie seksualiteit en voorkeure. Die gewilligheid om haar toewyding en liefde aan Rick te bewys, het duidelike grense wat sy nie sal oorskry nie.

In hierdie artikel is ondersoek ingestel of daar wesenlike verskille is in die wyse waarop seks en BDSM in die verskillende kulture uitgebeeld word. Verdere ondersoek na die kulturele konstruksie van liefdestonele in die liefdesroman-genre is nodig om sodoende kulturele draaiboeke te bepaal en vas te stel watter aspekte rondom seksualiteit dit van 'n spesifieke kultuur belig.

Noordwes-Universiteit en Universiteit Gent

Bronne

- Alksnis, C., Desmarais, S. & Wood, E.** 1996. Gender differences in scripts for different types of dates. *Sex Roles*, 35(5/6): 321:336.
- Beres, M.A.** 2013. Points of convergence: introducing sexual scripting theory to discourse approaches to the study of sexuality. *Sexuality & Culture*. (Datum van gebruik: 22 Junie 2023).
- BNNVARA aanlynwoordeboek van seks en drugs.** <https://www.ensic.nl/bnn-vara/bdsm>. (Datum van gebruik: 22 Februarie 2023).
- Burke, K.** 1945. *A grammar of motives*. New York: Prentice Hall.
- De Korte, I.** 2021. Seks met 'n kinkel in Afrikaanse romantiese fiksie: tradisionele genderrolle of ware “submissives”? *Stilet*, 33(2): 70-85.
- De Korte en Sutton, A.** 2022. Herskrywing van die liefdesdraaiboek in Afrikaanse romantiese fiksie. *Stilet*, 33(2): 27-40.
- Du Preez, V.** 2019. *Klaskamer*. Pretoria: Wenkbrou.
- Gagnon, J.H. en Simon, W.** 2005 (1976). *Sexual Conduct: The Social Sources of Human Sexuality*. 2nd ed. New Brunswick: Aldine Transaction.
- Heemelaar, Mathieu.** 2008. *Seksualiteit, inintimiteit en hulpverlening*. Amsterdam: Bohn Stafleu van Loghum, Houten.
- James, E.L.** 2011. *Fifty Shades of Grey*. London: Random House.
- James, E.L.** 2012. *Fifty Shades Freed*. London: Random House.
- Jones, S.L. en Hostler, H.R.** 2001. Sexual script theory: an integrative exploration of the possibilities and limits of sexual self-definition. *Journal of Psychology and Theology*, 30(2): 120-130.

- Klein, V., Imhoff, R., Reininger, K.M. en Briken, P.** 2019. Perceptions of sexual script deviation in women and men. *Archives of Sexual Behaviour*, 48(1): 631-644.
- Pronk, Iris.** 2013. "Ouders, vertel dat seks léuk is". *Trouw*, 16 Januarie.
- Sakaluk, J.K., Todd, L.M., Milhausen, R. en Lachowsky, N.J.** 2014. Dominant heterosexual sexual scripts in emerging adulthood: Conceptualization and Measurement. *Journal of Sex Research*, 51(5): 516-531.
- Sauntson, H. en Kyratzis, S.** 2007. Introduction. In: Sauntson, H. en Kyratzis, S. (reds.). *Language, Sexualities and Desires: Cross-Cultural Perspectives*. London: Palgrave Macmillan.
- Simon, W. en Gagnon, J.H.** 1986. Sexual scripts: Permanence and change. *Archives of sexual Behaviour*, 15(2): 97-120.
- Van Amstel, R.** 2012. *De Overgawe van Floor*. Uithoorn: Karakter Uitgevers.
- Wiederman, M.W.** 2005. The gendered nature of sexual scripts. *The Family Journal: Counseling and Therapy for Couples and Families*, 13(4): 496-502.

Note

1. Vir 'n breedvoeriger bespreking oor BDSM, sien De Korte (2021).
2. Die teenstrydighede ten opsigte van trauma en die BDSM-lewensstyl word verder verken in De Korte (2021).
3. Klein balletjies wat in die vagina geplaas word vir seksuele stimulasie.
4. Sien meer hieroor in De Korte (2021).

Recensie

***Plezier in poëzie: een handleiding poëzieanalyse voor de internationale neerlandistiek* deur Judit Gera en Jos Kleemans, Amsterdam University Press, 2022**

Sarah Posman

In juni 2022, naar aanleiding van de dertigste verjaardag van het online tijdschrift *neerlandistiek.nl*, riep Geert Buelens op om de neerlandistiek te decentraliseren. Meer dan dertig jaar na de publicatie van Ton Anbeeks hollandocentrische literatuurgeschiedenis is het de neerlandistiek volgens de hoogleraar *Moderne Nederlandse Letterkunde* nog steeds niet gelukt om los te komen van de “schadelijke misvatting dat onze literatuur vooral ‘Nederlands’ zou zijn”. Zolang het vakgebied dezelfde naam heeft als de natiestaat Nederland, kunnen we volgens Buelens geen recht doen aan de meervoudige vormen van het Nederlands die naast en door elkaar gesproken en geschreven worden in verschillende delen van de wereld. Buelens’ oproep is niet nieuw. Hij verwijst zelf naar het boek *The Postcolonial Low Countries: Literature, Colonialism and Multiculturalism* uit 2012, waarin Elleke Boehmer en Sarah De Mul de term ‘neerlandofoon’ lanceerden om het Nederlands los te koppelen van Nederland. Uit de reacties op zijn korte tekst blijkt enerzijds dat er in academische opleidingen Nederlands inderdaad al decennia aandacht is voor een postkoloniaal perspectief. De marge wordt belicht. Anderzijds blijkt ook dat de machtsverhouding tussen centrum en periferie nog verre van opengebroken is. Aandacht hebben voor betekent nog geen hertekening van het landschap.

De discussie raakte me, omdat ik als leerkracht Nederlands ben gaan inzien dat het Nederlands dat ik mijn leerlingen aanleer, met een woordenschat en woordvolgorde die afwijkt van hun spreek- en chattaal en een literaire verbeelding waarmee ze thuis zelden in aanraking komen, niet hun taal is, als ze thuis al Nederlands spreken. Mijn leerlingen vragen me soms of ik ‘uit Nederland’ kom wanneer ik mijn best doe om mijn Gentse roots in te slikken en voor de klas het Standaardnederlands te spreken dat mij door een Vlaamse vader die Nederlands heeft gestudeerd in een tijd dat de norm nog veel Nederlandser was dan toen ik mijn studies aanvatte, met de papelepel werd ingegeven. Ik wil hen toegang geven tot een minder regionale variant, want accent signaleert nog steeds sociale machtsverhoudingen, maar ik wil hen hun Nederlands, met de zachte Gentse klanken, Turkse echo’s en Engelstalige Youtube-inflecties niet afnemen. Decentraliseren begint voor mij klein en lokaal, in de klas, maar ik

toon mijn leerlingen even graag dat het Nederlands dat we samen verkennen op veel plaatsen in de wereld geuit werd en wordt, en dat je het in steden waar ze nog nooit van gehoord hebben kunt bestuderen. De discussie raakte me in juni 2022 des te meer, omdat ik me voorbereidde op een winterschool Nederlands in Zuid-Afrika, waar ik met universiteitsstudenten Nederlands de vraag wat de discipline Nederlandse, of Nederlandstalige, letterkunde inhoudt wilde proberen beantwoorden. Wat betekent de Nederlandstalige poëzie ver van Nederland en Vlaanderen?

Deze lange aanloop, om duidelijk te maken dat ik blij was toen ik zag dat Judit Gera en Jos Kleemans het boek *Plezier in Poëzie* uitbrachten. Het boek belooft, volgens de ondertitel, 'een handleiding poëzieanalyse voor de internationale neerlandistiek' te zijn. Eindelijk. Eindelijk een boek dat ervan uitgaat dat lezers niet sowieso moedertaalsprekers zijn. Eindelijk een boek, uitgegeven bij een prestigieuze Nederlandse academische uitgeverij, uit en voor de periferie. Zou dit bewijs zijn van een hertekening van het landschap?

In de inleiding verwijzen de auteurs naar Rita Felski's *Uses of Literature*. Felski's boek verscheen in 2008. Ik las het destijds als een belangrijk statement tegen een achterdochtig analytisch discours. Felski reageert tegen wat ze 'disenchantment' noemt en wil recht doen aan de liefde voor literatuur en het opgaan in de tekst, in plaats van in de eigen positie als analytisch geschoolde lezer. Ook al bleef ik bij de uitwerking van Felski's argument een beetje op mijn honger zitten, ik houd nog steeds vast aan het idee dat lezers, hoe verschillend hun taalachtergrond ook is, elkaar kunnen vinden in een gedeeld opgaan in de tekst. De (Nederlandstalige) tekst als gemeenschappelijk vertrekpunt om verschil te verkennen vat voor mij goed literatuuronderwijs. Als je onderweg ook leesplezier kunt vasthouden, kan je met lezers ver geraken.

Gera en Kleemans vatten in hun inleiding Felski's boek kort samen. Ze staan hierbij jammer genoeg niet stil bij wat er sinds 2008 is veranderd in ons denken over literatuur, of bij welke weerklank Felski's boek heeft gehad. Belangrijker is dat wat er volgt tot mijn grote ontgoocheling niet veel te maken heeft met de kern van het boek: het gebruik van literatuur, de betovering die ervan uitgaat, de nieuwe kennis die ze kan opleveren of de schok die ermee gepaard kan gaan. *Plezier in poëzie* is geen handleiding voor decentralisatie – waarop ik zit te wachten – maar een onsamenhangende verzameling opmerkingen bij een al bij al voorspelbare selectie gedichten. Het boek bestaat uit een intermezzo, een stappenplan, eenentwintig gedichten met woordenlijsten en vragen, en een reeks korte interpretaties van de gedichten. De opbouw van het boek is rommelig en de invulling doet weinig meer met de perifere positie van auteurs en doelpubliek dan het opnemen van verklarende woordenlijsten.

Het intermezzo, dat we volgens de auteurs zelf ook eerst kunnen overslaan, geeft ons eerst een ultrakorte bespreking van vijf willekeurige boeken over poëzie die chronologisch en “naar moeilijkheidsgraad” geordend zijn. Het gaat hier over Simon Vestdijks *De glanzende kiemcel*, W. Bronzwaers *Lessen in lyriek*, de verzameling *Op poëtische wijze*, Erica van Boven en Gillis Dorleijns *Literair mechaniek* en Ellen Deckwitz’ *Dit gaat niet over grasmaaien. Hoe lees je poëzie*. Gera en Kleemans leggen niet uit waarom ze er deze boeken uitkiezen en andere, zoals de reeks *Dichters, Bundels en Gedichten van het nieuwe millennium*, of Jeroen Dera’s *Poëzie als alternatief*, onvermeld laten. Ook de enigmatische “moeilijkheidsgraad” wordt niet toegelicht. Hierop volgt een verantwoording van de keuze van de gedichten – een voorspelbare lijst gevestigde stemmen – en een korte uitleg over het belang van letterlijk vertalen. Dat laatste kan je lezen als aansporing tot vertaal oefeningen in welke variant van het Nederlands je ook spreekt, maar er gebeurt verder niets mee in het boek. Dat is jammer, want het is misschien wel het enige aspect van hun boek dat direct aan Felski’s gebruik van literatuur appeleert.

Het stappenplan gaat van “eerste indruk” via “nauwkeuriger kijken” naar “formuleer een these” en bundelt willekeurige leesadviezen die schipperen tussen ondoordacht traditioneel en lege opleuking. Felski schreef een beroemd essay “Context Stinks!” waarin ze kritiek uit op een context-om-de-context houding, maar Gera en Kleemans raden de lezer zonder meer aan om informatie over de dichter en over de historische en culturele context op te zoeken. Als “eerste afronding” krijgen we bovendien de tip om het gedicht “op je mobieltje in te spreken”. Mijn leerlingen zouden me vragen wat dat te maken heeft met het begrijpen van, laat staan het plezier beleven aan, poëzie. Ellen Deckwitz is voor mij een veel betere, bedachtzamere gids in het leren appreciëren van poëzie, omdat ze kundig en toegankelijk haar eigen gebruik van en betovering door poëzie openstelt voor anderen, de blik gericht op internationale poëzie.

Na het stappenplan volgen eenentwintig gedichten, in chronologische volgorde, en de interpretaties van de gedichten. Wat me hier teleurstelt is niet zozeer de voorspelbare keuze van de gedichten – gelauwerde stemmen als die van Hanny Michaelis, Anne Vegter, Leonard Nolens en Charles Ducal passeren de revue – maar de soms onhandige interpretaties, die haaks staan op wat het boek claimt te beogen. Neem nu de interpretatie bij Guillaume van der Grafts ‘Denk mijn naam wanneer ik dood ben’, Gera en Kleemans hangen hun bespreking op aan een interview met de zoon van de dichter, Benno Barnard, en lezen het gedicht als een afscheid van vader aan zoon. Als coda voegen ze toe dat ze na de publicatie van hun analyse op neerlandistiek.nl erop attent gemaakt werden dat het gedicht werd geschreven naar aanleiding van de dood van de vrouw van de dichter. “Vooralspreekvorm ‘lief’ in de laatste strofe had een waarschuwend teken moeten zijn,”

lichten ze toe, “die wordt namelijk (bij voorkeur) bij het aanspreken van een geliefde gebruikt, niet voor een zoon.” Dit is geen moeilijke taalkronkel en ik vraag me af of ze hun eigen advies van te beginnen met een letterlijke vertaling wel hebben opgevolgd. Ze verantwoordden hun keuze zich te laten leiden door het interview met de zoon door te stellen dat er “[o]ver vrouwen van dichters [...] echter weinig geschreven [wordt]” en ze “[d]aarom [...] niet veel [konden] gebruikmaken van deze voor de meesten van ons onbekende eigenschappen” (p. 92). Gera en Kleemans trappen hier in precies de contextval waarvoor Felski waarschuwt. Ze laten zich niet betoveren door de tekst en de woorden die op papier staan, maar door een andere gecanoniseerde stem, die van Benno Barnard. Als er al niet veel over vrouwen van dichters wordt geschreven, dan is dat allerminst een argument om hun aanwezigheid niet te lezen.

Plezier in poëzie begint bij het lezen van de tekst; het is de tekst die iets met ons kan doen, niet onze eigen vooroordelen ten aanzien van de tekst. Het is bovendien door te lezen dat we kunnen decentraliseren. Lezen is, net als schrijven, doen bestaan. Laten we met z’n allen Nederlandstalige poëzie in al haar varianten en stemmen doen bestaan en daar plezier aan beleven. Ik nodig Gera en Kleemans van harte uit om mee te doen met dat spel, maar voor hun handleiding pas ik.

Arteveldehogeschool Gent

Resensie

Mister Angelo Alzheimer deur Jef Geeraerts (Naledi, 2022)

Vertaler: Fanie Olivier

Tyron de Villiers

In sy resensie van *Mister Angelo Alzheimer* skryf Nieuwoudt (2022): “Reg en geregtigheid sit nie altyd langs dieselfde vuur nie en die soepel arm van die gereg kan gedraai word. Laastens: Die waarheid is geneig om altyd kop uit te steek en die grens tussen onthou en vergeet, asook tussen feit en versinsel, is net so ragdun soos die lyn tussen lewe en dood”.

Met die eerste oogopslag sien die leser die donkerrooi laag wat die stad Antwerpen in die agtergrond van hierdie romanvoorblad bedek. Dit blyk dat dit donker is in die stad weens die donker skaduwees. Op die voorgrond is daar ’n prent van ’n rewolwer met ses koeëls waarvan twee regop staan en vier lê. Daar is ook die prent van ’n winkelpop, geklee in ’n rooi broekie en helm, sowel as ’n lessenaar met twee stapels toe boeke daarop. Die komplementêre kleure (blou en oranje) van die skrif op die voorblad is ook opvallend. Hierdie unieke voorblad bevat items wat in die verhaal voorkom en die items dra ’n sekere simboliese waarde.

Die bloedrooi laag oor die agtergrond simboliseer in die eerste plek die bloedigheid van die verhaal. *Mister Angelo Alzheimer* (2022) is naamlik ’n speurverhaal of krimi met die speurpaar Vincke en sy assistent Verstuyft van die Gerechtelike Politie in die hoofrolle. Hulle ondersoek die moorde van onder andere De Haeck Junior (die Baron Gustave De Haeck se geliefde seun), mnr. Saeneve en Albert Arts, met al die dade wat na dieselfde dader toe wys. Ná elke moord verskaf die oortreder hulle met ’n leidraad, maar dit blyk dat die speurpaar in sirkels beweeg nes die oortreder wil hê. Die oortreder word later geïdentifiseer as Angelo Ledda, ’n huurmoordenaar wat bande het met ’n Amerikaanse mafia en relasies in België. Hy word ook later gevang deur die federale Rijkwacht. Vincke en Verstuyft lei die ondervragingsproses waardeur hulle uitvind dat die oortreder met Alzheimer se siekte gediagnoseer is. Die oortreder werk gewillig saam en beantwoord graag die speurpaar se vrae, maar mens kan nie ophou wonder hoekom hy so gewillig is nie. Beplan hy iets of is dit omdat hy weet dat sy siekte ver gevorder is?

Die titels van die oorspronklike roman (*De Zaak Alzheimer*, 1985) én die

vertaalde boek vestig die klem op die siekte van die moordenaar. Dit is asof die skrywer en vertaler die leser hiermee wil oorreed om te simpatiseer met die moordenaar en die aandag wil wegvat van sy monsteragtige daad om dit te herfokus op sy menslikheid. Iets soos die titel van die film gebaseer op die boek, *The Memory of a Killer* (2003), sou miskien meer van pas wees omdat dit die oortreder identifiseer as 'n moordenaar en nie as 'n slagoffer nie. Die bedoeling van die skrywer is waarskynlik om 'n ander perspektief te skep en uit te beeld hoe fyn, dikwels vaag, die lyn tussen reg en geregtigheid, reg en verkeerd, en soms self oortreder en slagoffer is.

Die tema van emosionele kwesbaarheid is 'n konstante in die verhaal en dit lei daartoe dat die leser amper die moordenaar begin jammer kry ten spyte van die moorde wat hy gepleeg het. Vincke beskou die emosionele kwesbaarheid van Ledda as 'n psigopatiese eienskap, omdat hy byvoorbeeld meer fokus plaas op die pyn in sy eie arm, as die ondervraging en die mense wat hul lewens verloor het (356). Nog 'n geval van die moordenaar se kwesbaarheid kom na vore as Ledda van Vincke vereis het dat hy 'n volgende keer soos 'n mens en nie 'n dier behandel word nie, nadat hy deur een van die beamptes in aanhouding aangerand word. Die winkelpop wat Ledda aanhou, dui voorts daarop dat hy nie emosioneel met die vroulike geslag kan verbind nie en moet skik vir 'n winkelpop om sy begeertes vir 'n liefdesmaat te bevredig. Laasgenoemde herinner egter ook aan die verhaal van Jeffrey Dahmer die berugte sosiopatiese reeksmoordenaar, wat saam met 'n winkelpop geslaap het. Die skrywer probeer dus hard om die menslikheid en bejammeringswaardigheid van Ledda te beklemtoon en die leser kom selfs soms tot op 'n punt waar hy/sy amper kan verstaan hoekom Ledda Albert Arts, De Haeck jnr. en mnr. Saeneve vermoor het. Elders verander die leser se perspektief egter weer en word hy met afsku jeens Ledda gevul. Deur die loop van die verhaal moet die leser sigself dus heelyd afvra, moet ek Ledda haat of bejammer?

Uiteindelik is dit ook duidelik dat die doel van die verhaal is om ook die ongeregtigheid en korrupsie binne die gereg uit te wys en dat die roman nie noodwendig net oor die storie van 'n wrede moordenaar handel nie.

Ten slotte, die boek is baie goed vertaal, daar is 'n paar plekke waar mens verlore raak in die sinne as gevolg van 'n tekort aan leestekens (soos kommas) om gedagtes te skei, maar later word mens gewoon hieraan. Ook is die taalgebruik 'n bietjie outyds soos sommige resensente alreeds uitgelig het. Nógans dink ek die vertaler het 'n uitstekende taak verrig. Die woordkeuses is soms onbekend, maar mens kan jousef inleef in die verhaal. Ek het veral die sarkasme, humor en ironie wat neerslag vind in die roman geniet. Die aanhalings in die epigraaf van die boek is goeie voorbeelde hiervan en dit sluit aan by wat die skrywer

deurgaans probeer uitwys in die verhaal, naamlik dat die lewe nie altyd wit of swart is nie. Soos Nieuwoudt (2022) tereg aandui, is die lyn tussen binêre opposisiespare dikwels ragdun.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

Nieuwoudt, H. 2022. Jef Geeraerts se *Mister Angelo Alzheimer*, vertaal deur Fanie Olivier: 'n resensie. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/jef-geeraerts-se-mister-angelo-alzheimer-vertaal-deur-fanie-olivier-n-resensie/>. (Datum van gebruik: 12 Desember 2022).



| | | | | | | |
|---------------|--------------|------------|------------|-------------|-------------|------------|
| Titel: | Prof. | Dr. | Ds. | Mnr. | Mev. | Me. |
|---------------|--------------|------------|------------|-------------|-------------|------------|

Voorletters en van:

Adres:

.....

..... **Kode:**

Tel. (W): **(H):** **(Sel):**

E-pos:

Besonderhede vir inbetaling:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:
SAVN
Banknaam: ABSA
Bankrekeningnommer: 1190 154 676
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid
Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)
Verwysingnommer: U van en voorletters
- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,
Gonneke Groenen, by die onderstaande e-posadresse:
Gonneke.Groenen@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

| Kantoorgebruik | | | |
|----------------|------------------|--------------|------------|
| Lidnr. | Datum aangesluit | Kwitansienr. | Faktuurnr. |
| | | | |